# DIE HERDEFINIËRING VAN IDENTITEIT AS ’N PROSES VAN WORDING TYDENS DIE ADOLESSENT SE VERLIES VAN ’N GELIEFDE

deur

SUSANNA JOHANNA VAN DER MERWE

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR DIACONIOLOGIAE

in die vak

SPELTERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: DR. H.B. GROBLER

APRIL 2010

**Verklaring deur student**

Ek verklaar hiermee dat:

**“Die herdefiniëring van identiteit as ’n proses van wording tydens die adolessent se verlies van ’n geliefde”**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

------------------- ------------------

Handtekening Datum

**Verklaring deur taalversorger**

Ek verklaar hiermee dat ek die taalversorging en proefleeswerk van die proefskrif *Die herdefiniëring van identiteit as ’n proses van wording tydens die adolessent se verlies van ’n geliefde* deur Susanna Johanna van der Merwe vir die graad DDiac gehanteer het.

Ek is ’n vryskut taalversorger na ’n loopbaan as publikasiehoof van ’n leidende uitgewershuis.

Lambert Daniel Jacobs (MA, MDiv)
24 Mei 2010

**Vir Johan, Jana, Anri en Lené**

Dinsdag, 2 Februarie 2010

Dit reën al die afgelope maand, met die gevolg dat my kinders se huissportbyeenkoms al etlike kere uitgestel is. Vandag is die hemel blou, met geen wolkie in sig. Ons gaan atletiek kyk en my "baba" gaan vir die eerste maal op die skool se velde hardloop. Met al hierdie opgewondenheid wat in my siel bruis, het ek 'n vinnige uurtjie om te werk aan my Doktoraal. Skryfwerk en leeswerk het ons hele huis verander, want ons almal doen dit nou … vinnig! Die "vinnig", sodat ons ander dinge en andere ook kan inruim in die kort dag. Die mikpunt is steeds om middel Maart klaar te wees en dan met nuwe dinge te begin.

Dankie, julle. Ek sal nooit weer dieselfde mens kan wees nie, want julle het my geleer om my tyd ruimskoots te tel.

**Aan God al die eer!**

## BEDANKINGS


My innige dank en waardering gaan aan die volgende persone:

- My promotor, dr. Herman Grobler, wat my gehelp het om hierdie droom te verwesenlik en my telkens moed ingepraat het wanneer dit nodig was.
- My kollegas by die praktyk wat geduldig gewag het op my instruksies en ook my gefrustreerde gemoed geduld het.
- Santie Taljaard, destydse intern sielkundige en nou geregistreer as traumaberader, wat waardevolle insette gelewer het tydens ons gesprekke oor verlies.
- My liewe eggenoot, Johan, wat e-posse na Herman hanteer het wanneer dit nodig was. Ons groeiproses beteken vir my ontsettend baie.
- My pragtige en kosbare kinders. Jana, Anri en Lené, julle het my aangespoor om die “boek” klaar te skryf.
- My ouers, Laurens en Stienie, met julle stille teenwoordigheid wanneer ek julle hulp nodig gehad het om my kinders te versorg wanneer ek leestyd of skryftyd nodig gehad het.
- My broer, suster en skoonsuster wat my geïnspireer het, aangemoedig het en gesprekke gevoer het wat my kreatiewe denke geprikkel het.
- Lambert, vir die keurige taalversorging.

**DIE HERDEFINIËRING VAN IDENTITEIT AS ’N PROSES VAN WORDING TYDENS DIE ADOLESSENT SE VERLIES VAN ’N GELIEFDE**

**deur**

**S.J. VAN DER MERWE**

**PROMOTOR: DR. H.B. GROBLER**
**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**
**GRAAD: DOCTOR DIACONIOLOGIAE**

Hierdie studie is gerig op die ontwikkeling van strategieë aan terapeute vir adolessente en laat-adolessente (vyftien- tot twintigjariges) wat die verlies van ’n geliefde(s) ervaar het, deur te fokus op identiteitherdefiniëring as ’n wyse van wording. Die vertrekpunt van die studie word gevind in die probleemstellings, naamlik dat adolessente wat verlies van ’n geliefde ervaar se wordingsproses geblokkeer kan raak aangesien hulle nie oor die vaardighede mag beskik om die verlies te oorkom nie. Tweedens het terapeute nie die nodige vaardighede om hierdie adolessente te bemagtig sodat identiteitherdefiniëring bewerkstellig kan word nie.

Die volgende gestelde navorsingsvrae het die navorsing gelei, naamlik: *“Wat ervaar laat-adolessente ten opsigte van hulle identiteit wanneer hulle verlies ervaar?”* en *“Hoe kan daar deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie by die laat-adolessent wat verlies van ’n geliefde ervaar, herdefiniëring van identiteit bewerkstellig word?”*

Die navorsingsmetodologie het gevolg vanuit die Gestalt-, opvoedkundig-sielkundige perspektiewe sowel as fenomenologiese sielkunde. Die metateoretiese aanname volg vanuit gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe, beskrywende en verkennende ontwerpe. Die kwalitatiewe deel het bestaan uit semi-gestruktureerde onderhoude met die respondente en hulle ouer(s), asook ongestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie) met die adolessente. Elke respondent het aan ’n minimum van agt

terapeutiese sessies deelgeneem om die siklus van ervaringe te kon deurwerk. Die kwantitatiewe deel het bestaan uit die Emotions Profile Index (EPI) wat beskryf kan word as ’n ongestandaardiseerde meetinstrument wat die respondente se emosionele profiele aangedui het en verder ’n blik gebied het op die konfigurasie van hulle identiteit. Triangulasie het in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude, terapeutiese intervensie met adolessente, sowel as die opvolgonderhoude met die adolessente en hulle ouer(s), plaasgevind om die vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog. ’n Doelgerigte steekproef is getrek, wat respondente ingesluit het uit die Randburg munisipale gebied in die Randburg distrik.

Kategorieë wat vanuit die data van die semi-gestruktureerde onderhoude, die resultate van die EPI en die terapeutiese intervensie geïdentifiseer is, is geïntegreer. Daardie temas wat aangebied is as voorstelle tot strategieë is later vernoem tot voorstelle. Hierdie voorstelle wat deur die literatuur en terapeutiese intervensie geverifieer is, is as feite aanvaar ó́f verwerp. Die aanvaarde temas is aangebied in die vorm van terapeutiese strategieë.

Die daarstelling van terapeutiese strategieë se sukses word gemeet aan die bemagtiging van terapeute sowel as hulle adolessente kliënte.

**SLEUTELTERME**

- Gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe studie
- Semi-gestruktureerde onderhoude
- Kwalitatiewe benadering
- Verlies
- Adolessensie
- Identiteitherdefiniëring
- Wordingsproses
- Gestalt-perspektief

**THE REDEFINING OF IDENTITY AS A PROCESS OF BECOMING DURING THE ADOLESCENT'S LOSS OF A LOVED ONE**

**by**

**S.J. VAN DER MERWE**

**PROMOTOR: DR. H.B. GROBLER**

**UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA**

**DEGREE: DOCTOR DIACONOLOGIAE**

**SUBJECT: PLAY THERAPY**

This study is aimed at the development of strategies for therapists to be used with adolescents and late adolescents (15 to 20 years of age) who have lost a loved one. This will be done by focussing on the redefining of identity as a way of becoming. The starting point of the study is to be found in the problem formulation that the process of becoming of adolescents who have suffered the loss of a loved one, may be blocked because they do not have the necessary skills to overcome the loss. The second problem is that therapists do not have the necessary skills to empower these adolescents so that the redefining of identity can be achieved.

The following research questions led the research:

1. What do late adolescents experience in terms of identity when they suffer loss?
2. How can redefining of identity be achieved by late adolescents who have suffered loss of a loved one, through Gestalt therapeutic intervention?

The research methodology followed from perspectives of Gestalt, educational psychology as well as phenomenological psychology. The meta-theoretical assumption follows from combined qualitative and quantitative, as well as descriptive and exploratory designs. The qualitative part consists of semi-structured interviews with respondents and their parent(s), as well as unstructured interviews (therapeutic intervention) with the adolescents. Each respondent took part in at least eight therapeutic sessions to work through the cycle of experiences. The quantitative part

consists of the Emotions Profile Index (EPI), which can be described as an unstandardised measuring tool that gauges the emotional profiles of the respondents and provides a view on the configuration of their identity.

Triangulation, in the form of semi-structured interviews, therapeutic interventions with adolescents as well as follow-up interviews with the adolescents and their parent(s), took place to enhance the reliability of the study. A random sample was drawn that included respondents from the Randburg municipal area.

Categories that were identified from the semi-structured interviews, the results of the Emotions Profile Index as well as the therapeutic interventions, were integrated. Those themes which were presented as proposals for strategies, were eventually named into proposals. Those proposals that were verified by literature as well as therapeutic intervention, were either accepted or declined as facts. The accepted themes are presented as therapeutic strategies.

The success of the establishment of therapeutic strategies is measured by the empowerment of therapists as well as their adolescent clients.

**KEY TERMS**

- Combined qualitative and quantitative study
- Semi-structured interviews
- Qualitative approach
- Loss
- Adolescence
- Redefining of identity
- Process of becoming
- Gestalt perspective

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK EEN: ORIËNTERING EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE** **BLADSY**

**1.1 INLEIDING** **18**
**1.2 RASIONAAL EN PROBLEEM VIR DIE STUDIE** **20**
**1.3 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESES VIR DIE STUDIE** **24**
**1.3.1 Die navorsingsvraag** **24**
**1.3.2 Die hipoteses van die studie** **25**
**1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** **25**
**1.5 NAVORSINGSBENADERING** **27**
**1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE** **29**
**1.6.1 Navorsingsprosedure en werkswyse** **29**
**1.6.2 Data-insameling en data-analise** **30**
**1.6.3 Afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming** **31**
**1.7 ETIESE ASPEKTE** **32**
**1.7.1 Vermyding van skade** **33**
***1.7.2 Vermyding van fisiese en/of emosionele skade aan respondente*** 33
**1.7.3 Ingeligte toestemming** **34**
**1.7.4 Wanvoorstelling aan respondente** **35**
**1.7.5 Die oortreding van die respondente se privaatheid, anonimiteit en/of vertroulikheid** **35**
**1.7.6 Aksies en bevoegdheid van die navorser** **36**
**1.7.7 Vrystelling of publikasie van die bevindings** **36**
**1.7.8 Ontlonting by respondente** **36**
**1.8 DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE** **37**
**1.8.1 Adolessensie** **37**
**1.8.2 Identiteit** **38**
**1.8.3 Emosionele blokkasie** **38**
**1.8.4 Identiteit herdefiniëring** **38**
**1.8.5 Die proses van wording** **39**
**1.9 HOOFSTUKINDELING** **39**
**1.10SAMEVATTING** **40**

**HOOFSTUK TWEE: DIE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VIR DIE NAVORSING** **BLADSY**


**2.1 INLEIDING** **41**
**2.2 METATEORETIESE AANNAMES** **42**
**2.2.1 Definisie van fenomenologie** **42**
**2.2.2 Bewustheid** **44**
**2.2.3 Die rol van die self in Gestalt-terapie** **46**
**2.2.4 Veld-teoretiese perspektiewe** **47**
**2.2.5 Holisme** **48**
**2.2.6 Die eksistensiële perspektief** **49**
**2.2.7 Die opvoedkundige perspektief** **51**
**2.3 DIE NAVORSER** **52**
**2.3.1 Die blik van die navorser met betrekking tot die navorsing** **52**
**2.3.2 Die wyse waarop die navorser haar navorsingsmateriaal besigtig en die soort navorsing wat hieruit vloei** **54**
**2.4 TEORETIESE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE MENS SE HANTERING VAN VERLIES** **54**
**2.4.1 Mahler se werke: ‘n klassieke verklaring vir die mens se hantering van verlies** **54**
**2.4.2 Ander meer resente ontwikkelingsteorieë wat die hantering van verlies by adolessente verklaar** **55**
**2.4.3 Adolessensie en die vooruitsig van wording** **58**
**2.4.4 Adolessensie, die vorming van bande en identiteitskrisisse** **59**
**2.5 DIE STRUKTURELE RAAMWERK** **60**
**2.6 SAMEVATTING** **62**


**HOOFSTUK DRIE: LITERATUURSTUDIE. ADOLESSENSIE, IDENTITEIT EN VERLIES** **BLADSY**


**3.1 INLEIDING** **63**
**3.2 ADOLESSENSIE** **63**
**3.3 ADOLESSENTE IDENTITEIT** **67**
**3.3.1 Selfkonsep en identiteit** **67**
**3.3.2 Identiteit** **69**
*3.3.3.1 Die perspektief van tydelikheid teenoor verwarring* *72*
*3.3.3.2 Selfvertroue teenoor selfbewustheid* *72*
*3.3.3.3 Rol-eksperimentering teenoor rol-fiksasie* *73*
*3.3.3.4 Vakmanskap teenoor werksverlamming* *74*

*3.3.3.5 Seksuele polarisasie teenoor biseksuele verwarring* *74*
*3.3.3.6 Leierskap en volgelingskap teenoor outoriteitsverwarring* *75*
*3.3.3.7 Ideologiese oortuigings teenoor verwarring van waardes* *75*
**3.4 ADOLESSENSIE EN VERLIES** **77**
**3.4.1 Die prisma van emosies wat deur die rouproses vloei** **78**
*3.4.1.1 Angs en vrees* *79*
*3.4.1.2 Woede* *80*
*3.4.1.3 Die emosies van skaamte en skuld* *81*
*3.4.1.4 Onttrekking, ongeërgdheid en wanhoop* *83*
*3.4.1.5 Depressie* *84*
**3.4.2 Soorte verlies** **85**
*3.4.2.1 Die verlies van 'n geliefde* *85*
*3.4.2.2 Die verlies van 'n ouer aan die dood* *86*
*3.4.2.3 Die verlies van 'n broer/suster* *89*
*3.4.2.4 Die verlies van 'n grootouer* *90*
*3.4.2.5 Die verlies van 'n vriend of vriendin* *91*
*3.4.2.6 Adolessente verlies as gevolg van egskeiding* *92*
**3.5 SAMEVATTING** **93**

**HOOFSTUK VIER: LITERATUURSTUDIE. DIE PROSES VAN WORDING EN IDENTITEIT HERDEFINIËRING** **BLADSY**

**4.1 INLEIDING** **96**
**4.2 DIE OORGANGSTYDPERK: DIE EERSTE STAPPE VAN WORDING** **98**
**4.3 DIE LEIBNITZIAN TRADISIE EN GESTALT TEORETIESE PERSPEKTIEWE OM EMOSIONELE BLOKKASIES TE VOORKOM** **101**
**4.3.1 St. Thomas Aquinas se dogma** **102**
**4.3.2 Spinoza se leerstelling** **103**
**4.3.3 Aristoteles se *Nichomachean Etiek*** **104**
**4.3.4 Die Amerikaanse kognitiewe teorie** **104**
**4.3.5 Die rol van instinkte** **104**
**4.4 TRANSFORMASIE AS WORDING EN OPHEFFING VAN BLOKKASIES** **107**
**4.5 IDENTITEITHERDEFINIËRING AS 'N PROSES VAN WORDING TOT INDIVIDUALITEIT** **111**
**4.6 VOORSTELLE VANUIT DIE LITERATUUR OM DIE ONTWIKKELING VAN EMOSIONELE STERKTE TE LAAT GESKIED TYDENS EN NA DIE VERLIES VAN 'N GELIEFDE BY ADOLESSENTE** **115**

**4.6.1 Voorstel een: Skep van kalm ruimte tydens terapeutiese intervensie 115**
**4.6.2 Voorstel twee: Werk met kontraste van huidige en vorige ervaringe 115**
**4.6.3 Voorstel drie: Spreek argumentele verskille en veranderinge tussen ouers, maar ook tussen ouers en adolessente aan 116**
**4.6.4 Voorstel vier: Werk deur basiese behoeftes van adolescent 116**
**4.6.5 Voorstel vyf: Doen selfkonsepontwikkeling binne die gesinsverband 117**
**4.7 GEÏDENTIFISEERDE TEMAS VANUIT DIE LITERATUUR WAT DIE TERAPEUT KAN BENUT TYDENS ONDERHOUDVOERING OF TERAPEUTIESE INTERVENSIE 117**
**4.7.1 Tema een: Alle vroeë ervaringe vorm bestanddele vir wording 117**
**4.7.2 Tema twee: Die konfigurasie refleks as ‘n bepaler van toekomstige introjeksies wat geïntegreer kan word 118**
**4.7.3 Tema drie: Die vermoë om aan te beweeg of die identifisering van ‘n geblokkeerde wordingsgang 118**
**4.7.4 Tema vier: Die kliënt se bewussynsvlak in terme van eie kwesbaarheid 118**
**4.8 SAMEVATTING 119**

**HOOFSTUK VYF: NAVORSINGSMETODOLOGIE: ‘N GEKOMBINEERDE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE STUDIE BLADSY**

**5.1 INLEIDING: METODOLOGIESE ORIËNTASIE 120**
**5.2 DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE KWANTITATIEWE STUDIE 123**
**5.2.1 Betroubaarheid van die studie 125**
**5.2.2 Die geldigheid van die studie 126**
**5.3 DIE VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE KWALITATIEWE STUDIE 129**
**5.4 DIE LOODSSTUDIE 132**
**5.4.1 Agtergrond 133**
**5.4.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud 133**
**5.4.3 Die Emotions Profile Index 140**
**5.4.4 Die terapeutiese proses 143**
**5.4.5 Bevestiging deur opvolgonderhoud 148**
**5.4.6 Die semi-gestruktureerde onderhoud met die respondent se ouer(s) 149**
**5.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 151**
**5.5.1 Agtergrond van respondent M 151**
**5.5.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent M 152**
*5.5.2.1 Emosies 152*

*5.5.2.2 Blokkasies* *153*
*5.5.2.3 Kontakgrensversteurings* *153*
*5.5.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme* *154*
*5.5.2.5 Die rigting van die wordingsproses* *154*
*5.5.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe* *155*
**5.5.3 Die Emotions Profile Index** **155**
**5.5.4 Die terapeutiese proses** **157**
*5.5.4.1 Verhoudingbou* 157
*5.5.4.2 Emosies* 157
*5.5.4.3 Bewuswording en kontakmaking* 158
*5.5.4.4 Blokkasies* 159
*5.5.4.5 Kontakgrensversteurings* 160
*5.5.4.6 Versteurde identifikasiemeganisme* 160
*5.5.4.7 Die rigting van die wordingsproses* 161
*5.5.4.8 Die herkonfigurasie van die selwe* 161
**5.5.5 Bevestiging deur opvolgonderhoude** **163**
**5.6 EMPIRIESE ONDERSOEK** **164**
**5.6.1 Agtergrond van respondent C** **164**
**5.6.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent C** **164**
*5.6.2.1 Emosies* 164
*5.6.2.2 Blokkasies* 165
*5.6.2.3 Kontakgrensversteurings* 165
*5.6.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme* 166
*5.6.2.5 Die rigting van die wordingsproses* 166
*5.6.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe* 167
***5.6.3*** **Die Emotions Profile Index** **167**
***5.6.4*** **Die terapeutiese proses** **169**
*5.6.4.1 Verhoudingbou* 169
*5.6.4.2 Emosies* 170
*5.6.4.3 Bewuswording en kontakmaking* 170
*5.6.4.4 Blokkasie* 171
*5.6.4.5 Kontakgrensversteurings* 171
*5.6.4.6 Versteurde identifikasiemeganisme* 172
*5.6.4.7 Die rigting van die wordingsproses* 172
*5.6.4.8 Die herkonfigurasie van die selwe* 173
**5.6.5 Bevestiging deur opvolgonderhoude** **173**
***5.7*** **EMPIRIESE ONDERSOEK** **174**

***5.7.1* Agtergrond van respondent C** **175**
**5.7.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent C** **175**
*5.7.2.1 Emosies* 175
*5.7.2.2 Blokkasies* 176
*5.7.2.3 Kontakgrensversteurings* 176
*5.7.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme* 177
*5.7.2.5 Die rigting van die wordingsproses* 177
*5.7.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe* 177
**5.7.3 Die Emotions Profile Index** **178**
**5.7.4 Die terapeutiese proses** **180**
*5.7.4.1 Verhoudingbou* 180
*5.7.4.2 Emosies* 180
*5.7.4.3 Bewuswording en kontakmaking* 181
*5.7.4.4 Blokkasies* 181
*5.7.4.5 Kontakgrensversteurings* 182
*5.7.4.6 Versteurde identifikasiemeganisme* 182
*5.7.4.7 Die rigting van die wordingsproses* 183
*5.7.4.8 Die herkonfigurasie van die selwe* 183
**5.7.5 Bevestiging deur opvolgonderhoude** **183**
**5.8 SAMEVATTING** **184**

**HOOFSTUK SES: VOORSTELLE VIR DIE BENUTTING VAN DIE STRATEGIEË AAN TERAPEUTE - AAN DIE HAND VAN KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE DATA** **BLADSY**

**6.1 INLEIDING** **186**
**6.2 OMSKRYWING VAN VOORSTELLE VIR TERAPEUTIESE INTERVENSIE AAN DIE HAND VAN LITERATUUR** **187**
6.2.1 **Voorstel een: die aard van die terapeutiese verhouding bied rigting in terme van wording** **187**
*6.2.1.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *190*
*6.2.2 Voorstel twee: luister na die adolesssent wat oor emosies praat, want dit kan die moontlikheid tot identiteit herdefiniëring verhoog* *190*
*6.2.2.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *194*
6.2.3 **Voorstel drie: erken die blokkasie(s) en gaan oor tot aksie deur middel van terapeutiese intervensie** **194**

*6.2.3.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *195*

6.2.4 **Voorstel vier: bewuswording en kontakmaking tydens die verlies bemagtig die kliënt om nuwe besluite te kan neem** **196**

*6.2.4.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *198*

6.2.5 **Voorstel vyf: kontakgrensversteurings kan opgehef word deurdat die onderliggende bydraende faktore geïdentifiseer word en verder hanteer word as 'n versteurde idenifikasiemeganisme** **199**

*6.2.5.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *201*

6.2.6 **Voorstel ses: Die ontdekking van die populasie van selwe kan die herkonfigurasie van die self bewerkstellig** **201**

*6.2.6.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *202*

6.2.7 **Voorstel sewe: die bepaling van die rigting van die wordingsproses van die individu word gerig deur die kliënt se onsigbare en onbewustelike behoeftes en sensasies** **203**

*6.2.7.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie* *205*

**6.3 STRATEGIEË VIR TERAPEUTE** **205**

6.3.1 **Die terapeutiese verhouding word deur die tweeledige rol van empatie daargestel** **206**

6.3.2 **Die hantering van die kliënt se emosies sodat die individu, wat bewus word van die populasie van selwe, al hoe meer sigbaarder word in terme van eie identiteit** **207**

6.3.3 **Die opheffing van blokkasies deur die kliënt te ondersteun tot wording** **209**

6.3.4 **Bewuswording en kontakmaking gee aanleiding tot die herkonfigurasie van selwe as gevolg van die oproep en herlewing van geïsoleerde ervaringe** **209**

6.3.5 **Deurdat die kliënt ondersteun word tot kontakmaking met die prosesse van die self kan kontakgrensversteurings opgehef word** **210**

6.3.6 **Die ontdekking en herkonfigurasie van die populasie van selwe** **210**

6.3.7 **Die rigting van die wordingsproses** **212**

**6.4 SAMEVATTING** **213**

**HOOFSTUK SEWE: EVALUERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** **BLADSY**

7.1 **INLEIDING** **214**
7.2 **UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE** **214**
7.2.1 **Hoofstuk een: Inleidende oriëntering en rasionaal vir die studie** **214**
7.2.2 **Hoofstuk twee: Die paradigmatiese perspektief vir die studie** **216**
7.2.3 **Hoofstuk drie: Literatuurstudie: adolessensie, identiteit en verlies** **216**
7.2.4 **Hoofstuk vier: Literatuurstudie: die proses van wording en identiteit herdefiniëring** **217**
7.2.5 **Hoofstuk vyf: Navorsingsmetodologie. ‘n Gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe studie** **217**
7.2.6 **Hoofstuk ses: Voorstelle vir die benutting van die strategieë aan terapeute** **218**
7.2.7 **Hoofstuk sewe: evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings** **219**
7.3 **EVALUERING VAN HOOFSTUKKE** **219**
7.4 **GEVOLGTREKKINGS** **220**
7.5 **AANBEVELINGS** **221**
7.6 **TEKORTKOMINGE EN LEEMTES VAN DIE STUDIE** **222**
7.7 **BESONDERE BYDRAE IN DIE VAKGEBIED** **222**
7.8 **SAMEVATTING** **222**

**BRONNELYS** **223**

## LYS VAN FIGURE

BLADSY

Figuur 4.1: Die siklus van ervaringe 260

## LYS VAN TABELLE

BLADSY

TABEL 1 EPI: omskakeling van routellings na persentiele 140

TABEL 2 EPI: omskakeling van routellings na persentiuele 155

TABEL 3 EPI: omskakeling van routellings na persentiel 167

TABEL 4 EPI: omskakeling van routellings na persentiel 178

## BYLAE

BLADSY

Bylaag 1 Die emosionele profiel van die respondent tydens die loodsstudie 238

Bylaag 2 Die roosboomtegniek 239

Bylaag 3 Uittreksels van response van die respondente op sekere semi-gestruktureerde onderhoudsvrae 241

Bylaag 4: Voorbeeld van toestemmings- en vrywaringsbrief (ouers, vir adolessente) 244

Bylaag 5: Voorbeeld van brief aan terapeute 247

Bylaag 6: Die EPI en die prosedure wat gevolg is tydens die interpretasie van data 249

# HOOFSTUK EEN
# ORIËNTERING EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Die studie handel in essensie oor die ontvouende proses van identiteit herdefiniëring as ’n uitweg vir wording vir die adolessent wat die verlies van ’n geliefde ervaar. Die vraag kan gevra word na die verskeidenheid strategieë wat die terapeut kan toepas om die verswarende effek van ’n adolessent se verlies te minimaliseer met die oog op identiteit herdefiniëring.

Adolessensie is ’n ontwikkelingstadium wat nie net eise aan die adolessent stel nie, maar ook aan sy/haar veld (omgewing), byvoorbeeld die ouer(s) en die res van die gesin, onderwysers en terapeute wat met die adolessent werk. Volgens Rice en Dolgin (2005:280-281) ervaar die adolessent geïsoleerdheid as gevolg van verskeie faktore. Edwards (2003:57) verwys na adolessente wat “vries” in hulle wordingsgang en min ouers sal oor die vaardighede beskik om so ’n kind te ondersteun tot verdere groei. Die waarde wat die terapeut in hierdie omstandighede kan vervul, word hierdeur beklemtoon.

Volgens Edwards (2003:52) bestaan daar komplekse lewensituasies wat nie net verandering vereis nie, maar wat katastrofiese gevolge het. In hierdie gevalle kan die oorspronklike trauma “vries” in die innerlike wêreld van die adolessent, maar dit sal dan ook dieselfde impak hê op die versorgingsisteem en die normale verloop van die rouproses. Hierdie gevoel van verlies aan beheer kan aanleiding gee tot probleme in die gesin en ouers noodsaak om ander ouers, literatuur en kundiges te raadpleeg in ’n poging om bestaande probleme op te hef, ander probleme te voorkom en hulle beter toe te rus vir hulle versorgingstaak (Dyregrov, 2008:87).

Edwards (2003:57) beweer dat onderwysers en ouers adolessente kan help tydens die proses van verandering wat gewoonlik met angs gepaard gaan, deurdat hulle bewus word van die probleem, die gedragspatrone en moontlike betekenisse hiervan te herken en om in voeling te wees met hulle eie, vroeë herinneringe. Robinson

(2009:14-15) adviseer ouers om professionele ondersteuning te integreer om unieke, gelukkige en optimaal-funksionerende gesinne te kweek tydens omstandighede van verlies.

Soms is daar verswarende omstandighede in ’n gesin teenwoordig wat die wording of die unieke rigting en tempo van groei van ’n kind kan rem. ’n Adolessent wat die verlies van ’n geliefde ervaar en nie oor die vaardighede beskik om die verlies te oorkom nie se wordingsproses kan gekniehalter word. Edwards (2003:59-60) beskryf adolessensie as die proses waardeur die gesonde vermoë ontwikkel word om verskillende kante van die self en ander te ontdek en te aanvaar en soos by enige oorgangsfase kan die versoeking om te fragmenteer óf om te ontken, aanleiding gee tot ’n adolessent wat emosionele blokkasies ervaar en sodoende sy normale wordingsgang versteur. Hierteenoor beskryf Fowler (2000:16-18) adolessensie as die fase waarin die individu poog om eie gawes, potensiële rolle en beelde van die self te integreer en indien die adolessent nie sukses behaal nie, vind identiteitsverwarring plaas.
Die diskriminasie tussen tydelike simptome en meer deurdringende probleme wat depressie kan ontlont, word gemaak. Wanneer dieper vrese betrokke is by die ervaring van verlies (soos tydens die dood of skeiding van ’n geliefde) kan die adolessent se wordingsgang belemmer word deur gedragsvorme soos onttrekking, geïsoleerdheid, weiering om skool toe te gaan en agteruitgang in skoolprestasie. Edwards (2003:59-61) beklemtoon die belangrikheid om sowel wins as verlies te verstaan; die herkenning van die onvermydelike ambivalensie wat betrokke is en die kapasiteit om vas te kan hou aan iets wat interne goedheid verteenwoordig in tye van verlies. Hierdie adolessent se stryd kan uiteraard ’n impak hê op die welsyn en dinamiek van die gesin. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer(s) en/of terapeut om ’n adolessent emosionele versorging te bied wat ’n verlies ervaar soos onder meer by die verlies van ’n ouer soos by egskeiding of die dood óf tydens die verlies van ’n broer/suster, vriend/vriendin. Die emosionele versorgingstaak van die ouer word in hierdie geval gekenmerk deur addisionele eise waarop hulle selde voorberei, is of waarvoor die ouer toegerus is en die belangrike rol wat die terapeut hier kan vervul word beklemtoon. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die rasionaal en probleem vir die studie, die navorsingsvraag en hipoteses, doelstellings en doelwitte wat deur die betrokke navorser gestel word, die

navorsingsbenadering, die navorsingsmetodologie en navorsingsprosedure wat gevolg sal word en etiese aspekte wat ter sprake is.

### 1.2 RASIONAAL EN PROBLEEM VIR STUDIE

As ’n lid van ’n hegte gesin, familie en kultuur het die betrokke navorser op haar lewenspad al hoe meer bewus geraak van die waarde van ’n gerusstellende sin van behoort, maar sedert adolessensie het sy ook meer pertinent bewus geword van die behoefte om apart te wees van diegene wat sy liefhet en sodoende kon sy ’n persoonlike sin van haarself definieer. Om die paradoks van enigheid, maar ook apartheid; van eendersheid, maar ook andersheid te beleef is essensieël vir enige menslike wese. Dyregrov (2008:73-75) bevestig hierdie stelling deur te fokus op die adolessent se ontwikkelingstake om groter outonomiteit te behaal; om biologiese, sielkundige en sosiale veranderinge wat kenmerkend van hierdie periode is te bemeester en om volwasse seksualiteit te bereik (cf. Erikson 1971). Volgens hierdie outeur behels adolessensie ’n verhoogde behoefte aan onafhanklikheid van hulle ouers en hierdie proses van emansipasie behels dat groei en leer plaasvind in verhouding tot verlies en skeiding (cf. Gouws, Kruger & Burger, 2000:72-73). Dit is waarom dood of die verlies van ’n geliefde ’n negatiewe impak kan hê op die normale ontwikkelingsgang/wording van die adolessent.

Die leemte in bestaande literatuur rakende die proses van identiteit herdefiniëring om die wordingsgang van ’n adolessent te laat voortgaan tydens die verlies van ’n geliefde, het die betrokke navorser opgeval. Gesprekke met kundiges het hierdie leemtes beklemtoon veral met betrekking tot die adolessent wat verlies ervaar het, se stryd om ’n weg vorentoe te vind. Identiteit herdefiniëring verwys na die ontvouing van identiteit, soos die individu sy wordingsgang spontaan ontwikkel (Van Vuuren, 2006) terwyl Marcia (in Rice & Dolgin, 2005:178-179) identiteit herdefiniëring bekryf as identiteit wat behaal word. Nadat ’n krisis ten opsigte van identiteit opgelos is, kan verskeie alternatiewe en keuses sorgvuldig geëvalueer word en die individu wat verlies ervaar het kan sodoende by ’n eie gevolgtrekking en keuse kom. Die individu se lewenskoers se rigting het per implikasie verander.

In die werk van die betrokke navorser as terapeut, het sy die voorreg om stories van adolessente, hulle gesinslede en hulle betekenisvolle momente wat ervaar is, aan te hoor. Stories waarin mense se lewenskoers drasties moes verander as gevolg van die verlies van ’n geliefde, is ook aangeteken in die privaatpraktyk van die betrokke navorser. Dit gebeur gereeld dat adolessente wat ’n verlies ervaar, soos tydens die dood van ’n broer/suster of ouer óf by die diagnosering van ’n chroniese of terminale siekte van ’n geliefde óf tydens die egskeidingsproses van die adolessent se ouers, nie weet hoe om “aan te gaan nie”. Hierdie adolessente verwys na fenomene soos “stuckness”, “emosionele blokkasie”, “vries” of “sinloosheid van bestaan”. Die betrokke navorser het bewus geword dat die afwesigheid van ’n veerkragtige gees tydens die ervaring van verlies, ’n impak het op die wordingsgang van die adolessent en dat emosionele pyn teenwoordig is by hierdie individue.

’n Laat-adolessente kliënt het tydens ’n sessie, ná die verlies van sy sussie, die volgende stelling gemaak nadat die betrokke navorser hom uitgevra het oor sy weiering om voort te gaan met die alledaagse aktiwiteite soos voor die verlies van sy suster: “The happy things are a ‘No, No’. It is my right to carry this pain and be miserable. The pain became my sister and I feel guilty if I think of letting go.” Geïmmobiliseerdheid en die onvermoë om pyn te laat gaan, word gereflekteer binne onderbroke groei. Vryheid is die produk van verlies wat hanteer is en uiteindelik aanleiding gee tot die herdefiniëring van identiteit. In die woorde van Robert Bellah:

> If one gives up clinging to what is irretrievably gone, then the nothing which is left is not barren but enormously fruitful. Everything that one has lost comes flooding back out of the darkness, and one’s relation to it is new – free and unclinging. But the richness of the nothing contains far more, it is all possible it is the spring of freedom (Ellis, 2001:113).

Vanuit bogenoemde blyk dit duidelik dat die verlies van ’n geliefde die adolessent se wordingsgang kan versteur en dan sal die konstruktiewe hantering hiervan wees om deur middel van terapeutiese intervensie identiteit herdefiniëring te laat ontvou. Volgens Fourtounas (2003:269) kan die wordingsproses, of anders gestel, die sielkundige

ontwikkeling van die laat-adolessent ook beskryf word as ’n polariteit van emosionele vertraagde groei. Fourtounas (2003:269-273) beskryf wording se samestelling as daardie tydlose strukture wat in ’n sirkulêre orde met tyd voortgaan. Dit is slegs die finaliteit van die dood óf emosionele blokkasies wat hierdie natuurlike proses van wording kan beëindig (“halted growth”). Dit word ook duidelik vanuit Fourtounas se werk dat sielkundige groei en ontwikkeling nooit absoluut is nie, want met die onherstelbare verskeuring van die self tydens verlies kan ’n staat van finale voltooidheid, heelheid of volwassenheid nie bemeester word nie. Die betrokke navorser het hieruit ook ’n gaping gevind wat bestaan tussen die bestaande literatuur en die navorsingsveld.

Adolessensie, as ontwikkelingsfase, word uitgelig in die studie, omdat die wordingsproses van die mens, identiteit en identiteit herdefiniëring veral in hierdie fase in gedrang kan wees (Dyregrov, 2007:74). ’n Emosionele blok kan dus ontstaan wanneer ’n adolessent verlies ervaar en hierdie “regressie” kan ’n impak hê op die identiteitswording van die betrokke adolessent (Dyregrov, 2007:74-75). Fourtounas (2003:268-269) beweer dat sielkundige groei en ontwikkeling nie lineêr en aaneenlopend is nie, maar dat wording eers regresseer voordat dit vooruitgang of progressie ondergaan. Die adolessent kan dus regresseer, maar hy kan nie in hierdie staat bly voortbestaan nie. Die weg deur adolessensie is ’n uitdaging, aangesien biologiese sowel as sielkundige veranderinge gelyktydig gebeur. Beide progressie en regressie kom voor op die reis na volwassenheid. Adolessente wroeg nie alleen met eksterne toetse, soos eksamens of loopbaankeuses nie, maar ook met interne toetsing wat problematiese vrae oor identiteit en eiewaarde in die wêreld dek (Edwards, 2003:55-67).

Fourtounas (2003:261-269) beskryf die reis van die adolessent as die proses waardeur ’n eie bestaan ge-eggo word en waarin die verlede terugwerkend deur die verlede verstaan kan word en die hede terugwerkend verstaan kan word deur die verlede. Die proses van ontwikkeling kan nie in ’n vakuum gehou word nie, want die mens is aaneenlopend in die proses van “vashou”, “laat gaan”, “wees” en wording. Ontwikkeling is verandering, eerder as ’n produk van verandering. In hierdie studie val die fokus juis op adolessensie as lewensfase, omdat die hantering van verlies tydens hierdie tydperk ’n uitdaging is vir die adolessent, die ouers, sowel as vir die terapeut om

die wordingsproses sodanig te stuur in ’n rigting waar adolessente kan ontwikkel in jong volwassenes wat hulleself én die lewe sien vir wat dit is (Dyregrov, 2007:109-123).

Erikson (1971; 1969) het die najaag van die self beskryf as die beweging van een vlak na ’n ander en het hierdeur aan die leser ’n inspirerende begrip gebied van die mens se reis deur die lewe. Elke fase verteenwoordig ’n sentrale krisis of konfrontasie, wat eers bemeester moet word voordat die mens se wordingsproses kan beweeg na die volgende fase. Fowler (1999:15) verwys eerder na die term “draaipunt”, in plaas van “krisis”. Die suksesvolle voltooiing van die betrokke fase en die vindingrykheid wat aan die dag gelê word om ’n oplossing te vind vir die konfrontasie, is beduidend, want in hierdie proses van “aan beweeg” of mobiliteit word ’n sin vir die fase verwerf wat nodig is om in die volgende fase te funksioneer. Die draaipunt in die individu se lewe dui op wording. Identiteitsvorming (die konfrontasie) teenoor rolverwarring (die krisis) word die uitdaging of konflik wat gedurende die adolessentejare oorbrug moet word om dit moontlik te maak vir die adolessent om sy wordingsproses te verwesenlik. Menslike ontwikkeling is ’n kontinue proses, met elke fase as ’n integrale deel van die kontinuum (Erikson, 1969). Erikson bied klassieke perspektiewe rakende menslike wordingsprosesse en hierdie studie sou arm en gebrekkig wees indien hierdie perspektiewe nie bespreek word nie.

Wat gebeur wanneer ’n adolessent te midde van hierdie krisis wat hy moet oorkom (identiteit versus rolverwarring) ’n eksterne krisis, naamlik verlies, ervaar? Om hierdie vraag te kan beantwoord sal ’n deeglike studie van Margaret Mahler (1975) se “skeiding-individuasie proses” van die individu se “sielkundige geboorte” oorweeg behoort te word. Volgens die betrokke navorser bied Mahler se werk ’n klassieke verklaring vir die mens se hantering van verlies en dit sal volledig bespreek word in hoofstuk twee.

Die implikasies van die probleemstelling, indien dit nie opgelos kan word nie, kan as volg verstaan word en hierdie implikasies dui op die gaping tussen die bestaande literatuur en kennis wat nog nie opgeteken is nie. Verlies is ’n universele verskynsel en Bar-Tur en Levi-Shiff (2000:263-281) beweer dat die ontwikkelingsdoel van menslike ontwikkeling is om verlies te oorleef, om verandering te aanvaar en om die self te integreer in ’n nuwe sosiale konteks en identiteit (cf. Erikson, 1971). Die doel van

ontwikkeling is om aan te hou om te bestaan en stabiliteit te bekom, ongeag die konflikte en uitdagings wat teëgekom word. Hierdie gaping in die bestaande literatuur is deur die betrokke navorser genoteer, deurdat bestaande literatuur gefokus het op die impak van verlies op die mens en minder spesifiek, op die adolessent. Die bestaande literatuur fokus op die oorlewing na verlies en nié op die oorbrugging van verlies deurdat die adolessent ’n nuwe definisie van sy eie identiteit formuleer nie.

Die fokus van verandering lê binne die transformasie en herstrukturering van identiteit van die individu wat verlies ervaar het, ongeag in watter rigting hierdie nuwe bestaanslewe beweeg. Hierdie studie wil die adolessente ondersteun deur middel van terapeutiese intervensie om hulle wordingsgang te stuur in die rigting van optimale en ryk ervarings van die lewe, ongeag die verliese wat getrotseer moet word.

Vanuit die probleemformulering word die volgende probleemstelling geformuleer: Adolessente wat verlies van ’n geliefde ervaar se wordingsproses kan geblokkeer raak aangesien hulle nie oor die vaardighede mag beskik om die verlies te oorkom nie. Tweedens het terapeute nie altyd die nodige vaardighede om hierdie adolessente te bemagtig sodat identiteitherdefiniëring bewerkstellig kan word nie.

## 1.3 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESES VIR DIE STUDIE

### 1.3.1 Die navorsingsvraag

Die navorsingsvraag se essensie lê daarin dat die vraag vorm bied aan die besluitnemingsproses rakende die data, literatuur en metodes wat gebruik moet word, ten einde die navorsing te kan voltooi. Die vraag moet ’n interpretasie van data vereis om sodoende ’n feit te kan ontdek. Polansky (in Fouché & De Vos, 2005a:97) en Bless, Higson-Smith en Kagee (2007:42-44) het ’n lys van tipes navorsingsvrae opgestel wat nie nagevors kan word nie. As navorser het die betrokke navorser vanuit hierdie lys, eienskappe probeer identifiseer waaraan ’n navorsingsvraag behoort te voldoen en daaruit die navorsingsvraag ontwikkel. Eerstens is ’n duidelike definiëring van die fenomene wat in die navorsingsvraag voorkom nodig. Volgens hierdie outeurs kan navorsingsvrae nie waarde-oordele evalueer nie en daar moet meer as een

aanvaarbare antwoord wees waarmee die navorsingsvraag beantwoord kan word. Etiese kwessies wat aangespreek word, moet gestaaf kan word vanuit diep, morele beginsels en konsepte of fenomene wat in die navorsingsvraag gestel word, moet nagevors kan word.

Dit is dus belangrik dat die volgende navorsingsvraag beantwoord kan word, omdat die benadering tot die studie gereflekteer word deur die navorsingsvraag: *"Wat ervaar adolessente ten opsigte van hulle identiteit wanneer hulle verlies beleef?"* 'n Addisionele vraag word gevra, naamlik: *"Hoe kan daar deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie by die adolessent wat verlies van 'n geliefde ervaar, herdefiniëring van identiteit bewerkstellig word?"*

### 1.3.2 Die hipoteses van die studie

Volgens Fouché en De Vos (2005b:101) kan hipoteses die navorser lei om rigting te bied aan die studie. Die kwantitatiewe gedeelte van die navorsingstudie word gekenmerk deur die volgende hipoteses, wat die studie sal rig:

**Hipotese een:** *Indien adolessente verlies van 'n geliefde ervaar, kan 'n blokkasie ontwikkel wat hulle wordingsgang belemmer en identiteitherdefiniëring blokkeer.*

**Hipotese twee:** *Indien adolessente verlies van 'n geliefde ervaar wat hulle wordingsgang belemmer kan herdefiniëring van identiteit deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie aangespreek word.*

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Dit is nie die doel van die betrokke navorser om deur middel van hierdie studie die fenomeen *identiteitherdefiniëring* te manipuleer of te probeer voorspel nie. Die doel van die gekose metodologiese benadering is juis om die betekenis van die fenomeen te verken, uit te lig en die wesenlike inhoud en struktuur van die werkinge en funksies van die fenomeen bloot te lê en te beskryf, sodat effektiewe en doelgerigte terapeutiese intervensie toegepas kan word. Hierdeur kan die studie nie slegs die uitbreiding van

kennis oor die adolessent se gedrag tydens die verlies van ’n geliefde verseker nie, maar ook ’n bydrae lewer tot die kennis van terapeutiese intervensie sodat identiteitherdefiniëring kan plaasvind indien die adolessent dit nodig vind tydens die krisis van verlies.

Soos duidelik blyk vanuit bogenoemde verwys die doelstelling van die studie na die oorhoofse mikpunt van die betrokke studie en sodoende bepaal die doelstelling ook die soort navorsing wat toegepas word. Die doelwitte is die stappe wat gevolg gaan word om die doelstelling van die studie uiteindelik te bereik (Bless *et al*. 2007:45-47).

Die oorhoofse doelstelling van die huidige studie is om deur middel van intervensie by die adolessent wat verlies ervaar, strategieë vir terapeute daar te stel om identiteitherdefiniëring te laat ontvou as ’n uitweg tot wording.

Volgens Fouché (2005:116) kan die doelwit van ’n studie gedefinieer word as die manier waarop die navorser belangrike vrae, prosesse en verhoudings rakende die studie ontdek, sonder om dit te toets. Hierdie doelwitte vorm die stappe om die oorhoofse doelstelling te bereik. Die doelwitte van die betrokke studie sluit die volgende prosesse in:

- Die beskrywing van die paradigmatiese perspektief waarmee die studie benader is;
- Die aanbieding van ’n literatuurstudie, waardeur die betrokke navorser poog om die leser se kennis en beeld van die navorsing sowel as die kwaliteit van die navorsing te verseker (Camic*,* Rhodes & Yardley, 2003:5-7). Die terapeutiese intervensie sal vanuit die literatuurstudie ontwikkel word en daarom sal Gestalt-perspektiewe sowel as die ontwikkelingsteorieë bespreek word in hoofstuk twee;
- Tydens die empiriese proses sal terapeutiese intervensie uitgevoer word deurdat die gekombineerde metode gevolg sal word, met kwalitatiewe ondersoekmetodes as dominante been en die navorsing en kwantitatiewe metodes as minder dominant. Die kwalitatiewe ondersoekmetodes behels semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente, ongestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie), asook semi-gestruktureerde

opvolgonderhoude met adolessente en hulle ouers. Die kwantitatiewe navorsing behels die voltooing van ’n psigometriese meetinstrument, naamlik die Emotions Profile Index (kortweg EPI genoem);

- ’n Strategie sal aangebied word aan terapeute wat terapeutiese intervensie bied aan adolessente wat die verlies van ’n geliefde ervaar het en waar herdefiniëring van identiteit nodig is.

**1.5 NAVORSINGSBENADERING**

Volgens Camic *et al.* (2003:5-15) is twee van die algemeenste verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings hulle metode van ondersoek en die graad van kontrole wat elke benadering volg, wat nodig is binne die navorsingsopset. Alle vorme van ondersoek, soos alle vorme van hervoorstelling, het hulle eie voordele, beperkinge en tweeledigheid. Metodes het die effek om dít waarvoor gesoek word, te beperk. Niks is so selektief as persepsie nie. Beide benaderings behels aannames, wat die gevolgtrekkings wat gemaak word vanuit die data, kan vorm en kan beperk. Omdat die verskillende benaderings verskillende voordele, sterktes en leemtes inhou, sal die navorser gebruik maak van ’n kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe benadering. Die gekombineerde benadering wat gevolg sal word is dominant minder dominant met die kwalitatiewe been as dominant en die kwantitatiewe been as minder dominant. Maggs-Rapport (2000:219-225) ondersteun die gebruik van gekombineerde metodes deur triangulering van data en hierdie outeur beklemtoon dat begrip en insig hierdeur verhoog word.

Die begeerte om sin te maak van ’n wesenlike geleefde ervaring is die hart van die kwalitatiewe standpunt (Camic *et al.*, 2003:56) en daarom word die karakter van die studie gereflekteer deur te kyk na die navorsingsvraag. Die geleefde ervaringe wat adolessente tydens die navorsingsproses weergee, sal ’n bydrae lewer tot die egte weerspieëling van die respondente se ervaringe en sodoende sal die outentieke aard van die studie bewaar word. Volgens Rabinowitz en Weseen (2001:5) sal studies wat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes in een studie gebruik, die begrip van die mens se aard verryk.

Die drie ongestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie) met die adolessente, asook die semigestruktureerde onderhoude en opvolgonderhoude sal dien as kwalitatiewe navorsingsbenadering. Hierdie beeld van die self kan ook ’n blik bied op die wordingsproses van die individu, omdat daar ’n dialektiese verhouding bestaan tussen identiteit, selfbeeld en doelgerigtheid/wording. Erikson het die sterkte van doelgerigtheid geïdentifiseer wat as ’n ontwikkelingsmylpaal bekend staan wat oorbrug behoort te word om die wordingsproses van die individu te laat gedy (Fowler, 2000:15-17).

Die navorsingsvraag vereis ’n beskrywende antwoord (cf. Blaikie, 2007:40-45) en die navorsingsbenadering is oop (“open-ended”) en toegepas van aard. Die navorser beplan om ’n oop metodologiese benadering met geen spesifieke, vooruitbepaalde idee van die uitkoms nie te implementeer, omdat die gekose navorsingsmetode moet dien as ’n funksie van die navorsingsvraag. Die navorsingsvrae sal dus nie leidend gestel word aan die respondente nie en geen manipulasie sal toegepas word om ’n bepaalde uitkoms te rig nie. Volgens Cascio en Aguinis (2005:4) fokus toegepaste navorsing op individuele gedragsverskille, asook op individuele verskille ten opsigte van funksionering en op metodes wat hierdie verskille kan peil. Mense reageer verskillend op omstandighede en plekke en plekke het verskillende betekenisse vir individue. Dit is belangrik om die verskille te kan meet om sodoende individue se terapie te kan aanpas na gelang van die persoon se reaksie en funksionering ten opsigte van ’n spesifieke plek. Die studie sal ook gebruik maak van verkennende navorsing wat uitgevoer word om insig te verkry in die situasie, asook fenomene soos verlies of identiteitherdefiniëring en die adolessent se wordingsproses.

“Wat”-vrae soos “Wat ervaar die adolessent tydens die verlies van ’n geliefde in sy belewing van identiteit?” word in verkennende navorsing gevra (Fouché & De Vos, 2005b:106). Beskrywende navorsing is ook deel van toegepaste navorsing en verteenwoordig spesifieke besonderhede van die situasie, sosiale opset of verhoudings en konsentreer op vrae soos “hoe” en “waarom” (Neuman, 2000:22). ’n Vraag soos “Hoe kan die adolessent sy/haar identiteit herdefinieër?” sou hier ’n bydrae tot die studie kon lewer.

## 1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.6.1 Navorsingsprosedure en werkswyse

Alle wetenskaplike navorsing word binne ’n spesifieke paradigma (cf. McGrath & Johnson in Camic *et al*., 2003:31-48), of wyse waarop die navorser haar navorsingsmateriaal besigtig, uitgevoer. Hierdie paradigma bied ’n posisie van ’n versameling idees aan die navorser waarvolgens die navorsing gelei sal word (cf. Holloway, 2005:294). Die paradigma vir hierdie studie sal beskryf word.

Die literatuurstudie in hierdie studie vorm die basis vir die terapeutiese intervensie en sal die volgende studies insluit: ontwikkelingsteorieë, Gestalt-terapeutiese perspektiewe, adolessensie en die impak van die verlies van ’n geliefde op die adolessent, die vorming van identiteit, identiteitherdefiniëring en die wordingsproses (cf. Bar-Tur & Levy-Shiff, 2000:263-281; Harvey, 1998:3-17). ’n Verskeidenheid van boeke, tydskrifartikels, internetbronne, verhandelinge en gesprekke met kundiges op die gebied van adolessensie, identiteitherdefiniëring en wording is deur die betrokke navorser benut om inligting in te win rakende die betrokke fenomene wat vir die doel van die studie uitgelig is.

Tradisionele wetenskaplike navorsingsmetodes het hulle beperkinge en is ontoepaslik in die bepaling van die struktuur of die wesenlike bestanddele van identiteitherdefiniëring. ’n Tradisionele wetenskaplike benadering sal verder ingaan op die reeds gevestigde paradigmas, teorieë en definisies, terwyl die poging is om die fenomeen, identiteitherdefiniëring, kwantitatief sowel as kwalitatief te verstaan. Die keuse om gebruik te maak van gekombineerde navorsing lei tot die geleentheid om identiteitherdefiniëring as ’n menslike fenomeen te benader en wat fenomenologies verstaan wil word. Die navorsingsvraag vereis ’n beskrywende antwoord en die navorser se intensie is om te poog om die fenomeen van identiteitherdefiniëring te verstaan, eerder as om te probeer om te kontroleer of te voorspel wat dit is; om die betekenis hiervan te ontvou en sy struktuur te ontbloot. Natuurlik bestaan daar geen “perfekte” beskrywings nie, maar slegs toepaslike of ontoepaslike beskrywings.

Die toepaslike beskrywings sal gebruik word omdat hulle geskik is; omdat die beskrywings kenmerkende strukture van die fenomeen, identiteitherdefiniëring, vanuit die fenomenologiese perspektief bied. ’n Induktiewe benadering, met die houding van ontdekking en verkenning vanuit ’n wetenskaplike, maar tog menslike perspektief sal gevolg word. Camic *et al.* (2005:251-256) het aangedui dat ’n sielkunde wat wetenskaplik en menslik is beoefen kan word en nog steeds reg sal kan geskied aan alle menslike sielkundige fenomene.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings sal in verskillende fases van die studie toegepas word en triangulasietegnieke sal gebruik word as ’n kombinasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings. Metodologiese triangulasie (De Vos, 2005c:362) sal gebruik word om die navorser se werkswyse aan te dui tydens die toepassing van die ongestandaardiseerde meetinstrument en terapeutiese intervensie in hierdie studie.

### 1.6.2 Data-insameling en data-analise

Die semi-gestruktureerde onderhoude wat gevoer sal word met die respondente, die terapeutiese intervensie met adolessente, sowel as die opvolgonderhoude met die adolessente en hulle ouer(s), word ingesluit tydens die empiriese ondersoek om vertrouenswaardigheid te verhoog. Triangulering dien as ’n maatstaf om die vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog. Verdere aspekte van vertrouenswaardigheid, betroubaarheid en geldigheid word in hoofstuk vyf bespreek. Die betrokke navorser sal verder gebruik maak van ’n ongestandaardiseerde meetinstrument, die EPI (Emotions Profile Index), wat deur die respondente voltooi sal word. Die EPI se resultate sal dien as ondersteunende bevestigende data van elke respondent se bewustheid of onbewustheid van eie konfigurasie van identiteit, emosies en wordingsgang. Die data van elke respondent word verwerk na persentiele en hierdie persentieltellings word vanaf ’n gestandaardiseerde tabel gekodeer. Die betrokke navorser sal vanuit hierdie analise van data gegronde en wetenskaplike afleidings kan maak ten opsigte van moontlike kategorieë waarin die respondente se individuele prosesse ingedeel kan word. Die betrokke navorser se deurgaanse bewustheid van die

moontlikheid dat ‘n oormatige fokus op die analisering van data aanleiding kan gee tot die inmenging van die openheid van kwalitatiewe navraag behoort balans te bied tydens die insameling van data (cf. Patton, 2002: 437).

### 1.6.3 Afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming

Arkava en Lane (in Strydom, 2005c:193) definieer die universum as die term wat verwys na alle potensiële deelnemers wat oor al die kenmerke beskik, waarin die navorser geïnteresseerd is. Hierteenoor verwys die term populasie na daardie individue binne die universum wat oor spesifieke kenmerke beskik.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die universum alle adolessente en die ouer(s) van daardie adolessente wees, wat in Gauteng woonagtig is en verlies ervaar het. Die populasie sal daardie laat-adolessente in die Randburg-omgewing wees wat verlies beleef het en wat ’n emosionele blokkasie ervaar en sodoende probleme ervaar rondom hulle identiteit. Die populasie sluit outomaties die ouer(s) van hierdie adolessente in. Die populasie sal vooraf bepaal word deurdat die intern beraders en terapeute wat by ’n Mediese en Terapiesentrum, die Bromhof Mediese Sentrum te Randburg, gesondheidsdienste aan enige lid van die gemeenskap bied (met spesifieke insluiting van enige taal, ras, geloof, kultuur of geslag) ingelig sal word oor die strekking van die navorser se ondersoek en sodoende sal potensiële deelnemers identifiseer word wat geskik sal wees om te dien as die populasie deelnemers vir die doel van hierdie ondersoek (Sien Bylaag D: Brief aan terapeute wat hulle dienste lewer by die Terapiesentrum onder leiding van Santie van der Merwe).

Arkava en Lane (in Strydom, 2005c:194) beskryf ’n steekproef as ’n subversameling van metings wat vanuit die geselekteerde populasie gekies is. Henning (2004:71) verwys na steekproefneming, dus die werkwoord van *steekproef,* as die keuse van navorsingsdeelnemers of respondente. Dit handel oor mense wat gunstige respondente sal wees omdat hulle aan die kriteria voldoen wat vanuit die navorser se kennis en teoretisering van die fenomene gedefinieer is. Vir die doel van hierdie studie sal die steekproef daardie subversameling verteenwoordig van adolessente (tussen vyftien en twintig jaar) wat verlies ervaar het en ook oor die vermoë beskik om te kan

kommunikeer (ouderdomstoepaslike verwagting sal gestel word) oor die fenomeen, identiteitherdefiniëring. Die respondente sal geselekteer word na aanleiding van hulle geskiktheid om die doelstellings en doelwitte van hierdie ondersoek te adresseer. Die terapeute by die Terapiesentrum, te Bromhof Mediese Sentrum, sal behulpsaam wees in die seleksie van potensiële geskikte deelnemers, deurdat die brief aan die terapeute (Bylaag D) hulle sal bemagtig in die doelgerigte selektering van die potensiële deelnemers. Kriteria van insluiting sal wees dat die individu 'n laat-adolessente kind moet wees wat verlies ervaar of verlies ervaar het en nog nie terapie daarvoor ontvang het nie (asook hulle ouers). Doelgerigte steekproefneming is volgens Todres (2005:110) ontwerp om diepte en rykheid van ervaringe van die geselekteerde respondente te verwerf. Volgens Todres is dit beter om drie goeie gevallestudies te beskryf as twaalf swak beskrywings. Die gekose individue (tussen die ouderdomme van 15 jaar en 18 jaar) sal die groter populasie verteenwoordig en die aantal individue wat nodig sal wees, sal bepaal word deur die versadigingspunt wat bereik moet word. Die geografiese afbakening is die Randburg-omgewing, Gauteng. Die taal, kultuur en geslag bepaal nie die seleksie van die respondent nie, maar dit is 'n voorvereiste dat die betrokke navorser en die voornemende respondent mekaar moet kan verstaan.

Die navorser sal deur middel van ewekansige steekproefneming, deelnemers selekteer – die metode om 'n versameling van die populasie te selekteer, sodat elke lid van die populasie 'n gelyke kans het om geselekteer te word (Kerlinger in Strydom, 2005c:196-198). Indien 'n intern berader of terapeut 'n aanmeldingsprobleem ontvang wat die verlies van 'n geliefde by 'n laat-adolessent impliseer, sal die individu ingelig word dat daar 'n navorsingstudie geloods word en indien die persoon sou wou, kan hy/sy aanmeld vir 'n onderhoud by die betrokke navorser.

## 1.7 ETIESE ASPEKTE

Waardes is aanduiders van wat goed en ideaal is, terwyl etiek en moraliteit handel oor reg en verkeerd en die onderstaande etiese beginsels sal die betrokke navorser lei in die beplanning en uitvoering van die studie sodat elke respondent, sowel as die ander

betrokke persone by die navorsingsproses, se menswaardigheid gerespekteer sal word (Babbie, 2001:470).

Die volgende etiese riglyne sal as ’n basis dien vir die navorser om haar eie optrede tydens die navorsingsproses te evalueer (cf. Strydom, 2005a:56-70).

### 1.7.1 Vermyding van skade

Die navorser is verantwoordelik vir die respondente in die sin dat die oorspronklike onderhoude en die analise en kodering van die meetinstrument se resultate akkuraat en geloofwaardig is, sodat die suiwerheid van die navorsingsdoelwit geen impak sal uitoefen op die geestesgesondheid en emosionele ontwikkeling van die respondente nie (Todres, 2005:110-111).

#### 1.7.1.1 Vermyding van fisiese en/of emosionele skade aan respondente

Die respondente is as volg beskerm teen potensiële skade:

- Respondente is vooraf ingelig ten opsigte van die potensiële impak van die ondersoek, sodat die respondente hierdeur die geleentheid kon benut om van die navorsingsproses te onttrek, indien hulle so wou kies;
- Moontlike skade teen respondente is nie deur die navorser gerasionaliseer deur te sê dat die studie ander voordele vir die respondent kan inhou nie. Indien die betrokke navorser sou bewus raak dat die navorsingsproses nie voordelig is vir ’n besondere respondent nie, sou sy die proses onmiddellik termineer en ’n alternatiewe roete vir die respondent voorstel, naamlik individuele terapie by die betrokke hoërskool se terapiesentrum. Sulke gevalle het egter nie voorgekom nie.

### 1.7.2 Ingeligte toestemming

Om ingeligte toestemming te bekom behels dat alle moontlike of voldoende inligting aangaande die doel van die ondersoek; die prosedures wat gevolg sal word gedurende die ondersoek; die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel mag word sowel as die geloofwaardigheid van die navorser, voorsien behoort te word aan die respondente. Volgens Hakim (2000:143) het ingeligte toestemming ’n noodsaaklike vereiste geword by die uitvoering van ’n navorsingsproses. Die volgende riglyne is gevolg om die etiese aspekte van hierdie navorsingsproses aan te spreek (cf. Neuman, 2003:124; Babbie, 2001:124 en Bryman, 2000:111-114):

Die fokus is geplaas op die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat oorgedra is sodat die respondente se betrokkenheid op ’n vrywillige basis kon geskied deurdat ’n vooraf deurdagte besluit hieroor geneem kan word. Ingeligte toestemming (Bylaag B: Voorbeeld van toestemmings- en vrywaringsbrief vir ouers en vir adolessente) met “gewillige deelname” was ’n voorvereiste vir deelname aan die betrokke navorsing. Die respondente moes geregtelik en sielkundig bevoeg wees om deel te kan neem aan die navorsing, deurdat die betrokke navorser geen respondente sou aanvaar wat psigiatries behandel word of onder geregtelike toesig is nie. Voldoende inligting wat aan die respondente verskaf is, het respondente indirek bemagtig in die proses. Hulle verworwe kennis rakende die tydsduur van die navorsing, aktiwiteite wat sal plaasvind, sowel as die ontsluiting van vertroulike inligting het rigting gebied aan die respondente. Respondente het die vryheid gehad om vrae te vra. Die navorser het die vryheid van keuse van elke respondent gerespekteer. Die formulering van die inligting wat deur die navorser aan die respondente oorgedra is, is mondelings op ’n duidelike en verstaanbare wyse oorgedra en skriftelike toestemming van die eienaar en hoof van die mediese sentrum, die ouers en adolessente en terapeute is verkry om die navorsing uit te voer (Sien Bylaag A, B, C en D).

### 1.7.3 Wanvoorstelling aan respondente

Neuman (2000:438-439) beskryf wanvoorstelling aan ’n respondent as die doelbewuste misleiding van die respondent deur verbale en/of skriftelike instruksies, die aksies van ander mense of sekere aspekte van die opset waarbinne die navorsing gaan geskied.

Die duidelikheid van die doel van die navorsing is deur die navorser aan die respondente gekommunikeer om hierdeur wanvoorstelling of verskuilde agendas in die navorsingsproses uit te sluit. Die navorser was beskikbaar om enige onvoorsiene ontwikkelinge in die navorsingsproses met die respondente te bespreek. Respondente kon hierdeur binne hulle regmatige vryheid keuses maak omtrent die veranderinge wat in die proses ingetree het.

### 1.7.4 Die oortreding van die respondente se privaatheid, anonimiteit en/of vertroulikheid

Die volgende maatreëls is toegepas om privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid te alle tye in ag te neem: Alle moontlike metodes is gebruik om die respondente se privaatheid te beskerm deurdat die onderhoude, toetsings, intervensie en terugvoer op ’n individuele basis geskied het. Die individuele ervaringe van wording is openhartig met die respondente bespreek in die privaatheid van die betrokke navorser se praktyk in Boskruin, Randburg.

’n Kontrak (Bylaag B: Voorbeeld van toestemmings- en vrywaringsbrief vir ouers en adolessente) is met die respondente gesluit ten opsigte van die beginsel van anonimiteit, vertroulikheid en privaatheid.

### 1.7.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Die totale navorsingsproses is beplan op ’n eties-verantwoordbare wyse. Die navorser se verantwoordelikheid met betrekking tot hierdie onderwerp is soos volg uitgeleef in die navorsingsproses:

Die korrekte analise van data en bepaling van navorsingsresultate is uitgeoefen. Die etiese hantering van die terapeutiese intervensie was onderhewig aan die etiese kode van die betrokke navorser wat as ’n geregistreerde sielkundige praktiseer. Die

navorser het geen waarde-oordele uitgeoefen teenoor die deelnemers nie en geen beloftes is aan die deelnemers gemaak nie. Die navorser se eie bevoegdheid en vaardigheid stem ooreen met die eise wat die hele navorsingsproses aan haar stel, aangesien die navorsingsvoorstel deur die navorsingskomitee van Hugenote Kollege goedgekeur is. Die navorsingsproses het geskied onder die bekwame leiding van ’n promotor wat deur die Hugenote Kollege aangestel is. Die betrokke navorser het ook reeds haar Meestersgraad in navorsing voltooi en het dus reeds ervaring opgedoen in navorsing.

### 1.7.6 Vrystelling of publikasie van die bevindings

Die volgende riglyne sal geld tydens die uitvoering en vrystelling van die bevindings:

Die bevindinge moet duidelik, akkuraat en so objektief moontlik genotuleer word en behoort alle inligting te bevat wat die verstaanbaarheid van die werk verhoog (literatuur). Daar is gepoog om die formulering van die inligting ondubbelsinnig oor te dra sodat die vermyding of minimalisering van wanaanwending by respondente, die algemene publiek of kollegas voorkom kon word. Alle vorme van beklemtoning of herhaling, ten einde die resultate se voordeel te manipuleer, is vermy en plagiaat is voorkom deurdat die nodige erkenning aan gebruikte bronne gegee is, so ook aan diegene wat bydraes gelewer het. Moontlike tekortkominge en foute word in hoofstuk sewe uitgelig. Die respondent is op ’n objektiewe wyse, deur middel van ’n kort prosesverslag, oor die bevindinge verwittig sonder dat die beginsel van vertroulikheid besleg is.

### 1.7.7 Ontlonting by respondente

Konstruktiewe wyses om respondente geleenthede te bied om na afloop van die ondersoek deur hulle ervaringe te werk, is soos volg: ’n kort gesprek direk na afloop van die sessie of die skrywe van ’n nuusbrief wat die resultate van die studie bespreek (Salkind, 2000:38). Die betrokke navorser beplan om ’n nuusbrief aan die betrokke respondente te rig waarin ’n bespreking van die resultate sal volg. ’n Uitnodiging sal aan

die respondente gerig word, indien daar ’n behoefte ontstaan tot verdere gesprekvoering. Die verdere gesprekvoering sal ten doel hê om probleme wat vanuit die navorsingservaring ontstaan het reg te stel en om wanpersepsies reg te stel wat by die respondente ontstaan het. Respondente wat oorbetrokke geraak het by die navorsing behoort onttrek te word van die proses en nadat die onttrekking voltrek is, sal die respondente baat vind by sensitiewe ontlonting.

## 1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.8.1 Adolessensie

Die Latynse werkwoord *adolescere* beteken “om te groei” of “om te groei na volwassenheid” (Rice & Dolgin, 2005:1). Hierdie ontwikkelingsfase kan omskryf word as die tydperk wanneer die kind na volwassenheid groei (cf. Gouws *et al*., 2000:2-4). Die proses om na volwassenheid te groei behels dat die gesonde vermoë ontwikkel word om verskillende kante van die self en ander te ontdek én te aanvaar (Edwards, 2003:59). Binne hierdie tydperk behoort die verskillende ontwikkelingstake voltooi te word, soos die aanvaarding van ’n veranderde liggaamsvorm, die ontwikkeling van ’n geslagsrolidentiteit en die aanknoop van heteroseksuele verhoudings.

Die ontwikkeling van ’n sterk emosionele band met ’n ander persoon en voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede kan begin ontvou. Die ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes ontplooi en die aanvaarding van die self as ’n persoon met waarde en die ontwikkeling van ’n eie identiteit is nou belangrik. Die adolessent ontwikkel sosiaal-verantwoordelike gedrag en ontwikkel die vermoë tot die aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe. Die ontwikkeling van ’n eie lewensfilosofie begin ook gestalte aanneem binne hierdie wordingsjare (cf. Rice & Dolgin, 2005:178-179; Robinson, 2009:64).

Laat-adolessensie dui volgens Gouws *et al*. (2000:2) op die wordingsgang van die kind tussen die ouderdomme van 15/16 jaar tot 18 jaar en in hierdie jare ontwikkel die mens sy sin van wie hy is. Die adolessentefase word ook bepaal deur kulturele faktore,

daarom varieër die spesifieke en vaste bapaling van die ouderdomsgrense van laat adolessensie.

### 1.8.2 Identiteit

Identiteit kan beskryf word in terme van die totale konsep van die self en dit is ’n persoonlike fenomeen wat verwys na “Ek-heid” (Rice & Dolgin, 2005:178-179). Erikson en Roazen (in Meyer, Moore & Viljoen, 2003:201) beskryf die fenomeen *identiteit* as ’n komplekse konsep en wat gedefinieer kan word as mense se beeld van hulleself; wat die gevoel insluit dat ’n goue draad van kontinuïteit deur hulle lewens loop en dat hulle selfbeeld geredelik ooreenstem met die siening wat ander van hulle het. Identiteit behels ’n kontinue siening van die self wat uit verskillende komponente bestaan, nl. fisiek, seksualiteit, sosiaal, beroep, moreel, ideologies en sielkundig en die individu se identiteit is plooibaar vir ontwikkeling. Die populasie van selwe, soos beskryf deur Polster (2005:132) verwys na die verskillende konfigurasies van die self wat ook as identiteit bekend staan en wat deur middel van die rekonstruksie van die selwe aanleiding kan gee tot identiteitherdefiniëring.

### 1.8.3 Emosionele blokkasie

Volgens Marcia (in Rice *et al*., 2005:178) dui hierdie fenomeen op ’n tydperk in die adolessent se lewe, wat ’n kontinue krisis soos verlies of plekloosheid ervaar, wat hulle soeke na identiteit voortsit maar wat op hierdie stadium geen verpligtinge wil opneem nie. Fourtounas (2003:1) verkies om te verwys na die fenomeen, *geïmmobiliseerdheid,* in plaas van emosionele blokkasie. Emosionele blokkasie, asook identiteit moratorium, dui op gekniehalterde groei en pyn in die lewe van die adolessent. ’n Ander sinoniem vir hierdie fenomene is *emosionele inkontinensie* (Stoppard, 2000:9).

### 1.8.4 Identiteitherdefiniëring

Identiteitherdefiniëring verwys na die ontvouing van identiteit, soos die individu se wordingsproses spontaan ontwikkel (Van Vuuren, 2006:3) terwyl Marcia (in Rice & Dolgin, 2005:178-179) identiteitherdefiniëring beskryf as ’n identiteit wat behaal is nadat ’n identiteitskrisis opgelos is, deurdat verskeie alternatiewe en keuses sorgvuldig geëvalueer is en sodoende by ’n eie gevolgtrekking en keuse gekom het. Identiteitherdefiniëring behels, in essensie, dat die individu se identiteit ontvou, te midde van pyn of ’n krisis.

### 1.8.5 Die proses van wording

Die proses van wording handel oor elke mens se unieke rigting en tempo van groei en die volgende struikelblokke wat groei belemmer is geïdentifiseer (Allport, 1961:23-24):

1. die aard van die mens se ingebore disposisies;
2. die afdruk van die kultuur en die omgewing wat die individu omring;
3. die mens se ontluikende selfbewustheid;
4. die mens se gewete;
5. die mens se geleidelike, ontwikkelende uitdrukkingstyl;
6. die individu se ervaring van keuses en vryheid;
7. hantering van konflikte en angs; asook
8. die vorming van die mens se ryper waardes, belangstellings en doelgerigtheid.

Mead (1934:135) beskryf die self as iets wat ontwikkeling toon; wat nie aanvanklik by geboorte teenwoordig is nie, maar wat ontvou in die proses van sosiale ervaring en aktiwiteit. Die betrokke navorser beskryf die wordingsproses aan die hand van die Engelse vertaling van wording, naamlik *be-coming* en dit dui op iemand wat sy identiteite eien.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

Die verloop van die studie word soos volg uiteengesit:

**Hoofstuk een:** Inleidende oriëntering en rasionaal van die studie.

**Hoofstuk twee:** Die paradigmatiese perspektief vir die navorsing.

**Hoofstuk drie:** Literatuurstudie: Adolessensie, adolessente identiteit, adolessensie en verlies.

**Hoofstuk vier:** Literatuurstudie: Die proses van wording en identiteitherdefiniëring.

**Hoofstuk vyf:** Navorsinsmetodologie: ’n Gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe studie.

**Hoofstuk ses:** Die formulering van voorstelle vir die benutting van die strategieë aan terapeute.

**Hoofstuk sewe:** Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar ’n uiteensetting en struktuur vir die navorsing gebied. Die doel van die navorsing is om strategieë vir terapeute daar te stel om identiteitherdefiniëring te laat ontvou as ’n uitweg tot wording. Daar is in hierdie hoofstuk verwys na die wyse waarop die navorsingmetodologie aangewend sal word, ter bereiking van die doel. ’n Kompakte uiteensetting van definisies is gebied, sodat die probleem verstaanbaar omskryf en beskryf word.

In die volgende hoofstuk sal die betrokke navorser se paradigmatiese perspektief bespreek word. Die paradigma word verduidelik sodat die leser ’n beter begrip ontwikkel vir die aanslag tot die navorsingsproses.

# HOOFSTUK TWEE

# DIE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VIR DIE NAVORSING

## 2.1 INLEIDING

Die beskrywing van die paradigmatiese perspektief van die betrokke navorser vorm een van die hoekstene vir die suksesvolle verloop van die navorsingsproses, ten einde hierdie studie te kan voltooi. Die paradigmatiese perspektief van die navorser beïnvloed die wyse waarop die gedrag van die respondente, sowel as die navorsingsresultate geïnterpreteer word en deur middel van hierdie boodskap kan die leser ’n begrip ontwikkel vir die betrokke navorser se siening en werkswyse.

De Vos (2005a:39-40) lig die belangrikheid van die paradigma van navorsing uit, deur te begin om die term *paradigma* se herkoms te ondersoek. ’n Paradigma se herkoms spruit uit linguistiek, wat beteken dat ’n woord verskillende vorms kan aanneem in sekere tale na aanleiding van die aard van die woord in ’n spesifieke konteks, byvoorbeeld óf die woord dien as ’n selfstandige naamwoord óf as ’n werkwoord. Indien hierdie veranderde betekenis van die woord binne ’n spesifieke konteks nie in ag geneem word nie, sal die verkeerde betekenis van die sin oorgedra word. Hieruit blyk dit duidelik dat die paradigma van die navorsing dien as ’n soort gereedskap wat die leser in staat sal stel om die boodskap van die navorser reg te interpreteer en sodoende die regte boodskap te ontvang. Die betrokke navorser beoog onder andere terapeutiese intervensie met geskikte respondente naamlik adolessente wat die verlies van ’n geliefde ervaar het, en om kwalitatiewe onderhoude te voer met hierdie adolessente, asook met hulle ouers. Die paradigma hieraan verbonde is dat die onderhoud as instrument gebruik sal word om ander belangrike veranderinge in die respondent se sosiale omgewing te identifiseer, wat ’n impak sou kon hê op die respondent se wordingsproses. Volgens die betrokke navorser kan die onderhoud ook behulpsaam wees in die identifisering van gedagteprosesse van die respondent wat hom/haar blokkeer om sy/haar wordingsgang te ontplooi. Volgens Rubin en Babbie (2005:440-442) sal die betroubaarheid van die veranderinge wat in die teikengedrag (nl.

wording) aangeteken is verhoog word, indien geen eksterne faktore geïdentifiseer word nie.

McGrath en Johnson (2003:31-32) versterk hierdie siening, naamlik dat die stel van paradigmas vir navorsing belangrik is, deur te bevestig dat ’n spesifieke paradigma nie goed of swak is nie. Hulle standpunt is dat alle paradigmas wat empiriese inligting oor die gedrag van die mens wil verkry, ernstige epistemologiese en bewysende probleme stel.

Die bekendstelling van die betrokke navorser se paradigmatiese perspektief in die uitvoering van die navorsingsproses is nie alleenlik belangrik om die kommunikaie tussen die navorser en die leser verstaanbaar te maak nie, maar ook om die verwysingsraamwerk van die navorser in ag te neem wanneer die navorsingsprobleme gelees word. Volgens De Vos (2005a:40) behoort die navorser te besluit binne watter paradigma sy werk. Per implikasie sal die betrokke navorser oor spesialiskennis moet beskik oor die aard van die paradigma en die inhoud van die navorsingsverslag, sodat kommunikasie met die leser duidelik en ondubbelsinnig oorgedra sal word.

Meta-teoretiese aannames, teoretiese aannames van die studie – met ’n spesiale fokus op Mahler se ontwikkelingsteorie en ander meer resente teorieë – en die strukturele raamwerk word in die betrokke hoofstuk bespreek.

## 2.2 META-TEORETIESE AANNAMES

### 2.2.1 Definisie van fenomenologie

Delius, Gatzemaier, Sertcan en Wünscher (2005:97-98) beskryf Edmund Husserl se slagspreuk: “To the things themselves!” as die begin van herstel in die filosofiese denkwyse in die twintigste eeu, omdat hierdie slagspreuk die belofte ingehou het dat die filosofie herlewing sou ervaar. “To the things themselves” dui ook op Husserl se doelwit om die filosofie te herkonstrueer met stewige fondasies en suiwer en egte konsepte. Volgens Husserl (1901), wat opgelei is as ’n wiskundige en wetenskaplike, moet die fenomeen toegelaat word om vir homself te praat. Dit kan slegs geskied indien alle vooropgestelde idees en ontvangde idees laat gaan word om hierdeur ’n wyer

perspektief en openheid te behaal. Hierdie proses is bekend as “bracketing”, die fenomenologiese “epoch” (Griekse ekwivalent vir “bracketing”), of fenomenologiese reduksie. Bewustheid moet presies bestudeer word soos dit ervaar word en die objekte wat tot die ervaring betrek word moet gevolglik gekarakteriseer word, presies soos dit ervaar word, sonder enige metafisiese interpretasies (Segal, 1999:26). Die fenomeen is die direkte bewys van wat in die bewuste voorkom. Yontef (1993:182) ondersteun hierdie perspektief deurdat hy die belangrikheid van die ervaring van die huidige beklemtoon, van wat onthul word, eerder as om interpretasies te maak.

Fenomenologie is nie ’n skool óf ’n neiging in die kontemporêre filosofie nie, maar dit is eerder ’n beweging wat verskillende betekenisse bied aan verskillende mense. Fenomenologie is ’n poging om ’n direkte bekrywing van ervaring te bied soos dit is, sonder dat die sielkundige oorsprong en sy oorsaaklike verklaring in berekening gebring word. Fenomenologie is ’n transendentale filosofie, dit wil sê dit is ’n filosofie wat die grense van ervaring oorskry. Dit kan ook beskryf word as bo-sinlik of geestelik (Merleau-Ponty, 1945). Gestalt-teorie is ’n fenomenologiese en eksistensiële benadering wat fokus op die hier-en-nou asook op die konsep van holisme. Dit word gesien as ’n fenomenologiese benadering omdat Gestalt-teorie fokus op die persoon se persepsie van die werklikheid deur sensoriese waarneming, identifisering en evaluering (Corey, 2001:195).

Hierteenoor beskryf Corey (2001:195) fenomenologie as ’n rigting wat fokus op die persoon se persepsie van die werklikheid. Die betrokke navorser is van mening dat dit blyk dat fenomenologie se sterkste standpunt is dat direkte bewyse van wat in die bewuste verskyn, *fenomene* genoem word (cf. Delius *et al.,* 2005:98). Hierdie fenomene beskik oor die potensiaal om die grense van ervaring te oorskry, soos by jong adolessente wat vir die eerste maal die verlies van ’n geliefde ervaar. Die betrokke navorser het fenomenologie gekies as een van die paradigmas waaruit sy gaan werk, omdat die fenomene van *verlies, adolessensie, identiteit, identiteitherdefiniëring* en *wordingsproses* deel uitmaak van menige adolessent se ervaringe van menswees. Die navorser beoog ook om die ervaringe van die respondente suiwer te interpreteer soos die fenomenologiese perspektief voorskryf om te werk te gaan. Sodoende kan ’n wyer perspektief ontvou vir die fenomene onder bespreking.

### 2.2.2 Bewustheid

Delius *et al.* (2005:98) noem dat Husserl se beslissende insig tot bewustheid was dat bewustheid *intensioneel* gestruktureer word. Bewustheid is nie ’n passiewe persepsie nie, maar ’n doelgerigte aksie en deur hierdie doelgerigte aksie laat die mens die wêreld toe om aan hom te verskyn. Husserl (1901) sien dit as deel van die aard van die mens deurdat die wêreld ontbloot word aan die mens, deurdat hy die wêreld direk ervaar. Sodoende is die mens se bewustheid ’n daad van onthulling en hierdeur word bewustheid geïntegreer in die leefwêreld van die mens.

Die vroeë werk deur Maurice Merleau-Ponty, *Die fenomenologie van persepsie* (1945), het uitdrukking gegee aan Husserl se eerste werke oor die struktuur van die omvang van menslike persepsie en het hierdeur kwessies oor persepsie begin aanspreek wat ook deur Gestalt-teorie aangespreek is, nl. om aan te dui dat persepsie nie alleenlik verstaan kan word as die blote prosessering van data nie, maar ook nie in ’n idealistiese trant as die uitkoms van samelopende prosesse in die bewussyn nie. Persepsie is ’n aktiewe proses waarin die individue hulle wêrelde vir hulleself ontdek (Delius *et al.*, 2005:98). Die implikasie is dat die wêreld alreeds daar is wat geen interpretasie vereis nie en definitief nie akkuraat ervaar óf verstaan kan word deur die subjektiewe buitestander nie. Die wêreld is daar, vóór interpretasie, en die wêreld wag om haarself te ontvou aan diegene wat sal “sien” sonder enige vooropgestelde idees. Soos in ’n Impressionis se kunswerke (soos dié van Monet), word die struktuur van die objekte dubbelsinnig en nie totaal arbitrêr geplaas nie. ’n Mens sal byvoorbeeld in ’n kunswerk van Monet ’n katedraal sien, omdat dit een van die kulturele beskikbare moontlikhede is wat aan die waarnemer gebied is om die verwarring van die massa kolletjies waaruit die kunswerk bestaan, te interpreteer en betekenis daaraan te heg. Vir die doel van hierdie navorsing vorm bewustheid en persepsie ’n integrale deel van die proses, veral ten opsigte van die ervaring van verlies en die implikasies daarvan.

Een van Gestalt-terapie se doelwitte is om individue te ondersteun om meer bewus te word van hulle gevoelens en om in aanraking te kom met wie die persone in essensie is, om uiteindelik ’n proses te volg wat optimale gesondheid kan bewerkstellig. Bewuswording, saam met dialoog, is een van die primêre terapeutiese gereedskappe in

Gestalt-terapie (cf. Corey, 1991:137; Perls, 1969:128) en Perls, Hefferline en Goodman (1951:107) gaan verder deur die waarde van die ontwikkeling van interne dialoog en bewuswording tydens die terapeutiese proses te beskryf.

Bewustheid by die mens is ’n spontane eienskap, maar as gevolg van veelvuldige faktore (soos die ontwikkelingstaak wat as baba nie voldoende ontwikkel is nie, tydsdruk, emosionele probleme, ’n verlies aan die self, swak selfkennis en vele meer) moet bewustheid weer aangekweek word deur die individu (Greenspan, 1997:42-44). Volgens Perls (1969:128) ervaar menige individu ’n emosionele blokkasie in die ontwikkeling van ’n eie bewustheid van die self. Yontef (1993:3) beskryf bewustheid se funksie om die individu te bemagtig tot die maak van keuses en die vermoë om die eie bestaan te organiseer. Bewustheid help die individu om sy behoeftes te identifiseer en uiteindelik te realiseer. Volgens Weaver (2001) word bewustheid bepaal deur die persoon se vermoë tot aanvoeling (deur die gebruik van sintuie) en sensoriese bewustheid is die praktyk van wording tot die eie, unieke self. Amendt-Lyon (2001:227) bevestig bogenoemde stellings dat mense verskil in hulle vermoë tot bewustheid en daarom is dit belangrik in praktyk om die individu se vlak van bewustheid te adresseer in ’n poging om die individu te ontmoet. Bewustheid word op sig self gesien as genesend, want deur middel van ’n volle bewustheid kan ’n toestand van organismiese selfregulering ontwikkel waardeur die individu beheer en verantwoordelikheid neem vir sy lewe en sy reaksies op die lewe (cf. Yontef, 1993:3; Gladding, 2000:222-223). Hierdie bewustheid sluit in: self-insig, self-aanvaarding, kennis van die omgewing, verantwoordbare besluitneming, asook die vermoë om kontak te maak met ander (Gladding, 2000:223).

Deurdat die individu eienaarskap neem van sy eie mag, keuses en verantwoordelikheid in die lewe as gevolg van die proses van volledige en betekenisvolle bewuswording, kan die individu sy unieke identiteit uitlewe. In die studie sal die betrokke navorser, tydens die intervensie, fokus op die respondent se eie bewuswordingsproses van die verlies sowel as die implikasie(s) van die verlies. Die potensiaal tot die ontvouing van ’n nuut-gestruktureerde identiteit bestaan nadat die respondente bewus gemaak is van wat verander het.

### 2.2.3 Die rol van die self in Gestalt-terapie

Dit is as gevolg van die diadiese verhouding tussen omgewing en persoon dat Gestalt-terapie fokus op die hier-en-nou. Die omgewing verander voortdurend en daarom is die self ook voortdurend in ’n proses van verandering, aanpassing en groei in ’n poging om in die hier-en-nou te bestaan en om sodoende die vele uitnodigings wat die omgewing aan die persoon bied te kan beantwoord. Die verskillende aspekte van die self word ontdek deur selfgesprek en gesprekke met betekenisvolle ander, die belewing van ervaringe en die bewuswording van die impak van verskillende ervaringe op die self. Hierdie ontdekking van die verskillende aspekte van die self lei tot selfinsig en die uiteindelike vestiging van ’n identiteit (Blom, 2004:83; Gladding, 2000:223; Perls, 1973:1-2). Polster (2005:3-20) se beskrywing van ’n populasie van selwe sluit aan by Perls (1973:1-2) se beskrywing van selfgesprekke en dat die bewuswording by die individu dat hierdie selfgesprekke bestaan, aanleiding kan gee tot groei en ontwikkeling binne die self. Polster (2005:42-49) beskryf die bestaan van “essential selves” sowel as “member selves” binne die struktuur van die persoonlikheid. Die “essential selves” kan volgens Polster (2005:42) beskryf word as onuitwisbaar deel van die self en sal verandering weerstaan. Hierdie essensiële selwe veroorsaak emosionele pyn en word die objek van terapeutiese intervensie. Die “member selves” is volgens Polster (2005:46-47) meer vloeibaar as die “essential selves” en is meer veldafhanklik, omdat dit meer diskriminerend reageer op die vereiste lewensvaardighede, as die “essential selves”. Deel van die terapeutiese intervensie is om die “essential selves” te transformeer na die “member selves” en omgekeerd.

Die persoon wat te veel staatmaak op intellektuele belewenisse (een aspek van die self), onderskat die belangrikheid van emosies en sensoriese belewenisse. Hierdeur word die persoon se vaardigheid en vermoë om op verskillende uitnodigings sowel as konfrontasies van die lewe te reageer beperk. Dit is juis waarom Gestalt-terapie fokus op die ontwikkeling van bewustheid van die hier-en-nou, sodat die persoon in volle verstandelike, emosionele en sensoriese kontak kan wees met die belewenis van nou (Blom, 2004:83; Gladding, 2000:223; Perls, 1973:2). Die uitgangspunt van Gestalt-terapie is dat die verlede ’n onveranderlike is en dus onveranderbaar is. Indien die

individu bewustelik konsentreer op die hede, word die verlede gedefinieër, maar terselfdertyd los die onveranderde aard van die gegewe verlede op in verskeie moontlikhede en die potensiaal van die verlede word duideliker (Perls *et al*., 1951:375).

Adolessente se uitdrukking van verlies is sterker as die uitdrukking van volwassenes wat verlies ervaar as gevolg van die ontwikelingsfase waarin tieners hulleself bevind, asook hulle bewustheid van die ontwikkelende self (Robinson, 2009:64). Adolessente se bewustheid van die permanensie van die dood lei tot vrae soos "Waarom?" en hierdie vrae kan lei tot die ontvouing van die self deurdat eie idees rakende die hiernamaals gestimuleer kan word. Die ontwikkelingstaak, nl. om te skei van die ouers, kan vertraag word as gevolg van die verlies (veral wanneer dit die oudste kind is of wanneer die geslag van die adolessent ooreenstem met die geslag van 'n ouer wat oorlede is) en sodoende kan die adolessent se soeke na identiteit en 'n sin van die self belemmer word (Robinson, 2009:60-66). Die betrokke navorser sal tydens die studie bogenoemde eksterne faktore wat 'n impak kan uitoefen op die adolessent se belewing van identiteit in ag neem.

'n Gesonde self word gesien as 'n persoon wat ten volle bewus is, die persoon kan sy/haar innerlike behoeftes herken en leer om sy behoefte en sy omgewing te hanteer. Elke gesonde kontak met die omgewing behels bewustheid (perseptuele figuur/grond) en opgewondenheid (verhoogde energiemobilisering). Groei en ontwikkeling kan slegs plaasvind in die teenwoordigheid van bewustheid, opgewondenheid en kontak (cf. Perls, Hefferline & Goodman, 1951:118; Yontef 1993:3). Hierdie aspekte van die ontwikkelende self is instrumenteel tot die persoon se voltooidheid en integrasie as 'n mens (Gladding, 2000:222-223).

### 2.2.4 Veld-teoretiese perspektiewe

Yontef (1993:3) beskryf veld-teorie as die eksplorering, waarneming en beskrywing van die hele veld waarvan 'n gebeurtenis tans 'n deel uitmaak. Veld-teorie fokus op die mens se gedagtes, gevoelens en gedrag in interaksie met die omgewing op enige gegewe tydstip. Die veld-teorie pas in by Gestalt-terapie se fundamentele holistiese

benadering, omdat alle dele van die veld in verhouding tree tot mekaar in die hier-en-nou.

Die biologiese veld-teorie verwys na die vaste idee dat alle organismes binne ’n omgewingskonteks bestaan en dat alle kontekste ’n invloed uitoefen op mekaar. Organismes kan nie verstaan word deur dit te probeer begryp as afsonderlike entiteite nie, maar slegs om hulle waar te neem binne die geheel/totaliteit. Organismes is dus ko-ontwerp in verhouding tussen die individu en sy omgewing en kan slegs binne die geheel verstaan word (Kitchner, 2000:1-3).

Vanuit bogenoemde het die organisme/omgewing veld-teorie ontwikkel, wat verwys na die ewige verhouding tussen die individu en sy omgewing (cf. Perls, Hefferline & Goodman, 1951). Hierdeur het kontak die hoogste vorm van realiteit vir die mens geword en figuur/grond kontraste word gevorm om die belangrikste behoeftes eerste te bevredig.

Die betrokke navorser sal die beginsels van die veld-teorie veral toepas tydens die kwalitatiewe been van die studie, nl. onderhoudvoering. Die volgende beginsels sal in ag geneem word tydens die onderhoudvoering:

- die hele veld waarvan die gebeurtenis deel vorm, nl. die respondente wat verlies van ’n geliefde ervaar het, ondersoek sal word,
- die gedagtes, gevoelens en gedrag van die respondente in interaksie met die omgewing,
- die mate waarin die respondente verlies aan kontak ervaar, en
- die ontstaan van figuur/grond kontraste om die respondente se belangrikste behoeftes te ontmoet.

### 2.2.5 Holisme

Perls beskou die persoon as ’n georganiseerde geheel en self-aanvaarding binne die wese van die persoon word beklemtoon en het hierdie teorie van hom gebaseer op die idee van *holisme,* wat impliseer dat alles verwant is aan die ander en “the dynamic unity of a whole depends not only on the relation of the parts of the whole to each other,

but no less on the relation of the whole to its environment” (Lewin, 1936:185). Perls het geglo dat alle ervaringe, nl. verstandelik, liggaamlik, geestelik en emosioneel onafskeidbaar is van taal, gedagtes en gedrag. Al hierdie aspekte van ervaringe funksioneer as ’n geheel. Die mens kan nie verstaan word as ’n geïsoleerde wese nie, soos die brein of hart nie, maar kan slegs verstaan word as ’n voltooide en heel organisme waardeur elke aspek van die individu se menswees in ag geneem word. Volgens Baron en Byrne (1997:62) word alle dele van die mens gekoördineer met mekaar en hierdie dele ondersteun mekaar volkome.

Volgens Perls (1973) word elke deel van die heelal geïnterpreteer en verstaan in terme van die heelal se verhouding met dele van ander stimuli. Hierdie uitkyk op die lewe van Perls het gelei tot ’n eenvormige, harmonieuse lewensperspektief. Perls het geglo dat hierdie lewensperspektief natuurlik voorgekom het by mense wat kon losmaak van die gewoonte om aan alles te dink as tweeledige en skeidende kontraste en kategorieë. Hy het ook geglo dat die mens ’n inherente kapasiteit het om gesond te wees en homself te kan reguleer.

As gevolg van die beginsel van holisme sal die betrokke navorser tydens die onderhoud veral oplettend wees ten opsigte van die respondente se taalgebruik, gedagteprosesse en gedrag wat resulteer vanuit die ervaring van verlies en ander moontlike bydraende faktore wat ’n rol kan speel in die helingsproses as geheel.

### 2.2.6 Die eksistensiële perspektief

Die mens, in sy soeke na ’n betekenisvolle bestaan, kan slegs staat maak op homself en die vryheid om ’n eie lewe te ontwerp óf om nie die keuse uit te oefen nie. Die werke van Martin Heidegger, Karl Jaspers en Jean-Paul Sartre beeld hierdie sentrale en belangrike tema van lewenskeuses uit (Delius *et al.*, 2005:99).

Die eksistensiële perspektief kan volgens May (1958:90-91) beskryf word as ’n wetenskap wat besorg is oor die *wese* van die mens. Eksistensialisme en fenomenologie is komplimentêre benaderings tot die studie van die mens, waarin die fenomenologiese benadering eksistensiële vraagstukke onderlê. Tesame vorm fenomenologie en eksistensialisme die filosofiese dissipline wat bekend staan as

eksistensiële fenomenologie. Wanneer eksistensiële fenomenologie toegepas word op menslike fenomene, word dit eksistensiële-fenomenologiese sielkunde. Hierdie sielkunde hou hom besig met die verklaring van die essensie, struktuur of vorm van menslike ervaring en gedrag deur gebruik te maak van beskrywende navorsingstegnieke (Valle, King & Halling, 1989).

Die Gestalt-teorie volg ook ’n eksistensiële benadering, omdat dit gegrond is op die aanname dat mense voortdurend besig is met ’n wordingsproses. Die mens is voortdurend besig om homself te herskep en te herontdek (Corey, 2001:195). Die self en ander is prosesse in die veld en die mens se besluitnemingsprosesse konfigureer die veld. Betekenisvolheid verrys vanuit die veldinteraksies. Volgens Sartre is die grootste gevaar in die lewe om die vryheid van menslike bestaan vir die self te ontneem (Delius *et al*., 2005:101).

Die eksistensiële perspektief se fokus is die wese van mensheid, of “is-heid” van menslike bestaan. Hierdie perspektief se impak op die studie sal veral waargeneem word in die toepassing van die terapie, deurdat:

- die reg en vryheid van die respondente tot besluitneming gedurig in ag geneem sal word deur die betrokke navorser;
- die respondente ook *aangemoedig* sal word om besluite te neem in die proses en die navorser ook die reg het tot besluitneming binne die terapeutiese proses;
- die respondente se ingesteldheid of perspektief (met die gegewes van die wêreld) teenoor die verlies deur middel van bewuswording na die voorgrond van die respondente gebring sal word en dan terapeuties hanteer sal word (dus ’n fokus op die verhoudings in die wêreld);
- die geleefde liggaam van die respondente die basis vorm vir ervaring in die terapeutiese proses (in ooreenstemming met die veld-teorie van Gestalt-terapie);
- die sin of betekenis van die verlies sal verrys vanuit die veld-interaksies waarin die respondente hulleself bevind;
- die rigting van die terapie ook bepaal word deur die perspektief dat wat is, ís en hieruit kan die nuwe en die toekoms volg.

### 2.2.7 Die opvoedkundige perspektief

Adolessente neem deel aan die leefwêreld om hulle moontlikhede te verwerklik en om die self te ontwikkel sodat deelname aan die volwasse lewe verwesenlik kan word. Die adolessent wat die verlies van 'n geliefde of geliefdes ervaar se deelname aan sy/haar leefwêreld kan gekompliseer word deur die verwerking van die verlies, wat verswarend kan inwerk op sy/haar opvoeding, ontwikkeling en/of volwassewording. Vir die voltooiing van die betrokke studie sal die betrokke navorser ook die Opvoedkundig-Sielkundige Relasieteorie as agtergrondinligting benut in haar hantering van die navorsingsmateriaal.

Die Opvoedkundig-Sielkundige Relasieteorie berus op die model van Jacobs en Vrey en volgens Jacobs (1987:24) bestaan die teorie wesenlik uit drie dele, naamlik:

- **Die kind as persoon**
  - Die ek
  - Die self
  - Identiteit
  - Selfkonsep
- **Aktiwiteite nodig vir volwassewording**
  - Betekenisgewing
  - Betrokkenheid
  - Belewing
  - Selfaktualisering
- **Die opvoedkundig-sielkundige voorwaardes**
  - Relasievorming
  - Die opvoedkundige klimaat

Daar bestaan 'n interaktiewe wisselwerking tussen bogenoemde opvoedkundig-sielkundige struktuurkomponente en selfaktualisering berus vanuit hierdie perspektief op drie pilare, naamlik belewing, betekenisgewing en betrokkenheid. Vanuit betekenisgewing, betrokkenheid en belewing ontwikkel die identiteite van die individu. Die verskillende identiteite word deur middel van die individu se selfgesprek geëvalueer

waaruit die individu se selfkonsep vloei. Die selfkonsep is die aktualiseerder van gedrag en hierdie proses staan ook bekend as intra-psigiese dinamika (cf. Jacobs, 1987:1-20). Die betrokke navorser sal faktore soos die volgende in ag neem tydens die terapeutiese intervensie: die respondente se belewing van die verlies en die impak daarvan op die populasie van selwe, die respondente se onderskeidelike prosesse van betekenisgewing sedert die verlies en tydens die terapeutiese intervensie, asook die respondente se belewing van die self in die verloop van hulle individuele prosesse tydens verlies en wording.

## 2.3 DIE NAVORSER

### 2.3.1 Die blik van die navorser met betrekking tot die respondent

Die fokus van die studie is op die *aard* van die ervaring van verlies en later op die *proses* van identiteitherdefiniëring, maar die studie sal nie moontlik wees sonder die respondente nie. Die fenomeen van verlies, sowel as identiteitherdefiniëring is onlosmaaklik deel van die respondente en die respondente kan nie geskei word van die ervaringe nie. Vanuit 'n eksistensieël-fenomenologiese paradigmatiese raamwerk staan die respondente uit in hulle leefwêreld as gevolg van: die egtheid van leefervaringe, hulle vermoëns om verhoudings te bou en die mens se ingeweefdheid in 'n konkrete wêreld (cf. Fisher, 1989:127-136; Worsley, 2002:152).

Die navorsing is 'n geleidelike proses en die intensie van die betrokke navorser is om op die fenomeen, nl. *verlies van 'n geliefde* en *identiteitherdefiniëring*, te fokus. Die intensie is nie om die eienskappe van die groep respondente te beskryf wat die ervaringe beleef het nie, maar om die strukture van die proses van identiteitherdefiniëring van die respondente te ontdek. Die betrokke navorser sal haar vooropgestelde idees laat gaan en die respondente toelaat om te kan gesels oor die fenomene, sodat die dieper betekenisse wat die respondent daaraan heg, na vore kan kom. Die bewustheid van die betrokke navorser se eie proses tydens die navorsing, sowel as die unieke proses van die respondent is belangrik. Verskillende individue se bewustheidsvlakke verskil en daarom sal die navorser probeer vasstel wat elke

respondent se bewustheidsvlak is, deur uit te vra oor die ervaring van verlies, die impak van die verlies op die respondente, maar ook op ander betekenisvolle persone in die leefwêreld van die respondente, realiteitstoetsing (bepaling van die respondent se hier-en-nou), die respondente se ervarings van wording en eie behoeftebepaling.

Die betrokke navorser se bewustheid van die respondente se bewustheidsvlakke, of die onderdrukking daarvan, kan die respondente uiteindelik lei tot bemagtiging deur die neem van keuses of nie. Tydens intervensie sal die navorser die respondente se gestelde behoeftes benut as ’n handige instrument om rigting te bied aan die respondente, deurdat die respondente gemotiveer sal word tot die vervulling van die behoeftes. Die blik van die navorser sal wees dat die respondent ’n ontwikkelende wese is wat die potensiaal het om in geheel te ontvou. Die identifisering van alle faktore wat hierdie proses blokkeer sal lei tot verdere insig van die self en tot uiteindelike heling. Die spesifieke omgewing waarin die respondente leef, moet verken word deur die navorser deurdat eksterne sowel as interne faktore wat ’n rol speel in die respondente se lewens, geïdentifiseer behoort te word.

Polkinghorne (1989:41-60) beweer dat die eerste voorvereiste by die seleksie van die respondent is dat die respondent die *ervaring* gehad het. Die gekose respondente moet oor die vermoë beskik om ’n ryk, sensitiewe en volle beskrywing van hulle proses van verlies van ’n geliefde weer te gee, ongeag of die respondente nog steeds in die proses is en dus nog nie die proses voltooi het nie. Respondente wat nog steeds in die proses van verlies is, kan moontlik ’n ryker en meer ontblotende beskrywing aan die navorser en leser bied. Clark Moustakas (1994:107) het basiese riglyne voorgestel wat die betrokke navorser in ag geneem het tydens die seleksie van respondente (cf. Neuman, 2003:124; Babbie, 2001:124 en Bryman, 2000:111-114), naamlik:

Die respondente behoort geïnteresseerd te wees in die verstaan van die *aard* en die *betekenis* van die fenomene wat nagevors word; die respondente se gewilligheid om deel te neem aan die navorsingsonderhoud behoort duidelik te wees en indien moontlik, ’n opvolgonderhoud behoort ondersoek te word. Die respondente behoort toestemming te verskaf aan die navorser om die onderhoud op band op te neem en die respondente se toestemming behoort verkry te word vir die publikasie van data in ’n tesis wat tydens die navorsingsproses verkry is, so ook vir ander akademiese publikasies.

Die unieke waarde van elke respondent sal deur die navorser gekoester word.

### 2.3.2 Die wyse waarop die navorser haar navorsingsmateriaal besigtig en die soort navorsing wat hieruit vloei

Volgens Monette, Sullivan en De Jong (2005:37) is die navorser ook ’n mens met persoonlike waardes, doelwitte, begeertes en reageer sy met ’n persoonlike reaksie op wat waargeneem word. Hierdie persoonlike sake mag ’n uitwerking hê op die suiwer interpretasie van die sosiale verskynsel(s) wat ondersoek word. Enige navorser kan ook beïnvloed word deur ’n variasie van emosionele, fisieke, sowel as spirituele faktore wat per implikasie weer ’n impak sal hê op ander mense se sosiale bewegings. Die betrokke navorser sal vanuit die bogenoemde paradigma te werk gaan om subjektiwiteit te minimaliseer in die navorsingsproses. Haar bewustheid dat sy vanuit ’n bepaalde paradigma te werk gaan sal ook in ag geneem word sodat haar paradigmatiese perspektief nie verwar sal word met die realiteit nie.

## 2.4 TEORETIESE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE MENS SE HANTERING VAN VERLIES

### 2.4.1 Mahler se werke: ’n klassieke verklaring vir die mens se hantering van verlies

Wat gebeur wanneer ’n adolessent te midde van hierdie krisis wat hy moet oorkom (identiteit versus rolverwarring) ’n eksterne krisis, naamlik verlies, ervaar? Om hierdie vraag te kan beantwoord het die betrokke navorser besluit om die werk van Margaret Mahler (1974) se “skeiding-individuasie proses” van die individu se “sielkundige geboorte” te ondersoek om hierdeur ’n moontlike verklaring te vind vir hierdie vraag. Volgens die betrokke navorser bied Mahler se werk ’n klassieke verklaring vir die mens se hantering van verlies en volgens Mahler kan die mens slegs verlies oorbrug nadat die vier subfases wat betrekking het op die aanvaarding van verlies deurgewerk is, naamlik:

- *Differensiasie*, begin op die vroeë ouderdom tussen vyf en nege maande wanneer die baba die moeder en ander [(m)other] op 'n taktiele en visuele wyse verken en bewus word van die aparte ander.
- *Die oefenperiode*, wat tussen nege en sestien maande plaasvind, word verdeel in die vroeë oefenperiode, (wanneer die baba gereeld terugkeer na haar ma om haarself emosioneel te "hervul" en om die stabiliteit van die "huisbasis" te herleef, terwyl die baba se postuur tydens die werklike oefenperiode fenomenologies vrye beweging en veerkragtigheid teen stampe en stote karakteriseer. Die peuter ervaar 'n sin van bemagtiging deurdat die ervaring van beheer oor die liggaam begin ontwikkel en hy/sy die realiteit begin ontdek as eie aan die self. Nou kan die eie individualiteit versterk word en sodoende word die eerste stap na identiteitsvorming geneem.
- *Toenadering,* wat op ongeveer 16 tot 24 maande plaasvind, word verdeel in inisiële toenadering, die toenaderingskrisis en individuele patroonvorming van toenadering. Verder bekend as die "pull" (om vas te hou) en "push" (om te laat gaan).
- *Konsolidasie, individualiteit en die aanvang van emosionele objekkonstantheid* (24 tot 36 maande) verskil van die ander fases in die sin dat hierdie fase geen geslote einde het nie, dat daar geen beperkings is nie en dat emosionele objekkonstantheid in die verloop van die lewe ontwikkel. Die teenpool van wat Mahler ontdek is ook waar. Indien die adolessent nie hierdie subfase oorbrug het in sy vroeë baba- en kleuterjare nie, sal die duursame impak kristalliseer in 'n latere fase wanneer verlies ervaar word. Hierdie fase kan lei tot 'n moratoriumperiode wanneer die adolessent geblokkeer word om verder te groei.

Vervolgens sal die meer resente ontwikkelingsteorieë bespreek word met betrekking tot adolessente se hantering van verlies.

### 2.4.2 Ander, meer resente ontwikkelingsteorieë wat die hantering van verlies by die adolessent verklaar

Navorsing wat uitgevoer is na aanleiding van Mahler se bevindinge was in reaksie op haar bevindinge rakende die neonaat se onvermoë om die self te differensieer en te definieer.

Kroger (1998:172-192) verwys na Lyons-Ruth (1991) se studies wat bevind het dat die neonaat oor groter kognitiewe en perseptuele kapasiteite beskik as Mahler se bepaling daarvan. Soortgelyk, het Daniel Stern (1985) bevind dat ’n baba verwantskappe/menslike bande soek, eerder as om intrapsigiese outonomiteit na te jaag. Volgens Stern beskik die neonaat oor ’n sin van die self en hierdie kern van die self moet eerstens ontwikkel voordat die baba met ander bande kan ontwikkel. Stern se ontwikkelingsraamwerk sluit die volgende in:

- **’n sin van die ontwikkelende self (nul tot twee maande):** verskillende verspreide ervaringe van gehoor, *persepsie,* reuk, smaak, en ’n ontwikkelende gevoel van ’n liggaamsbewustheid word geïntegreer en georganiseer;
- **’n sin van die kern self (twee tot sewe maande):** die ontwikkeling van self-agentskap, self-affektiwiteit, self en ’n eie geskiedenis;
- **’n sin van die subjektiewe self (sewe tot vyftien maande):** die bewustheid van die self met ’n eie identiteit en siening begin geleidelik ontwikkel;
- **’n sin van die verbale self (vyftien tot agtien maande):** ’n objektiewe siening van die self en simboliese verteenwoordiging deur taal ontwikkel.

Stern beskryf die baba as ’n individu wat na gekonnekteerdheid beweeg en gemobiliseerdheid dui op die vermoë om deur die fases van die ontwikkelende self te beweeg (nl. ontwikkelende self, subjektiewe self en verbale self), om uiteindelik met ander te konnekteer. Stern (1985) se verklaring vir die gevoel van skeiding verskil van Mahler (1974) s’n en die verskille word gereflekteer in die konsepte *ingesteldheid (“attunement”)* en *wanaanpassing (“mis-attunement”).* In die definiëring van skeiding beweer Stern dat ’n bepaalde hoeveelheid *wanaanpassing* nodig is wanneer die baba (tot sowat eenjarige ouderdom) sy ouer(s) se andersheid begin ervaar en hierin ontwikkel ’n sin van die self.

Volgens die ontwikkelingsraamwerk van Mahler beweeg die baba weg van en “laat gaan” van die *(m)other* en hierteenoor is Stern se siening dat die baba wegbeweeg en “laat gaan” ná die (m)other toe. Mahler beskryf die skeiding-individuasie proses as die soeke na outonomiteit en Stern beskryf hierdie proses as die behoefte om hegte bande te vorm, vanuit die begeerte tot gekonnekteerdheid.

Volgens Thunissen (1998) kan die teorie van Mahler en Stern geïntegreer word om die kind se egostatus beter te verstaan en dit kan saamgevat word in die volgende: die ontwikkeling van ’n gevoel van die self, die vermoë om tussen ervaringe te diskrimineer en die prosessering daarvan; vanaf die geboorte van die baba vind die internalisering van ervaringe met die versorger plaas; ontwikkeling deur samevoeging van soortgelyke ervaring vind plaas tydens interaksie met die versorger; eie ervaringe word gestruktureer in besluite.

Mahler se konsep van skeiding as ’n geleidelike ontwikkelingsproses deur individualisering en die intrapsigiese proses van sielkundige geboorte verskil van die aanhegtingsteorie van Bowlby en Ainsworth wat klem plaas op die psigobiologiese aspek van skeiding. Ten spyte van die filosofiese verskille tussen die skeiding-individualisering en hegtingsteorie is daar ook gemeenskaplike konneksies. Beide teorieë beskryf die moeder as die veilige basis vanwaar die baba kan groei en ontwikkel, en toekomstige stabiliteit sal ervaar. In teenstelling met die hegtingsteorie wat die moeder se emosionele beskikbaarheid sien as noodsaaklik vir spel, ontdekking en uitbreiding van horisonne, aanvaar Mahler se teorie dat die emosionele beskikbaarheid en ondersteuning van die moeder geïnternaliseer moet wees om skeidings-individualisering moontlik te maak.

Die betrokke navorser beplan om hierdie meer resente ontwikkelingsteorieë te integreer in die onderhoud, soos in die bespreking hierbo. Die volgende leidende vrae sal die onderhoud stuur ten einde ’n beter begrip vir die respondente se ervaring en hantering van verlies te kan hê:

**Vraag een** van die semi-gestruktureerde onderhoud (Hoofstuk vyf)
*As iemand jou sou vra “wie is jy?”, hoe sal jy jouself beskryf?*
(die ontwikkeling van ’n gevoel van die self)

**Vraag nege** van die semi-gestruktureerde onderhoud (Hoofstuk vyf)
*Beskryf asseblief enige krisisse wat jy voorheen beleef het?*
Óf kan jy my vertel van enige soortgelyke ervaring waarin jy verlies ervaar het? Hoe het jy dit verwerk?
(die vermoë om tussen ervaringe te diskrimineer en die prosessering daarvan);
**Vraag tien** van die semi-gestruktureerde onderhoud (Hoofstuk vyf)
*Hoe het jy die krisis aangespreek? Beskryf die proses.*
Óf kan jy na sekere besluite of gedagteprosesse verwys wat vanuit jou vorige ervaring(e) van verlies ontwikkel het? En nou? (eie ervaringe word gestruktureer in besluite).

**2.4.3 Adolessensie en die vooruitsig van wording**

Peter Blos (1967) het ooreenkomste geïdentifiseer tussen Mahler se skeiding-individuasie-teorie en sy identifikasie van adolessensie as die tweede individuasieproses. Blos (1967:165) beskryf die adolessent se individuasieproses as "… *the reflection of those structural changes that accompany the emotional disengagement from internalised infantile objects."* Adolessentewording en adolessente-individuasie is dus sinonieme van mekaar. Die adolessent verkry outonomiteit en differensieer daardie aspekte van die self wat aanhou om diffuus geheg te bly aan die ouers. Die adolessent bewerk 'n afstand van die geïnternaliseerde ouer, omdat die infantiele objekbande oortref is en genoeg geborgenheid ervaar word om sodanige afstand te fasiliteer.

Identiteitvorming steun die individuasieproses. Die afhanklikheid/onafhanklikheid-patroon wat in adolessensie voorkom, herinner die adolessent aan die druk-en-trek bewegings van die vroeë kinderjare wat destyds 'n poging was om wég te skram van die toenaderingsfase wat op sestien maande tot tweejarige voorgekom het. Josselson (1988:195) en Dyregrov (2008:73-75) beskryf die adolessent, wat soos die kind in die toenaderingsubfase, sy ouers daar wil hê as 'n tuistebasis om na terug te keer in tye van nood. Hierdie druk-en-trek proses is pynvol vir beide adolessent en die ouer. Die ambivalensie oor outonomiteit skep die pyn vir beide ouer en adolessent, terwyl die paradoks en tweeledigheid van die vroeëre skeiding-individuasie-fase herhaal word in

adolessensie. Blos (1967:185), soos Edwards (2003:56-60) beskryf hierdie regressie as ’n essensiële deel van progressie en hierdie paradoksale verskynsel se verloop vorm deel van die adolessent se normale proses op pad na volwassenheid en wording. Volgens Blos (1967:185-186) fasiliteer regressie *rypwording, egodifferensiasie* en *progressiewe ontwikkeling*.

Met ander woorde, om terug te gaan (regressie) is die voorganger van die groeiproses. Verlies kan dus die voorganger wees van ’n groeiproses binne die adolessent en lei tot wording, nl individuasie en identiteitherdefiniëring.

### 2.4.4 Adolessensie, die vorming van bande en identiteitskrisisse

Josselson (1992) argumenteer dat adolessente vanaf hierdie ontwikkelingsfase begin om op ’n interpersoonlike vlak geheg te raak aan ander mense, sowel as aan hulle ouers. Die hegte bande wat gesmee word is gewoonlik met mense van ongeveer dieselfde ouderdom en die teenoorgestelde geslag (cf. Edwards, 2003:57-58). Fourtounas (2003:44-45) bied voorbeelde van studies wat aandui dat adolessente die ontwikkeling van individualiteit en gekonnekteerdheid inkorporeer in hierdie fase. Die adolessent sal juis as gevolg van hierdie bepaalde ontwikkelingsvlak eksperimenteer met die betekenisvolheid van verhoudings buite die familie (in ’n poging om afstand te skep van die geïnternaliseerde ouer, want die adolessent beskik oor die vrymoedigheid as gevolg van die bande met die ouer, om te eksperimenteer met verhoudings wat buite die kernverhoudings bestaan) en wil met hierdie pogings probeer bepaal wie “daar buite” vir hom is en op wie hy kan staat maak. Dit is deur die vorming van bande, dat ’n adolessent binne sy portuurgroep betekenisvolheid ervaar en dit is ook hierdie groep wat aan hom ’n veilige basis bied vanwaar hy die wêreld kan ontdek. ’n Adolessent ervaar die diversiteit van verhoudings binne vriendekringe en sy verhoudings bied die gevoel van ’n geïnternaliseerde aaneenlopendheid in sy belewing van die self. Die belegging in die vorming van interpersoonlike bande tydens adolessensie gaan dus eerder oor die vraag of die eie self kontinuïteit kan belewe, te midde van die pynlike en onbetroubare bande wat ervaar word in hierdie lewensfase. Josselson (1988:91-106) benadruk die betekenisvolheid van die rol wat ouers of versorgende betekenisvolle

ander speel in die vorming van 'n aaneenlopende sin van menswees by die adolessent tydens die verlies van 'n betekenisvolle ander. Quintana en Kerr (1993) het bevind dat depressie afwesig is in daardie adolessente wie se ouers hulle behoeftes aan spieëlbeelding, vertroeteling en outonomiteit beantwoord het. Die teenpool is ook bewys: Waar hierdie gekonnekteerdheid en bande geweier is deur die ouer, was die adolessent geneig tot depressie en angs. Interpersoonlike bande en gekonnekteerdheid behoort erken te word as integraal tot die ontwikkeling van die adolessent se wordingsproses. Hierdeur word die belangrikheid van die rol wat interpersoonlike bande en die ervaring van "gekonnekteerdheid tot" kan speel in die helingsproses van die adolessent wat verlies ervaar het, beklemtoon.

## 2.5 DIE STRUKTURELE RAAMWERK

Die volgende basiese idees sal gevolg word om te beskryf hoe die betrokke navorser paradigmaties in die hantering van die navorsing, te werk sal gaan, met spesiale verwysing na die navorser se paradigmatiese benadering tot die beplanning van die terapeutiese insette (Babbie, 2007:31-42):

Teorie aangaande terapie sal funksioneel deur die betrokke navorser benut word deurdat teorie die navorser kan lei en sodoende kan terapie doelgerig toegepas word. Daardie teorieë wat opgeneem sal word in die literatuurstudie, kan bestaande patrone uitlig wat by individue wat verlies ervaar het, voorkom. Hierdeur kan nuwe moontlike terapeutiese stappe vir terapie ontwikkel word en die betrokke navorser se idees oor die terapie kan gevorm word.

Die paradigma wat gevolg word, bied nie verklarings nie. Die navorser se paradigma se funksie sal gesien word as die verskaffing van logiese raamwerke (om die observasies en redenering te organiseer) waarin nuwe terapieë ontwikkel kan word. Die herkenning van 'n bepaalde paradigma waaruit die betrokke navorser werk, hou die voordeel in dat dit begrip vir gedrag en aksies vir diegene bied wat vanuit 'n ander paradigma funksioneer. Die navorser kan voordeel trek vanuit die vermoë om partymaal buite die gedefinieërde paradigma te beweeg om 'n terapie te ontwikkel. Die insig word daar gestel, dat die gestelde paradigma van die betrokke navorser nie verwar kan word

met die werklikheid van die respondente nie. Die betrokke navorser se paradigma bied die moontlikheid aan die navorser om haar ou perspektiewe rakende die fenomene in die navorsingsproses te verander. Deurdat die betrokke navorser toelaat dat sy self groei, bestaan die potensiaal dat die terapeutiese intervensie gerig sal bly op die behoeftes van die respondente.

’n Positiewe sowel as nie-positiewe benadering tot die navorsing sal gevolg word, deurdat ’n gekombineerde metodologiese benadering gevolg sal word, nl. ’n kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe benadering tot die navorsing. Die nie-positiewe paradigmatiese benadering (interpretasie) neem menslike persepsie, gevoel en die interpretasie van betekenisse in ag, deurdat subjektiewe begrip ook ’n rol sal speel in die uitvoering van die beoogde navorsing (fenomenologiese benadering) (cf. Monette, Sullivan & De Jong, 2002:37). Die navorser sal in die uitvoering van die terapie veral aandag vestig op die respondente se betekenisse aan die fenomene en hieruit die respondente steun om bewus te word van die emosies wat die respondente hieraan heg. Indien die emosies deurgewerk word en neutrale gevoelens ontdek word, sal die navorser die respondent steun in die rigting van identiteitherdefiniëring.

Waardes van die navorser kan die suiwerheid van die waarheid vertroebel. Die betrokke navorser sal die gekombineerde navorsingsmetode, sowel as ’n eie bewustheid en sensitiwiteit vir haar eie proses in plek stel, as voorkomende maatreëls om die navorsingsresultate suiwer te hou, veral met die oog op die uitvoering van onderhoude met respondente (sien ook 2.4.2).

Die betrokke navorser se benadering tot verlies sal Gestalt-terapeuties wees en daarom sal die individuele adolessent se verlies nooit die verlies van die groep adolessente beteken nie. Die een ervaring kan dui op verlies van een respondent, maar dit beteken nie dit is verlies vir ’n ander respondent nie.

’n Gesonde vloei tussen die fenomenologiese benadering en die Gestalt-terapeutiese paradigmas sal gevolg word, omdat elke benadering verskillende insigte bewerkstellig.

Die betrokke navorser beoog om die inligting wat verkry is vanuit die gevallestudies, te konnekteer met teoretiese bevindinge. Hierdeur behoort die gewig van die aard van die inligting wat verkry is, ondersteun te word. Die veranderinge wat in

die teikengedrag waargeneem word, sal slegs opgeteken kan word indien eksterne, sowel as intrapsigiese faktore tot die verandering in gedrag uitgeskakel is (cf. Rubin & Babbie, 2005:440-442). Die terapie sal 'n lewenswyse voorstel aan die respondente waardeur 'n outentieke ingesteldheid gekweek sal word en hulle uiteindelik betekenisvol en verantwoordelik kan lewe nadat die verlies deurgewerk is. Die respondente sal ook ondersteun word in die terapeutiese proses deurdat die self herhaaldelik in die lewensproses ontdek sal word en sodoende kreatief betrokke sal wees in die ontwerp van hulle lewe.

## 2.6 SAMEVATTING

Die betrokke navorser se paradigma bepaal hoe sy na die studie kyk, die studie aanpak en die wyse waarop sy die terapie gaan doen. Teoretiese kennis sal verantwoord word binne die uitvoering van die studie binne die bepaalde paradigma. Fenomene word gekies, omdat die navorser se paradigmatiese perspektief daartoe aanleiding gee. Die paradigmatiese perspektief beïnvloed nie alleen die navorser self nie, maar dit dra grootliks by tot die rigting van die studie.

Die volgende hoofstuk sal die literatuurstudie vir die navorsing vorm en sal handel oor die fenomene: adolessensie, identiteit en verlies. Die keuse van die inhoud van hierdie nuwe hoofstuk is grootliks bepaal deur die paradigmatiese perspektief van die betrokke navorser wat 'n logiese raamwerk bied.

# HOOFSTUK DRIE

# LITERATUURSTUDIE:

# ADOLESSENSIE, IDENTITEIT EN VERLIES

## 3.1 INLEIDING

Hoofstuk drie fokus spesifiek op die fenomene *adolessensie*, *identiteit* en *verlies*. Die betrokke navorser het juis adolessensie as ontwikkelingstydperk gekies omdat hierdie lewensfase onderhewig is aan biologiese, fisiese en seksuele rypwording, turbulente emosionele fluktuasies en spirale groeipatrone wat geestelike groei insluit, maar ook omdat hierdie lewensfase te make het met die aanvaarding van ingrypende veranderinge. Dit is nie slegs die adolessent wat turbulente veranderinge ondergaan nie, maar wel ook die ouer van die adolessent. Baie ouers beskryf hierdie tydperk as ’n fase waarin verlies ervaar is: die verlies aan ’n liefdevolle, vredeliewende en afhanklike individu, nl. die kind wat verander in ’n adolessent (Neuman, 1998:160).

Die spirale groeiproses tydens adolessensie, wat deur Arnold Gesell (1880-1961) beskryf is, impliseer geleidelike, oorvleuende en selfs ook herhalende veranderinge wat op verskillende ouderdomme tydens hierdie fase plaasvind (Rice & Dolgin, 2005:24). Die transformasie in adolessensie is geleidelik, maar onseker en die tydsduur vir adolessensie varieër vir elke individu. Dit is juis binne hierdie onsekere fase van die adolessent wat die navorser wou bepaal in watter mate verlies ’n effek het op die adolessent se identiteit en verdere wordingsgang en hoe die ontplooiing van ’n nuut-gedefinieerde identiteit daargestel kan word. Klassieke werke is in die studie ingesluit, omdat sekere fenomene die omvattendste omskryf is deur hierdie outeurs.

## 3.2 ADOLESSENSIE

Thom (1990:393) sowel as Gouws, Kruger en Burger (2000:2) beskryf adolessensie as die ontwikkelingstadium wat beskryf kan word as die tydperk tussen die kinderjare en volwassenheid. Rice en Dolgin (2005:1) gaan voort om hierdie oorgang van een fase na

’n volgende te vergelyk met die funksie van ’n brug tussen die kinderjare en volwassenheid waaroor individue eers moet beweeg voordat jong volwassenheid bereik kan word. Meyer (2000:229) verwys meer spesifiek na hierdie stadium wat ’n aanvang neem met die begin van puberteit en eindig met die begin van vroeë volwassenheid wat tussen die agtiende en vyf-en-twintigste lewensjaar kan val, afhangende van bepalende kulturele of loopbaan-gerigte faktore. Die fenomeen *adolessensie*, wat afgelei is van die Latynse werkwoord *adolescere*, beteken dan om *op te groei* of om *te groei tot volwassenheid.* Die gesonde vermoë om verskillende kante van die self en van ander te ontdek word ook beskryf as die proses van adolessensie (Edwards, 2003:59-60; Rice & Dolgin, 2005:1-5).

Individuele sowel as kultuurverskille beïnvloed die bepaling van adolessensie. Aangesien die ouderdomsgrense vir die afbakening van adolessensie varieër, het Thom (1990:393) bevind dat die beskrywing van spesifieke ontwikkelingskenmerke ’n meer akkurate beskrywing is van die spesifieke adolessente ontwikkelingstadium. Die betrokke navorser ondersteun hierdie siening van Thom, omdat die afbakening deur bepaalde ouderdomsgrense nie emosionele ontwikkeling insluit nie en dit is ook waarom die navorser gebruik maak van hierdie bron. Die beskrywing van die ontwikkelingskenmerke deur Thom, is as volg:

- Die aanvang van adolessensie vind plaas tydens die intrede van puberteit. Rice en Dolgin (2005:1) wys daarop dat die fenomeen puberteit, in Latyn, verklaar kan word as “om hare te groei” – wanneer vinnige liggaamlike groei begin plaasvind, die voortplantingsorgane begin om te ontwikkel, geslagsrypheid bereik word en wanneer die sekondêre geslagskenmerke verskyn. Rice en Dolgin gaan voort deur die geskatte ouderdom vir die laer grens van adolessensie te omskryf tussen die ouderdomme van elf en dertien jaar.
- Laat-adolessensie (word gemiddeld vanaf 17/18 jaar tot 20/21 jaar beleef, maar dit kan selfs op vyftien jaar begin) word deur minder opvallende onderskeidende eienskappe gekenmerk en die volgende riglyne bied goeie aanduiders aan die terapeut, sowel as die betrokke navorser, om hierdie

betrokke ontwikkelingstydperk te herken (cf. Dyregrov, 2008:73-75; Rice & Dolgin, 2005:1-21; Thom, 1990:393-394):

**Sosiaal:** Die laat adolessent wil graag onafhanklik wees in sosiale verhoudings en begin om planne te beraam om selfonderhoudend op te tree en sodoende die beroepswêreld te betree en om uiteindelik ’n vaste verhouding aan te gaan met ’n betrokke persoon,

**Wetlik:** Op 18-jarige ouderdom kan adolessensie eindig wanneer die persoon stemreg verkry óf wanneer die adolessent begin om militêre diens te verrig (wat reeds vanaf 16-jarige ouderdom kan geskied) óf wanneer die 21-jarige se ouerlike toestemming verval en verantwoordelik gehou word vir wetlike kontrakte óf volgens die bepalings van die wet mag alkohol begin gebruik.

**Sielkundig/emosioneel: L**aat-adolessensie eindig wanneer die persone redelike sekerheid oor hulle identiteit ervaar en ’n eie waardestelsel ontwikkel het en wanneer emosionele afhanklikheid afwesig raak in die individu se menswees.

**Fisies:** Sodra fisiese rypwording bereik word en volgens Gouws *et al.* (2000:5) word hierdie rypwording bereik wanneer daardie belangrike aspekte van die adolessent se fisiese ontwikkeling voltooi is.

**Finansieël:** Wanneer die adolessent finansieel onafhanklik begin funksioneer van sy primêre versorgers. Die kombinasie tussen die bereiking van finansiële sowel as emosionele onafhanklikheid en ’n veranderde lewensperspektief wat ’n volwasse uitkyk bevat, is ’n meer realistiese uitkyk op die beëindiging van adolessensie (Rice & Dolgin, 2005:1-21; Thom, 1990:293-395).

Ten einde tot volwassenheid te kan groei, moet die adolessent sekere ontwikkelingstake uitvoer om uiteindelik optimaal te kan funksioneer in die volwasse lewenstadium. Schoeman (2004a:20) dui aan dat die adolessent gekonfronteer word om die verskeie ontwikkelingstake te bemeester. Hieronder word die aanvaarding van die individu se veranderde liggaamlike voorkoms en die ontvouing van ’n manlike of vroulike geslagsrolidentiteit genoem. Heteroseksuele verhoudings begin ontwaak en die

ontwikkeling van sterk emosionele bande met ’n ander persoon of persone vind plaas. Die moontlike voorbereiding tot ’n huwelik sowel as gesinsverantwoordelikhede begin ontvou, sowel as die ontluikende onafhanklikheid van die primêre versorgers en ander volwasse persone.

Selfaanvaarding en die ervaring van menswaardigheid en die ontwikkeling van ’n eie identiteit is sleutelterme in hierdie ontwikkelingstydperk (cf. Rice & Dolgin, 2005:174-175). Die adolessent word uitgedaag om sosiaal-verantwoordbare gedrag te ontwikkel, sowel as om ander groepe te aanvaar en die nodige aanpassing(s) te maak. Die uitbreiding van intellektuele vaardighede, begrippe en vermoëns sodat die adolessent kan ontluik in ’n individu wat volwasse verantwoordelikhede kan dra word deel van die adolessent se ontwikkelingsraamwerk. Beroepskeuse en die voorbereiding tot die beoefening van ’n beroep, die vaardighede om finansiële onafhanklikheid te kan ervaar en die vestiging van ’n eie waardestelsel wat ooreenstem met ’n realistiese wetenskaplike wêreldbeskouing en wat aanleiding gee tot die vestiging van die individu se ervaring van moraliteit word aan hom/haar gestel. Hierdeur kan die individu gerig en gelei word tot besluitneming en die kweek van ’n eie lewensfilosofie.

Die betrokke navorser stem saam met die beskrywings van Rice & Dolgin sowel Schoeman se interpretasie van die verskillende ontwikkelingstake waarmee die laat-adolessent geadresseer word, ten einde jong volwassenheid binne te gaan, omdat die beskrywing omvattend is en die ontwikkelingstake beskryf op fisieke, intellektuele, geestelike/sprirituele, finansiële, beroeps-, sosiale, morele sowel as emosionele vlak.

Hierdie studie neem die diversiteit en kompleksiteit van die adolessent se liggaamlike ontwikkeling, denke, gevoelens en gedrag in ag en daarom het die navorser besluit om te fokus op die middel- tot laat-adolessent wat die verlies van ’n geliefde ervaar het. Die natuurlike oorgangsproses wat tydens adolessensie oorbrug word, word nie deur elke adolessent as ’n vloeiende en sagte proses ervaar nie en verlies kan ook ’n impak uitoefen op die adolessent se ervarings van die proses, sowel as sy/haar identiteit.

Volgens Gouws *et al.* (2000:6, 90-93) kan adolessente selfs hulleself ooridentifiseer met ’n persoon in hulle portuurgroep of met ’n geïdealiseerde persoon en

in die proses hulle eie identiteit tydelik verloor. Identiteitsverwarring kan die produk wees van adolessente verlies.

## 3.3 ADOLESSENTE IDENTITEIT

Identiteit is die mens se bron tot betekenis en ervaring (Castells, 2004:6). Erikson het die taak van identiteitsvorming, of die konstruksie van identiteit, beskryf as ’n taak wat besluitneming behels deurdat alternatiewe ondersoek word en die self begin verbind word aan verskillende identiteitsrolle deurdat keuses uitgeoefen word (cf. Rice & Dolgin, 2005:174-175; Meyer, 2000:217; Erikson, 1968:218). Daarenteen beklemtoon Castells (2004:7) dat identiteit sterker vorme van betekenis vir die individu inhou, teenoor identiteitsrolle, wat nie die proses van self-konstruksie en individuasie deurloop het nie. Identiteit organiseer dus betekenis en doelgerigtheid, terwyl identiteitsrolle die funkies van die individu organiseer. Die betrokke navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat identiteit elke individu lei tot doelgerigte aksie. Castells se beskrywing van identiteit en die konstruksie van identiteit (Castells, 2004:6-35) stem in dié sin ooreen met Erikson se beskrywings, dat betekenis en doelgerigtheid georganiseer word rondom ’n primêre identiteit. Die primêre identiteit bied ’n raamwerk vir al die ander identiteite van die individu en is selfonderhoudend in tyd en ruimte. Castells (2004:7) verkies om na ’n kollektiewe identiteit te verwys.

Om identiteit te kan verstaan, beteken dat die vorming van identiteit verstaan behoort te word. ’n Kort beskrywing van die rol wat selfkonsep speel tydens die vorming van identiteit word vervolgens bespreek.

### 3.3.1 Selfkonsep en identiteit

Tydens vroeë adolessensie is identiteit nog nie eens ontwikkel nie, maar die adolessent het reeds ’n vae idee van sy/haar self vanweë ervaringe vanuit die kinderjare. Calhoun (1994:9-10) skryf die volgende oor die rol van die konstruksie van selfkennis of anders gestel, selfkonsep, tydens die konstruksie van identiteit:

> We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinctions between self and other, we and they, are not made … Self-knowledge – always a construction no matter how much it feels like a discovery – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others.

Selfkonsep is ’n algemene bewuste, kognitiewe persepsie en evaluering deur ’n individu van hom- of haarself, maar sluit nie langtermyn doelwitte in vir die self nie (Rice & Dolgin, 2005:165-166). Daarteenoor sluit identiteit langtermyn doelwitte in vir die self. Volgens Colman (2001:660) dui hierdie fenomeen op die individu se positiewe, neutrale of negatiewe houding, óf opinie, óf evaluasie van die self. Die adolessent is bewus van hierdie evaluering van die self en hierdie fenomeen is nou verwant aan Erikson se beskrywing van ego-identiteit of anders gestel, die adolessent beskik oor ’n redelik konstante persepsie van die self wat die individu daarstel (cf. Neuman, 1998:399). Hierteenoor beskryf Gouws *et al.* (2000:82-83) die selfkonsep as dinamies omdat die individu se selfkonsep van tyd tot tyd óf van situasie tot situasie kan verander. Selfkonsep is ook volgens Gouws *et al*. ’n aktiewe bepaler van die individu se ervaring van enige gegewe situasie.

Rice en Dolgin (2005:166-167) beklemtoon die belang van die vorming van ’n positiewe selfkonsep omdat dit ’n rol speel by die ontwikkeling van ’n *moontlike self* of *moontlike selwe* naamlik: die verskillende vorme van die self wat die individu hom-/haarself voorstel om te word. Anders gestel, “the hoped for selves”. Volgens Polster kan die terapeut “die self” benut as ’n gereedskapstuk wat daar is om benut te word en om hierdeur lewe in persoonlike ervaringe te blaas (Polster, 2005:22-40, 41-59). Polster (2005:41-48) onderskei tussen die essensiële selwe (“essential selves”) en die lid selwe (“member selves”). Die individu ervaar die “essential selves” as onuitwisbare dele van die self en word nie maklik aangepas in omstandighede van onsekerheid nie. Hierdie “essential selves” en “member selves” kan getransformeer word deur middel van terapeutiese intervensie. Die “member selves” is meer aanpasbaar en is nie so diep verweef in die identiteit van die individu nie en die transformasie vanaf “member selves” na “essential selves” verloop makliker. Hierdie transformasieproses kan dan beskryf word as die herkonfigurasie van die populasie van selwe wat deur middel van dialoog

tussen terapeut en kliënt geskied deurdat die aksentuering of beklemtoning van die verskillende selwe deur die terapeut, kliënte ondersteun om die selwe te herbenoem. Die aksentuering van die populasie van die selwe kan tydens terapie, vir beide die terapeut en die kliënt, oriënteer ten opsigte van begrip en insig vir die kliënt se proses sowel as die rigting van sy/haar wordingsproses (Polster, 2005:52-59).

Identiteitsvorming speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van “the hoped for selves” en die blokkasie van identiteitsvorming kan lei tot die vorming van “the feared self”. Die betrokke navorser beklemtoon die belang van die vorming van ’n positiewe selfkonsep te midde van ’n pynlike verlies tydens die adolessente ontwikkelingsfase om sodoende die vorming van “hoped for selves” te verhoog.

### 3.3.2 Identiteit

Volgens Meyer (2000:230) bied Erikson nog steeds een van die omvattendste beskrywings van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie en die fenomeen identiteit of soms ook ego-identiteit is een van Erikson se belangrikste bydraes tot die sielkunde. Erikson het die eerste voorstel gebied dat adolessente se belangrikste lewenstaak is om ’n eie identiteit te ontwikkel in die proses van selfontdekking (Erikson, 1968; Rice & Dolgin, 2005:165).

Die proses van egosintese vind plaas wanneer die adolessent ’n identiteitsgevoel begin ontwikkel deurdat al die identifikasies van die vorige stadia tot ’n geheel geïntegreer is. Die post-moderne dieptesielkundiges, soos Jacques Lacan en James Hillman, verwys na die ego se outonomiteit of na ek-identiteit wanneer verwys word na hierdie integrasie en die polariteit van hierdie integrasie is desentrering of selfs fragmentering, wanneer die ek-identiteit verloor word (cf. Thom, 1990:460; Meyer, 2000:230). Die betrokke navorser is van mening dat adolessente verlies van ’n geliefde kan aanleiding gee tot die fragmentering van die self en daarom speel terapeutiese intervensie in hierdie proses ’n essensiële rol in die voorkoming en/of heling van die adolessent.

Volgens Lacan se mensbeskouing kan ’n mens slegs deur sy/haar verbeeldingryke (of imaginêre) “Ek” of “ego” tot sy/haar selfbedrieglike en narsistiese

selfbewussyn kom. Individue kan slegs tot hulle werklike selfbewussyn en ervaring kom deur die hulp van ander mense wat hulle vanuit hierdie verblindende selfbewussyn ruk. Hierdie intervensie kan slegs geskied deur middel van taal, omdat taal buite die individu se verbeeldingryke “Ek” of “ego” geleë is. Lacan se mensbeskouing lê gesetel in die idee dat taal ’n voorwaarde is vir die mens om vanuit sy narsistiese kinderlike bestaan bevry te word en sodoende tot bewussyn te kom aangaande die individu se eie identiteit (Viljoen, 2000b:245-246). Laat-adolessente het ook geleer om ’n bestaande taal te praat en hulle is nog steeds in die proses om hierdie taalvaardighede te ontwikkel en hulleself te verryk met betrekking tot hierdie taal. Volgens Lacan vind verdere ontwikkeling in die mens plaas wanneer taalontwikkeling gedy, maar sodra die laat-adolessent begin gebruik maak van ’n idiosinkratiese en narsistiese taal, sal verdere ontwikkeling geblokkeer word. Die laat-adolessent se identiteit word dus ook gevorm deur middel van die individu se taal.

Deur Lacan se benadering tot die ontwikkeling van identiteit, het die betrokke navorser tot die gevolgtrekking gekom dat ander mense, insluitende ander laat-adolessente, ’n groot rol kan speel in die ontwikkeling van identiteit. Laat-adolessente wat ’n verlies verwerk kan dus moontlik hulle identiteit ervaar het deur die spieëlbeeld wat hierdie geliefde in die adolessent se lewe gebied het. Spieëlbeelding vind volgens Whitfield (2006:19) plaas wanneer die belangrike ander sodanige individu op ’n nie-verbale wyse erkenning gee en hierdeur ervaar die individu dat hy/sy verstaan word. Die afwesigheid van hierdie “spieëlbeeld” kan aanvanklik rigtingloosheid veroorsaak by die adolessent en indien hierdie persoon of spieël nie vervang word nie, kan die adolessent doelloosheid en rigtingloosheid in die lewe begin ervaar.

Identiteit dui op die gevoel van vertroue in “wie ek is”. Hierdie fenomeen, *identiteit,* suggereer onder meer ook *identifikasie* wat volgens Castells (2004:7) die simboliese identifikasie is van die individu se doelwit tydens die uitvoering van handelinge. *Identifisering* kan ook volgens Castells (2004:7) beskryf word binne die konteks van betekenisgewing wanneer die doel herken word. *Identiteit* suggereer die sin van “identies” (Meyer, 2000:214-215).

Volgens Meyer (2000:238-239) definieer Fromm die mens as ’n dier wat “Ek” kan sê en wat bewus is van hom- of haarself as ’n aparte entiteit. Die betrokke navorser

stem nie noodwendig saam met Fromm se vergelyking van die mens met ’n dier nie; maar wel met die mens se behoefte tot individualiteit, uniekheid en menswees. Die navorser ondersteun Fromm se siening dat die mens se behoefte aan ’n eie identiteit ’n spieëlbeeld is van sy/haar behoefte tot selfkennis. Selfkennis bemagtig die individu om die self in vryheid uit te leef en sy/haar plek vol te staan in die samelewing. Die wordingsgang van die individu kan hierdeur versterk word.

Volgens die betrokke navorser kan die Afrikaanse beskrywings van “om jou plek te vind”, “om jou plek vol te staan”, of “nie op jou plek voel nie”, verwys na die fenomeen identiteit (tuiste vind in die samelewing) of na identiteitloosheid (ontuis voel in die samelewing). Die behoefte aan identiteit dui op die ontplooiing, ontvouing of wording tot ’n volwaardige individu. ’n Wyer identiteit word ontwikkel wanneer alle soorte van andersheid – in ander en die self – deur empatiese identifikasie verstaan probeer word, sowel as die reeds bekende in die self. Empatiese identifikasie verwys na die aktiewe, betrokke individu in die samelewing wat met deernis kan identifiseer met ander individue se menswees, ongeag of hulle menswees verskil óf ooreenstem met die ander. Kübler-Ross (1997:184) verwys in haar boek *On death and dying* na empatiese identifikasie wanneer familielede bevoorreg voel wanneer hulle ná die verlies van ’n geliefde, iemand kan vind om mee te praat wat goeie herinneringe kan deel en selfs kan oproep. Die betrokke navorser beskryf hierdie ingewikkelde proses as die proses van wording (cf. Viljoen, 2000a:185).

Voordat ’n identiteit ten volle ontwikkel kan word, moet keuses gemaak word, soos: “Wie is ek in die oë van ander mense?”, “Hoe stem my idee van myself ooreen met die persepsie wat ander van my het?”, “Hoe kan ek die vaardighede wat ek voorheen aangeleer het integreer in my toekoms van toekomstige beroepsmens en sielsmaat vir ’n ander persoon?”, “Hoe belangrik is geloof in my lewe?”, “Moet ek trou?”, “Is ek werklik uniek en bly ek dieselfde persoon te midde van al die veranderinge wat ek ondergaan?” Hierdie totale soektog na menswaardigheid, kontinuïteit in die lewe van die adolessent, ooreenstemming tussen die eie siening van die self asook ander se siening van die self en kongruensie tussen die selfbeeld en die rolverwagtings van die samelewing, noem Erikson die soeke na identiteit (Erikson, 1963:261; Rice & Dolgin, 2005:174-175). Erikson het sewe konflikte beklemtoon wat die adolessent eers moet

deurwerk voordat die einde van adolessensie aangedui kan word (Rice & Dolgin, 2005:175-176), naamlik:

*3.3.2.1 Die perspektief van tydelikheid teenoor verwarring*

Die adolessent moet ’n sin van tyd en ’n sin vir die kontinuïteit van tyd ontwikkel. Dit is krities vir die adolessent om hierdie konsepte te begryp, want daardeur kan die individu ’n integrasie tussen die verlede, hede en die toekoms bewerkstellig en sodoende word ’n realistiese idee ontwikkel met betrekking tot die tydsduur wat lewensdoelwitte neem om verwesenlik te word. Die betrokke navorser stem saam met hierdie perspektief, omdat die verlies van ’n geliefde tydens die adolessente ontwikkelingstadium die begrip van kontinuïteit kan verswak (cf. Kübler-Ross, 1997:184). Kübler-Ross (1997:183-186) beskryf sekere individue se roureaksie as gedisoriënteerd, gepreokkupeerd en te veel om te kan hanteer. Ontwikkelingsmylpale moet ook in hierdie moeilike fase bereik word. Die adolessent ontwikkel vaardighede soos beplanning, koördinering en toewysing van tyd en ontwikkel eers ten volle teen laat-adolessensie. Indien hierdie vaardighede nie ontwikkel het nie, kan dit die wordingsgang van die adolessent blokkeer as gevolg van sy/haar verwardheid wat ontstaan het, omdat die vaardighede om te beplan of te koördineer ontbreek.

*3.3.2.2 Selfvertroue teenoor selfbewustheid*

Hierdie konflik behels dat die adolessent vertroue in die self ontwikkel, na aanleiding van die individu se vorige ervaringe. Die vorige ervaringe behoort aanleiding te gee tot die geloof dat die individu in staat is om sekere dinge in die lewe te kan bereik en hierdeur ontwikkel die adolessent die vertroue dat hy/sy oor die moontlike potensiaal beskik om toekomstige ideale te verwesenlik. Om hierdie mylpaal te kan bereik, gaan adolessente deur ’n stadium van verhoogde selfbewustheid aangaande hulle fisieke voorkoms en sosiale verhoudings. Wanneer die ontwikkeling van die adolessent nie gepaardgaan met ’n traumatiese gebeurtenis nie, kan normale ontwikkeling geskied en die adolessent kan uiteindelik met selfvertroue en afwagting na die toekoms kyk. Die

adolessent wie se ontwikkeling gepaardgaan met ’n traumatiese gebeurtenis, het volgens die betrokke navorser herinneringe en ervaringe wat gepaardgaan met pyn en indien hierdie pyn deurgewerk word, kan die adolessent met hernieude selfvertroue en nuwe lewensvaardighede die toekoms ingaan.

#### *3.3.2.3 Rol-eksperimentering teenoor rol-fiksasie*

Adolessente kry die geleentheid in die lewe om die verskillende rolle wat hulle kan beoefen in die samelewing eers in te oefen. Dit is deur eksperimentering dat die adolessent verskillende identiteite, persoonlikheidseienskappe, maniere van taalbeoefening en gesels, idees, doelwitte en verskillende verhoudings kan ondersoek. Polster en Polster (1974:112) se beskrywing van die Gestalt-eksperiment sluit aan by Rice en Dolgin (2005:175-176) se konsep van “inoefening” en verduidelik dat die individu deur middel van eksperiment sy/haar eie grense kan verbreed. Die eie wordingsgang van die individu kan dus volgens die betrokke navorser, deur middel van rol-eksperimentering, gestimuleer word.

Adolessente beoefen ook hulle identiteit op plekke wat nie die goedkeuring van die breë samelewing behels nie, soos die eksperimentering met verskillende soorte dwelmmiddels, losbandigheid, of die lidmaatskap aan ’n groep wat die wette en reëls van die samelewing oorboord gooi. Identiteitsvorming geskied deur die beoefening van die moontlike rolle. Volgens die betrokke navorser kan die verlies van ’n geliefde ook beskryf word as ’n geleentheid om die identiteit te vorm of weer te definieer, sogenaamde identiteitherdefiniëring. Vanuit Edwards (2003:50-51) se werk kan identiteitherdefiniëring omskryf word as die oorgang van een identiteit na ’n ander identiteit.

Die adolessent word gekonfronteer met die uitdaging om te verander, wat die “reworking” van die sin van die self behels en hierdeur word verandering in die self bewerkstellig. Volgens Erikson se teorie sal daardie adolessente wat vasgeval het in ’n oormaat van innerlike skuldgevoelens en blokkasies om spontaan te lewe, wat nie inisiatief aan die dag lê nie of wat prematuur vasgeval het in ’n rol (rol-fiksasie) nooit tot volle wording ontwikkel nie (Rice & Dolgin, 2005:175-176).

### *3.3.2.4 Vakmanskap teenoor werksverlamming*

Die adolessent kry ook die geleentheid om verskillende moontlike beroepsrigtings te oorweeg voordat hy/sy ’n beslissende keuse maak oor sy/haar beroep. Die adolessent behoort blootstelling te kry in verskillende beroepsrigtings, júis om te oorweeg of hy/sy oor die vermoëns beskik om die self binne die beroepskonteks te kan realiseer. Erikson se indruk was dat die keuse van ’n beroep ’n groot rol speel in die bepaling van die individu se identiteit. Indien die individu oor ’n lae selfbeeld beskik en daardeur minderwaardige gevoelens aan die dag lê, sal hy/sy sukkel om genoeg energie bymekaar te skraap om sukses te ervaar in die akademie en verder in ’n beroep (cf. Louw, 1990:460-461). Indien die adolessent ooridentifiseer met ’n ander persoon, bestaan die gevaar dat hy/sy nie sy/haar eie potensiaal kan ontwikkel nie en sodoende kan die persoon werksverlamming in sy/haar beroep ervaar. Volgens Louw (1990:461) kan beroepskeuses slegs gemaak word indien die adolessent se prestasieverwagtings realisties is en hierdeur sal die beroepskeuse die persoon se identiteit definieer. Werkverlamming word deur ’n sterk beroepsidentiteit teengewerk.

### *3.3.2.5 Seksuele polarisasie teenoor biseksuele verwarring*

Adolessente poog om ’n definisie daar te stel vir die betekenis van manlikheid en vroulikheid. Erikson het geglo dat die adolessent ’n sterk identifikasie behoort te ervaar met een van die geslagsrolle omdat hierdie identifikasie dien as ’n basis vir verdere heteroseksuele intimiteit sowel as ’n ferm identiteit. Volgens Louw (1990:461) behels die taak van seksuele polarisasie dat die adolessent sy/haar psigoseksuele rol kan definieer en aanvaar. Erikson het verder geglo dat gemeenskappe optimaal kan funksioneer wanneer mans en vrouens hulle sogenaamde ware rolle aanneem en daarvolgens lewe (seksuele polarisasie is hiervolgens nodig). Erikson se beklemtoning van die behoefte aan polarisasie het in die verloop van tyd baie kritiek uitgelok, omdat ’n goed gevestigde geslagsrolidentiteit die adolessent se identiteit versterk (cf. Louw, 1990:460-461).

*3.3.2.6 Leierskap en volgelingskap teenoor outoriteitsverwarring*

Adolessente ontwikkel die vermoë tot leierskap en volgelingskap soos hulle sosiale horisonne uitbrei deur skoolwerk, sosiale groeperings en deurdat hulle nuwe vriendskappe vorm. In dieselfde proses word kompeterende eise geplaas op die adolessent se bestaande vertrouensverhoudinge – deur die staat, werkgewers, die skool en ouers – en dit kan tot verwarring lei. Die betrokke navorser is van opinie dat die geweldige druk wat ouers en onderwysers op adolessente plaas om te presteer, vir hulle eie selfsugtige redes, ’n groot rol speel in die ontwikkeling van outoriteitsverwarring en uiteindelik ook identiteitsverwarring. Die omgekeerde hiervan is ook waar wanneer ouers en/of onderwysers minimale eise stel aan die adolessent, wat die ontwikkeling van die eie identiteit weer vertraag, omdat hierdie adolessente geen “spieël” in die lewe ontvang om hulle identiteitsontwikkeling te laat gedy nie. Die ontwikkeling van ekstrinsieke motivering, wanneer ander persone of omstandighede standaarde daarstel, en intrinsieke motivering, wat lei tot die ontwikkeling van wilskrag en doelgerigtheid by die adolessent, ontwikkel tydens hierdie fase (cf. Gouws *et al*, 2000:61). Volgens die betrokke navorser sal die adolessent wat deur intrinsieke motivering genoop word om voort te gaan en vorentoe te beweeg, tydens die ervaring van verlies makliker deur die rouproses gaan.

*3.3.2.7 Ideologiese oortuigings teenoor verwarring van waardes*

Die konstruksie van ’n eie ideologie bied rigting aan ander aspekte van gedrag en Erikson verwys na hierdie proses as die soeke na getrouheid en die ontwikkeling van betroubaarheid. Volgens die betrokke navorser sal die ontwikkelende adolessent wat betroubaarheid en getrouheid as waardes integreer in sy/haar menswees, aanleiding gee tot die ontwikkeling van ’n sterk identiteit, omdat hierdie adolessent getrouheid aan die self sal laat geskied.

Die adolessent se belegging in verhoudings bied aan hom/haar ’n verdere gevoel van kontinuïteit van die self. Die betrokke navorser wil die belangrikheid van die ervaring van ’n kontinue self benadruk, omdat die verlies van ’n geliefde hierdie ervaring

van kontinuïteit kan vernietig. Terapie speel ’n belangrike rol in die herstel van die ervaring van ’n kontinue self. Die belegging in verhoudings gaan dus eerder oor die waarde wat geplaas word in die kontinuïteit van menswees as die aanvaarding van ouers (Josselson in Fourtounas, 2003:44).

Die soeke na identiteit bring dikwels mee dat die adolessent in opstand kom teen die reëls van die samelewing en teen diegene wat in ’n hegte verhouding met hulle staan. Volgens Meyer (2000:230) bestaan die gevaar tydens hierdie fase dat die adolessent verwarring kan ervaar omtrent sy/haar soeke na identiteit en ’n gepaste sosiale rol. Volgens Thom (1999:462-463) ontstaan identiteitsverwarring wanneer die adolessent sukkel om besluite oor die self of oor sosiale rolle te maak en rolintegrasie vind moeilik plaas. Indien die adolessent gekonfronteer word deur teenstrydige waardestelsels verhoog die moeilikheidsgraad wat die adolessent ervaar om besluite te neem en sodoende verhoog hierdie individu se angsvlakke en hierdeur verlaag emosionele gemak teenoor die sosiale rolle wat die adolessent behoort te vervul. Die betrokke navorser wil hierdie outeurs se gedagtegang ondersteun en die moontlikheid beklemtoon dat potensiële verwarring by die individu sal verhoog (met spesifieke verwysing na die laat-adolessent), indien die laat-adolessent in hierdie sensitiewe ontwikkelingsfase die verlies van ’n geliefde moet deurwerk en hierby ’n nuwe identiteit moet skep. Die samelewing maak egter voorsiening vir adolessente en hulle identiteitskrisisse deurdat ’n psigososiale moratorium gebied word om verskillende identiteite op die proef te stel en aktief te ondersoek. Die bekende sosiale instellings wat hierdie grasietydperk verleen is universiteite, kolleges, stamskole, militêre diens of “gap years” waarin laat-adolessente byvoorbeeld oorsee gaan werk as babawagter of sport-assistent by skole.

Die egosterkte wat vanuit die goeie oplossing van die identiteitskrisis vloei, noem Erikson *betroubaarheid* of *fideliteit*. Hierdie egosterkte, *betroubaarheid*, lei tot sekerheid en getrouheid aan die eie identiteit, eie waardes en beginsels en die aanvaarding dat ander identiteitskeuses gemaak kon word en nie gemaak is nie. Betroubaarheid gee aanleiding tot die vorming van ’n eie, persoonlike identiteit wat weerspieël word in die adolessent se verwysingsgroep se waarde-oriëntasies en rolverwagtings. ’n Eie lewensfilosofie word vanuit hierdie egosterkte ontwikkel deurdat die identiteit hierdeur

beskerm kan word en die vermoë om getrou teenoor sy of haar sosiale rolle op te tree (cf. Meyer, 2000:230; Thom, 1990:462).

Die adolessente oorgangsproses behels innerlike sowel as eksterne konflik en die gevaar bestaan volgens Edwards (2003:59) dat die adolessent projektiewe meganismes aanwend deur al die probleme as “daar buite” te identifiseer.

Verlies vind “daar buite” plaas. Dit is nie die verlies self wat die grootste probleem vir die adolessent skep nie, maar dit is die gepaardgaande gevoelens en ervaringe van hopeloosheid, magteloosheid en isolasie wat die sneller is vir die pyn. Die betrokke navorser sal in die volgende afdeling meer fokus op die fenomeen *verlies,* veral soos ervaar deur adolessente, om die gepaardgaande emosies beter te verstaan.

## 3.4 ADOLESSENSIE EN VERLIES

*Let me not pray to be sheltered from dangers*
*but to be fearless in facing them.*
*Let me not beg for the stilling of my pain*
*but for the heart to conquer it.*
*Let me not look for allies in life’s battlefield*
*but to my own strength.*
*Let me not crave in anxious fear to be saved*
*but hope for the patience to win my freedom.*
*Grant me that I may not be a coward,*
*feeling your mercy in my success alone;*
*but let me find the grasp*
*of your hand in my failure.*
RABINDRANATH TAGORE, *Fruit-Gathering*
(in Kübler-Ross, 1997:15).

Bowlby (1979:62-63) beskryf verlies as die onwillige skeiding van daardie figuur waaraan die individu geheg was. Indien die laat-adolessent ’n redelike stabiele verhouding met sy/haar ma het, sal ’n onwillige skeiding die fases van protes, wanhoop

en ontkenning meebring. Dit beteken dat adolessente verlies ook kan dui op die adolessent se onwillige skeiding van ’n geliefde.

Verlies en rou is universele fenomene en niemand kan die emosies wat hiermee gepaardgaan ontduik nie, selfs ook nie kinders nie. Kinders se rouproses verskil van volwassenes wat rou. Kübler-Ross (1997:184-185) dui ook op die verskillende ervarings van kinders tydens die dood van ’n geliefde, maar sy beskryf naastenby soortgelyke ervarings by adolessente en volwassenes. Volgens Di Ciacco (2008:27) het volwassenes reeds ervaring in die lewe en die meeste volwassenes het hanteringsmeganismes ontwikkel om verlies in ’n meerdere of mindere mate te hanteer. Kinders, daarteenoor, is in ’n proses van ontwikkeling en hulle rouproses behels die tussenspel tussen die kind se ontvouende ontwikkelingstake soos hy/sy groei, die konflikhantering van elke fase waarin die individu hom/haar bevind en die oorgang na ’n nuwe fase. Daarby kry kinders en adolessente minder ervaring in die lewe en die meeste kinders en adolessente het minder blootstelling aan die fenomeen verlies en dit laat hierdie individue kwesbaar in die proses (Di Ciacco, 2008:26-27).

Gevoelens van angs, onsekerheid, wantroue, verwerping en/of verlating en geïsoleerdheid kan resulteer vanuit hierdie kwesbaarheid as gevolg van verlies op ’n jong ouderdom. Die volgende afdeling dien as ’n opsomming van die algemeenste verdedigingsmeganismes wat adolessente aanwend, in die proses van die verlies van ’n geliefde (cf. Di Ciacco, 2008; Dyregrov, 2008; Kübler-Ross, 1997).

### 3.4.1 Die prisma van emosies wat deur die rouproses vloei

Di Ciacco (2008:36) beskryf die rouproses by kinders en adolessente as ontwikkelingsrou en sy gaan verder deur ontwikkelingsrou te vergelyk met ’n straal wit lig wat deur ’n prisma skyn. Dyregrov (2008:88-89) gaan verder deur te noem dat ontwikkelingsrou se proses versleg kan word indien die nuus van ’n verlies nie deur ’n persoon wat ’n sterk band het met die adolessent, oorgedra word nie.

Di Ciacco (2008:36) se vergelyking van ontwikkelingsrou met ’n straal wit lig wys daarop dat elke kleur in die kleurspektrum ’n komponent is van die wit lig en nie afgesonder kan word van die wit lig nie. Die reis van die rouproses behels ’n vol

spektrum van emosies, wat manifesteer in gedrag. So is elke fisiese sensasie, gedagte, emosie en gedragsvorm ’n komponent van die adolessent in geheel tydens die rouproses. Carlson, Chiccetti, Barnett & Braunwald (1989:525-531) sowel Kübler-Ross (1997) wys op die verskillende vorme van gehegtheid wat volgens die betrokke navorser ook die verloop van die rouproses kan bepaal, naamlik:

- Geborge gehegtheid wanneer die adolessent ’n sekuriteitsbasis ervaar het by die betrokke persoon.
- Vermydingsgehegtheid word geëien in die gedrag wanneer die adolessent as ’n baba nie ontsteld was as die primêre versorger weggegaan het nie; maar die primêre versorger geïgnoreer het as hy/sy teruggekeer het.
- Ambivalente gehegtheid het sy ontstaan toe die adolessent as ’n baba ontsteld was nog voordat die primêre versorger vertrek het en wanneer die primêre versorger terugkeer, het die baba verskillende optredes en emosies getoon: blydskap, hartseer en woede.
- Gedisorganiseerde gehegtheid, ook bekend as gedisoriënteerde gehegtheid (Tipe D), kan beskryf word as weerstandige gehegtheid wat gepaardgaan met konflikterende emosies. Die Bowlby-Ainsworth bindingsteorieë ondersteun die betrokke navorser se perspektief dat die verskillende vorme van gehegtheid verskillende uitwerkings sal hê op die hantering van verlies.

Dit is waagmoed en innerlike sterkte wat die adolessent sal dryf, wat met die hulp en ondersteuning van versorgers hom/haar bemagtig om die volgende spektrum van emosies te eien en deur te werk.

*3.4.1.1 Angs en vrees*

Di Ciacco (2008:36) beweer dat angs (gevoelens van afwagting, onsekerheid en vrees sonder ’n stimulus) ’n simptoom is van vrees (gevoelens van kwesbaarheid, verwerping) en dus ook van rou. Dyregrov (2008:24-27) brei verder uit dat angs ’n algemene reaksie is tydens verlies, omdat die sekuriteitsbasis van hierdie adolessent uitmekaar geruk kan word. Hierdie angs lei tot vrees dat hy/sy nog ’n kosbare persoon kan verloor.

Gesonde vrese lei daartoe dat die individu stop en aandag skenk aan die huidige oomblik, die hier-en-nou. Die individu reageer instinktief op die waarskuwing in ’n onverwagte situasie. Klein kinders kan nie onderskei tussen die realiteit en fantasie wanneer hulle kwesbaar voel nie en presenteer met onrealistiese vrese wat die volwassene moet adresseer. Indien hierdie vrese nie geadresseer word nie, kan dit lei tot angs.

Angs en vrees kan lei tot die toepassing van verdedigingsmeganismes waarvan ontkenning die vernaamste is, omdat die vrees om kwesbaar te wees verbloem moet word (cf. Kübler-Ross, 1997:51). Die vrees om kwesbaar te wees kan verhoog soos die individu ouer word en hierdie vrees lei tot die onvermoë om die self oop te maak vir liefde en vertroue. Kwellende vrae soos die volgende kan die individu agtervolg: *Waarom het my pa ons verlaat? Waarom het hy nie gedink ek is goed genoeg nie? Waarom het hulle nie ter wille van ons bymekaar gebly nie?*

Onsekerheid word gewoonlik vergesel met die angstige gedagte van “Dit kan weer gebeur” en vrees vir verlating kan weer opvlam wanneer die individu ligte vorme van verwerping ervaar. Enige hegte verhouding kan vreesaanjaend voorkom indien die permanensie van ’n verhouding bevraagteken word en dit behels risikoneming van die individu om homself/haarself in ’n verhouding te waag. Hierdie waaghouding vereis ’n veilige en sekere sin van die self (Di Ciacco, 2008:26-38).

#### *3.4.1.2 Woede*

*We read the world wrong and say that it deceives us*.
TAGORE, *Stray Birds, LXXV*
(in Kübler-Ross, 1997:63).

Woede ontneem die individu van kreatiewe oplossingsvaardighede en die vermoë om vorentoe te beweeg (Di Ciacco, 2008:39). Die adolessent wat woede ervaar se wordingsproses word geïnhibeer en volgens die betrokke navorser is die vermoë om vorentoe te kan beweeg, deel van die uitbreidingsproses van die ontwikkelende self.

Kübler-Ross (1997:64) onderskei die fase van woede van die fase van ontkenning, deurdat sy die kontras tussen hierdie twee fases benadruk. Tydens die woede-fase van die adolessent ervaar familie en ander betrokkenes magteloosheid en die onvermoë om die woede te hanteer, omdat die woede meestal wanverplaas word en geprojekteer word op die omgewing. Tydens die hantering van die verlies van ’n geliefde sal dit nuttig wees indien die terapeut of betrokke persone in die adolessent se lewe, die oorsprong van die woede kan definieer. Volgens die betrokke navorser lê die oorsprong van die woede in die *onreg* van die verlies, met spesiale verwysing na haar terapeutiese intervensies met kinders wat toegelaat word in kinderhuise.

Die gesonde kant van woede, as verdedigingsmeganisme, behoort aan die individu verduidelik te word, want woede-hantering kan die individu bemagtig en hierdeur kan lonende en konstruktiewe emosies gebou word. Woede kan dien as ’n aansporing en energie om iets te verander (Di Ciacco, 1998:40).

Buddha het gesê: *“Holding on to anger is like grasping a hot coal with the intent of throwing it at someone else; you are the one who gets burned.”* Indien die adolessent nie sy/haar wordingsgang laat gedy nie en “vashou” aan enige vorm van woede, ná die ervaring van ’n betekenisvolle verlies, sal die pyn nog verder verdiep.

*3.4.1.3 Die emosies van skaamte en skuldgevoelens*

Skaamte ontwikkel die meeste tyd vanuit ’n premature skeiding van die biologiese moeder en hierdie gevoel van skaamte het te doen met ’n gevoel van onvolledigheid (Di Ciacco, 2008:39-40). Di Ciacco (2008:40) maak dan die opmerking dat skaamte tipies ontwikkel vanaf 18 maande tot 3-jarige ouderdom en dat skaamte aanvanklik presenteer as empatie, deurdat eie gedrag gewaardeer word aan die hand van ander se gedrag. Vanuit hierdie opmerkings word dit duidelik aan die betrokke navorser dat skaamte se primêre oorsaak gedefinieer kan word as premature skeiding van die biologiese moeder, maar dat skaamte later kan ontwikkel as gevolg van die baba se behoefte om die betekenisvolle ander te ontmoet en wannneer hierdie ontmoeting nie plaasvind nie, begin skaamte ontwikkel.

Skaamte kan ook volgens Di Ciacco (2008:40) omskryf word as selfaanmaning en volgens Whitfield (2006:44-45) word die gevoel van skaamte geïntegreer in die wese van die individu en die gevoel wat dan universeel voorkom by individue wat skaamte ervaar is dat skaamte nie oorkom sal kan word nie. ’n Gevoel van hopeloosheid ontwikkel vanuit skaamte wat nie oorwin word nie. Kinders se gevoel van skaamte leer die individu om sosiale beperkinge daar te stel en om oorsaak en gevolg te begin assosieer met mekaar.

Ontwikkelende peuters leer om hulle onvanpaste gedrag te stop of te verander na aanleiding van hulle geliefdes se response op hulle gedrag, om hierdeur goedkeuring te kry. Hiervolgens kan die betrokke navorser die gevolgtrekking maak dat die gevoel van skaamte ’n latere impak kan uitoefen op die ontwikkelende identiteit by die adolessent, omdat die adolessent wat skaamte ontwikkel het sal poog om sy/haar identiteit te herdefinieer om goedkeuring van ander te verkry. Di Ciacco (2008:42) gaan voort deur te verduidelik dat kinders tussen een- en drie-jarige ouderdom hulle eie sin van die self ervaar deur “alles-of-niks” redenering en die ervaring hiervan vind op ’n viserale vlak (fisiek) plaas, wat nie deur woorde gekonseptualiseer kan word nie, maar wat fisies ervaar kan word in die hele liggaam. Dit is waarom skaamte geassosieer word met gevoelens van oneerbaarheid.

Die kind wat geblokkeer raak in skaamte, toon die onvermoë om deur die rouproses te beweeg en hierdie skaamte ontwikkel tot “giftige skaamte” of selfveroordeling en die gedagtegang van hierdie individu is iets soos: “Ek is net sleg en al die ander is goed” of “Julle is sleg en ek is net goed.” Hierdie individue sukkel om na grys areas te beweeg wat ruimte laat vir meegevoel en vergifnis vir die self en ander. Gevoelens van minagting, bitterheid, kritiese veroordeling en rigiede morele redenering is die resultaat van hierdie patologiese skaamte. Hierdie patologiese skaamte funksioneer soos ’n twee-snydende swaard met selfveroordeling aan die een kant en wat aanleiding gee tot ’n diep sin van waardeloosheid, waardeur die individu letterlik wegkruip vir die self. Hierdie gedrag lei daartoe dat sodanige individu geen selfaanspreeklikheid kan aanneem nie en vermyding word gebruik as verdedigingsmeganisme, deurdat die kind dissosieer en/of verantwoordelikheid vermy.

Aan die ander kant regresseer hierdie individue en hulle glo dat lyding die oplossing sal bied sodat vergifnis ontvang kan word. Hierdie individue glo vas dat hulle gestraf moet word vir hulle “oortredings” en straf hulleself deurdat ’n sielkundige oorlog met die self gevoer word en gaan so ver om selfmutilasie toe te pas. Die funksie van die twee-snydende swaard is om die individu se lyding te verminder, maar skade word gedoen aan die potensiaal tot die ontwikkeling van ’n veilige sin van die self. Hierdie individue is konstant besig om die self te verdedig, eerder as om deur logiese redenering emosies en gedrag produktief te bestuur.

Hierteenoor ontwikkel skuldgevoelens eers op 3- tot 4-jarige ouderdom, vanuit die vroeëre ontwikkelingsvlak van skaamte. Gesonde skuld lei tot die gevoel van berou en hierna kan die individue hulle gedrag verander, nuwe verstellings aanbring, herkonnekteer en die skeuring herstel. Hierdie vroeë suiweringsproses help die individu om minder veroordelend te wees en hy/sy kan makliker verantwoordelikheid neem vir persoonlike gedrag. Volgens Ekman (2001:65-66) is die individu sy/haar eie gehoor tydens skuld, maar by die vernedering van skaamte word die afkeuring of uitkryting deur ander die individu self se gehoor. Die onderskeid tussen skaamte en skuld is belangrik, want die wens om skuld te verlig kan ’n erkenning van skuld motiveer, maar die wens om die vernedering van skaamte te vermy, kan die skulderkenning voorkom.

#### *3.4.1.4 Onttrekking, ongeërgdheid en wanhoop*

Onttrekking, ongeërgdheid en wanhoop is verdedigingsmeganismes wat die kind en/of adolessent aan die dag lê wanneer hulle magteloosheid ervaar (cf. Di Ciacco, 2008:43). Dit is egter nodig om te verstaan dat die persoon wat verlies ervaar eers ontkenning as verdedigingsmeganisme toepas, voordat onttrekking plaasvind (Kübler-Ross, 1997:53). Ontkenning is gewoonlik ’n tydelike verdedigingsmeganisme en word na ’n ruk vervang deur gedeeltelike aanvaarding van die verlies. Ontkenning word as ’n verdedigingsmeganisme toegepas wanneer die adolessent nie realisties kan kyk na die ware situasie nie (Kübler-Ross, 1997:54). Ontkenning is ’n algemene verskynsel wat voorkom aan die begin van die hantering van ’n krisis/verlies. Onttrekking word later as verdedigingsmeganisme gebruik wanneer die adolessent wat verlies ervaar het kan

gesels oor sy/haar lewe wat die verlies insluit, maar ook sy/haar lewe voor die verlies (Kübler-Ross, 1997:54). Aanduiders dat professionele hulp nodig is, is intense wanhoop, erge onttrekking na ’n paar weke sedert die verlies, of die afwesigheid van response op vertroetelende intervensies (cf. Di Ciacco, 2008:43-44). Terapeutiese intervensie tegnieke word in hoofstuk ses bespreek.

*3.4.1.5 Depressie*

*The world rushes on over the strings of the lingering*
*heart making the music of sadness.*
TAGORE, *Stray Birds* (Kübler-Ross, 1997:97)

Die adolessent wat die verdedigingsmeganismes toegepas het van ontkenning, woede en onderhandeling sal uiteindelik sy/haar verlies kan konfronteer. Volgens (Kübler-Ross, 1997:97) kan hierdie verlies menige fasette hê. Depressie is die simptoom van onderdrukte woede en die volgende simptome manifesteer in die persoon: pessimisme, gevoelens van ontoereikendheid, terneergedrukte gebrek aan aktiwiteit, ’n aanhoudende hartseer, wanhoop, verlaagde energievlakke, sukkel om daaglikse eise te ontmoet, gevoelens van waardeloosheid en hooploosheid, verminderde genot vir aktiwiteite wat vroeër genotvol was, veranderde slaap- en eetpatrone en gedagtes oor die dood en/of selfmoordiees (cf. Di Ciacco, 2008:42-43; Kaplan & Sadock, 1998:524-573).

Wanneer die adolessent nie meer die verlies kan ontken nie, of wanneer hy/sy nie meer die verlies kan onderdruk met woede en uitbarstings nie, vervang die adolessent hierdie emosies met die ervaring van verlies (Kübler-Ross, 1997:97).

Volgens Di Ciacco (2008:42) bestaan die gevaar dat die kind/adolessent moed kan verloor indien die depressie nie geadresseer word nie en die innerlike soeke na wat verlore is, staak. Hierdeur kan alle drome verydel word en die individu kan rigtingloosheid ervaar. Wanaangepaste depressie lei tot die onvermoë om ’n toekoms te verbeel en die ontwikkeling van ’n gevoel van hopeloosheid.

Depressie kan egter volgens Di Ciacco (2008:43) ’n medium aan die individu bied om te beweeg na hoër funksionering en ’n draaipunt in die rouproses veroorsaak. ’n Vroeëre verlies in die kind/adolessent se lewe motiveer die herdefiniëring van die verlies tydens elke ontwikkelingsfase op kognitiewe, emosionele en sosiale vlak. Hierdie herdefiniëring van die verlies skuif die individu na ’n hoër vlak van bevoegdheid, waarde en mag in die hantering van die lewe se tragedies. Die individu kan dan deur diep, hartseer gevoelens beweeg en die besef ontstaan dat hy/sy sal kan voortgaan, selfs in die afwesigheid van die geliefde. Hierdie vermoë om die emosies te kan ervaar, bring ’n nuwe sin van waagmoed en ’n uitgebreide, sterk kern self.

Die verskillende soorte verlies waarop die betrokke navorser gaan fokus tydens die uitvoering van die studie, word vervolgens bespreek.

### 3.4.2 Soorte verlies

#### *3.4.2.1 Die verlies van ’n geliefde*

Die verlies van ’n geliefde tydens adolessensie kan ’n magdom betekenisse insluit soos die verlies van ’n ouer as gevolg van die dood, die verlies van ’n broer/suster aan die dood, verlies van ’n hegte vriend(in) aan die dood óf ’n ander belangrike persoon in die individu se lewe. Dit is egter nie net die dood wat verlies veroorsaak nie. Laat-adolessente ervaar verlies tydens die skeiding wat egskeiding veroorsaak. Tydens die proses van egskeiding word die adolessent se selfkonsep sodanig aangeraak dat dit gewoonlik verander (Neuman, 1998:399). Vrae wat deur vriende, onderwysers en ander bekendes gestel kan word prikkel hierdie veranderingsproses binne die individu, omdat hierdie individue probeer om die vrae te beantwoord en hulleself hierdeur te verantwoord.

Die veranderingsproses sluit ook veranderde rolle sowel as die verandering in dinamika tussen groepe in. Binne elke adolessent wat verlies ervaar het, kan hierdie veranderingsproses wat plaasvind ’n waardevolle rol speel in die wordingsgang van die betrokke adolessent. Neuman (1998:400) beskryf die veranderde rolle van die gesinslede as die verandering van “werksverpligtinge” binne die veranderde

gesinstruktuur, maar dit is meer as blote werksverpligtinge, want dit vorm self-identiteit. Hierdie self-identiteite verander in die proses van verandering as gevolg van verlies. Die impak van 'n ernstige en diep heteroseksuele verhouding of homoseksuele verhouding wat opgebreek word, kan ook lei tot die ervaring van verlies en die impak hiervan op die wording van die adolessent behoort nie onderskat te word nie. Vir die doel van die studie sal die navorser veral fokus op die impak van die bogenoemde betekenisse van verlies in die wêreld van die adolessent.

*3.4.2.2 Die verlies van 'n ouer aan die dood*

*We do not want to lose our grief,*
*because our grief is bound up with our love.*
Philips Brooks, on the death of his mother, 1891.

Van al die soorte verlies, kan die afsterwe van 'n ouer sekerlik beskryf word as die verlies wat die grootste gevolge inhou vir die adolessent. Hierdie verlies behels nie net die afwesigheid van die liefde en daaglikse versorging wat die ouer voorheen uitgeoefen het nie, maar hierdie verlies lei tot minder stabiliteit in die huishouding en die daaglikse lewe verander drasties vir die adolessent en die res van die inwoners van die huis. Dit is dus nie net die verlies van die ouer wat 'n groot impak uitoefen op die adolessent se wordingsgang nie, maar die uitvloeisel van die verlies op die adolessent en die res van die gesin.

Die verlies van 'n ouer behels nie noodwendig dat die adolessent uitgelewer word aan 'n lewe wat gevul is met potensiële probleme nie. Dit beteken slegs dat die adolessent se lewe 'n drastiese nuwe wending aanneem (cf. Kübler-Ross, 1997:16-23, Di Ciacco, 2008:123-125). Hierdie verlies kan ook 'n verandering in die identiteit van die adolessent teweeg bring as gevolg van 'n skommeling in die homeostase van die adolessent. Hierdie skommeling word volgens Schoeman (2004a:117) veroorsaak deur die spanning wat ontwerp is tussen wie die adolessent nou is (moederloos/vaderloos) en wie die adolessent veronderstel is om te wees ('n ontwikkelende adolessent sonder die ervaring van erge trauma). Hierteenoor sal die adolessente introjekteerder soos

deur Polster en Polster (1974:76) beskryf, homeostase in sy identiteit probeer behou deur die verlies te probeer “verteer” om skommelinge in die homeostase te verhoed.

Volgens Dyregrov (2008:47) is die diepte van die pyn van die verlies van ’n ouer so penetrerend dat die realiteit hiervan aanvanklik op ’n afstand hanteer moet word omdat die emosionele grootte van die verlies slegs stap-vir-stap ingeneem en verder geïntegreer kan word. Di Ciacco (2008:124) beskryf die emosionele grootte van die verlies as die verlies aan ’n lewensmodel en -gids. Hierdie sterk behoefte wat bestaan by kinders en adolessente wat hierdie soort verlies ervaar, naamlik om die ervaring aanvanklik op ’n afstand te hou en geleidelik nader te bring na bewuste ervarings, word deur Dyregrov beskryf as ’n algemene verskynsel. Hierdie hantering van die enorme verlies word toegepas omdat kinders en adolessente nog nie hierdie diep en sterk emosies kan verdra of hanteer nie. Tekens van die enorme diepte van die verlies kan waargeneem word in die onmiddellike response van die adolessente wat die nuus pas ontvang het – party hanteer die nuus deur nié te huil nie, sekeres bars uit in ’n lag en ander reageer deur praktiese voorstelle te maak soos:

“Ek is nou die man van die gesin.”

“Kan ek deelneem aan die begrafnis?”

“Kan ek Ma se rooi skoene kry wat ek nog altyd begeer het?”

Dyregrov (2008:47) beskryf tipiese emosionele en gedragsreaksies wat deur die oorlewende kinders en adolessente geopenbaar word tydens die proses van die hantering van die verlies. Sommige adolessente kan optree en voortgaan asof niks gebeur het nie, terwyl verplasing van emosies kan plaasvind en die adolessent sterk reaksies kan toon in ander situasies wat nie hierdie sterkte van die emosies regverdig nie (hierdeur openbaar die adolessent die egte emosies wat ervaar word, maar dit word geïsoleer van die dood/verlies).

Die ontwikkeling van drome en fantasieë dat die ouer sal terugkeer kan voorkom en vrae oor reïnkarnasie kan begin ontwikkel, waar die adolessent nie voorheen daarin geglo het nie (navorser se ervaring in die praktyk). Adolessente kan die gebeure wat tydens die verlies plaasgevind het, herhaaldelik “oorspeel” in sy/haar gedagtes en bied dan ’n positiewer einde of ’n alternatiewe uitkoms (Dyregrov, 2008:47-60) en

kontakgrensversteurings kan ontwikkel tussen die adolessent en die oorlewende ouer of tussen die adolessent en sy/haar broer/suster. Groei vind uitsluitlik plaas op die kontakgrens tussen die ouer en die adolessent of die terapeut en die adolessent of die self en ander mense met wie ons in kontak is. Indien die adolessent sou onttrek as gevolg van die verlies, bestaan die moontlikheid dat ’n kontakgrensversteuring sou kon ontwikkel (Philippson, 2003:73).

Volgens Kaufman en Kaufman (2006:61-76) kan hierdie soort verlies die kwesbaarheid om sielkundige probleme te ontwikkel verhoog. Sielkundige probleme soos depressie, angs, woede-uitbarstings of ’n regressering van gedragsprosesse kan voorkom.

Volgens Saler en Skolnick (1992:504-516) kan die verandering van rolle (identiteitherdefiniëring) binne die gesin as gevolg van die afwesigheid van die ouer aanleiding gee tot langtermyn negatiewe gevolge op die wordingsgang van die adolessent, bv. ’n adolessente dogter kan haar ma se rol probeer vervang wanneer daar jonger kinders in die gesin is of sy kan probeer om haar pa te versorg. Silk, Shaw, Skuban, Oland en Kovacs (2006:69-78) sowel as Kübler-Ross (1997:98) is van mening dat die oorlewende ouer se skuldgevoelens en eie depressiewe gevoelens ’n impak kan uitoefen op die adolessent se wordingsgang.

Kübler-Ross (1997:185) wys daarop dat kinders en adolessente verskillend reageer op die verlies van ’n ouer. Sommige sal onttrek en hulleself isoleer, terwyl ander sal verkies om wild en luid te rou, in ’n poging om aandag te kry en die verlies (geliefde en nodige objek) te vervang.

Volgens Dyregrov (2008:50) toon adolessente dogters hoër risiko faktore vir depressie wanneer die moeder sterf as gevolg van die oorlewende ouer se verlaagde emosionele krag en hierdie ouer – in sekere gevalle – toon die onvermoë om die huislike atmosfeer van warmte, sorg en openheid vol te hou. Die adolessente seun kan sy pa se rol probeer vervang deur in te staan vir sy pa wanneer die moeder sukkel om haar nuwe en meer verpligtinge as enkelouer te vervul.

Die afwesigheid van die bekende taal en gesprekvoering van die ouer (gewoonlik hier veral met betrekking tot die verlies van die moeder) kan die omstandighede verswaar vir die vroulike adolessent wat emosioneel is en nie genoegsame

ondersteuning gebied word wanneer die oorlewende ouer minder sensitief is vir die adolessent se gevoelens en proses van rou (Riches & Dawson, 2000:360-374).

Kübler-Ross (1997:185-186) beskryf die gevaar dat adolessente hulle diep rou kan onderdruk indien hulle nie bygestaan word deur ’n empatiese volwassene nie. Hierdie onderdrukking van rou kan lei tot latere emosionele versteurings. Die betrokke navorser is oortuig dat hierdie emosionele versteurings verband hou met die adolessent se onvermoë om sy/haar identiteit te herdefinieër.

*3.4.2.3 Die verlies van ’n broer/suster*

Dyregrov (2008:55) beskryf kinders se reaksies op die dood van ’n broer/suster as soortgelyk aan dié van die verlies van ’n ouer, maar die graad van die verlies is gewoonlik minder met spesiale verwysing na intensiteit, duur en langtermyn gevolge. Kübler-Ross (1997:16) verskil van Dyregrov omdat sy beklemtoon dat niemand die dood kan voorstel as die werklike beëindiging van hierdie lewe wat ons ken nie en daarom kan geen mens peil wat die moontlike impak van die verlies van ’n geliefde op die adolessent se wordingsgang kan wees nie.

Die verlies van ’n broer/suster het veral ’n impak op die emosionele klimaat in die huis en hierdie faktor lewer ’n latere impak op die adolessent se wordingsgang. Die emosionele klimaat verander as gevolg van die verlies aan die “kuier-maat” in die huis, ouers wat treur en wat sterk roureaksies toon, sowel as ouers wat skielik angs ervaar dat hulle nog ’n kind aan die dood sal moet afstaan (cf. Dyregrov, 2008:55-56). Di Ciacco (2008:119) noem dat die adolessent wat ’n broer/suster verloor herhaaldelik herinneringe van die broer/suster probeer herroep, in ’n poging om die broer/suster “lewendig” te wil hou en dit is die opinie van die betrokke navorser dat die wordingsproses van die adolessent wat rou, ingeperk word. Die impak van die verlies van ’n broer/suster op adolessensie spruit grootliks vanuit die ouers se reaksies op die verlies van hulle kind (Dyregrov, 2008: 55-59), naamlik:

- ouers voel skuldig omdat hulle nie meer tyd afgestaan het aan die afgestorwe kind nie en kompenseer deur swakker grense aan die kind(ers) wat nog by hulle is, te stel;
- ouers se oorbeskerming wat volg vanuit die verlies van ’n kind kan die ontwikkeling van die adolessent se eie onafhanklikheid belemmer;
- ouers verwag partymaal van die kind, wat ná die verlies van ’n kind, gebore is, om in die voetspore van die afgestorwe kind te volg en hierdie onregverdige verwagting van die ouers het ’n direkte impak op die ontwikkelende identiteit van hierdie adolessent;
- wanneer ’n jonger broer/suster gesterf het wroeg die ouer adolessent baie keer met die idee dat hy/sy gewens het dat hierdie broer/suster nooit bestaan het nie en hierdie skuldgevoelens kan ’n impak uitoefen op die wording van die adolessent;
- ouers ervaar gewoonlik hoër stresvlakke as gevolg van die verlies van die kind en hierdeur word die wording en vorming van die adolessente identiteit weer eens geblokkeer, omdat die gesonde grens tussen ouer en kind versteur kan word en hierdeur word die onderskeid tussen die self (wie ek is) en ander versteur;
- kinders en adolessente se verwerking van die verlies van ’n broer/suster verskil van die ouers se verwerking daarvan. Ouers wroeg partymaal omdat die adolessente kind “aangaan” en nie die tipiese roureaksies toon wat hulle sou verwag nie en sodoende kan daardie adolessente wat “aangaan” skuldgevoelens ervaar en later ’n blokkasie in hulle wordingsgang ervaar.

Indien die adolessent gekonfronteer word met die tragiese verlies van ’n broer/suster, word hy/sy gekonfronteer met ’n realiteit wat die res van die adolessent se lewe sal beïnvloed en indirek ’n impak sal uitoefen op die wordingsproses van die adolessent.

*3.4.2.4 Die verlies van ’n grootouer*

Daar is baie adolessente wat ’n sterk band met hulle grootouers gevorm het en die verlies van so ’n persoon lei tot ’n roureaksie, maar hierdie reaksie se aard verskil van die verlies van ’n broer/suster en dié van ’n ouer, omdat ’n grootouer al redelik oud is en dood natuurlik gepaardgaan met ouderdom.

Volgens Dyregrov (2008:60) hou die verlies van hierdie geliefdes die potensiële gevaar in vir die adolessent dat angs geprikkel word dat ander geliefdes ook weggeneem sal word as gevolg van die dood. Die adolessent kan ook ervaar dat die ouers hom/haar nie toelaat om deel te wees van die volwassenes wat ’n dieper roureaksie toon nie. Indien die grootouers die adolessent versorg het, kan soortgelyke reaksies verwag word soos wanneer ’n ouer gesterf het.

*3.4.2.5 Die verlies van ’n vriend of vriendin*

Gedurende adolessensie kan die waarde van vriendskap op sekere terreine belangriker geag word as die waarde wat ’n ouer in die lewe van die adolessent vervul. Gouws *et al* (2000:75-81) ondersteun die siening van die betrokke navorser deurdat die verhoogde rol van vriende en vriendinne in die lewe van die adolessent benadruk word. Hierdie outeurs is van mening dat die rolle van die portuurgroep help met die emansipasieproses van die adolessent, sowel as die ondersteuning van die adolessent in sy soeke na ’n eie identiteit. Die rolle bied sosiale aanvaarding en ondersteuning aan die adolessent en bied ’n eksperimentele basis waarvandaan die adolessent kan ondersoek. Hierdie rolle bied kompetisie en die uitdaging om sy/haar wordingsgang te ontwikkel en help met die ontwikkeling van sosiale vaardighede. ’n Veilige basis word gebied in ’n tyd van verandering.

Die aard van die vriendskapsbande kan intens wees en sommige verhoudings kan sterk genoeg wees om die res van ’n leeftyd te duur. Sterk portuurverhoudings smee adolessente saam en die opbreek en hervat van hierdie soort verhoudings is gewoonlik dramaties en emosiebelaai. Daarom sal die verlies van ’n hegte vriendin/vriend lei tot intense emosies tydens die hantering van die verlies.

Min literatuur bestaan wat die gevolge van die verlies van ’n hegte vriend/vriendin aan die dood nagevors het, maar volgens Dyregrov (2008:61) word die aard van die

effek van sodanige verlies oorgesien in die volwasse wêreld. Na die dood van ’n vriend(in) kan al die roureaksies wat in die vorige verliese bespreek is, waargeneem word, maar die volwassene verkies om hierdie gedragsreaksies te ignoreer en om gesprek te vermy. Dit is die opinie van die betrokke navorser dat volwassenes verkies om sodanig te reageer, omdat hulle self nie gemaklik voel met die hantering van verlies nie en hulle bou eerder op die hoop dat hulle adolessente kind se wordingsgang minimaal geraak sal word deur die verlies. Dit is die volwassene se eie angs dat die adolessent se wordingsgang belemmer sal word en hierdeur word die verlies amper misgekyk. Hierteenoor beskryf Dyregrov (2008:61) die ouer se stilte as hulle vrees dat soortgelyke verlies hulle eie gesin sal tref. Hierdie hantering lei egter tot blokkasies in die spontane emosionele vloei van die ontwikkelende adolessent. Die ouer kan veral ’n waardevolle bydrae lewer in die emosionele groei van hulle kind, deurdat die volgende toepaslike temas aangeraak kan word, wanneer hulle adolessente kind gereed is daarvoor: eie en/of nuwe identiteit, impak van verlies op die individu maar ook op die sisteem, wordingsgang na die verlies.

*3.4.2.6 Adolessente verlies as gevolg van egskeiding*

*Hope is the thing with feathers – that perches in the soul.*
Emily Dickinson

Egskeiding of die vervreemding tussen ouers is een van die moeilikste lewenservaringe wat adolessente moet verwerk (Neuman, 1998:164). Robinson (2009:51) bevestig hierdie stelling, deurdat hierdie outeur egskeiding se impak op die adolessent beskryf as ’n ekstra las wat hy/sy moet dra. Studies het getoon dat slegs die dood van ’n ouer, suster/broer of van ’n hegte vriend(in) meer stresvol geag word as die adolessent se hantering van ouers wat skei. Die verlies wat ’n adolessent ervaar tydens die egskeiding of die vervreemding tussen ouers kan lei tot ’n rouproses wat soortgelyk is aan die rouproses tydens die dood van ’n geliefde (Kübler-Ross, 1997:15).

Adolessente beskik oor beter ontwikkelde hulpbronne as kleiner kinders om egskeiding te hanteer omdat hulle emosioneel ryper is en daarom die menslike aard

beter kan begryp (Neuman, 1998:164). Robinson (2009:64) dui op die gevaar dat ouers die fout begaan om hulle adolessente kinders te belas met emosionele geprekke oor die egskeidingsproses. Adolessente ervaar gewoonlik minder skuldgevoelens tydens hierdie verlies as jonger kinders, omdat adolessente spontaner kan deelneem aan dialoog (Neuman, 1998:164-165). Die betrokke navorser verskil egter van hierdie standpunt, want sy is van opinie dat adolessente moeiliker deelneem aan dialoog omdat hulle selfbewustheid verhoog tydens hierdie bepaalde ontwikkelingsfase en indien die adolessente hierdie konflik (volgens Erikson) opgelos het, sal hulle met selfvertroue kan deelneem aan dialoog (cf. Rice & Dolgin, 2005:175-176).

Yontef (1993:2-3) se beskrywing van die waarde van dialoog tydens enige hantering van trauma en/of verlies word ondersteun deur die betrokke navorser, aangesien kontak herstel kan word deur middel van dialoog en die adolessent se konsep van die self kan herstel of aangepas word. Kontak kan in die vorm van warmte, omgee, vertroeteling en aanvaarding bewerkstellig word (Yontef, 1993:3). Kontak met die self gee aanleiding tot die opname van eie verantwoordelikheid en hierdeur word blamering uitgeskakel in die hantering van verlies (cf. Neuman, 1998:165). Volgens hierdie outeur blameer adolessente hulle ouers vir die egskeiding, want sodoende kan adolessente hulle eie gevoelens van magteloosheid masker en Robinson (2009:64-65) benadruk die idee dat adolessente hulle ouers se rolle probeer plaasvervang, of selfs die rol van terapeut begin uitoefen.

Tydens die verlies van ’n geliefde tydens egskeiding óf die verlies wat adolessente ervaar wanneer ouers vervreemd raak, kan adolessente ervaar dat die volgende waardes besig is om te verbrokkel óf die adolessent kan die waardes van wedersydse vertroue, besluitnemingsprosesse, liefde, ideale en die ondersteuning deur gesagsfigure wat voorgehou is, bevraagteken (Neuman, 1998:165-166). Hierdie verydeling van waardes kan aanleiding gee tot ’n verhoging van onsekerheid en verwardheid by die adolessent en kan verder aanleiding gee tot identiteitsverwarring. In ’n tyd waartydens die adolessent die ontwikkelingstaak probeer bemeester om emosioneel te kan skei van die ouer(s), sal die paradoksale skeiding van ouers hierdie adolessent se wordingsgang moontlik kan belemmer of moeiliker maak, as gevolg van die pyn wat hy/sy herken in sy/haar ouers tydens die proses van egskeiding of verlies.

Die helende rol van identiteitherdefiniëring en die vermoë om “te word”, tydens terapeutiese intervensie, word hierdeur uitgelig.

### 3.5 SAMEVATTING

Vanuit bogenoemde het die potensiële impak van verlies op die adolessente kind se identiteit duidelik geword. Die diepte van die pyn wat die adolessent kan ervaar tydens die verlies van ’n geliefde, kan nooit onderskat word nie. Dit is die taak van die terapeut om te bepaal in watter mate die verlies ’n impak uitoefen op die funksionering en wording van die adolessent. Die impak wat adolessensie as ’n ontwikkelingsfase het op die identiteit van die kind is ’n bykomende faktor wat gedurig in ag geneem behoort te word tydens die hantering van die verlies van ’n geliefde. Die strewe om die “hoped for selves” te ontwikkel, te midde van verlies(e), en om voort te kan gaan, te midde van die pyn, vorm deel van die helende plan van die Gees.

Verskeie temas word in hierdie hoofstuk uitgesonder, met die spesifieke doel om dit moontlik te integreer in die semi-ongestruktureerde onderhoude. Die navorser ondersteun Fromm se siening dat die mens se behoefte aan ’n eie identiteit ’n spieëlbeeld is van sy/haar behoefte tot selfkennis. Selfkennis bemagtig die individu om die self in vryheid uit te leef en sy/haar plek vol te staan in die samelewing. Die wordingsgang van die individu kan hierdeur versterk word. Rice en Dolgin se siening dat selfkonsep dui op die evaluasie van die self dui op die terapeut se rol om die adolessent bewus te maak van hierdie evaluering van die self en die noue verwantskap aan Erikson se beskrywing van ego-identiteit.

Die emosionele klimaatsverandering by die adolessent se woning, as gevolg van die verlies aan die “kuier-maat” in die huis, of as gevolg van ouers wat self treur en wat sterk roureaksies toon, óf ouers wat skielik angs ervaar uit vrees dat hulle nog ’n kind aan die dood sal moet afstaan, behoort tydens terapeutiese intervensie aangespreek te word.

Die sterk portuurverhoudings wat adolessente saamsmee verklaar waarom die opbreek en hervat van hierdie soort verhoudings gewoonlik dramaties en emosiebelaai is. Daarom sal die verlies van ’n hegte vriendin/vriend lei tot intense emosies tydens die hantering van die verlies. Die wordingsproses sluit ook veranderde rolle sowel as die

verandering in dinamika tussen groepe in. Binne elke adolessent wat verlies ervaar het, kan hierdie veranderingsproses wat plaasvind 'n waardevolle rol speel in die wordingsgang van die betrokke adolessent. Die aspekte van veranderde rolle binne die gesinstruktuur behoort in ag geneem te word tydens die intervensieproses en gesprekke met die ouer(s) van die adolessent kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die laat adolessent se vorming van nuwe self-identiteite.

Die wordingsproses vereis waagmoed en innerlike sterkte wat die adolessente sal dryf, wat met die hulp en ondersteuning van versorgers en terapeute, hulle bemagtig om die volgende spektrum van emosies te eien en deur te werk.

In die volgende hoofstuk word identiteitherdefiniëring en die wordingsproses van hierdie adolessente kinders wat verlies ervaar het, ondersoek.

# HOOFSTUK VIER

# LITERATUURSTUDIE:

# DIE PROSES VAN WORDING EN IDENTITEITHERDEFINIËRING

## 4.1 INLEIDING

Die besluit om aan te beweeg en die eie wordingsproses te laat kristalliseer impliseer nie slegs dat die adolessent emosioneel groei nie, maar ook dat hierdie persoon eers beweeg na ’n “tussenin” ruimte. Josselson (1992:5) omskryf hierdie “tussenin” fenomeen waarna die betrokke navorser verwys, as die wyse waarop die individu ’n bepaalde ruimte vul. Die bewustheid en sinvolheid van eenheid word agtergelaat en ’n beweging in die rigting van skeiding en apartwees word tydens die “tussenin” ruimte geneem. Volgens die betrokke navorser behels die vermoë om “aan te beweeg” of wording; die skeiding of “laat gaan” van die eie self. Eenheid is al beskryf as “moeder-kind diade” (Spitz, 1965), “tweeledige eenheid” (Mahler, Pine & Bergman, 1975) en “eenwees” (Kaplan, 1979:27-31). Hierdie is almal fenomene wat verwys na die samesmeltende aard van die moeder-baba-verhouding gedurende vroeë baba-ontwikkeling, waar fisiologiese en sielkundige prosesse ongedifferensieerd is.

Om aan te beweeg, of om toe te laat dat die wordingsproses van ’n individu gedy, impliseer dus dat die ongedifferensieerde aard van ’n bepaalde verhouding se fisiologiese en sielkundige prosesse se grense ontwikkel. Edwards (2003:59) waarsku dat dit deel van die menslike aard is om eerder te ontken of om vasgeval te bly in bekende denkpatrone, lewenstyle of emosies as om aan te beweeg en die wordingsproses toe te laat om spontaan te gebeur. Tydens hierdie beweging in ’n nuwe rigting word die ou, bekende wêreld agtergelaat en die onbekende word betree. Die betrokke navorser verwys na hierdie nuwe en onbekende ruimte as die “tussenin” ruimte. ’n Oorgangsarea word betree. Die potensiaal om die wordingsgang van die eie menswees te stimuleer, te midde van verlies, word geaktiveer.

*"What is the chief end of man?"* Die Korter Weergawe van die Westminister Kategismus begin met hierdie vraag en die antwoord, soos verwoord deur twintig generasies van die teologiese erfgename van Johannes Calvyn is soos volg: *"The chief end of man is to glorify God and to enjoy him forever*" (Fowler, 2000:1). Dit is die mening van die betrokke navorser dat wording, of die "chief end of man", spirituele wording is. Spirituele wording behels dus morele rypwording waardeur 'n verantwoordbare lewenstyl geregverdig kan word.

Hierdie proses van wording is nie 'n konstante vloei van ontwikkeling nie. Levinson (in Fowler, 1999:23) gebruik die metafore van verskillende seisoene en seisoensverandering om die proses van wording te illustreer. Seisoene het hulle eie onderskeidende karakter, só ook elke fase in die wordingsproses van die individu. Die beeld van seisoene, met betrekking tot die wordingsproses, neem volgens Levinson verskeie vorme aan: lente is die tyd waarin bloeisels (tekens van die groeiproses word duidelik) verskyn, winter is 'n tyd van dood maar ook van hergeboorte en 'n nuwe begin. Adolessensie word deur Levinson beskryf as die seisoen van die lente, maar volgens die betrokke navorser sal die adolessent wat die verlies van 'n geliefde ervaar tegelykertyd 'n winter deurleef. Levinson beaam hierdie siening deurdat hy noem dat 'n individu verskillende seisoene op een dag kan beleef. Die adolessent se bewustheid van die wordingsproses is volgens die betrokke navorser van essensiële belang vir groei en ontwikkeling. Dit is van belang, omdat die organisering van aaneenlopende bewustheid volgens Polster (2005:203) gelykstaande is aan die ontwikkeling van betekenisvolheid. Die konfigurasie van die selwe, soos ook bespreek in hoofstuk drie, help die individu om te leer wie ons is en hierdie bewustheid van die wordingsproses dien as 'n sleutel tot die ontwerp van 'n sin van heelheid.

Elke adolessent en die belangrike ander in sy/haar lewe kan 'n bepalende rol speel in die adolessent se bewuswording en siening van die proses van wording. Volgens Fowler (1999:1) sal die rigting van die proses van wording alreeds sigbaar word in die volgende dimensies van die adolessent se lewe deurdat die besluitnemingsprosesse van die individu by elk van die onderstaande 'n blik kan bied op die toekomstige wording van die individu:

- wyse van skool gaan;
- interpretasie van leerervaringe sowel as die benutting van hulpbronne;
- vorming van waardestelsels;
- vorming en vaslegging van etiese norme;
- beroepskeuses en toekomsmoontlikhede.

Die wordingsrigting van die adolessent sal volgens die betrokke navorser duideliker word, indien die terapeut die verskillende projeksies van die adolessente wat ’n verlies van ’n geliefde ervaar het, ondersoek (sien hoofstuk vyf). Kliënte oor al die ouderdomsgrense heen maak gebruik van hulle kapasiteit om te projekteer, want dit bied ’n manier om na hulle eie lewe te kyk (cf. Perls, 1974:103-107). Dit verskaf ook ’n bril om na hulle lewensbesluite te kyk en die moontlikheid van nuwe uitkomste in hulle proses van wording kan ondersoek word. Yontef (1993:142) beweer dat projeksies dui op die individu se verwarring van die self en van ander, wat resulteer in die toewysing na die eksterne omgewing wat waarlik aan die egte self behoort. Die projeksie dui dus op ’n egte eienskap of droom wat die individu wat projekteer nie aan die self toe-eien nie.

Die hoop om aan te beweeg impliseer, volgens die betrokke navorser, dat die adolessent die bekende wat somtyds pynlik is agterlaat en ’n nuwe rigting kies om sy/haar menswees te verwesenlik. Die benutting van projeksies kan dien as ’n inoefening om die nuwe rigting te toets. Die oorgang of oorbrugging vanaf die ou bekende na die nuwe uitdaging om die wordingsproses ryker te maak, word vervolgens deur die betrokke navorser bespreek, sodat die proses van transformasie binne die individu wat verandering toelaat stelselmatig verduidelik word en sodoende word die eerste babatreë in die wordingsproses onder die soeklig geplaas. Hierdeur word begrip vir die moeilike aard van die transformasieproses gevestig.

## 4.2 DIE OORGANGSTYDPERK: DIE EERSTE STAPPE VAN WORDING

Oorgang, of die Engelse vertaling van hierdie fenomeen, naamlik “transition”, is afgelei van twee Latynse woorde wat “oorbrug” of “om deur te gaan” beteken (cf. Fourtounas,

2003:53). Gouws *et al*. (2000:120) omskryf hierdie fenomeen as ’n proses of periode van verandering vanaf een staat na ’n volgende. Volgens die betrokke navorser behels hierdie fenomeen dus ’n verandering of oorbrugging van een dimensie na ’n ander. Oorgang kan ook gedefinieer word as ’n periode waartydens daar van een lewenstaat na ’n ander beweeg word, met ’n interval van onsekerheid en verandering tussenin (Galan in Fourtounas, 2003:53).

Polster (2005:29-37) se beskrywing van introjeksies en die meegaande rol van konfigurasie sluit by hierdie bogenoemde perspektiewe aan. Volgens Polster (2005:33) sal alle vroeë ervaringe bestanddele word vir latere vorming van die self of wording, soos deur die betrokke navorser beskryf. Tydens die proses van konfigurasie wil die individu nuwe ervaringe inpas in sy/haar totale prentjie van die self deurdat soveel moontlik relevante en koherente ervaringe ingepas word. Hierdie ervaringe word volgens Polster (2005:9) vasgelê in sekere konfigurasies. Tydens die konfigurasieproses word die rou data van die individu se lewe geregistreer. Nadat registrasie plaasgevind het ontwikkel hierdie ervaringe in die herkenning van persoonlike eienskappe om uiteindelik deel te vorm van die self.

Hierdie konfigurasierefleks is ’n belangrike determinant in die integrasie van toekomstige introjeksies by die individu, veral in die bepaling van gesonde of ongesonde introjeksies (Polster, 2005:33). Di Ciacco (2008:110) beskryf adolessensie dan ook tereg as ’n oorgangsfase van menslike ontwikkeling, naamlik daardie lewensperiode waarin die adolessente kind ontwikkel in ’n jong volwassene. Vanuit die werke van Whitfield (2006:107) en Fourtounas kan die betrokke navorser so ver gaan as om wording dan ook te omskryf as ’n transformasieproses. Oorgang en wording kan as sinonieme hanteer word en hierdie fenomene impliseer dus verandering. Hierdie definisie omskryf ’n oorgangstydperk as ’n tydsperiode, ’n rolverskuiwing en ’n draaipunt wat met aspekte van onsekerheid en verandering gepaardgaan. Levinson (in Fourtounas, 2003:53) beskryf ontwikkelingsoorgang, of anders gestel, wordingsproses as die ontwerp van grenssones waardeur die individu die verbygaande era termineer en die nuwe, inkomende era inisieer. Volgens Allport (1969:15) is ’n aktiewe intellek nodig, sodat individue hulle dinamiese selwe kan ervaar, die gevoel van “behoort aan” kan behou, insig sowel as sluiting kan toepas tydens die verloop van hulle lewe. Die rol van

bewuswording by die adolessent ten opsigte van sy/haar veranderde self moet volgens die betrokke navorser geïntegreer word tydens die intervensie deur die terapeut. Polster (2005:200-201) bevestig hierdie standpunt deurdat hy noem dat bewuswording, selfrealisering sowel as die adolessent se persoonlike betrokkenheid tot die proses verhoog. Die adolessent se bewuswording van sy/haar ervaringe van die verlies, kan lei tot die bewustheid dat die adolessent se vorming van die self besig is om te verander. Polster (2005:203) noem dat bewuswording ook lei tot betekenisgewing by die individu. In Polster se eie woorde: *“The organization of continuing awareness into selves is part of the development of meaning. These selves help us to know who we are, which is a key to creating a sense of wholeness.”*

Gestaltterapie sluit aan by die siening van Fourtounas (2003:53) wat die wordingsproses se aanvang beskryf as ’n oorgangstydperk, deurdat verskillende dinamiese prosesse in aanmerking geneem word tydens die proses en nie net subjek-objek verhoudings nie. Volgens die betrokke navorser kan ’n sin van heelheid by die individu geskep word, indien die perspektief van holisme geïntegreer word in die terapeutiese proses.

Ruimte vir groei in die siel van enige mens is nodig vir die wordingsproses om te gedy. Vanuit hierdie perspektief word hierdie oorgang/verandering gesien as ’n reis oor ’n brug of deur ’n kanaal wat verandering of ’n lewenskuif van een leefstruktuur na ’n ander voorstel. Die belangrikheid van grense word hier beklemtoon sodat samevloeiing verhoed word. Volgens Perls, Hefferline en Goodman (1951:118) behoort die adolessente daardie punte van andersheid en plekke van verskille tydens die oorgang te herken en diskriminasie van die andersheid en/of verskille behoort plaas te vind, want in die afwesigheid van hierdie grense sal die adolessent nie die verrykende resultaat kan bereik tydens die veranderingsproses of wordingsproses nie. Hierdie sin en bewustheid van die grens of van die andersheid behoort eerstens deur die adolessent waargeneem te word, benader te word, gemanipuleer te word of geniet te word, want hierdie kontak gee aanleiding tot die verrysing en ontwikkeling van die figuur/grond. Volgens Josselson (1992:5) lê hierdie verrykende resultaat van wording of groei opgesluit binne nuwe betekenisgewing en die verdieping van menseverhoudinge. Die doel van die studie word ook hierin opgesluit, naamlik dat die adolessent wat die verlies

van ’n geliefde ervaar het, sodanige intervensie kan ontvang dat hy/sy nuwe betekenis kan gee aan sy/haar lewe en dat hierdie adolessente se menseverhoudinge na die intervensie kan verdiep. Die figuur/grond sal dus ’n nuwe vorm aanneem.

Die potensiaal om ’n nuwe ruimte in te neem, is die produk van verandering en wording. Volgens Fourtounas (2003:53-54) geskied die wordingsproses as gevolg van die individu se vermoë om emosies, gedagtes, objekte of mense te “laat gaan” tydens verlies. Dit is daardie beweging van die ervaring van eenheid na apartwees of om outonoom te funksioneer. Levinson beskryf hierdie oorgang in terme van die beskrywing van seisoensverandering en met spesifieke verwysing na die winterseisoen wat hergeboorte of die begin van ’n nuwe lewensiklus verteenwoordig (Fowler, 2000:23).

Ashbach en Shermer (1994:96) ondersteun hierdie siening deur die hantering van skeiding (ook as gevolg van verlies) soos volg te beskryf: *“Separation has to do with the boundary and space between mother and infant. It is a process of mutual distancing and of engagement from symbiotic and transformed psychic reality dependence”.* Volgens Di Ciacco (2008:110-111) kan adolessente wat verlies ervaar tydens hierdie oorgangsfase na jong volwassenheid, die druk-en-trek van die verlies en hierdie “vashou en laat gaan” van die oorgangsfase meer intens beleef.

Sekere dogmas, of anders gestel, introjekte, mag lei tot blokkasies ten opsigte van die individu se wil tot verdere wording. Vervolgens word sekere van hierdie dogmas binne die Leibnitzian-tradisie bespreek, omdat hierdie dogmas gesien kan word as introjekte. Hierdie introjekte kan lei tot die definiëring van blokkasies wat by die individu in sy/haar ontwikkelende lewe kan ontvou. Indien die blokkasies nie opgehef word nie kan dit die individu verhinder om sy/haar spontane wordingsgang te ontvou.

## 4.3 DIE LEIBNITZIAN-TRADISIE EN GESTALT-TEORETIESE PERSPEKTIEWE OM EMOSIONELE BLOKKASIES TE VOORKOM

Volgens hierdie tradisie is die individu die bron van alle handelinge. Handelinge is ook volgens hierdie tradisie doelgerig. Allport (1969:12) beskryf dat die individu volgens die Leibnitzian-tradisie slegs verstaan kan word na aanleiding van ’n verwysingraamwerk en hierdie verwysingsraamwerk word deur die individu self daargestel, naamlik die

individu se moontlike potensiaal in sy/haar toekoms. Fowler (2000:2) se siening stem ooreen met Allport se siening, deurdat hy verwys na die tendens in die sestigerjare tot ongeveer in die vroeë negentigerjare toe mense slegs raakgesien was as hulle hulle deugde en “bruikbaarheid” in diens van die gemeenskap ten volle ontgin het. Die identiteit van die mens as ’n spirituele wese was destyds nie genoeg om erkenning te gee aan die mens se bestaan in die samelewing nie.

Die betrokke navorser bevestig Allport se siening dat wording gedeeltelik opgesluit lê in handelinge, omdat sy glo dat elke mens se potensiaal in homself/haarself opgesluit is en dat die toekoms wag om hierdie moontlikhede te ontsluit. Ingrypende gebeure in die lewe van ’n individu (soos tydens die verlies van ’n geliefde), behoort ’n emosionele plek te word waar die individu eers ’n opname doen oor sy/haar lewe sodat hierdie gebeure toekomstige moontlikhede kan uitwys aan die individu wat pyn hanteer.

’n Kritiese bespreking van Allport (1969:12-16) se verwysings na die verskillende dogmas wat bestaan het binne die Leibnitzian-tradisie, word vervolgens binne die konteks van die Gestalt-teoretiese perspektief bespreek. Volgens die betrokke navorser kan blokkasies tot wording voorkom word indien die dogmas vanuit ’n Gestalt-teoretiese perspektief benader word om die individu se wordingsgang te laat gedy.

### 4.3.1 St. Thomas Aquinas se dogma

Hierdie dogma het ontstaan vanuit die perspektief dat die mens se intensies, lewensgerigtheid of bedoelinge in die lewe aanleiding gee tot die individu se proses van wording. Na aanleiding van die Gestalt-teorie kan hierdie verwysing na die intensies van die mens vergelyk word met die Gestalt-perspektief van gerigte bewustheid. Perls *et al*. (1951:73-135) onderskei tussen die tegniek van bewuswording en gerigte bewustheid. Perls *et al*. (1951:116) beskryf die bewuswordingstegniek as ’n metode om die individu se oriëntasie van die self ten opsigte van die omgewing en die fisiese organisme te ontwikkel, terwyl gerigte bewustheid fokus op die ontwikkeling van die vernouing en uitsondering van die individu se fokus van konsentrasie om ’n nuwe figuur/grond Gestalt te ontwikkel deur middel van oriëntasie en manipulasie. Deur middel van hierdie metode

word die stappe stelselmatig ontdek waardeur die individu probleme en blokkasies ontwikkel het.

### 4.3.2 Spinoza se leerstelling

Spinoza se leerstelling handel oor die nastrewing van selfbehoud en selfbevestiging (ook *conatus* genoem) wat volgens Spinoza die geheime sleutel bied tot alle wordingsprosesse. Die nastrewing van selfbehoud vorm ’n teenpool van selfloosheid. Selfloosheid as polariteit van selfbehoud kan volgens De Mello (1992:103-106) verstaan word vanuit die perspektief om die self toe te laat om te sterf, met die oogpunt om die self te vind. Dit is om die “is-not-ness” van wording te ontdek (cf. De Mello, 1992:105). De Mello (1992:90-95) dui egter ook op die waarde van selfbehoud wanneer die self, homself/haarself bewaar of beskerm om behoue te bly in die teenwoordigheid van ’n ander individu wat homself/haarself toelaat om die self te ontplooi. Vryheid as menslike waarde word hier geïntegreer in die wordingsproses van die mens. In De Mello (1992:93) se eie woorde: *“You go ahead and be yourself, that’s all right, but I’ll protect myself, I’ll be myself.”*

Polster en Polster (1974:76) se beskrywing van die introjekteerder wat verskille minimaliseer deurdat hierdie individu nie diskrimineer tussen wat sy/haar werklike behoeftes is en wat emosioneel verteer word al is dit nie ’n behoefte van die self nie. Hierdie teenstrydigheid wat Gestalt-terapie uitwys by die individu wat leef tot eie selfbehoud, bied die perspektief dat die introjekteerder alle inkomende inligting as ongeskonde en heilig verteer en hierdie inkomende inligting kan nie verwerk word nie en behoort aanvaar te word soos dit is (ter wille van selfbehoud).

Die resultaat hiervan is dat alle nuwe ervaringe in verband gebring moet word met vorige ervaringe, sodat die ongeskondheid van ervaringe *behoue* bly. Die aanvaarding van nuwighede word dus ook in die proses verwerp. Die lewe is dan slegs ’n variasie op wat alreeds ervaar is en sodanig word ’n blokkasie bewerkstellig teen enigiets nuuts. Die varsheid wat ontkiem vanuit die ervaring van die hier-en-nou word in hierdie proses vernietig.

### 4.3.3 Aristoteles se *Nichomachean Etiek*

Hierdie dogma verwys na die *megalopsychos* of die “high-minded man” wat ’n brug vorm vanaf Spinoza se leerstelling van die nastrewing van selfbehoud na die ander eindpunt, naamlik deugsaamheid. Die Afrikaanse gesegde “arbeid is adel” beskryf Aristoteles se etiek van menswees en wording wesenlik. Deugsaamheid of eerbaarheid, gewoontes in smaak, kunssinnigheid in vriendskap en die lewe van die publieke lewe het volgens Aristoteles se dogma enige individu wat in die gemeenskap gefigureer het, se menswees verhef en menslike waardigheid kon sodanig ervaar word. Die rigting van die individu se wordingsproses is dus aangedui deurdat die individu gestrewe het om hierdie deugde te ontwikkel (cf. Allport, 1969:1). Die nastrewing van hierdie dogma kan die individu help om homself/haarself te oriënteer en rigting te vind in die lewe, sodat mobilisering van die individu kan plaasvind. Hierdie dogma stem ooreen met die “cycle of experience” soos beskryf in Joyce en Sills (2001:34) waarin die persoon deur sekere fases van ’n siklus beweeg en dogma (introjekte) oorkom of assimileer. Indien die introjek nie geassimileer kan word nie, kan die persoon se proses belemmer word en kan hy/sy stagneer.

### 4.3.4 Die Amerikaanse kognitiewe teorie

Die Amerikaanse kognitiewe teorie beklemtoon self-aktiwiteit (autochthonous process) en hierdeur word Gestalt-konsepte vervang met minder dinamiese konsepte soos hipotese, verwagting en kognitiewe kragte**.** Dit is die betrokke navorser se opinie dat geïntegreerde Gestalt-konsepte tydens intervensie ’n groter impak uitoefen op die wordingsproses van die adolessent, omdat insig en bewuswording júis fenomene is wat wording laat ontplooi (Polster, 2005:200-203, 204).

### 4.3.5 Die rol van instinkte

Freud se vae klassifikasie van die rol van instinkte en dan weer McDougall se spesifieke verwysing na die taksonomie van instinkte, beklemtoon die sentrale rol van

instinkte in menslike gedrag, gedagtes, aanpassings en die lewe. Soos Allport reg laat geskied aan die funksie en impak van instinkte op die individu, onderwerp die mens homself/haarself aan hierdie instinkte wat met veelvoudige kragte die individu trek, druk en selfs kan kneus. Fourtounas (2003:27) verwys na die druk-trek proses wat ontwikkel tussen die adolessent en hulle ouers tydens die adolessente ontwikkelingsfase, vanweë die instink om te ontwikkel tot ’n eie individu en om outonoom te funksioneer. Volgens Rice en Dolgin (2005:242) gaan hierdie proses gepaard met pyn vir beide die adolessent en hulle ouers. Hierdie pynlike druk-en-trek proses tussen laat-adolessent en ouer behoort tydens die intervensiepogings in ag geneem te word om verdere blokkasies in die terapeutiese proses te elimineer.

Volgens die betrokke navorser kan die proses van wording dan beskryf word as ’n ontwikkelingsperspektief vir die individu se lewe. Volgens Fowler (1999:13-15) was Erik Erikson konstant besig met die kwessies van die groeiproses en krisisse waarmee die gesonde persoonlikheid gekonfronteer word. Hierdie besorgdheid van Erikson met kwessies van die ontwikkelende individu dien as ’n motivering waarom die betrokke navorser in hoofstuk drie hierdie klassieke skrywer se werke gebruik het in haar verwysings en bespreking van adolessensie en identiteit. Erikson het hierdie besorgdheid wat hy ervaar het gekombineer met ’n parallelle studie wat ondersoek het hoe gemeenskappe beter kan voorsien in die groeiende kind se behoeftes deurdat hy die destydse wyses van kinderopvoeding, leefwyses van die gesin/familie, die impak van institusionele instellings soos skole en gemeenskapsaksies se funksies ondersoek het vanuit die perspektief van moraliteit en emosionele sterkte. Erikson verwys gedurig na ’n *crisis* wat verwys na ’n “draaipunt”. Hierdie “draaipunt” verwys na daardie ontwikkelingstaak of ontwikkelingsmylpaal wat ontmoet behoort te word, deurdat die groeiende individu ’n bepaalde krisis of konflik moet oplos (vergelyk hierdie inligting wat in hoofstuk drie bespreek is). Die oplossing van die krisis lei tot die ervaring van oorwinning by die individu en binne die oplossing van die krisis word die algehele menslike sterkte van die individu sigbaar (cf. Fowler, 1999:15).

Die individu se wordingsproses ervaar dus draaipunte as gevolg van die oplossing van krisisse wat hy/sy ontlont en hierdeur kan die konstruksie van die wordingsproses van ’n individu voortgaan. Die betrokke navorser wil hieruit die gevolgtrekking maak dat

enige krisis, soos die verlies van ’n geliefde, die sterkte van die persoon se menswees na vore kan bring. Die omgekeerde kan egter ook gebeur omdat die kontakmaking met die hier-en-nou eenvoudig te veel pyn meebring en veroorsaak dat die adolessent verkies om te fokus op die verlede en die meegaande bekende ervaringe wat aan die adolessent bekend is. Alle nuwe ervaringe word uitgesluit. Fowler (1999:15-21) sluit hierby aan deur te bevestig dat elke opeenvolgende krisis in Erikson se gedefinieerde ontwikkelingshiërargie ook aanleiding kan gee tot die algehele verswakking van die individu se menswees, binne die konteks van die verswakking van menswees en terugbeweeg na die verlede. Die betrokke navorser haal aan: *“… each ascendant crisis also holds the possibility of an overall weakening of personhood”* (Fowler, 1999:15). Perls *et al.* (1951:295-296 verklaar hierdie moontlike verswakking van menswees deur te verwys na daardie individu wat ’n krisis of trauma beleef het wat herhaalde pogings aanwend om die onvervuldheid wat hy/sy ervaar vanweë die krisis/trauma of verlies te wil vul en elke keer lei tot ’n gevoel van onvergenoegdheid en onvoltooidheid, omdat die individu nie vervulling ervaar nie. Die verlies en onveranderde aard van ’n trauma of verlies lei dan tot ’n blokkasie in die wordingsproses en die verarming van menswees vind plaas omdat die individu herhaaldelik wil terugkeer na die verlede en die verlies van die realiteit.

Vanuit bogenoemde blyk dit duidelik dat die rol van die terapeut ’n daadwerklike verskil kan maak in die hantering van ’n krisis tydens adolessensie. Die rede hiervoor is dat “dubbele” krisisse, naamlik ontwikkelingskrisis en die verlies, die gevaar inhou dat die adolessent nie oor die sterkte beskik om albei krisisse te hanteer nie en sodanig kan die wordingsgang van die adolessent ’n draaipunt ervaar waarin die swakker deel van die individu se menswees die rigting van die wording kan begin dikteer.

In teenstelling hiermee verwys Allport (1969:34-35) na kreatiewe wording wat ontwikkel vanuit die individu se persoonlike identiteit. Allport verwys ook na *selfuitbreiding* wat volgens die betrokke navorser verwys na die wordingsproses van die individu, maar ook sy/haar identiteit (Allport, 1969:122). Meyer en Van Ede (1990:95) noem dat die proses van selfuitbreiding alreeds vanaf omtrent vierjarige ouderdom begin wanneer die kinders al hoe meer waarde begin heg aan hulle besittings soos hulle ouers, maats en ander geliefdes. Hierdie selfuitbreiding is volgens Meyer en Van

Ede se mening ’n lewenslange proses en die betrokke navorser sien selfuitbreiding as ’n noodsaaklike proses wat ook identiteit-herdefiniëring moontlik maak. Die herdefiniëring van identiteit maak dit moontlik vir die individu om te kan kies, hervorm, transendeer en/of transformeer.

Daar is egter min studies wat fokus op gesonde mense wat nie net hulle lewe wil bewaar nie, maar wat ook strewe om hulle lewe sodanig te konstrueer dat dit die moeite werd is om te lewe (cf. Allport 1969:18). Die volgende afdeling wil juis perspektiewe bied om gesonde adolessente wat verlies beleef het, te ondersteun tot die herkonfigurasie van hulle waardevolle lewens. Hierdie herkonfigurasie van die self kan beskryf word as ’n transformasieproses van wording.

## 4.4 TRANSFORMASIE AS WORDING EN OPHEFFING VAN BLOKKASIES

Whitfield (2006:107) beskryf wording as ’n transformasieproses en volgens hierdie outeur behels transformasie dat die individu vry raak, heel raak, maar ook vervulling ervaar. Vanuit Whitfield se werk kan die betrokke navorser die proses van wording nie net beskryf as ’n transformasieproses nie, maar ook soos die beskrywende woorde van Whitfield (2006:107) as ’n “forming over” proses verder omskryf.

Herstrukturering en identiteit-herdefiniëring sou ook beskrywende fenomene wees van transformasie en wording (cf. Van Vuuren, 2006). Volgens Van Vuuren (2006) is transformasie ’n proses van wording wat behels dat die adolessent ’n emosionele skuif maak waardeur hy/sy begin om te lewe om daardeur uitdrukking te gee aan sy/haar wese. Die betrokke navorser het die belangrikheid van die bewuswordingsproses besef tydens ’n terapeutiese gesprek met ’n adolessent wat verlies ervaar het en onbewustelik vasgeklou het aan introjekte om die verlies “lewendig” te hou. Om die proses van wording te kan ontplooi, moet die adolessent gelei word om sy/haar bewustheid of bewuswording van elemente in sy/haar lewe te hervorm, transformeer of herstruktureer. Yontef (1993:185) sluit by hierdie gedagte aan deur uit te wys dat bewustheid altyd te doen het met die hier-en-nou en dus die bestaansreg van bewustheid bevestig in die adolessent se proses. Joyce en Sills (2001:33-36) vind aansluiting by Yontef se idee van die bewustheid in die hier-en-nou deur te verwys na die metaforiese “cycle of

experience", wat verwys na die vloei van bewustheid of anders gestel, die siklus van kontakte. Die hele wordingsproses kan dan (volgens Joyce & Sills se "cycle of experience") omskryf word as die identifisering van fases vanaf die moment waarin *sensasies* of *behoeftes* na vore kom; wat oorgaan in die *herkenning/bewustheid* hiervan; die *mobilisering* van die bewuste behoeftes deur beplanning, besluitneming, voorbereiding; die *aksie of reaksie* van die individu deurdat hy/sy uitdrukking gee aan 'n nuwe bewustheid, begin eksperimenteer en begin om gedagtes te deurdink; *kontakmaking* wat slegs kan gebeur deur middel van kragtige, sterk ontmoetings en I-thou verhoudings; wat aanleiding gee tot die gevoel van *bevrediging* deurdat daar 'n nuwe integrasie plaasgevind het deur aanvaarding en herwaardering van die lewe as gevolg van die verlies van 'n geliefde en die individu se *onttrekking* van die lewe; die proses van "letting go" van ou belangstellings en onsekere beleggings wat aanleiding gee tot die *vrugbare leegte* waarin die ekwilibrium van die individu herstel kan word en rus kan intree in die ongedifferensieërde veld. Hieruit bestaan die moontlikheid dat ontluikende sensasies en behoeftes na die voorgrond kan tree en weer eens aanleiding kan gee tot die siklus van ervaringe. Volgens Polster en Polster (1974:36-38) se perspektief sal die siklus van ervaringe nie voltooi kan word nie indien onvoltooidhede of "unfinished business" die vloei van spontane energie blokkeer. Hierdie siklus van ervaringe se spontane vloei behoort deur middel van terapeutiese intervensie herstel te word, sodat die individu se wordingsproses onbelemmerd kan ontvou.

Weaver (2001) gaan voort om die belangrikheid van sensoriese bewustheid in die wordingsproses te beklemtoon, want Weaver se perspektief is dat die inoefening van sensoriese bewustheid die praktyk van wording tot aanraking met die self definieer. Deur middel van die ontwikkeling van bewustheid word die adolessent ook bewus van sy/haar eie krag, sterktes en so ook swak eienskappe waarmee hy/sy kan identifiseer (Lubbe, 2003:38) om probleme op te los (Galloway, 2001:51). Die betrokke navorser se opinie is dat identiteit-herdefiniëring 'n vorm van probleemoplossing is. Die betrokke navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat al die bogenoemde teorieë deurgetrek kan word na die "cycle of experience", deurdat daar tydens *sensasie, bewustheid, mobilisasie, aksie, kontak, satisfaksie, onttrekking* en die *vrugbare leegte* verskillende kontakgrensversteurings kan bestaan by enige individu wat die wordingsproses kan

belemmer. Die waarde van hierdie perspektief is nuut en kan ’n bydraende rol speel in die ontwikkeling van die terapie tydens identiteit-herdefiniëring. Polster (2005:131) sluit aan by hierdie gedagteverloop en noem dat die sleutelbestanddele vir die vorming van die self *kontak, bewustheid* en *aksie* is. Volgens Polster speel kontak, bewustheid en aksie ’n primêre rol in die terapeutiese herkonfigurasie van die selwe. Polster noem dat slegs Gestalt-terapie teorie van al die ander terapeutiese teorieë *kontakmaking* beskryf het as ’n eenvoudige menslike behoefte wat ingesluit behoort te word in die hier-en-nou van terapie. Polster (2005:132) wys op die funksie van terapeutiese rekonstruksie van die selwe, sodat nuwe ervaringe van kontak deur die individu ervaar word om ’n nuwe integrasie in die selwe te bewerkstellig wat beter gekonnekteer is met werklike ervaringe in die hier-en-nou.

’n Bespreking van die kontakgrensversteurings, sowel as die gepaardgaande blokkasie(s) wat kan ontstaan as gevolg van die kontakgrensversteuring, volg omdat hierdie bespreking perspektief kan bied in terme van die opheffing van die blokkasie(s) tydens terapie:

Volgens Joyce & Sills (2001:114) vind **retrofleksie** plaas wanneer die individu sy/haar impuls (soos taal, uitdrukking van emosies of gedrag) terughou as ’n reaksie. Perls *et al.* (1951:146-147) beskryf retrofleksie as die proses wanneer die individu aktiwiteite na binne herlei en in die proses homself/haarself in plek van die omgewing plaas as teiken van gedrag. Die herstel van die blokkasie vind plaas wanneer die retroflekteerder bewus word van hierdie blokkasie en bewus word van die gevoel *wanneer* en *hoe* die individu retroflekteer. ’n Outomatiese herstel van die blokkasie vind plaas (Joyce & Sills, 2001:114-116).

**Introjeksie** is die proses waar ’n opinie, houding of instruksie sonder enige bevraagtekening vanuit die omgewing opgeneem word asof dit waar is (Joyce & Sills, 2001:125). Vanuit ervaring deur die betrokke navorser word introjeksies opgehef deur die introjek te vergroot en die individu te lei om die volle implikasies van die introjek te evalueer en sodanig word die blokkasie oorkom.

**Defleksie** dui op daardie individue se gedrag wat ’n interne stimulus of ’n stimulus van die omgewing ignoreer of afwys in ’n poging om volle bewustheid of herkenning te voorkom. Individue deflekteer van hulle gevoelens en impulse deur aanhoudend te

praat, te lag vir hulleself in plaas daarvan om die self ernstig op te neem, of om ander se behoeftes te versorg in plaas van hulle eie. Die blokkasie kan hanteer word deurdat die terapeut volhard om die betrokke onderwerp te bespreek waarvan die individu wil deflekteer of om die individu te stop en die gesprek te rig. Deur die benutting van hierdie terapeutiese strategie, sal die individu leer om volle bewustheid te kan hanteer (cf. Joyce & Sills, 2001:116-117).

**Egotisme** word as self-refleksie beskryf wanneer dit op ’n gesonde wyse benut word. Egotisme as ’n gewoontevormende aanpassing word gekenmerk deur oormatige pre-okkupasie van eie gedagtes, gevoelens, gedrag en effek op ander. Die pre-okkupasie kan positief en waarderend wees, maar dit kan ook krities en selfondermynend wees om ware verhoudingskontak te vermy. Die terapeut se bewustheid van die individu se egotisme is belangrik in die opheffing van die blokkasie, deurdat die terapeut die individu se gedagtegang verbreek en uitnooi om deel te neem aan die lewendige gesprek in die hier-en-nou. Die terapeut kan empatiese gedrag openbaar oor die individu se gedrag, hom/haar bewus maak van die indruk wat die individu op ander maak of die individu gerus stel en noem dat hy/sy nie altyd reg hoef te wees nie (Joyce & Sills, 2001:122-123). Spontane gedrag deur die kliënt sal waardeer word in die terapeutiese situasie en die terapeut kan spontaan optree as ’n wederkerige reaksie.

Tydens **samevloeiing** wroeg die gefikseerde persoon met die konsep van nabyheid en/of apartheid en die persoon wat die nabyheid van ’n ander persoon vrees, los die probleem op deur óf in samevloeiing te gaan met die ander persoon óf om sielkundig te onttrek van die persoon. Tydens intervensie kan die terapeut die individu aanspoor om “Ek”-stellings te maak en die terapeut kan stellings maak deurdat die terapeut met “Ek” begin. Die blokkasie kan herstel word deurdat die terapeut daardie vrese aanspreek wat te make het met vervreemding, eindes en verlies. Die terapeut kan opsies opper aan die individu om die pad vorentoe oop te klowe, maar die geleentheid wat gebied word aan die individu om ’n keuse te maak, is belangrik vir die verdere ontwikkeling en versterking van die self in ’n verhouding tot mense (Joyce & Sills, 2001:120-121).

**Desensitisering** behels ’n meer sensitiewe vorm van afskakeling op die vlak van die binnesone van bewustheid. Om die blokkasie na bewustheid te verlig, kan die terapeut die kliënt lei om te gesels oor hoe hy/sy mag voel in ’n besondere situasie of hoe die individu dink ’n ander persoon sal reageer in ’n gegewe situasie (Joyce & Sills, 2001:118-120).

Volgens Jennings (in Schoeman, 2004:163-164) behoort die rol van **projeksies** (wat ook aansluit by die “cycle of experience”) tydens die wordingsproses nie uitgesluit te word nie. Schoeman (2004:163) sluit hierby aan deur die rol van projeksie te beklemtoon tydens die helingsproses van die adolessent en die proses om sin te maak van sy/haar wêreld. In Yontef (1993:185) se eie woorde: *“A projection is often an awareness, a new coming together, which excludes an unchanging way of seeing the world. For this reason, a child may project a situation every day in a different way.”*

Die rol van projeksie behoort dus nie onderskat te word tydens die herdefiniëring van identiteit as ’n proses van wording by die adolessent wat verlies ervaar het nie, omdat projeksie ’n eienskap of gevoel of ’n soort gedrag is wat eintlik eie is aan die persoonlikheid van ’n individu, maar nie aanvaar word as deel van die persoonlikheid wat behoort te verander nie (Perls *et al*., 1951:211). Perls *et al.* (1951:211) noem verder dat projeksie slegs kan plaasvind te midde van retrofleksie en samevloeiing.

## 4.5 IDENTITEITHERDEFINIËRING AS ’N PROSES VAN WORDING TOT INDIVIDUALITEIT

Allport (1969:34) beklemtoon in sy werk (rakende die proses van wording en ontwikkeling na die ervaring van menswees) die belangrike rol wat daardie kindervaringe van sekuriteit en liefdevolle verhoudings in die individu se wordingsproses speel. Allport voeg ook by dat ander ervaringe in die individu se lewe, wat teenpole vorm van sekuriteit en liefde, ongelukkig ook ’n onuitwisbare impak kan uitoefen op die individu se wordingsproses. Fowler (1999:18) sluit by die gedagteprosesse van Allport aan deurdat hy die fenomeen *intimiteit* gebruik het om die sentrale emosionele krisis te beskryf om vanaf adolessensie na jong volwassenheid te ontwikkel, of te “word”.

Fowler gebruik die fenomeen intimiteit om hierdeur te verwys na ’n gereedheid om die self te begewe in verhoudings van emosionele nabyheid. Intimiteit vereis volgens Fowler (2000:18) se interpretasie van Erikson se model, ’n element van eksklusiewe betrokkenheid en deelname (“sharing”). Die teenoorgestelde van intimiteit, naamlik “om die self te isoleer”, kan versterk word deur diegene wat nie die sterkte openbaar in die proses om liefde toe te laat in hulle lewens nie. Die noodsaaklikheid van verantwoording tot besluitneming deur die adolessent word onderstreep. Hierdie keuses kan bepaal of die adolessent se wording kreatief en ryk is (Gladding, 2000:222-223).

Buiten isolasie kan die individu fusie ervaar, of samevloeiing van verskillende beelde om ’n enkele stereotipiese persepsie te vorm, om die self hierdeur te beskerm en fusie te integreer as ’n alternatief om intimiteit in sy/haar lewe uit te laat. Fowler (2000:18) beklemtoon dat hierdie soort nabyheid grense, sowel as individualiteit afbreek óf die ontwikkeling van individualiteit voorkom en hierdeur word die ervaring van egte intimiteit in die opsig van kontakmaking (sonder kontakgrensversteurings) onmoontlik gemaak. Volgens die betrokke navorser sal die vorming van identiteit beïnvloed word tydens die verlies van ’n geliefde wanneer die adolessent se ervaring van intimiteit en liefde hierdeur skade gelei het. Liefde is dus die sterkte wat ontwikkel vanuit die ervaring van intimiteit. In terme van die wording van die mens speel intimiteit en liefde ’n essensiële rol in die heling van die mens.

Allport (1961:34) verskil egter van Fowler se sienings dat liefde en sekuriteit dáárdie behoeftes is wat beantwoord behoort te word sodat die adolessent sy/haar identiteit kan vestig, sy/haar identiteit kan herdefinieër sodat sy/haar wordingsproses kan gedy. Allport is van mening dat persone optimaal kan ontwikkel ten spyte van ’n gebrek aan behoeftebevrediging en aanvaarding. Hierdie skrywer koppel sy redenasie aan sy konsep van propriale strewing en opportunistiese funksionering. Opportunistiese funksionering dui op daardie gedrag van die individu wat gerig is op die bevrediging van drange en biologiese voortbestaan, terwyl propriale strewing dui op die intensionele toekomsgerigtheid van die wilsvrye individu. Hierdie individue beskik oor die vryheid om hulle eie doelstellings te formuleer en dus bewustelik en gemotiveerd hulle toekoms te ontwerp (cf. Allport, 1961:4-49).

Rogers se teorie word veral gebaseer op een of albei ouers se aanvaardende liefde wat die individu se wordingsgang tot die identifisering van die self as ’n individu laat ontplooi. Die wordingsgang van die individu, dui volgens Rogers op die rigting waarin die individu beweeg en nie op ’n bestemming nie (Moore, 2000:500-502). Volgens die betrokke navorser word figuurgrond en agtergrond se relevansie veral beklemtoon tydens die intervensiepogings van die terapeut om ’n kliënt te lei tot oriëntasie en nuwe rigtings. Volgens die betrokke navorser kan die individu sy/haar rigting van wording ook bepaal deurdat hy/sy identiteitherdefiniëring toepas. Die adolessent wat “aan beweeg” sal mettertyd ervaar dat sekere waardes, idees, doelwitte en/of praktyke nie meer bruikbaar of sinvol is nie en kan dan met behulp van identiteitherdefiniëring sy/haar lewe verfyn (Rice & Dolgin, 2005:175).

In Meyer en Van Ede (1990:98) word die onderskeiding wat Maslow maak tussen laevlakbehoeftes en hoëvlakbehoeftes beklemtoon. Volgens hierdie outeurs noem Maslow die selfaktualiserende persoon daardie optimaal ontwikkelende persoon wat op sy/haar hoogste vlak funksioneer of soos deur die betrokke navorser genoem, ’n persoon wat sy/haar wordingsproses verwesenlik as gevolg van ’n veilige, warm en vriendelike atmosfeer waarin die persoon die moed aan die dag lê om met nuwe idees te eksperimenteer (cf. Moore, 2000:465). Die eksperimentering met nuwe idees kan volgens die betrokke navorser aanleiding gee tot veranderde gedagteprosesse wat aanleiding kan gee tot die herdefiniëring van identiteit, veral na die ervaring van verlies van ’n geliefde. Perls *et al.* (1951:xii-xiii) het ’n soortgelyke siening deur te verwys na die Gestalt-teorie se siening dat die kliniese situasie behoort te verander na ’n eksperimentele situasie van ervaringe. Implisiete of eksplisiete verwagtinge deur die terapeut word weggeneem en gegradeerde eksperimente (nie take nie) word deur die individu beoefen. Hierdeur kan die individu self ondervind watter gedagtes, emosies of gedrag aanleiding gee tot die indringing en blokkasie van die voltooiing van die Gestalt.

Volgens Maslow (in Meyer & Van Ede, 1990:98) kan hierdie vlak slegs bereik word wanneer die individu se laevlakbehoeftes/gebreksbehoeftes gereeld bevredig word én wanneer die individu sekerheid ervaar dat sy/haar laevlakbehoeftes gereeld bevredig sal word. Hierdie laevlakbehoeftes sluit die volgende behoeftes in: fisiologiese behoeftes (byvoorbeeld die behoefte aan kos); veiligheidsbehoeftes (die behoefte aan

fisiese veiligheid); aanvaardingsbehoeftes (soos om van mense in die omgewing liefde te ontvang); die behoeftes aan agting en selfagting.

Die balans tussen die beantwoording van die behoefte aan liefde teenoor die behoefte om nie emosioneel versmoor te word nie is ook ’n tegniek wat deur die adolessent ontwikkel behoort te word (Fowler, 1999:18; Meyer & Van Ede, 1990:98). Intimiteit is volgens Polster (2005:189) ’n voorbeeld van die lewenslange soektog na samevloeiing. Volgens hierdie outeur herstel samevloeiing ’n natuurlike vroeëre toestand, wat al hoe moeiliker word om te bevredig soos die kragte van skeiding en verlies ’n ontwikkelingskenmerk begin maak. Die betrokke navorser wil hierdeur die belangrikheid van die kweking van ’n individuele identiteit beklemtoon wat liefde kan ontvang, maar ook kan gee. Polster (2005:189) verwys na die “touchstone” van intimiteit wat in sterkte verminder en hierdie vermindering aan die behoefte aan intimiteit gaan gepaard met lewenservaringe van verlies. Volgens die betrokke navorser sal die adolessent wat ’n geliefde verloor het, nuwe gedagteprosesse ontwikkel vanuit die pyn wat hy/sy ervaar (Perls *et al.,* 1951:xii). Hierdie gedagteprosesse kan ’n invloed hê op die ontwikkelende adolessent se wordende identiteit, nadat verlies ervaar is. Soos die adolessent groei sal hierdie individu weer gekonfronteer word met hierdie krisis om intimiteit in sy/haar lewe toe te laat of nie. Allport (1969:122) maak die stelling dat die mens is (nie word nie) wat hy/sy liefhet. Yalom (in Polster, 2005:149-151) verwys eerder na die naakte ervaring van menswees, wanneer die individu sodanig in kontak is met homself/haarself dat die individu bewus word van die interaksie van die populasie van selwe.

Die rol van die terapeut is om ’n bewustheid van die rol van liefde in die wordingsproses van die adolessent uit te wys op sy/haar weg na volwassenheid. De Mello (1992:175-176) beklemtoon ook die belangrikheid van liefde in die wordingsproses met die volgende:

> *It is not from lack of religion in the ordinary sense of the word that the world is suffering, it is from lack of love, lack of awareness. And love is generated through awareness and through no other way, no other way. Understand the obstructions you are putting in the way of love, freedom, and happiness and they will drop. Turn on the light of awareness and the darkness will disappear.*

## 4.6 VOORSTELLE VANUIT DIE LITERATUUR OM DIE ONTWIKKELING VAN EMOSIONELE STERKTE TE LAAT GESKIED TYDENS EN NA DIE VERLIES VAN 'N GELIEFDE BY LAAT-ADOLESSENTE

Hierdie afdeling bied voorstelle vanuit die literatuur wat in gedagte gehou behoort te word om adolessente wat verlies ervaar het, te ondersteun om hulle wordingsgang te laat ontvou. Dit behels nie terapeutiese tegnieke nie en kan 'n leidende rol speel wanneer die betrokke navorser die terapeutiese intervensie beplan tydens die empiriese ondersoek. Die voorstelle word vervolgens bespreek:

### 4.6.1 Voorstel een: Skep van kalm ruimte tydens terapeutiese intervensie

Robinson (2009:37-38) beveel aan dat ouers wat deur 'n egskeidingsproses gaan moet leer om los te maak van mekaar, want hierdeur ontwerp die ouers 'n groter ruimte/spasie tussen mekaar na die egskeiding. Vrede tussen die ouers word bewerkstellig en gesonde ouerskap word sodanig ontwerp. Hierdie kalm terapeutiese ruimte wat geskep word sal dus per implikasie ook 'n konstruktiewe impak uitoefen op adolessente wat verlies ervaar het as gevolg van ander faktore. Hierdie "kalmer ruimte" word dan ook rondom die kinders ontwerp en dit help kinders en adolessente om hulle wordingsgang voort te sit. Volgens die betrokke navorser help die kalm ruimte die adolessente om perspektief te vind en om hulle identiteit te herdefinieer.

### 4.6.2 Voorstel twee: Werk met kontraste van huidige en vorige ervaringe

Hartseer, verwarring en onsekerheid word ervaar wanneer die adolessent se leefwêreld kontrasteer of bots met hulle vorige ervaringe. Hierdie kontraste in die leefwêreld van die adolessent kan volgens Robinson (2009:38-39) aanleiding gee tot trauma in hulle lewens en sodanig word die wordingsgang uiteindelik belemmer as gevolg van die kontinue angs en/of verlange omdat hulle nie 'n sekere ouer sien of mee kontak het nie. Vanuit 'n Gestalt-terapeutiese perspektief verhinder die adolessent homself/haarself om kontak te maak met nuwe uitnodigings in die hede, as gevolg van hierdie "vasklou" aan

die verlede (Perls, 1974:103-107; De Mello, 1992:129-132). Die betrokke navorser is van opinie dat ouers wat skei die poging moet aanwend om die kinders en adolessente se leefwêreld bestendig te probeer hou. Ouers moet amper die kopskuif maak dat hulle die kinders moet gaan besoek by hulle veilige tuiste van voor die egskeiding en nie die kinders wat die ouers moet gaan besoek by ’n nuwe en vreemde tuiste nie (Van Vuuren, 2006). Rice en Dolgin (2005:257) benadruk die ervaring van verlies wat ’n adolessent kan ervaar tydens die egskeiding of vervreemding van ouers, deur die volgende prosesnotas tydens ’n terapiesessie aan te haal: *“The hardest thing for me was to get used to being without my father. I never realized how much I needed him until he left.”*

### 4.6.3 Voorstel drie: Spreek argumentele verskille en veranderinge tussen ouers, maar ook tussen ouers en adolessente, aan

Tydens egskeiding argumenteer ouers en hierdie argumente kan volgens Robinson (2009:51) ’n impak uitoefen op die adolessent se wordingsproses. Die wordingsproses kan belemmer word omdat ouers self sukkel om die veranderinge te hanteer en Robinson dui daarop dat ouers tydens hierdie krisishantering rigied raak. Adolessente het juis ’n behoefte aan minder rigiede reëls en hantering van die self. De Mello (1992:141-142) ondersteun die betrokke navorser se mening dat die wordingsproses van die adolessent baat sal vind in ’n omgewing waarin ouers bewus word van hulle adolessente kind se proses en ’n poging aanwend om hom/haar te ontmoet. Rice en Dolgin (2005:242) sluit by hierdie gedagte aan deurdat hierdie outeurs die belangrike rol van probleemhantering benadruk tydens die ontwikkeling van die adolessent se identiteit, want deur die oplos van verskille tussen die ouers en die adolessente kan die adolessente hulle eie identiteite verhelder.

### 4.6.4 Voorstel vier: Werk deur basiese behoeftes van adolessent

Moore (2000:463-466) wys op Maslow se siening dat liefde en sekuriteit daardie basiese behoeftes is wat herstel behoort te word, indien die adolessent ’n gebrek

hieraan ervaar ná die verlies wat ervaar is. Ouers kan, volgens die betrokke navorser, liefdevolle optredes openbaar wanneer die adolessent woede ervaar. Volgens De Mello (1992:137-140) kan adolessente wat toegelaat word om in kontak te beweeg met hulle woede, nader aan hulle eie realiteit begin leef en uiteindelik hulle lewe begin aanvaar. Illusies oor hulle lewe kan vervaag en ware geluk kan ontdek word vanuit die kontak met realiteit. Alhoewel hierdie nie 'n maklike taak is nie kan die ouers hulle emosionele sterkte hierdeur openbaar en sodanig sekuriteit bied aan die adolessent.

### 4.6.5 Voorstel vyf: Doen selfkonsepontwikkeling binne die gesinsverband

Prochaska en Norcross (2003:77) fokus op die ontwikkeling van 'n sterk selfkonsep deur middel van die ontwikkeling van bewustheid in die gesin, wat ook as 'n groep kan funksioneer. 'n Lewe wat geleef word om ander se waardes te bevestig, gee aanleiding tot die skepping van 'n self wat hoë selfwaarde verdien. Die selfwaarde lê, volgens die betrokke navorser, dan in die spieëlbeeld van diegene waarmee die individu in aanraking kom en met menswaardigheid hanteer.

## 4.7 GEÏDENTIFISEERDE TEMAS VANUIT DIE LITERATUUR WAT DIE TERAPEUT KAN BENUT TYDENS ONDERHOUDVOERING OF TERAPEUTIESE INTERVENSIE

Definitiewe temas wat in die hoofstuk bespreek is, word deur die betrokke navorser uitgesonder omdat hierdie temas diep verweef is in die kliënt se wese en wat moontlik in die semi-gestruktureerde onderhoude geïntegreer kan word as 'n wyse om die kliënt se wordingsproses en/of wordingsrigting te bepaal, maar ook as strategieë toegepas kan word tydens intervensieterapie wat in hoofstuk vyf beskryf word.

### 4.7.1 Tema een: Alle vroeë ervaringe vorm bestanddele vir wording

Die eerste tema wat die betrokke navorser wil uitlig is Polster (2005:33) se stelling dat alle vroeë ervaringe bestanddele word vir latere vorming van die self of wording, soos deur die betrokke navorser beskryf. Tydens die proses van konfigurasie wil die individu

nuwe ervaringe inpas in sy/haar totale prentjie van die self deurdat soveel moontlik relevante en koherente ervaringe ingepas word. Hierdie ervaringe bind volgens Polster in sekere konfigurasies (Polster, 2005:9). Eerstens word die rou data van die individu se lewe geregistreer, dan ontwikkel hierdie ervaringe in die herkenning van persoonlike eienskappe om uiteindelik deel te vorm van die self.

### 4.7.2 Die konfigurasierefleks as ’n bepaler van toekomstige introjeksies wat geïntegreer kan word

Die tweede tema sentreer rondom die konfigurasierefleks wat ’n belangrike determinant is in die integrasie van toekomstige introjeksies by die individu, veral in die bepaling van gesonde of ongesonde introjeksies (Polster, 2005:33). Tydens die onderhoud wil die betrokke navorser probeer bepaal watter introjeksies by die respondent bestaan wat die wordingsgang van die respondent belemmer (sien vraag een van die semi-gestruktureerde onderhoud in hoofstuk vyf).

### 4.7.3 Die vermoë om aan te beweeg of die identifisering van ’n geblokkeerde wordingsgang

Volgens die betrokke navorser is die derde tema wat uitgelig word die tema oor die vermoë om “aan te beweeg” of “te word” wat nie sonder die skeiding of “laat gaan” van die eie self kan plaasvind nie. Die betrokke navorser het tot die besef gekom dat die “laat gaan” van pyn nie kan gebeur, indien die respondent nie die self kan herstruktureer nie. Sonder die herstrukturering sal die wordingsproses nie gedy nie.

### 4.7.4 Die kliënt se bewussynsvlak in terme van eie kwesbaarheid

Die adolessent se bewustheid van sy/haar eie kwesbaarheid is die laaste tema wat uitgesonder word, omdat bewuswording die lei tot die wordingsproses van die individu rig. ’n Nuwe identiteit van sagtheid kan aangeneem word, deurdat die respondent se bewuswordingsvlak vir die pyn van die self en van die ander in kontak beweeg.

## 4.8 SAMEVATTING

Tydens adolessensie is portuurgroepe en spesiale vriendskappe net so belangrik soos familie en sommige literatuur is van mening dat portuur tydens hierdie fase belangriker is as familie, omdat adolessente se selfontsluiting teenoor vriende verhoog met tyd en tydens laat-adolessensie word hierdie selfontsluiting teenoor vriende in die hoogste vorm gevind. Adolessensie is ook die fase waarin die ontwikkelingstaak fokus om 'n meer onderskeidende of gedefinieerde identiteit te vorm. Sodoende wroeg die adolessente met hulle emosionele afstand wat die adolessente wil ontwikkel met hulle gesinne. Dit is ook tydens hierdie fase wanneer adolessente hulleself wend na hulle portuurgroep, omdat hulle 'n sin van behoort by hulle vriende ervaar. Volgens die studie van Di Ciacco (2008:112) verhoog die potensiaal vir enige adolessent om 'n verlies of verliese te ervaar, want hedendaags het matriekleerlinge al 'n verlies ervaar: 'n klasmaat wat verongeluk het, iemand wat selfmoord gepleeg het of iemand wat 'n oordosis geneem het en ander deur geweld. Die verlies van 'n geliefde tydens adolessensie is dus 'n kontekstuele tema, maar 'n tema wat nie sonder pyn gepaardgaan nie.

In hoofstuk vyf word die empiriese geddelte van die studie bespreek. Ten einde die doel van die studie te bereik, het die betrokke navorser 'n loodsstudie toegepas en daarna drie respondente gesien wat onderskeidelik 'n minimum van agt sessies ontvang het, voordat daar 'n versadigingspunt bereik is. Die empiriese proses het aanvanklik bestaan uit die aflegging en analise van die EPI sowel as die semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente respondente vóór die toepassing van terapie. Ná afloop van terapie is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met bogenoemde respondente sowel as met hulle ouer(s). Die terapeutiese proses het sentreer rondom die bepaling van die respondent se konfigurasie van die selwe en vorming van identiteit sodat 'n aanduiding gebied kon word van wat gebeur het met die respondent se identiteit sedert die verlies van 'n geliefde.

# HOOFSTUK VYF

# NAVORSINGSMETODOLOGIE:

# ’N GEKOMBINEERDE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE STUDIE

## 5.1 INLEIDING: METODOLOGIESE ORIËNTASIE

Die benadering tot die huidige studie is kwalitatief sowel as kwantitatief van aard. Hierdie gekombineerde benadering lei die studie met betrekking tot die invordering en interpretasie van data en dien as metodologiese triangulasie soos beskryf deur Padgett (in De Vos, 2005c:362). ’n Navorsingsvraag, sowel as hipoteses word gestel om hierdie gekombineerde benadering te akkommodeer. Marecek (2003:57) noem dat kwalitatiewe studies gekenmerk word deur navorsingsvrae wat deur die vraagsin “Hoe?” gelei word. Die benadering tot die studie word gereflekteer deur die navorsingsvraag: *“Wat ervaar adolessente ten opsigte van hulle identiteit wanneer hulle verlies ervaar?”* ’n Addisionele vraag word gevra, naamlik: *“Hoe kan daar deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie by die adolessent wat verlies van ’n geliefde ervaar, herdefiniëring van identiteit bewerkstellig word?”* Die kwantitatiewe gedeelte van die navorsingstudie word gekenmerk deur die volgende hipoteses:

**Hipotese een:** *Indien adolessente verlies van ’n geliefde ervaar, kan ’n blokkasie ontwikkel wat hulle wordingsgang belemmer en identiteitherdefiniëring blokkeer.*

**Hipotese twee:** *Indien adolessente verlies van ’n geliefde ervaar wat hulle wordingsgang belemmer, kan herdefiniëring van identiteit deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie aangespreek word.*

Volgens die betrokke navorser vereis die bogenoemde navorsingsvraag ’n beskrywende antwoord wat deur middel van taal daardie fenomene adresseer en omskryf, sowel as ’n kwantitatiewe studie wat beskrywings bied van die fenomene aan

die hand van hoeveelheid sodat die voltooide navorsing ’n wetenskaplik verantwoordbare studie bied wat ’n bydraende faktor kan lewer in die ontwikkeling van terapie tydens identiteitherdefiniëring (cf. Eisner, 2003:17-19). Die intensie van die bepaalde navorser is om met behulp van die bepaalde studie en die terapeutiese intervensie die fenomeen *identiteitherdefiniëring* te verken, te beskryf, te verklaar, te verstaan en te verwerklik (realiseer) in die lewe van die adolessent wat verlies van ’n geliefde ervaar het.

Die huidige studie sal gebruik maak van data wat ’n spontane weergawe bied van die respondent se bewuste ervaringe van die verlies van ’n geliefde en die impak van die verlies op die respondent se ervaringe van identiteit. Die gekose metodologie sal die betrokke navorser help om vanuit die metaforiese laboratorium-eksperiment-opset te tree en wyer te gaan soek en uiteindelik met suiwer interpretasies van gedrag na vore te kom. Die betrokke navorser sal gebruik maak van semi-gestruktureerde onderhoudvoerings as ’n kwalitatiewe metode om data in te win, maar ook van die toepassing van ’n kwantitatiewe toets, naamlik die EPI (Emotions Profile Index) om die nodige data rakende die respondent se ervaringe van identiteit in te win. Die terapeutiese intervensie, wat sal volg op die resultate van die data vanuit die EPI, sal soos Schilling (1997:174) voorstel, gerig word op die versterking van die respondent en sy/haar ervaringe van identiteit. Semi-gestruktureerde onderhoude sal hierna met die ouers en respondent gevoer word ter wille van kristallisasie en triangulering en om op kwalitatiewe wyse te bepaal of die intervensieterapie wel identiteitherdefiniëring aangespreek het of nie geslaagd was nie. Die navorsing is suiwer, toegepas en basies van aard (cf. De Vos, 2005d:392-393).

Dit is nie die doel van die betrokke navorser om deur middel van hierdie studie die fenomeen *identiteitherdefiniëring* te manipuleer of te probeer voorspel nie. Die doel van die gekose metodologiese benadering is juis om die betekenis van die fenomeen te verken en die wesenlike inhoud en struktuur van die werkinge en funksies van die fenomeen bloot te lê en te beskryf sodat effektiewe en doelgerigte terapeutiese intervensie toegepas kan word. Hierdeur kan die studie nie slegs die uitbreiding van kennis oor die adolessent se gedrag tydens die verlies van ’n geliefde verseker nie, maar ook ’n bydrae lewer tot die kennis van terapeutiese intervensie sodat

identiteitherdefiniëring kan plaasvind indien die adolessent dit nodig vind tydens die krisis van verlies.

Die proses van identiteitherdefiniëring word kwalitatief, sowel as kwantitatief ondersoek deurdat die klem geplaas word op die menslike aspekte van die fenomeen en vanuit 'n fenomenologiese, opvoedkundige en Gestalt-teoretiese perspektief verstaan en verklaar word. Die benadering wat die betrokke navorser volg wissel van 'n deduktiewe benadering (aangesien sy begin met die teoretiese onderbou) wat oorgaan na 'n induktiewe werkwyse; met die houding van ontdekking vanuit 'n wetenskaplike, maar ook 'n menslike sielkundige perspektief. Spronge word gemaak van 'n nouer benadering (teorie) na 'n wyer benadering (intervensie) en terug na 'n nouer benadering en dan weer wyer (laaste onderhoude en 'n eie teorie wat gekontroleer word met teorie (De Vos, 2005b:347).

Leedy en Ormrod (2001:35) beweer dat navorsers wat gebruik maak van induktiewe redenering gewoonlik 'n spesifieke steekproef ondersoek en waarneem en dan gevolgtrekkings maak vanuit die populasie waaruit die steekproef getrek is. Volgens die betrokke navorser lei induktiewe redenering tot orde deurdat die steekproef se patrone as verteenwoordigend optree vir die groter populasie en sodoende 'n bydrae kan lewer tot die vertrouenswaardigheid van die studie. Deduktiewe redenering lei die navorser tot spesifieke redenering om te bepaal of verwagte patrone in die werklikheid realiseer (cf. Delport & De Vos, 2005:47-48). Tydens hierdie navorsingstudie sal deduktiewe, asook induktiewe redenering die betrokke navorser lei om te bepaal of laat-adolessente met behulp van terapeutiese intervensie identiteitherdefiniëring kan laat realiseer.

Vir die voltooiing van die betrokke studie word die steekproef van adolessente wat die verlies van 'n geliefde ervaar het, geneem vanuit die adolessente populasie (vyftien tot agtien jaar) van die Randburg-omgewing. Die seleksie van die navorsingsrespondente sal sodanig geskied dat die navorsingstudie verteenwoordigend is vir daardie laat-adolessente wat die verlies van 'n geliefde ervaar het. Die fokus van die studie handel oor die aard van die ervaring van die verlies en die gevolglike impak op die adolessent se ervaring van identiteit en dit sou onmoontlik wees om die studie te kon voltooi in die afwesigheid van die respondente se weergawes van hulle ervaringe.

Vervolgens volg ’n bespreking wat eerstens die betroubaarheid en geldigheid van die kwantitatiewe benadering bespreek (5.2), asook die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe benadering (5.3).

## 5.2 DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE KWANTITATIEWE STUDIE

Soos reeds genoem word in hierdie navorsing beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gebruik, in stede van ’n óf/óf benadering. Die betroubaarheid en geldigheid van die studie het gewoonlik betrekking op meting wat getrou is aan die kwantitatiewe aard van ’n studie. Delport (2005:160) noem dat betroubaarheid en geldigheid twee van die belangrikste konsepte is wanneer meting gebruik word. Soos reeds genoem word die Emotions Profile Index (kortweg EPI genoem) gebruik vir die doel van hierdie studie. Die EPI is ’n persoonlikheidstoets wat ontwerp is om inligting aangaande sekere persoonlikheidskenmerke en persoonlikheidskonflikte te gee. Hierdie persoonlikheidskenmerke sowel as die persoonlikheidskonflikte gee volgens die betrokke navorser ook ’n aanduiding van die respondent se identiteitsamestelling. Hierdie persoonlikheidsprofiel dien as aanduider van identiteit, omdat afleidings gemaak kan word rakende die respondent se bewustheid van sy/haar identiteitsamestelling, asook die wordingsgang wat vir die respondent aanvaarbaar is of nie, in terme van sy/haar identiteitsamestelling. Toetsgegewens wat met die EPI verkry is, word aangedui op ’n sirkeldiagram wat die relatiewe sterktes van die basiese persoonlikheidstrekke en identiteit voorstel. Hierdie profiel maak dan ook vergelykings moontlik. Die toetstyd is 15 tot 25 minute.

Die EPI is gebaseer op die algemene teorie soos deur Plutchik en Kellerman ontwikkel (cf. Jacobs, 2000; Plutchik, 2002). Die teorie postuleer agt basiese dimensies van emosie en die EPI bepaal die relatiewe belangrikheid van hierdie dimensies van emosies in ’n persoon se lewe. Die emosionele toestand wat met elk van die dimensies verband hou is die volgende:

- Gehoorsaamheid – Aanvaarding en nie verwerping nie van idees.
- Behoedsaam – Vrees.

- Somber – Hartseer.
- Wantrouig – Verwerping en afkeer.
- Aggressief – Woede.
- Sosiaal – Vreugde.
- Beheersd – Verwagting, georganiseerd en die gevoel van afwagting.
- Wankontrole – Impulsiwiteit en die gevoel dat nuwe ervaringe vervulling kan bied.
- Vooroordeel – Hoog: neiging om sosiaal meer aanvaarbare item te kies en dit hou verband met ’n fasade wat voorgehou word; ’n masker van “all is well”. – Laag: neig om krities teenoor die self te wees en die self te beskryf in terme van sosiaal aanvaarbare maatstawwe.

Die gebruike van die EPI word deur Plutchik en Kellerman (1974) soos volg uiteengesit, naamlik: **Kliniese diagnose en evaluering:** die identifisering van die hoofareas van affektiewe konflik. **Voorligting:** bied ’n goeie basis vir voorligting, veral op die gebied van interpersoonlike funksionering. **Beroepsvoorligting:** gee ’n beskrywing van persoonlikheidstrekke wat met beroepe verband hou. **Navorsing:** Die EPI dien as ’n betroubare kwantitatiewe meetinstrument wat toegepas kan word om die emosionele, persoonlikheids- en identiteitsprofiele van respondente te verkry. Die betrokke navorser sal die EPI benut as meetinstrument, wat die kwantitatiewe been van die navorsing sal steun en die EPI se resultate sal deur middel van bevestiging tydens onderhoudvoering ondersoek word, om die betroubaarheid van die studie te verhoog.

Die nasien van die EPI kan soos volg uiteengesit word:

- Slegs die ingekleurde sirkels word in aanmerking geneem.
- Een punt word toegeken aan elke ingekleurde sirkel.
- Kry die som van elke kolom en dra dit oor op die profielblad.
- Kleur die onderskeie afdelings van die sirkeldiagram in ooreenstemming met die persentiele in.

Die sirkeldiagram gee met ’n oogopslag die relatiewe sterkte van elke basiese emosie sowel as sekere wisselwerkinge tussen hulle. ’n Individuele profiel kan op twee

algemene wyses geïnterpreteer word. Eerstens in terme van wat hoë en lae tellings beteken en tweedens in terme van die implikasies van sekere kombinasies van tellings. Rofweg kan meer as 70% as hoog en minder as 30% as laag beskou word, maar dit is nie absoluut nie. Die hoë en lae tellings word eerste geïnterpreteer, dan kombinasies en laastens konflikte. Die emosionele profiel van die respondent wat tydens die loodsstudie met die invul van die EPI verkry word, word in Bylaag 1 aangeheg, ter illustrasie vir die korrekte interpretasie van die toetsresultate. In Bylaag 6 word die interpretasie van die EPI volledig omskryf.

### 5.2.1 Betroubaarheid van die studie

Die betroubaarheid van die metingsprosedure verwys volgens Delport (2005:162-163) na die stabiliteit van die meting. Delport noem dat die betroubaarheid van die studie ook te make het met die eweredigheid van die metings en hierdeur word die meetinstrument se kwaliteit onder die soeklig gestel. Indien dieselfde veranderlike gemeet word onder soortgelyke omstandighede as die vorige toetsings, behoort ’n betroubare metingsprosedure identiese of naastenby identiese metings te produseer (cf. Delport, 2005:163). Die EPI is ’n ongestandaardiseerde meetinstrument wat sedert 2006 deur die betrokke navorser toegepas word om inligting in te win rakende haar kliënte se emosionele lewe, sowel as hulle ervaringe van identiteit. Die betrokke navorser het bewus geraak van die bepaalde metingsinstrument se sterk kwaliteit om eweredige numeriese resultate tydens die verskillende toepassings daarvan te produseer, indien geen variasie daargestel word in die veranderlikes wat gemeet word nie. Daarom sal die betrokke navorser enige noemenswaardige variasie in veranderlikes tydens die metingsprosedure aanmeld, indien dit nodig sou word om die sig geldigheid van die studie te verhoog (cf. Gravetter & Forzano, 2003:91; Monette, Sullivan & DeJong, 2002:117). Die volgende prosedures sal in plek gestel word, sodat die betroubaarheid van die ongestandaardiseerde toetsing verhoog kan word en per implikasie die betroubaarheid van die studie verhoog word (Neuman & Kreuger, 2003:179-180; Seidman, 1998:63-77; Thomas, 1989:584-587):

1. *Verhoog die vlak van meting:* Die betrokke navorser sal poog om die mees presiese vlak moontlik te meet en die bepaalde meetinstrument, naamlik die EPI, voorsien in die hoogste vlak van meting deurdat die aanduiders presies gedefinieer word sodat die betroubaarheid van die metingsprosedure hierdeur verseker kan word.
2. *Die gebruik van vroeë ontwikkeling en loodstoetsing:* Die betrokke navorser ondersteun Neuman en Kreuger (2003:179-180) se opinie dat die toepassing van ’n loodstoets die moontlikheid sal verhoog dat die betroubaarheid van die toepassing van die studie binne die hipotese-toets situasie geloofwaardig sal wees. Prinsloo (2001:1-18) en Thomas (1989:584-587) gaan verder en beklemtoon dat die implementering van die vroeë ontwikkeling van innoverende intervensies, wat gepaardgaan met loodstoetsing, die betroubaarheid van die studie verhoog. Die loodstoetsing word verder bespreek in afdeling 5.4.
3. *Bevestigbaarheid:* Bevestiging, of die opvolgonderhoud, sal die betroubaarheid van die sukses van die intervensieterapie ondersoek en weergee deurdat ’n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer sal word met die respondente sowel as met hulle ouers na afloop van die terapeutiese intervensie sodat die bevestiging van die reformasie en herkonfigurasie van identiteit vasgestel kan word.

Botswick en Kyle (1981:120-121) waarsku dat hoë betroubaarheid nie juiste of geldige resultate waarborg nie, maar geen geldige resultate is moontlik sonder betroubaarheid nie. Die geldigheid van die betrokke studie word vervolgens bespreek.

### 5.2.2 Die geldigheid van die studie

Volgens Babbie (2004:143) verwys die geldigheid van die studie na die mate waartoe ’n empiriese meting die konsepte of fenomene akkuraat reflekteer soos dit bedoel is om te meet. Gravetter en Forzano (2003:87) beskryf die geldigheid van die studie soos volg: *“the validity of a measurement procedure is the degree to which the measurement process measures the variable it claims to measure.”* Dit het duidelik aan die lig gekom dat die geldigheid van die studie spesifiek verwys na die betroubaarheid van die

metingsprosedure met 'n spesiale fokus op die meting van die veranderlikes tydens die empiriese ondersoek.

Delport (2005:160) dui daarop dat twee aspekte met betrekking tot die geldigheid van 'n studie uitgelig word, naamlik dat die meetinstrument werklik die konsep wat ondersoek word, meet en dat die konsep/fenomeen akkuraat gemeet word.

Delport (2005:160-162) dui verder daarop dat die geldigheid van die studie daadwerklik dui op die geldighede van die studie en hierdie geldighede kan geklassifiseer word soos volg:

1. *Siggeldigheid* is volgens Gravetter en Forzano (2003:87) die eenvoudigste en minder wetenskaplike definisie van geldigheid wat verwys na die oppervlakkige voorkoms of sigwaarde van die metingsprosedure. Delport (2005:161) is van mening dat Gravetter en Forzano eis dat siggeldigheid nie tegnies erken kan word as 'n vorm van geldigheid nie, omdat siggeldigheid nie werklik verwys na waarna 'n metingsinstrument "werklik" meet nie, maar slegs 'n aanduiding gee van hoe dit voorkom wat die meetinstrument veronderstel is om te meet. Vanuit hierdie perspektief bied die EPI-toetsing geleentheid aan die navorser om die respondent se begrip en ervaring van identiteit te verstaan, die proses van die respondent aan te hoor en hierdeur word 'n voller en ryker prentjie ingekleur soos deur die respondent ervaar. Die respondent word gesien as die ekspert wat die vloei en rigting van die gesprek kan aanpas en verander (Greeff, 2005:296).
2. *Kriteriumverwante geldigheid* beweeg weg van subjektiewe evaluerings soos by siggeldigheid en beweeg na objektiewe bewyse van die geldigheid van die meetinstrument en uiteindelik die empiriese studie (Delport, 2005:161). Veelvoudige metings word gebruik tydens kriteriumverwante geldigheid en hierdie verworwe data word gemeet en beter verstaan teenoor 'n eksterne kriterium wat bekend is vir die meting van die konsep/fenomeen wat ondersoek word (cf. Gravetter & Forzano, 2003:88; Monette *et al.*, 2002:115-116). Tydens die betrokke studie sal die navorser die ongestandaardiseerde EPI toepas op die respondente. Vanuit die EPI se resultate sal semi-

gestruktureerde onderhoude met die respondente gevoer word (een-tot-een), die terapeutiese intervensie toegepas word en hierna sal individuele semi-gestruktureerde onderhoude weer gevoer word met respondente en hulle ouers om te bepaal of identiteitherdefiniëring plaasgevind het en om moontlike onafhanklike veranderlikes te minimaliseer of uit te skakel.

3. *Konstrukgeldigheid* het te doen met die werklike betekenis van die meetinstrument, in hierdie geval die EPI. Die volgende vrae moet beantwoord kan word ten einde die konstrukgeldigheid van die meetinstrument te bepaal (Bostwick & Kyte, 1981:109-112; Delport, 2005:162):

*Wat meet die meetinstrument in der waarheid?*

In die betrokke studie behoort die EPI 'n meting te bied van die respondent se ervaringe van identiteit en die meting bied ook 'n weergawe van die respondent se emosionele profiel, omdat dit 'n persoonlikheidstoets is om inligting aangaande sekere basiese persoonlikheidskenmerke en persoonlikheidskonflikte te gee. Die EPI is gebaseer op die algemene teorie van emosies soos deur Plutchik en Kellerman ontwikkel (Jacobs, 2000:1; Plutchik, 2002).

*Hoe gaan die toetsing te werk?*

Die EPI meet agt verskillende emosionele dimensies, naamlik: wankontrole/presiesheid, aggressie/sagtheid, sosiaal/onttrekking, gehoorsaamheid/nie-aanvaarding, somber/tevrede, behoedsaam/waaghalsig, wantrouig/nie-krities, beheersd/bevryding. Die respondent moet by elke vraag 'n keuse maak tussen daardie woordpare waaroor hy/sy die meeste eienskappe beskik. Die eindtellings bepaal die emosionele dimensies. Sekere kombinasies van hoë en lae tellings bied (tydens die interpretasie van hierdie tellings) beskrywings van persoonlikheidsimplikasies wat aanduiders is van die respondent se identiteit.

*Waarom gaan die toetsing op hierdie wyse te werk?*

> Die EPI is ’n persoonlikheidstoets wat ontwerp is om inligting aangaande sekere basiese persoonlikheidskenmerke en persoonlikheidskonflikte te gee. Toetsgegewens wat met die toepassing van EPI verkry is, word aangedui op ’n sirkeldiagram wat die relatiewe sterktes van die basiese persoonlikheidstrekke voorstel.

Die vertrouenswaardigheid van ’n studie, wat veral verwys na die kwalitatiewe been van die studies, word vervolgens bespreek.

## 5.3 DIE VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE KWALITATIEWE STUDIE

Lincoln en Guba (1985) se klassieke bydrae tot die metodologie van kwalitatiewe navorsing om die geloofwaardigheid van die studie te verhoog is as volg geparafraseer deur Marshall en Rossman (in De Vos, 2005b:344-346):

- Hoe geloofwaardig is die besondere bevindinge van die studie? Watter kriteria word daargestel om die bevindinge daaraan te meet?
- Hoe oordraagbaar en toepasbaar is die bevindinge tot ’n ander opset, groep of mense?
- Hoe kan die navorser redelike sekerheid vind dat die bevindinge gerepliseer sal word indien die studie met dieselfde respondente uitgevoer word in dieselfde konteks?
- Hoe kan die versekering verskaf word dat die bevindinge ’n suiwer refleksie is van die respondente en die navraag self en dat die bevindinge nie ’n ontwerp is van die navorser se bevooroordeeldheid of vooropgestelde idees nie?

Lincoln en Guba het verder gegaan en die volgende vier alternatiewe konstrukte voorgestel wat volgens De Vos (2005b:346-347) ’n akkurater refleksie bied van die aannames wat deur die kwalitatiewe paradigma daargestel word:

1. Geloofwaardigheid is die alternatief tot interne geldigheid waarin die doel is om te bewys dat die ondersoek op sodanige wyse uitgeoefen is dat die onderwerp van die studie akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Die parameters (identifiseringskriteria) en grense van die onderwerp moet dus duidelik omskryf word. *Inhoudsgeldigheid* het te doen met die verteenwoordigende en/of steekproefgeskiktheid van die metingsinstrument en dit behels die insluiting van die volle omvang van betekenisse en fenomene wat gemeet moet word (cf. Delport, 2005:160-161; Monette *et al*., 2002:115). In die betrokke studie sal die semi-gestruktureerde onderhoud sodanig opgestel word dat die volgende vrae beantwoord sal kan word deur die betrokke navorser:

   – *Meet die semi-gestruktureerde onderhoud werklik die konsepte of fenomene wat aanvaar word as gemeet?*

   – *Word die fenomene of konsepte wat gemeet word verteenwoordig deur ’n geskikte steekproef van items?*

   Die betrokke navorser poog dat die volledigheid van die literatuurstudie ’n weerspieëling sal wees van die inhoudgeldigheid van die empiriese studie. Dit is juis waarom die genoemde fenomene so wyd en oop moontlik bespreek is.

2. Oordraagbaarheid wat Lincoln en Guba voorstel as die alternatief tot eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid tot ’n ander opset kan deur die strategiese keuse tot die triangulasie van veelvuldige bronne van data verbeter word. Data wat verkry word vanaf verskillende bronne kan gebruik word om die navorsing uit te brei. Volgens Fook (2001:125) word die kwessie van oordraagbaarheid van kwalitatiewe navorsing deurlopend geopper in terme van hoe inligting vanaf ’n klein steekproef na die breër populasie veralgemeen kan word. Fook is van mening dat dit handel oor die ontwikkeling van begrip vir die onderwerp wat bestudeer word en dit dan na ander situasies oor te dra en betekenis te bied in ’n ander konteks. Die doel van hierdie navorsing is om ’n beter begrip te ontwikkel vir daardie blokkasies wat die laat-adolessent se wordingsproses kan belemmer tydens die ervaring van verlies. Verder sal die betrokke navorser poog om verantwoordelikheid te aanvaar vir enige veranderinge wat in die navorsingsontwerp aangebring word, deurdat die betrokke navorser motiverings

sal bied vir die betrokke navorsingsopset. Hierdie veranderinge sal in die bespreking van die navorsingstudie aangeteken word. Die betrokke navorser maak spesifiek gebruik van triangulering as ’n metode om die oordraagbaarheid van die studie te verhoog. Die data wat vanuit die EPI en aanvanklike semi-gestruktureerde onderhoude met die respondente spruit, sal vergelyk word met die data wat verkry word vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude wat met die respondente se ouer(s) gevoer is nadat terapeutiese intervensie toegepas word (De Vos, 2005b:346).

3. Betroubaarheid het te make met die eweredigheid, vastheid of stabiliteit van die meting en die akkuraatheid daarvan (hoe goed dit meet). Indien dieselfde veranderlike gemeet word onder soortgelyke omstandighede, behoort ’n betroubare metingsprosedure identiese of naastenby identiese metings te produseer; tensy daar ’n variasie plaasvind in die veranderlikes wat gemeet word (cf. Delport, 2005:162-163; Gravetter & Forzano, 2003:87). Die betrokke navorser poog om tydens die navorsing ’n variasie in veranderlikes te voorkom, deurdat die terapeutiese opset dieselfde sal bly, so ook sal dieselfde vrae vanuit die semi-gestruktureerde onderhoud aan alle respondente gestel word. Botswick en Kyte (1981:120-121) waarsku dat hoë betroubaarheid nie juiste resultate waarborg nie, maar dat geen juiste resultate moontlik is sonder betroubaarheid nie.
4. Konformeerbaarheid van die studie is ’n term wat die omvang van die konsep van objektiwiteit probeer vasvang (cf. De Vos, 2005b:347). Die duidelike konseptualisering van konstrukte of fenomene kan aanleiding gee tot die konformeerbaarheid van die studie, deurdat ondubbelsinnigheid geëlimineer kan word deurdat die volledigheid van die literatuurstudie leiding sal bied aan die betrokke navorser om tydens die semi-gestruktureerde onderhoude oop eindes vraagstelling te stel. Hierdeur verhoog die moontlikheid dat die respondent wat aan hierdie onderhoud deelneem, onderwerpe kan adresseer wat die navorser nie in ag geneem het nie. Sodoende word die betroubaarheid en oordraagbaarheid van die ingewinde inligting verhoog, omdat die gesprek en inligting nie gemanipuleer kan word deur die betrokke navorser nie (cf. Neuman

& Kreuger, 2003:179-180; Prinsloo, 2000:1-18; Seidman, 1998:63-77; Thomas, 1989:584-587).

Die funksionaliteit van suiwer kwalitatiewe onderhoudvoering dra dus nie alleenlik by tot ’n beter begrip van die respondent nie, maar deur ’n sterk vertrouensverhouding daar te stel, kan die respondente leer dat hulle nie die terapeutiese omgewing hoef te manipuleer in ’n poging om heling te bewerkstellig nie. Die respondente ontwikkel ’n sin en waarde vir egtheid, suiwerheid en betroubare uitruil van inligting. Kvale (in Sewell, 2001:1) omskryf kwalitatiewe onderhoude as ’n poging of pogings om die wêreld van die respondent se perspektief te verstaan, om die respondente se ervaringe te ontvou en om die respondente se leefwêreld bloot te lê voordat wetenskaplike verklarings daarvoor gebied word.

Die doelwit van die ongestruktureerde onderhoude (cf. Greeff, 2005:292) is om uiteindelik te bepaal hoe die betrokke navorser terapeutiese intervensie effektief kan benut, ten einde identiteitherdefiniëring te laat geskied by die adolessente wat die verlies van ’n geliefde ervaar het. Marshall en Rossman (in De Vos, 2005b:345) beweer dat alle navorsing verantwoord behoort te kan word aan die hand van gestelde vrae of reëls wat staan as kriteria waardeur die vertouenswaardigheid van die studie gemeet kan word. De Vos beskryf hierdie reëls as vrae waarop alle navorsing behoort te reageer, ten einde die ongestruktureerde onderhoude en volgens die betrokke navorser, die doelwitte van die onderhoud, so vertrouenswaardig moontlik te maak.

## 5.4 DIE LOODSSTUDIE

’n Loodsstudie is uitgevoer as ’n voorloper vir die verdere voltooiing van die empiriese studie. Die samestelling van die semi-gestruktureerde onderhoude en ongestruktureerde onderhoude is tydens die loodsstudie getoets sowel as die implementering, data-analise en toepassing van die ongestandaardiseerde metingsinstrument (EPI). Die kwalitatiewe data-analise se benadering is tweevoudig van aard omdat die data-analise eerstens tydens data versameling by die praktyk geskied het en tweedens het die data-analise verder geskied, na afloop van die data versameling, in die afwesigheid van die respondent. Die betrokke navorser het gebruik

gemaak van getranskribeerde notas wat gestoor is op haar skootrekenaar en in hierdie proses het sy bekend begin raak met die data. Hierna het die betrokke navorser kategorieë, temas en patrone geïdentifiseer wat deur die respondent aangemeld is. Die data is hierna gekodeer deur middel van verkorte woorde van die fenomene wat ondersoek is. Die uitlig van die sentrale kategorieë, temas en patrone het gepaardgegaan met die evaluasie van die relevansie daarvan deurdat die respondente se leefwêrelde vergelyk is met hul ervarings wat beskryf is. Indien die toepassing van die loodsstudie enige aanduiding sou bied dat die betroubaarheid, geldigheid en/of vertrouenswaardigheid van die studie nadelig belemmer sou word deur hierdie proses, is die toepassing van die loodsstudie se doel juis om hierdie probleme of foute uit te wys. Die nodige aanpassings is deur die betrokke navorser aangebring na afloop van die loodsstudie.

### 5.4.1 Agtergrond

’n Loodsstudie is uitgevoer met respondent K. Die respondent is ’n agtienjarige, vroulike laat-adolessent en eerstejaarstudent, wat *verlies ervaar vanweë haar ouma wat afgesterf* het wil verwerk.

### 5.4.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud

Die doel van die semi-gestruktureede onderhoud het primêr te make met die bepaling van die aard van die verlies van ’n geliefde, die impak van die verlies op die respondent se funksionering en identiteit, die blokkasies wat die respondent ervaar, sowel as die bepaling om te sien waar die respondent is op grond van identiteit.

Die volgende basiese semi-gestruktureerde onderhoud is gevoer as ’n vertrekpunt van die empiriese ondersoek. Die motivering vir die spesifieke vrae wat gestel is tydens die semi-gestruktureerde onderhoud, sal na elke vraag volg tussen die hakies:

**Vraag een**

*As iemand jou sou vra “wie is jy?”, hoe sal jy jouself beskryf?*

Die vraag het eerstens ’n oorsprong vanuit die respondent se data-analise van die EPI. Die lae *somber* telling is aanduidend vir die bepaling van die mate van egosterkte wat by die respondent bestaan. Die vraag het ook ’n oorsprong vanuit die literatuur. Die betrokke navorser wil bepaal in watter mate die respondent oor selfkennis van die eie wordingsproses beskik. Hierdie vraag het ontstaan vanuit die literatuurstudie in hoofstuk drie, wat volg uit die paragraaf wat soos volg lees: “Die navorser ondersteun Fromm se siening dat die mens se behoefte aan ’n eie identiteit ’n spieëlbeeld is van sy/haar behoefte tot selfkennis. Selfkennis bemagtig die individu om die self in vryheid uit te leef en sy/haar plek vol te staan in die samelewing. Die wordingsgang van die individu kan hierdeur versterk word.”

**Respons:**

Ek is Karin, ’n student in sielkunde. Ek is ’n hartseer Karin. My wêreld tuimel tans inmekaar. Dit is wie ek is.

**Vraag twee**

*Wat was die omstandighede waaronder jy die verlies van ’n geliefde ervaar het?*

Hierdie vraag het ontstaan vanuit Dyregrov (2008:55-56) se bevindinge dat die emosionele klimaat verander as gevolg van die verlies aan die “kuier-maat” in die huis. Die “kuier-maat” kan ’n ouer wees, of ’n suster/broer of ’n grootouer. Ouers wat treur en wat sterk roureaksies toon, sowel as ouers wat skielik angs ervaar dat hulle nog ’n kind aan die dood sal moet afstaan kan verlore raak in hulle eie verdriet en sodanig kan die huisklimaat radikaal verander.

**Respons:**

Ek was besig om my matriekeksamen af te lê, toe my ouma gesterf het. Dit was ’n stresvolle tyd vir ons hele gesin. Ma en pa is al ’n geruime tyd geskei en my ma was verantwoordelik vir ons finansies. Ek wou die beste punte behaal moontlik. My ouma het ’n hartaanval by ons huis gehad, terwyl ek ’n vak geskryf het. My broer en ma het blykbaar met my ouma na die hospitaal toe gejaag, terwyl my oupa by die huis gebly het omdat hy siek was. My ouma het op pad na die hospitaal gesterf. My broer het die nuus aan my meegedeel, want hy het my ingewag by die skool. Ons het eers ’n draai gaan ry en ek het tuis vryelik uiting gegee aan my emosies.

**Vraag drie**

*Beskryf die emosionele band wat jy met hierdie persoon ervaar het?*

Hierdie vraag het sy ontstaan vanuit die literatuur wat beweer dat sterk portuurverhoudings adolessente saambind en dat die opbreek en hervat van hierdie soort verhoudings gewoonlik dramaties en emosiebelaai is (hierdie vraag sluit aan by vraag 11).

Die gevolgtrekking is dat ’n verlies van ’n geliefde tot intense emosies kan aanleiding gee, tydens die hanteringsproses van die verlies. Schoeman (2004a:5) wys op die verskillende vorme van gehegtheid wat ook die verloop van die rouproses kan bepaal, naamlik: geborge gehegtheid wanneer die adolessent ’n sekuriteitsbasis ervaar het by die betrokke persoon; vermydingsgehegtheid wanneer die adolessent as ’n baba nie ontsteld was as die primêre versorger weggegaan het nie, maar die primêre versorger geïgnoreer het as hy/sy teruggekeer het; of ambivalente gehegtheid wanneer die adolessent as ’n baba ontsteld was nog voordat die primêre versorger vertrek het en wanneer die primêre versorger terugkeer het die baba verskillende optredes en emosies getoon het: blydskap, hartseer en woede.

Volgens Erikson se teorie soos bespreek in Rice en Dolgin (2005:175-176), sal daardie adolessente wat vasgeval het in ’n oormaat van innerlike skuldgevoelens en blokkasies om spontaan te lewe, wat nie inisiatief aan die dag lê nie of wat prematuur vasgeval het in ’n rol (rolfiksasie) nooit tot volle wording ontwikkel nie.

**Respons:**

My ouma en oupa het by ons gebly en ons was ongelooflik naby aan mekaar. My ma was ’n werkende, gestresde ma. My ouma was my tweede ma, net minder gestres en altyd daar.

**Vraag vier**

*In watter mate het jy ondersteuning deur jou ouers ervaar met betrekking tot: gesprekvoering, sensitiewe toenadering, bekende of nuwe optredes deur diegene wat probeer help het?*

Hierdie vraag het ontstaan vanuit literatuur wat handel oor die verlies van ’n geliefde en die impak daarvan op die adolessent as gevolg van die afwesigheid van die bekende

taal en gesprekvoering van die ouer – gewoonlik hier veral met betrekking tot die verlies van die moeder – wat die omstandighede verswaar vir die vroulike adolessent wat emosioneel is en nie genoegsame ondersteuning ervaar wanneer die oorlewende ouer minder sensitief is vir die adolessent se gevoelens en proses van rou nie (cf. Riches & Dawson, 2000:360-374).

**Respons:**
My ma het my probeer ondersteun. My boetie ook. Maar ons het nie gesels oor hoe ek voel nie. Hulle het aanhou sê ons sal later beter voel en ons was almal sensitief vir die ander een se gevoelens. My pa was minder betrokke as gevolg van ma en pa se ou konflik. Hulle gedrag was nie nuut nie.

**Vraag vyf**
*Vertel my wat met jou gebeur het in terme van wie jy nou is en waar jy jouself emosioneel bevind, sedert die verlies. Fokus op nuwe rolle wat jy begin aanneem het, nuwe gedragsvorme/optredes wat jy aangeneem het.*
Hierdie vraag het ontstaan vanuit die literatuur wat handel oor die veranderingsproses tydens verlies wat individue se veranderde rolle insluit, sowel as die verandering wat in die dinamika tussen groepe kan insluip. Binne elke adolessent wat verlies ervaar het, kan hierdie veranderingsproses wat plaasvind ’n waardevolle rol speel in die wordingsgang van die betrokke adolessent. Neuman (1998:400) beskryf die veranderde rolle van die gesinslede as die verandering van “werksverpligtinge” binne die veranderde gesinstruktuur, maar dit is meer as blote werksverpligtinge, want dit vorm self-identiteit. Hierdie self-identiteite verander in die proses van verandering as gevolg van verlies. Volgens Saler en Skolnick (1992:504-516) kan die verandering van rolle (identiteitherdefiniëring) binne die gesin as gevolg van die afwesigheid van die ouer aanleiding gee tot langtermyn negatiewe gevolge op die wordingsgang van die laat-adolessent, byvoorbeeld ’n adolessente dogter kan haar ma se rol probeer vervang wanneer daar jonger kinders in die gesin is of sy kan probeer om haar pa te versorg.
**Respons:**

My ma was baie getraumatiseerd. Sy moes ook nog “cope” met my oupa wat sieklik was en daarby gerou het. Ek het gevoel ek moes my ma bystaan. Daar was nie tyd vir myself en my eie gevoelens nie. Ek moes die eksamen deurkom! My pligte in die huis het vermeerder, want Ouma het altyd gekook. Ek het ’n soort moeder geword.

**Vraag ses**

*In watter mate het jou huisomgewing verander in terme van huisklimaat, reëltoepassing en dissipline, nuwe patrone in die huis?*

Hierdie vraag het ontstaan vanuit die literatuur in hoofstuk drie wat beskryf dat die verlies van ’n geliefde nie net die afwesigheid van die liefde en daaglikse versorging van die geliefde behels nie, maar dat hierdie verlies kan aanleiding gee tot minder stabiliteit in die huishouding wat gepaard kan gaan met drastiese veranderinge binne die daaglikse lewe van die adolessent sowel as die res van die inwoners van die huis. Die huisomgewing se reëls kan verder verander as gevolg van die ouers se besluitneming om die kind in die huis te beskerm teen nog verdere pyn as gevolg van die verlies wat die kind ervaar het.

**Respons:**

Die huisomgewing het verander in die sin dat my ma depressief geraak het. My oupa ook. Dit was ’n “sad” huis. Wat ’n gemors … dit was eintlik ’n tyd waarin ek my opgewondenheid wou deel met almal om my, omdat ’n heel nuwe lewe vir my gewink het. Maar die atmosfeer was tuis te swaar en my vrymoedigheid om my drome te deel het al minder geraak.

**Vraag sewe**

*Hoe het jy die veranderinge wat jy (en jou gesin) ondergaan het, hanteer in terme van wie jy is?*

Hierdie vraag het sy oorsprong vanuit die navorser se ondersoek om te bepaal of die respondent bewus is van enige veranderinge wat hy/sy ondergaan het in terme van identiteit en die vorming of verlies van dele van die self. Bewuswording help die self om te weet waar hy/sy hom-/haarself bevind in terme van identiteit (Polster, 2005:203). Die toepassing van die EPI behoort te dien as ’n maatstaf vir hierdie bewuste verandering

en indien die respondent onbewus is van enige verandering(e) wat plaasgevind het, kan die EPI dien as ’n maatstaf ten opsigte van die respondent se selfkennis.

**Respons:**

Ek het verander. My gemoedstoestand het ook swaarder geword. Ek het my eie ligtheid verloor. Ek het skielik benoud geraak oor wat wag in die toekoms.

**Vraag agt**

*Watter effek het die ervaring van hierdie verlies of verliese gehad op jou lewe?*

Hierdie vraag is gevra na aanleiding van die literatuur oor die impak van verlies op die laat-adolessent wat noem dat die verydeling van waardes aanleiding kan gee tot ’n verhoging van onsekerheid en verwardheid by die adolessent, omdat pyn die impak kan uitoefen op ’n individu wat die verlies van ’n geliefde ervaar het, dat die individu sy/haar vroeëre waardes kan verwerp. Hierdie verydeling van waardes kan verder aanleiding gee tot identiteitsverwarring.

**Respons:**

Ek het ’n onderbreking ervaar van my gevoelens wat lig en opgewonde was. Dit het een dag net verdwyn. Baie dinge het verander en die gemis aan my ouma kon ek tasbaar voel, maar ek het dit onderdruk.

**Vraag nege**

*Beskryf asseblief enige krisisse wat jy voorheen beleef het.*

Hierdie vraag speel volgens die betrokke navorser ’n belangrike sleutelrol in die vertrouenswaardigheid van die studie, omdat die adolessent hierdeur die self kan evalueer ten opsigte van persoonlikheidsgroei of identiteitherdefiniëring. Indien die adolessent die huidige verlies ervaar as sy/haar eerste krisis wat deurgewerk sal word, speel hierdie inligting ’n bepalende rol in die terapeutiese intervensie.

**Respons:**

Toe my ouers geskei het, toe ek tien jaar oud was. Ek het redelik maklik daardeur gegaan. Die egskeiding was goed. Die huis het ligter geraak.

**Vraag 10**

*Hoe het jy die krisis aangespreek? Beskryf die proses.*

Hierdie vraag is gevra na aanleiding van Polster (2005:33) se stelling dat alle vroeë ervaringe bestanddele word vir latere vorming van die self of die individu se wordingsproses. Tydens die proses van konfigurasie wil die individu nuwe ervaringe inpas in sy/haar totale prentjie van die self deurdat soveel moontlik relevante en koherente ervaringe ingepas word. Hierdie ervaringe bind volgens Polster in sekere konfigurasies (Polster, 2005:9): Eerstens word die rou data van die individu se lewe geregistreer, dan ontwikkel hierdie ervaringe in die herkenning van persoonlike eienskappe om, uiteindelik deel te vorm van die self. Hierdie konfigurasierefleks is 'n belangrike determinant in die integrasie van toekomstige introjeksies by die individu veral in die bepaling van gesonde of ongesonde introjeksies (Polster, 2005:33).

**Respons:**

Die oplossing van die krisis was om die wins van die egskeiding te kon herken. Ek dink so?

**Vraag 11**

*In watter mate het die verlies 'n impak uitgeoefen op jou vermoë en behoefte om gehegtheid in jou lewe toe te laat?*

Hierdie vraag vind sy oorsprong vanuit Schoeman (2004:5) wat wys op die verskillende vorme van gehegtheid wat ook die verloop van die rouproses kan bepaal, naamlik: geborge gehegtheid wanneer die adolessent 'n sekuriteitsbasis ervaar het by die betrokke persoon, vermydingsgehegtheid wanneer die adolessent as 'n baba nie ontsteld was as die primêre versorger weggegaan het nie, maar die primêre versorger geïgnoreer het as hy/sy teruggekeer het; ambivalente gehegtheid wanneer die adolessent as 'n baba ontsteld was nog voordat die primêre versorger vertrek het en wanneer die primêre versorger terugkeer het die baba verskillende optredes en emosies getoon: blydskap, hartseer en woede. Dit is waagmoed en innerlike sterkte wat die adolessent sal dryf, wat met die hulp en ondersteuning van versorgers hom/haar bemagtig om die volgende spektrum van emosies te eien en deur te werk. Deurdat die individu deur sy/haar blokkasies van gehegtheid werk, kan die individu se wordingsgang ontplooi word.

**Respons:**

Ek dink ek het nader na mense begin beweeg. Ek laat toe dat mense wat ek goed ken en vertrou, my hartsgeheime ontdek. Maar vreemdes … nee, ek blokkeer hulle en sal hulle nie maklik toelaat om naby my hart se geheime te kom nie. Mans moet maar oppas, ek hou nie te veel van hulle nie.

**Vraag 12**

*In watter mate het die verlies 'n impak op jou ervaring van jou self gehad?*

Hierdie vraag is gevra na aanleiding van die literatuur in hoofstuk vier en die betrokke navorser se nuutgevormde siening dat die wordingsproses die vermoë vereis om "aan te beweeg" of te "word", of die skeiding of "laat gaan" van die eie self toe te laat.

**Respons:**

Ja, ek is meer krities oor myself en die lewe. Ek aanvaar nie my beste nie; dit moet nog beter. My ouma het die beste uit my gebring. Nou moet ek dit self doen.

### 5.4.3 Die Emotions Profile Index

Die EPI is uitgevoer deur die respondent direk na afloop van die onderhoud. Die resultate van die respondent se response op die EPI kan soos volg voorgestel word:

**TABEL 1: EPI: Omskakeling van routellings na persentiele**

| | | |
|---|---|---|
| **Emosionele dimensies** | **Roupunt** | **Persentiel** |
| 1. Gehoorsaam | 27 | 99 |
| 2. Wankontrole | 15 | 76 |
| 3. Behoedsaam | 19 | 82 |
| 4. Somber | 2 | 18 |
| 5. Wantrouig | 8 | 35 |
| 6. Beheersd | 19 | 48 |
| 7. Aggressief | 1 | 10 |
| 8. Sosiaal | 19 | 84 |

| | | |
|---|---|---|
| 9. Vooroordeel | 48 | 99+ |

Soos voorheen vermeld word persentieltellings wat hoër is as 70 of laer is as 30 as beduidend gehanteer. Vir die respondent is die volgende persentieltellings beduidend vir afleidings: gehoorsaam, wankontrole, behoedsaam, somber, aggressief, sosiaal en vooroordeel.

Die volgende moontlike afleidings kan van die respondent se ervaring van identiteit gemaak word, soos geïnterpreteer vanuit die EPI se riglyne:

**Beduidende hoë telling in gehoorsaamheid**

Die respondent toon die geneigdheid om gebeure in haar lewe te aanvaar. Sy kan betroubaar optree, maar kan afhanklik wees van ander.

**Beduidende hoë telling in wankontrole**

Hierdie telling kan moontlik daarop dui dat die respondent geneig is om impulsief te wees. Sy sal gewoonlik daarvan hou om nuwe dinge te probeer en hou van nuwe avonture en ervaringe.

**Beduidende hoë telling in behoedsaamheid**

Die respondent kan beskryf word as ’n versigtige en angstige persoon en haar angs sentreer rondom die bekommernis dat sy in die moeilikheid kan beland en wat ander mense van haar sê of dink.

**Beduidende lae telling in somberheid**

Hierdie lae telling dui veral op die identiteit van ’n groepafhanklike persoon.

**Beduidende lae telling in aggressiwiteit**

Hierdie lae telling kan aanduidend wees dat die respondent passief kan wees in sekere situasies en lewensgebeure. ’n Gevoel van geborgenheid kan ook hierdie telling so verlaag. Hierdie lae telling mag dui op ’n tevredenheid met die huidige lewenstyl.

**Beduidende hoë telling in sosiale aard**

Hierdie hoë telling wat die respondent behaal het dui moontlik daarop dat die persoon van warm, vriendelike kontak met mense hou.

**Beduidende hoë telling in vooroordeel**

Hierdie telling mag moontlik aandui dat die respondent neig om die meer sosiaal-aanvaarbare te kies en ook om sodanig op te tree.

Soos reeds vermeld kan bepaalde kombinasies van hoë en/of lae tellings ook ’n aanduiding gee van die respondent se persoonlikheid en ervaring van identiteit. Die beduidende kombinasies, soos gereflekteer deur hierdie respondent, word vervolgens weergegee:

**Hoog sosiaal en hoog behoedsaam**

Hierdie kombinasie mag aanduidend wees vir die ontwikkeling van ’n sterk gewete en ’n persoon wat maklik skuldig kan voel. Sodanige persoon sal verantwoordelikheid wil aanvaar, maar versigtig wees, want die behoefte om sosiaal aanvaarbaar op te tree speel gewoonlik ’n belangrike rol in so ’n persoon se lewe.

**Hoog sosiaal en hoë wankontrole**

Hierdie kombinasie kan aanduidend wees dat die respondent oor ’n versteurde identifikasiemeganisme beskik, met ander woorde, die konfigurasie van die respondent se identiteit is sodanig belemmer dat herkonfigurasie van die selwe nodig is. Die respondent ervaar ’n “clustering” of samekoeking van die populasie van selwe. Polster (2005:52) wys daarop dat die herkonfigurasie van selwe sal moet plaasvind, sodat bewuste oriëntasie van die self sal kan geskied (wording). Volgens Polster (2005:33) sal alle vroeë ervaringe bestanddele word vir latere vorming van die self of wording, soos deur die betrokke navorser beskryf. Tydens die proses van konfigurasie wil die individu nuwe ervaringe inpas in sy/haar totale prentjie van die self deurdat soveel moontlik relevante en koherente ervaringe ingepas word. Hierdie ervaringe bind volgens Polster (2005:9) in sekere konfigurasies: Eerstens word die rou data van die individu se lewe

geregistreer waarna hierdie ervaringe in die herkenning van persoonlike eienskappe ontwikkel om uiteindelik deel te vorm van die self.

Hierdie konfigurasie refleks is ’n belangrike determinant in die integrasie van toekomstige introjeksies by die individu veral in die bepaling van gesonde of ongesonde introjeksies (Polster, 2005:33). Volgens die betrokke navorser kan ’n wordingsproses nie geskied sonder die individu se eie bewuswording van die komplekse dinamika binne die self nie (sien bespreking in hoofstuk vier). Hierdie bewuswording is tydens terapeutiese intervensie aangespreek en word vervolgens bespreek.

### 5.4.4 Die terapeutiese proses

**Sessie een**

Die betrokke navorser fokus hierdie eerste sessie op verhoudingbou tussen haarself en die kliënt. Om hierin te slaag het die betrokke navorser gebruik gemaak van die roosboomtegniek wat ’n projeksietegniek is. (Die voorbeeld van die toepassing van die roosboomtegniek word in Bylaag 2 gebied). Hierdie tegniek word gebruik om kommunikasie tussen die terapeut en respondent te bevorder, maar deur die toepassing van die roosboomtegniek, projekteer die respondent haar leefwêreld en wordingsplek soos sy dit tans beleef sodat bewustheid by die respondent gestimuleer kan word.

**Prosesnotas tydens die eerste sessie**

Die respondent is vriendelik, oop en warm. Die betrokke navorser het bewus geraak dat die respondent gespanne is, maar hierdie spanning of weerstand probeer onderdruk deurdat sy eers vinnig wegkyk wanneer daar met haar gesels word. Die respondent lag ook voordat sy iets van haarself openbaar. Hierdie meganismes wat die respondent benut tydens dialoog, het meer sigbaar geword in die verloop van die gesprek, omdat die respondent ’n stukkie van haar kraag gevryf het wanneer sy haarself moes ontbloot tydens die gesprek.

Die betrokke navorser het deur navraag probeer vasstel wat die oorsaak is van die respondent se “senuweeagtige optrede”. Die respondent maak gebruik van defleksie om die naderende onderwerp van verlies te hanteer en die betrokke navorser het die respondent gelei om by die onderwerp te bly deurdat die betrokke navorser volhard het om by die onderwerp van verlies te bly. Deur die benutting van hierdie terapeutiese strategie sal die respondent leer om volle bewustheid te kan hanteer (cf. Joyce & Sills, 2001:116-117).

Nadat die betrokke navorser die respondent die instruksie gegee het, sodat sy met die roosboom kan begin, was die respondent onseker of sy oor die vermoë beskik om die opdrag uit te voer presies soos deur die navorser aan haar opgedra. Die respondent het nie gebruik gemaak van defleksie nie, want sy het in die hier-en-nou gebly en goeie kontak met die betrokke navorser behou. Die versekering is gebied dat sy oor genoeg vaardighede beskik om die opdrag te kan uitvoer en dat haar eie, unieke bydrae tot die opdrag van belang is. Die respondent het huiwerig begin om die opdrag uit te voer.

Die volgende moontlike afleidings kon, ná die navraag deur die betrokke navorser, gemaak word vanuit die respondent se projektiewe boom: Die respondent is onseker oor haarself en haar onsekerheid het verhoog nadat haar ouma gesterf het, omdat hierdie ouma oor die vermoë beskik het om die respondent veilig te laat voel. Hierdie veiligheid is veral geskep deurdat die respondent haar ouma se gedagtes, sowel as haar ma se idees en geloof in die lewe deur middel van introjeksies geïntegreer het. Hierdie afleiding word deur die hoë telling in gehoorsaamheid op die EPI bevestig. Die respondent hanteer die lewe meerendeels vanuit haar “member” selwe, naamlik die saggeaarde en naïewe selwe en beskryf haar sagtheid as ’n aangeleerde vaardigheid wat afkomstig is van haar ouma (cf. Polster, 2005:47) en het nog nie die innerlike sterkte om vanuit haar “essential” self, naamlik die sterk, magtige en selfs vernietiger van ou tradisies, te funksioneer nie (cf. Polster, 2005:42-47). Hierdie transformasie vereis dat sy nie meer “perfek” kan wees of leef nie, maar wel om eg te lewe. Hierdie hipotese van die betrokke navorser word bevestig deur die respondent se respons op vraag een (semi-gestruktureerde onderhoud), sowel as in die kombinasietellings van die EPI, naamlik hoog sosiaal en hoë wankontrole. Die ontdekking van ’n populasie van selwe binne die respondent behoort in die volgende sessie aangespreek te word. Die

respondent se projeksie van die toekoms is positief en sy besef daar gaan nog baie ervaringe wees in die toekoms, maar haar waagmoed om nuwe ervaringe te ontgin as gevolg van die verlies blokkeer die respondent om met oorgawe in die hier-en-nou te leef.

Hierdie blokkasie sal in die derde sessie aangespreek word. Hierdie inligting korreleer met die data-analise vanuit die EPI met betrekking tot die kombinasie van tellings, naamlik hoog sosiaal en hoog behoedsaam. Die beduidende lae telling wat die respondent in aggressiwiteit behaal het korrespondeer met die respondent se projeksie van passiwiteit binne haar identiteit, sowel as die beduidende hoë telling in behoedsaamheid wat die angstigheid en bekommernis verklaar rakende verandering en die indruk wat sy op mense maak.

**Sessie twee**

Die respondent word gelei om daardie plekke in haar wordingsgang te identifiseer waarin sy wil groei (vanuit projektiewe boom en resultate van EPI en onderhoud). Sy word gelei om al die verskillende selwe wat sy identifiseer het, te benoem en om te onderskei tussen die “member selves” sowel as die “essential selves”. Hierdie aktiwiteit help die respondent om die self te herkonfigureer, deurdat *bewustheid, nuwe kontak* en *aksie* in die intervensie benut word en die respondent hierdeur *gemobiliseer* word (Polster, 2005:51). Sy stel ’n tabel op waarin sy hierdie potensiële wordingsplekke identifiseer.

Die siklus van ervaringe word in hierdie sessie geaktiveer, nadat bewuswording rakende die respondent se wordingsgang behaal word en die rol van die herkonfigurasie of hervorming van die self beklemtoon is.

**Prosesnotas tydens die tweede sessie**

Die respondent identifiseer ruimte vir groei en wording binne haar identiteit as vrou (“essential self”), maar ook binne die identiteit van ’n student wat drome wil realiseer (“member self”). Sy wil groei waar verlies ervaar is (“essential self”) en uiteindelik eg

lewe. Die respondent se wordingsproses word deur “ek weet nie hoe om ontslae te raak van die verlies nie” geblokkeer.

**Sessie drie**

Die betrokke navorser verduidelik aan die respondent dat enige mens tydens die ervaring van die lewe kontakgrensversteurings kan ontwikkel en dat dit aanleiding kan gee tot blokkasies in die wordingsproses van die mens. Die noodsaaklikheid van die identifisering van sodanige kontakgrensversteurings word aan die respondent verduidelik, sodat haar selfkennis ontwikkel. Die rol van introjeksies word bespreek en die volgende aktiwiteit word geïntegreer in die terapeutiese proses nadat die betrokke navorser die volgende opdrag gee om die rol van introjeksies en/of ander blokkasies in die respondent se lewe, wat hom/haar kan belemmer, te illustreer: “Visualiseer ’n natuurlik gevormde tonnel, soos ’n tonnel wat ’n mens vind in ’n berg. Staan voor die tonnel en kyk in die tonnel in. Beskryf wat jy sien en watter emosies ervaar word terwyl jy inkyk. (Die betrokke navorser laat die respondent toe om alle ongemaklike emosies te eien voordat die proses voortgaan). Visualiseer nou hoe jy deur die tonnel beweeg en beskryf die reis. Ook watter emosies jy ervaar”. Daardie emosies wat ongemak verskaf aan die respondent word weer eens gehanteer binne die terapeutiese proses (cf. Steenkamp, 2002:251).

**Prosesnotas van die derde sessie**

Die respondent se angs om deur die tonnel te beweeg het haar bewustheid verhoog dat sy verandering vrees as gevolg van die introjeksies wat haar blokkeer. Soos reeds in hoofstuk vier vermeld, word die varsheid wat ontkiem vanuit die ervaring van die hier-en-nou in hierdie proses van blokkering deur introjeksies, vernietig. Sy het selfs tot die bewustheid gekom dat die blokkasie haar angsvlakke verhoog. Ons het gesels oor die verskillende bekende introjeksies in haar wêreld. Die introjeksie dat “alle mans vrouens misbruik”, wat volg vanuit haar ouers se huweliksonmin, sal in sessie vier hanteer word.

Die respondent openbaar nie samevloeiende gedrag nie. Sy beskik oor die vermoë om “Ek”-stellings te maak en dit is die bewuste mag wat sy aan haarself toegeien het wat aanleiding gegee het tot die verdere konfigurasie van die self en die proses van “tailoring” van die self is geïnisieer.

**Sessie vier**

Die fokus van hierdie sessie is om daardie blokkasies wat steeds figureer en die respondent verhinder om haar wordingsgang spontaan te ontgin, te hanteer. Die betrokke navorser het besluit om die introjeksie wat die respondent geïntegreer het rakende mans, te hanteer deur nuwe kontakte te bewerkstellig wat nuwe ervaringe van kontak insluit, binne die terapeutiese situasie. Die respondent word gelei om haarself te “herbesoek” as ’n tienjarige toe haar ouers geskei het, deur middel van rollespel in ’n verbeeldingsvlug.

**Prosesnotas van sessie vier**

Die introjeksie van “alle mans misbruik vrouens”, het die impak op die respondent dat sy *onttrek* in die teenwoordigheid van onbekende mans wat sy nie kan vertrou nie. Die rollespel het behels dat die respondent die tienjarige dogter van die self moes gaan “herbesoek” en in haar verbeelding met daardie deel van haarself gesels asof sy daar is. Die respondent het aanvanklik met woede gereageer teenoor haar pa wat haar ma, suster, broer en haarself verbaal aangeval het. Die respondent se woede het geleidelik begin bedaar en sy het met kalmte vir haar pa gesê dat hulle almal sal kan voortgaan sonder hom. Die respondent het onbedaarlik begin huil en hierna het sy ’n bevrediging beskryf dat sy in beheer voel van haarself en haar emosies. Sy het ook genoem dat alle mans sekerlik nie dieselfde is nie.

**Sessie vyf**

Hierdie sessie fokus op die integrasie van die nuut-gevormde self wat deur die hantering van die verlies gemobiliseer is. Die aard van die response van die respondent

met die bewustheid van die nuut-gevormde self word versterk, deurdat die respondent identifiseer met die teenoorgestelde polariteite van verlies, onvroulikheid en van emosionele misbruik. Die respondent word daarop gewys dat hierdie polariteite haar gemobiliseer het om die gevoelens van verbittering, onsekerheid en vrees te laat gaan.

**Prosesnotas van sessie vyf**

Die respondent kan haarself identifiseer met ’n vryer self wat wegbeweeg het van verbittering, onsekerheid en vrees. Sy kon die self herformuleer in terme van ’n persoon wat gegroei het as gevolg van pyn en wat oor die potensiaal beskik om ’n ryker en voller lewe te geniet. Die respondent het gevoel dat sy oor genoeg vaardighede beskik om die jaar verder met ywer aan te pak. Sy het self gekies om die sessies te staak, met die wete dat sy terug kan kom vir terapie indien sy sou wou.

### 5.4.5 Bevestiging deur opvolgonderhoud

Die respondent het soos daar met haar gereël is, na een week opgedaag vir ’n kontakbesoek aan die betrokke navorser sodat die geslaagdheid van die proses ondersoek kan word. Die respondent het positief gereageer in terme van haar funksionering op universiteit en sy het genoem dat sy oor meer geestesenergie beskik. Sy het haarself beskryf as ’n persoon wat meer doelgerig is en wat makliker begin ontspan in geselskappe waar vreemde mans teenwoordig is. Sy het bewus geword dat sy self en haar ma kon gesels het oor haar ouers se egskeiding en dat hulle selfs kon lag oor ’n paar insidente wat voor die egskeiding in die huis plaasgevind het. Sy is nog bewus van haar ouma se dood, maar die gedagte daaraan vertraag nie meer haar lewenspoed nie.

Die respondent het beweeg vanuit ’n plek van onsekerheid, wat gekenmerk was deur daardie aksies wat vanuit haar “member selves” ontspruit het. Sy het haar wêreld probeer hanteer vanuit die introjeksies wat sy hoofsaaklik geïntegreer het vanuit haar ouma en ma se meestal rigiede konsepte oor die lewe en sy het haar vrese geprojekteer na ander betekenisvolle mense wat haar in die projeksies sou kon verwerp het. Hierdeur het sy die “perfekte self” probeer vorm. In die verloop van die terapie het

die respondent daardie introjeksies gekonfronteer wat haar wordingsgang blokkeer het en sy het haar “essential self” ontdek wat droom oor die toekoms en hoop op uitnodigings van die lewe wat sy kan ontmoet en verdere ontwikkeling kan ervaar. Die respondent het integrasie ervaar tussen die verliese wat sy ervaar het en die hoop wat nog steeds vir haar as mens bestaan. Sy het tot die besef gekom dat die “perfekte self” ’n gelukkige self huisves wat nie noodwendig almal se behoeftes kan beantwoord nie. Die betrokke navorser het die volgende kategorieë (temas) geïdentifiseer, wat aangespreek is tydens die terapeutiese intervensie (inligting verkry vanuit semi-gestruktureerde onderhoud, EPI en die terapie): **emosies**, **blokkasies**, **kontakgrensversteurings**, **versteurde identifikasiemeganisme**, d**ie rigting van wordingsproses**, **die konfigurasie en herkonfigurasie van die selwe.**

Die intervensieproses het tot die ontplooiing van die wordingsproses van die respondent gelei en kan soos volg saamgevat word. Die opheffing van daardie blokkasies wat die respondent ervaar het, is gehanteer. Die respondent het ’n populasie van selwe binne haarself geïdentifiseer en uiteindelik begin herken in haar lewensprosesse, sowel as die funksies (konstruktief en/of destruktief) wat die selwe vervul het.

Die verskillende projektiewe tegnieke wat benut is het bewuswording sowel as kontakmaking by die respondent aangevuur. Die integrasie van die “cycle of experience” binne die terapeutiese proses van die respondent het die respondent laat beweeg na nuwe betekenisse en die ervaring van nuwe bewuswordinge en kontakmaking met emosies. Die bewuswording van kontakgrensversteurings en swak konfigurasie van selwe het aanleiding gegee tot die herkonfigurasie van die populasie van selwe, naamlik identiteitherdefiniëring.

Vanuit bogenoemde blyk dit duidelik dat die respondent baat gevind het tydens die terapeutiese intervensie, aangesien haar wordingsgang ontplooi het en hierdie ontvouing in die wordingsgang is deur haar moeder bevestig tydens die semi-gestruktureerde onderhoud. Die uitkomste van die loodsstudie dui daarop dat die betrokke navorser kan voortgaan met die ontvouing en verdere voltooiing van die empiriese ondersoek.

### 5.4.6 Die semi-gestruktureerde onderhoud met die respondent se ouer(s)

’n Semi-gestruktureerde onderhoud is deur die betrokke navorser gevoer, met die respondent se moeder. Hierdie onderhoud het twee weke nadat die vyfde sessie plaasgevind het, gevolg. Die rede vir die onderhoud was om hierdeur bevestiging te kry van wat die ouer(s) se indruk en ervaring is rondom die respondent se proses. Die respondent het deelgeneem aan die onderhoud, omdat die betrokke navorser haar insette in die gesprek ook wou laat geld. Hierdeur kon die betrokke navorser sien in watter mate wording by die respondent ontvou het.

**Vraag een**

U kind het tydens haar laaste sessie haarself beskryf as ’n vryer self. Vryer van verbittering, onsekerheid en vrese. Kon u hierdie verandering in haar raaksien, of is dit te vroeg om te vra?

**Respons deur ouer:**

Daar het definitief ’n verandering ingetree. Sy gesels met minder woede oor dinge wat in die verlede gebeur het. Sy dink meer aan die dinge van nou en aan wat moontlik is. Ja, ek dink sy’s vryer.

**Vraag twee**

Dink u dat die terapie u kind gehelp het om anders oor haarself te dink?

**Respons deur ouer:**

Sy dink beslis anders oor haarself. Sy “check” nie meer alles wat sy wil doen by my nie. Sy doen dit net.

**Respons deur respondent:**

Terwyl ek hier sit, besef ek dat ek vroeër staat sou maak op wat my ma vandag van my sê. Maar nou is dit nie meer nodig nie. Ek weet wat ek weet.

**Vraag drie**

Kan u aan enige faktore dink, buiten die terapie, wat u kind se groei bevorder het?

**Respons deur ouer:**
Geen noemenswaardige ander faktore waaraan ek kan dink nie. Sy het wel ’n nuwe motortjie gekry omdat sy haar lisensie geslaag het. Maar dit is al waaraan ek kan dink.

**Respons deur respondent:**
Ja, maar die Uno het tog nie verander wie ek is nie. Dit help my net om vinniger by ’n plek uit te kom. Sedert Ouma gesterf het, het ek wel universiteit toe gekom, maar ek sou nie so goed gevaar het sonder hierdie gesprekke nie. Voordat ek hierheen gekom het. het ek dit sterk oorweeg om my drome te laat vaar en sommer net te gaan werk.

Vanuit hierdie onderhoud het dit geblyk dat daar nie eksterne faktore was waarvan die respondent bewus was wat die transformasie tydens en na voltooiing van die terapie kon meebring nie. Die ontvouing van die respondent se wordingsproses is die resultaat van die geleidelike herkonfigurasie van die selwe, naamlik identiteitherdefiniëring.

## 5.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Ten einde die doel van die studie te bereik, het die betrokke navorser drie respondente gesien voordat daar ’n versadigingspunt bereik is. Die empiriese proses het bestaan uit die aflegging en analise van die EPI, die semi-gestruktureerde onderhoude voor en na afloop van terapie, sowel as die terapeutiese proses waarvan die bepaling van die respondent se konfigurasie van die selwe en vorming van identiteit ’n aanduiding kon bied van wat gebeur het met die respondent se identiteit sedert die verlies van ’n geliefde.

Vervolgens volg die agtergrond van die respondente. Die verdere proses van die empiriese ondersoek met die respondente word daarna bespreek.

### 5.5.1 Agtergrond van respondent M

Respondent M is manlik wat reeds aan die begin van hierdie jaar 16 jaar oud geword het en wat tans in graad tien is. Die respondent se gesinstruktuur kan soos volg beskryf word: Sy ouers is nog getroud en hulle woon nog bymekaar. Die huisgesin kan verder beskryf word as ’n tipiese voorbeeld van ’n voorstedelike gesin wat sukkel om die eise van ’n gesinslewe met die beroepslewe saam te smelt. Die respondent het ’n suster wat 19 jaar oud is. Die verlies(e) wat die respondent wou hanteer is eerstens *die verlies van sy suster* en tweedens *die verlies van sy verhouding met sy pa* wat ’n heupvervanging moes ondergaan, nadat hy geskiet is in die heup tydens ’n gewelddadige aanval tuis. Die derde verlies wat die respondent wil hanteer is sy moeder se onttrekking sedert die onlangse traumas waaraan die gesin onderwerp is.

### 5.5.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent M

Die volgende temas is geïdentifiseer deur die betrokke navorser, tydens en ná die uitvoering van die semi-gestruktureerde onderhoud, met die respondent:

#### *5.5.2.1 Emosies*

*Woede* vanuit vraag een: “Drie weke gelede het iemand my pa geskiet by ons huis, terwyl ek televisie gekyk het. My pa moes al operasies ondergaan. Ek sukkel nou op skool. Ek is woedend vir die wêreld.” *Woede* vanuit vraag twee: “… Ek was woedend vir my sussie, maar my ma het gesê dit was net ’n ongeluk. Nou, met die inbraak, het my ma ook gesê dit is iets wat gebeur het wat hanteer moet word” en vraag sewe: “… Ek is woedend vir die wêreld.”

*Verwerping* vanuit vraag vier: “… Ek sou graag met my suster wou gepraat het, maar sy praat met haar kêrel en sy sê ek pla haar net. My ma werk net.”

*Onsekerheid* vanuit vraag vyf: “Ek is onseker van myself. Ek wil uit die skool gaan en begin werk.

*Onveiligheid* vanuit vraag ses: “… ek voel nie meer veilig tuis nie …”

Die respondent se bewustheid van die emosies is in takt. Hy het nog nie in kontak beweeg met die emosies nie, omdat hy uit voeling begin leef en ’n onderliggende gevoel van angs begin belewe.

### *5.5.2.2 Blokkasies*

Die emosionele blokkasie wat die respondent ervaar om nie te besef watter verliese hy ervaar het nie, is geïdentifiseer. Vanuit vraag twee: “… Maar as jy my so vra, besef ek dat ek my sussie verloor het. Sy het in Januarie per ongeluk haarself raak geskiet by haar vriend en sy het die funksie van haar hand verloor. Die dokters sê dit is net tydelik. My ma het daardie tyd net aandag aan my sussie gegee …” Hier het die respondent eers werklik bewus geword van die diepte van sy verlies nadat die vraag deur die betrokke navorser gevra is. Vanuit vraag sewe word die respondent se blokkasie duideliker: “My drome is ‘geshatter’” en ’n verdere respons op hierdie vraag: “… Al wat verander het is dat ek swakker doen op skool. My drome is “geshatter”. Die respondent het tydens die semi-gestruktureerde onderhoud, sowel as tydens die terapeutiese intervensie aangedui dat hy ervaar dat sy wordingsgang belemmer word en dat hy nie hoop het om verder te ontwikkel nie. Hy het tydens die terapeutiese intervensie ontdek dat die sin van veiligheid van hom af weggeruk is, sedert sy sussie se skietongeluk en daardeur het hy ophou probeer waag om te wees. Die respondent het die onderliggende faktore wat die blokkasies veroorsaak begin verstaan en hierdeur het hy tot nuwe insigte begin kom. Hy het die “hands-up”-identiteit begin vertroetel en hy begin ’n self daarmee identifiseer as gevolg van die blokkasie. Die respondent ervaar ’n blokkasie in verhoudings soos getuig vanuit die respons in vraag agt: “… Ja, dit voel asof daar ’n muur gebou is tussen my en my suster. Ek kan nie daar deurkom nie. En sy wil nie my daardeur kry nie …”

### *5.5.2.3 Kontakgrensversteurings*

Die respondent se *introjeksies* word duidelik as hy gesels oor sy bande met die belangrike mense in sy lewe. In vraag drie sê die respondent: “My band met my pa was

nog altyd sterk … My verhouding met my suster en met my ma was nog altyd swak. Maar my swak verhouding met my suster pla my die meeste sedert die skietongeluk met haar.” Die respondent beskik oor sekere vaste idees oor hierdie belangrike persone in sy lewe en hy sukkel om hierdie idees/introjeksies te wysig. Hierdie onvermoë om sy introjeksies te “laat gaan” belemmer sy grense met mense, met wie hy in verhouding wil tree en kontak mee wil maak.

### *5.5.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die respondent ervaar ’n “clustering” of saamklomping van selwe wat die verskillende selwe se unieke karakters en identiteite versluier. ’n Voorbeeld om die voorkoms van die saamklomping van selwe te illustreer word duidelik in die respondent se respons op vraag vier: “Maar sy (met verwysing na die respondent se pa) nuwe optrede is om my hier na jou toe te bring.”

Die gedeelte van die self wat homself identifiseer met ’n goeie verhouding met sy pa, word versluier deur die assosiasie van die self waarin hy homself eerder identifiseer binne ’n swak verhouding met die vroulike geslag. Die respondent beskryf die self herhaaldelik in ’n swakker verhouding met sy ma, sy suster sowel as die onderwyseresse by die skool. Hy oorweeg glad nie om in vriendskappe met meisies by die skool betrokke te raak nie.

Hierdie waarneming deur die betrokke navorser word versterk deur die respondent se respons tydens terapeutiese intervensie waarop hy die self beskryf as iemand wat ongewild is en nie maklik vriende of vriendinne maak nie. Die self wat wel in goeie verhoudings kan tree (soos met sy pa) word dus versluier. Die herkonfigurasie van die selwe behoort dus plaas te vind, sodat identiteitherdefiniëring kan geskied.

### *5.5.2.5 Die rigting van die wordingsproses*

Die respondent ervaar pyn in verhoudings en hy bied rigting aan sy wordingsproses vanuit die respons op vraag elf: “… Ek is ek, maar ek sukkel om myself die laaste tyd te verstaan. Ander mense sukkel ook om my te verstaan.” Die respondent gee hiermee te

kenne dat hy sukkel om sy eie identiteit te definieer en dit het 'n impak op sy verhoudings. Die respons op vraag twaalf bevestig verder sy rigting van wording: “Ek wil nader wees aan mense. Ek voel ver.”

#### *5.5.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe*

Die respondent toon die behoefte aan verandering in sy lewe, maar sy onvermoë om te verander blokkeer hom. Die volgende respons uit vraag vyf toon die potensiaal tot die herkonfigurasie van die selwe deurdat terapeutiese intervensie benut sal word, sodat die respondent se wordingsgang kan ontvou: “Ek wens my ouers het my beter ondersteun. En my suster. Is daar 'n rol soos ‘hands-up’? Dis my rol.” Hierdeur blyk dit duidelik, soos reeds vermeld in 5.5.2.2 dat 'n self geïdentifiseer is as “hands-up” en dat herkonfigurasie van die selwe, waarin die “hands-up” self 'n meer prominente rol sal speel, aanleiding kan gee tot vernuwing en wording.

### 5.5.3 Die Emotions Profile Index

Die EPI is uitgevoer deur die respondent direk na afloop van die onderhoud. Die resultate van die respondent se response op die EPI kan soos volg voorgestel word:

**TABEL 2: EPI: Omskakeling van die routellings na persentiele**

| | | |
|---|---|---|
| **Emosionele dimensies** | **Roupunt** | **Persentiel** |
| 1. Gehoorsaam | 12 | 17 |
| 2. Wankontrole | 14 | 65 |
| 3. Behoedsaam | 14 | 49 |
| 4. Somber | 6 | 54 |
| 5. Wantrouig | 10 | 50 |
| 6. Beheersd | 26 | 86 |
| 7. Aggressief | 9 | 53 |

| | | |
|---|---|---|
| 8. Sosiaal | 13 | 40 |
| 9. Vooroordeel | 35 | 50 |

Soos voorheen vermeld sal persentieltellings wat hoër is as 70 of laer is as 30 as beduidend hanteer word. Vir die respondent is die volgende persentieltellings beduidend vir afleidings: gehoorsaamheid en beheersing. Die volgende moontlike afleidings kan van die respondent se ervaring van identiteit gemaak word, soos geïnterpreteer vanuit die EPI se riglyne:

**Beduidende lae telling in gehoorsaamheid**

Die respondent toon dat hy die moontlike neiging het om dinge nie te aanvaar nie of wantrouig is en geneig is om ongehoorsaam te wees.

**Beduidende hoë telling in beheersing**

Hierdie hoë telling kan daarop dui dat die respondent sy omgewing wil leer ken en wil leer hoe om dit te hanteer. Die respondent toon die neiging om sy lewenswyse te organiseer en het ’n behoefte aan sosiale kontak. Die moontlike afleiding kan gemaak word dat die respondent neig om goed georganiseerd te wees. Hy behoort oor goeie selfbeheer te beskik.

Soos reeds vermeld kan bepaalde kombinasies van hoë en/of lae tellings ook ’n aanduiding gee van die respondent se persoonlikheid en ervaring van identiteit. Geen beduidende kombinasies, soos gereflekteer deur respondent M se tellings, is weergegee nie.

Die EPI se toetsresultate stem nie orals ooreen met die response wat die respondent gebied het tydens die semi-ongestruktureerde onderhoud nie. Die betrokke navorser het daarom die moontlikheid ondersoek dat ’n konflik bestaan tussen die respondent se identiteitskonfigurasie en die persepsie wat die respondent oor homself en sy eie identiteit het. Die respondent se passiwiteit wat hy ervaar en soos deur sy ouers beskryf, ondersteun nie die bevindinge van die EPI wat ’n beduidende hoë telling in beheersing beskryf nie. Die respondent ervaar ’n blokkasie wat hom verhinder om sy

omgewing te wil leer ken en beter te hanteer. Sy behoefte aan sosiale kontak is geblokkeer, soos dit duidelik spruit vanuit die respondent se vertellinge tydens die semi-gestruktureerde onderhoud.

Hierdie konflik in bevindinge tussen die semi-gestruktureerde onderhoud en die EPI, kan aanduidend wees van ‘n identiteitsversteuring soos deur die respondent ervaar.

### 5.5.4 Die terapeutiese proses

Die volgende temas is deur die respondent aangespreek tydens die terapeutiese intervensie en hierdie temas sal deel word van die terapeutiese strategieë wat in hoofstuk ses aangedui sal word:

#### *5.5.4.1 Verhoudingbou*

Tydens die sessie het die betrokke navorser veral gefokus op verhoudingbou tussen haarself en die kliënt. Dit wou voorkom asof die respondent nie die proses vertrou nie. Om te slaag deur vertroue daar te stel, het die betrokke navorser gebruik gemaak van die roosboomtegniek wat ’n projeksietegniek is. Hierdie tegniek word gebruik om kommunikasie tussen die terapeut en kliënt te bevorder, maar deur die toepassing van die roosboomtegniek projekteer die respondent sy leefwêreld en wordingsplek soos hy dit tans beleef sodat bewustheid by die respondent daargestel kan word. Die verhouding tussen die betrokke navorser en die respondent is in die verloop van die terapeutiese proses versorg. Die siklus van ervaringe neem in hierdie sessie ’n aanvang, deurdat die betrokke navorser bewuswording sowel as kontak by die respondent probeer bewerkstellig (Bylaag 4). Dieselfde instruksie, soos tydens die loodsstudie, wat gerig is op die voltooiing van die roosboomtegniek, is aan die respondent gestel.

#### *5.5.4.2 Emosies*

Die respondent ervaar *woede* omdat hulle gesinsgeborgenheid sedert sy sussie se skietongeluk verbrokkel het. Hy het voorheen veiligheid ervaar binne sy gesinskonteks en die feit dat sy suster ’n kêrel het verhoog sy *angs* vir verlies. Hierdie afleiding word deur die response van die respondent tydens die semi-gestruktureerde onderhoud bevestig. Die *woede* van die respondent was deurentyd hoog en hy het sy onvermoë uitgespreek om dit te oorkom, tydens ’n opdrag wat hy moes uitvoer.

Die betrokke navorser het die respondent ondersteun deurdat sy hom gehelp het om eerstens die emosie(s) te identifiseer en die gedagteprosesse wat daarmee gepaard gegaan het, byvoorbeeld: “Ek voel hierdie woede binne my, maar ek kan niks daaraan doen nie.” Die betrokke navorser het sy hulpeloosheid en magteloosheid uitgewys wat figureer in sy proses. Hierna het die respondent gesels oor sy magteloosheid wat hy ervaar het tydens die inbraak wat by hulle huis plaasgevind het en die impak wat die inbraak op hom gehad het. Die respondent het tot die nuwe insig gekom dat hy hulpeloos voel sedert die inbraak, omdat hy nie enige insette gelewer het om sy pa se lyding te spaar nie. Hy het verdere insig gevind dat sy suster se skietongeluk dieselfde emosies teweeggebring het, omdat sy suster se vriend haar help en dat hy magteloos voel in hulle verhouding.

Die betrokke navorser het voorgestel dat die respondent eksperimenteer met vrae soos: “Verbeel jou dat jy ’n vriendin gehad het en wat dit vir jou sou beteken.” Hierna het respondent M die onteiende aspekte van die self weer in besit geneem. Sodanig kon die respondent terapeuties ondersteun word om sy verliese te aanvaar. Hierna het die respondent bevrediging ervaar, omdat hy sy gesinslede kon herwaardeer en hierdeur kon hy tot nuwe insigte kom. As gevolg van die integrasie wat plaasgevind het binne die herkonfigurasie van die selwe het die respondent verligting begin ervaar en ’n mate van bevrediging gesmaak. Hierna het die respondent die besluit geneem dat hy ekstra hulpverlening by die skool wil neem om hom te help met die akademiese probleme. Sy magteloosheid het verminder en sy onvoltooidhede is voltooi.

#### *5.5.4.3 Bewuswording en kontakmaking*

Die betrokke navorser het bewus geword dat die respondent sukkel om in kontak te bly met sy emosies. Die respondent staan gereeld op tydens die gesprek en noem dat sy heup pyn. Die respondent is moontlik aktief besig om die bewustheid van sy verliese te probeer vermy. Deur te fokus op die siklus van ervaringe en deur die respondent te lei tot die bewuswording van die sensasies wat hy ervaar, behoort die respondent te leer om volle bewustheid te kan hanteer (cf. Joyce & Sills, 2001:116-117). Die betrokke navorser het die deflekterende gedrag gehanteer deurdat sy die volgende intervensiesin benut het wanneer die respondent opgestaan het: "*M, ek het opgemerk dat jy opstaan wanneer jy inligting op die roosboom aanbring. Ek wonder of dit miskien gebeur wanneer jy ongemaklik voel oor die spesifieke aard van die inligting en nog nie gereed voel om dit te hanteer nie?"* Die betrokke navorser het verdere kontak by die respondent bewerkstellig deurdat die respondent se tekening van die tonnel (sien beskrywing van die instruksie vir hierdie tegniek tydens die loodsstudie/sessie drie), die besef by die respondent laat ontstaan het dat sy algemene gevoelens van magteloosheid en wanhoop spruit vanuit die gevoelens wat hy by die skool ervaar, naamlik mislukking en verwerping.

Tydens die dialoog wat gevoer is tussen die betrokke navorser en die respondent, wat hoofsaaklik gehandel het oor die respondent se beskrywings van ervarings wat hy in die tonnel geprojekteer het, het die respondent kontak gemaak met 'n ongeïdentifiseerde self. Die respondent het hierdie self beskryf as waagmoediger as hoe hy homself beleef binne verhoudings. Die respondent se nuwe bewustheid het aanleiding gegee tot nuwe insigte van die self en hierdeur het hy tot die ontdekking van die populasie van selwe, wat in verskillende konfigurasies bestaan, gekom. Hierna het die respondent die betrokke navorser meegedeel dat hy tot die bewustheid gekom het dat hy sy ma kan vergewe vir haar onvermoë om beskikbaar en "daar" te wees as gevolg van haar werkseise. Die respondent het gevra of hy iets kon teken, want hy het 'n behoefte om uitdrukking te gee aan sy gevoelens. Die tekening was 'n lugballon wat vrolik ingekleur was en wat hoog in die lug opgestyg het en tydens navraag het die respondent sy ligte gemoed en emosionele vryheid aan die hand van die lugballon beskryf.

*5.5.4.4 Blokkasies*

Die respondent se toekoms-projeksies is oor die algemeen negatief, maar word positief as hy sy droom om Kaap toe te trek, begin beskryf. Die betrokke navorser het die respondent gelei om self tot die ontdekking te kom dat die respondent se eie vooropgestelde idees oor die lewe in die Kaap (voorbeeld van 'n introjeksie by die respondent), sowel as sy pogings om die hier-en-nou te ontwyk as gevolg van die eise wat daar is, blokkasies verteenwoordig wat die respondent verhinder om met oorgawe in die hier-en-nou te leef. Die respondent het uiteindelik beweeg na die erkenning van sy eie onvermoë om vriende te maak as gevolg van die introjeksies ("ek is nie gewild nie", "my ma is afwesig en ondersteun my nie", "ek is alleen") wat hom blokkeer om vry aan te gaan.

*5.5.4.5 Kontakgrensversteurings*

Die rol van introjeksies, defleksie en egotisme word geïdentifiseer en later bespreek in die respondent se proses. Alternatiewe is voorgestel om die kontakgrensversteurings op te hef en die alternatiewe wat aangebied is, sentreer om die bewusmaking van die respondent tot kontakmaking met daardie introjekte, gedeflekteerde gedrag of gedagtes wat die self se wordingsproses blokkeer. Die respondent moes self alternatiewe voorstel om die blokkasies op te hef, deurdat hy die kontakgrensversteurings aangespreek het.

*5.5.4.6 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die betrokke navorser gebruik dialoog om die populasie van selwe te adresseer wat binne die respondent se wordingsprosesse figureer. Die respondent ervaar die onvermoë om die verskillende selwe te identifiseer en dit is moeilik vir die respondent om die impak van hierdie groepe selwe op sy wordingsproses te eien, te erken en kontak daarmee te maak, omdat hy die self geïsoleer het. Die betrokke navorser het die respondent bemagtig om homself vanuit hierdie selfgeïsoleerdheid te lig, deurdat die

respondent verantwoordelikheid moes aanvaar vir die destruktiewe impak wat sodanige isolasie op die terapeutiese verhouding sou uitoefen en die respondent het bewus geword dat die kontakgrensversteuring die populasie van selwe wou beskerm teen enige verdere potensiële pyn. Die respondent het besluit om aksie te neem en vanuit die isolasie te beweeg en het uiteindelik kontak begin maak met die populasie van selwe.

#### *5.5.4.7 Die rigting van die wordingsproses*

Die respondent het die slagoffer-self geïdentifiseer en het tot die besef gekom dat hierdie aspek van die self ’n oorheersende rol begin vervul het in die wyses waarop hy handel. Die respondent kon gelukkig die “waagmoedige self” binne die polpulasie van selwe eien en die respondent se bewuswording en kontakmaking met hierdie aspek van die self, het hom gemobiliseer en aangespoor tot nuwe aksiegedrag. Hierdie gedrag wat die respondent geopenbaar het is nuut want hy het nou gekies om in plaas van ’n passiewe stand in die lewe, waagmoedig op te tree en toe te tree tot ’n situasie. Die subtiele en indirekte bewusmaking van die prosesse sowel as die gevolge van ’n slagoffer-stand is terapeuties ondersoek. Die betrokke navorser het hierdeur die respondent gelei tot mobiliserende gedrag en die respondent het uiteindelik deur middel van beplanning en besluitneming, daardie verliese wat hy wou konfronteer en die gepaardgaande woede, begin hanteer.

Die respondent het dus aksie begin neem (teenoor sy vroeë passiewe stand) en hy kon kontak maak met nuwe sensasies en bewuswordinge. Die respondent se behoefte “om ’n meisie uit te neem” en “… my ma is eintlik daar vir my ... net op ’n ander manier as wat ek gedink het sy moes wees!”, dien as voorbeelde van die wordingsproses wat binne die respondent ontvou het. Die betrokke navorser het as deel van die integrasieproses bepaal of die respondent alternatiewe kon vind vir die oplossing van sy huidige lewensituasie, wat ook ’n aanduiding bied in watter mate die respondent gegroei het.

#### *5.5.4.8 Die herkonfigurasie van die selwe*

Die respondent se behoefte aan sosiale kontak het na die voorgrond beweeg tydens die gesprek oor die roosboomtekening wat hy gemaak het. Die “roosboom” was ’n tekening van ’n skoolrooster waarop al die eise van die dag opgeteken gestaan het. Sosiale kontak het op elke dag verskyn en die respondent het dit met rooi verhelder. Tydens navraag het die respondent genoem dat hierdie die area in sy lewe is waar hy te kort skiet.

Hy het tydens gesprekvoering die ontdekking gemaak dat hierdie behoefte nie alleenlik deur sy gesinslede vervul hoef te word nie. Die betrokke navorser en die respondent het sy suster se ontwikkeling en plek bespreek as ’n jong, ontluikende volwassene en die introjeksies wat die respondent het oor die rol van ’n suster, sowel as van ’n broer. Die gevolge van die aanvaarding dat sy suster oor die reg beskik om ’n kêrel te hê, is hanteer. Die respondent ervaar die gevolge van hierdie aanvaarding, dat hy homself sien as alleen in die onveilige wêreld. Die betrokke navorser het ’n ondersteunende rol in die terapeutiese verhouding vervul en ’n gevoel van betrokkenheid en meelewing probeer vaslê (in kontras met die respondent se moeder se moederrol wat beskryf word), in ’n poging om die respondent se introjeksies oor vrouens te verander.

Nadat die respondent die verskillende selwe benoem het, moes die respondent die “storie” agter elke self herroep en oorvertel aan die betrokke navorser deur middel van dialoog. Die respondent is gelei tot dialoog oor die wroeging/konflik, klimakse asook oplossings van die selwe. Die respondent het aanvanklik gesukkel om die verskillende selwe te benoem en die volgende uittreksel van ’n sessie kan dien as ’n voorbeeld van die respondent se proses: “Die respondent het begin met die manlike self, omdat hy glo dat alle mans behoort te kan opstaan teen vyande of indringers wat in die wêreld is. Hy het genoem dat die oorsprong van sy woede vanuit hierdie self spruit, omdat hy nie sy pa kon beskerm teen die aanval nie. Hy beskryf hierdie onvermoë van hom om nie te kon terugveg nie as ’n swakheid wat hom magteloos laat voel. Hy identifiseer die magtelose self.

Die betrokke navorser het die respondent gevra om ’n gesprek uit te speel tussen die manlike self en die magtelose self, omdat hy konflik tussen hierdie selwe ervaar. Die respondent het stoele geruil in die rollespel tussen hierdie twee selwe. Die uiteinde van

die gesprek was dat die manlike self begrip begin ervaar het vir die gevoel van magteloosheid en depressie wat die magtelose self ervaar het. Die manlike self het die magtelose self vergewe vir die onvermoë om te kon beskerm."

Tydens die laaste sessie beskryf die respondent ’n nuwe bewustheid wat begin vorm het, naamlik: "Ek verander. Ek voel sterker in myself. Dit het niks met die gimnasium te doen nie." Hierdie verandering ervaar hy as positief en hy bring dit in verband met nuwe gedagtes oor homself.

Hy het ontdek dat daar aspekte binne homself is wat hy waardeer, soos sy vermoë om ander te laat lag. Die respondent bespreek sy nuut-gevormde behoefte om ’n vriendin uit te neem.

### 5.5.5 Bevestiging deur opvolgonderhoude

Tydens die opvolgonderhoud het die respondent homself beskryf as ’n persoon wat geleer het dat hy die voorreg het – soos elke mens op aarde – om ’n menswaardige lewe te lei. Die respondent se gevoelens van minderwaardigheid, omdat hy verwerp voel deur sy ma sowel as sy suster, is oorbrug.

Die respondent het besef dat hy sy talente sal moet begin ontgin, net soos baie van sy portuurmaats doen. Sy bewuswording dat elke mens sy/haar eie toekoms ontgin deur aktief betrokke te raak is met die betrokke navorser bespreek. Die respondent het bewustelik minder opgestaan en begin gesels oor sy wêreld waarin hy homself bevind.

Tydens die onderhoud met die respondent se ouers het die ouers hulle waardering uitgespreek vir die positiewe verandering wat hulle in die respondent waargeneem het. Hulle beskryf ’n minder aggressiewe kind, wat soos tydens sy laerskooljare weer grappies maak. Hulle het hom beskryf as ’n vroliker kind.

Die ouers het opgemerk dat die respondent beweeg het vanuit ’n passiewe posisie en aktief betrokke raak op akademiese en sosiale vlak. Die respondent se ma het trots vertel dat hy die vorige Vrydag ’n "oulike dogter" in graad tien uitgeneem het om te gaan fliek.

Die ouers van die respondent en die respondent kon geen ander faktore identifiseer wat die respondent se wordingsproses kon bevorder nie. Die terapie wat die

respondent ontvang het, is geïdentifiseer as die enigste faktor wat tot sy (en die ouers) se wordingsproses bygedra het.

## 5.6 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Vervolgens volg die agtergrond van respondent C se empiriese ondersoek. Die verdere proses van die empiriese ondersoek met die respondent word hierna bespreek.

### 5.6.1 Agtergrond van respondent C

Respondent C is ’n vroulike respondent wat 16 jaar oud is en tans in graad tien is. Haar gesinstruktuur is gebroke waarvan haar vader die primêre versorger is. Die respondent beskryf ’n 19-jarige broer wat nog nie die verantwoordelikhede van die volwasse lewe begin opneem het nie en nog tuisgaan by die primêre tuiste. Hy word beskryf as ’n broer wat konflik in die huis teweegbring primêr omdat hy ’n gerehabiliteerde dwelmverslaafde is. Die respondent se *biologiese ma het gesterf tydens die respondent se sesde lewensjaar* en hierdie verlies beïnvloed die respondent se lewe tot vandag toe. Haar pa het intussen al twee keer geskei in die daaropvolgende 10 jaar sedert haar ma se dood. Hierdie vroue het ook aanleiding gegee tot die ervaringe van verlies in die gesin.

### 5.6.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent C

Die volgende temas is geïdentifiseer deur die betrokke navorser, tydens en ná die uitvoering van die semi-gestruktureerde onderhoud, met die respondent:

#### *5.6.2.1 Emosies*

Die respondent beskryf *hartseer, alleenheid* en *magteloosheid* wat duidelik na vore kom in haar respons op vraag vyf: “Ek het alleen geword. Ek dra die wêreld se sorge op my twee skouers.” Die hartseer en *hulpeloosheid* word gereflekteer in haar respons op

vraag ses: "… Almal het hartseer mense geword. My broer het daarby ’n woedende mens geword. My pa wou nie self "cope" nie …" Die respondent se soeke na liefde kom duidelik na vore in haar respons op vraag agt: "Ek het begin om liefde te soek by seuns wat my fisiese pyn kon wegvat …"

Hieruit blyk dit duidelik dat die respondent se emosies ’n definitiewe impak het op die rigting van haar wording. Die respondent se emosies gee aanleiding tot ’n gevoel van onvoltooidheid by die respondent wat uiteraard ’n direkte impak uitoefen op die respondent se konfigurasie van identeit. Identiteitherdefiniëring, deur die herkonfigurasie van selwe, kan die respondent se rigting van wording verander.

*5.6.2.2 Blokkasies*

Die respondent se pyn en die afwesigheid van ’n sterk, leidende figuur in die rouproses het die respondent disgeoriënteerd gelaat en aanleiding gegee tot die verdere onderdrukking van gevoelens. Hierdie blokkering van emosies het die respondent se identiteit gerig en sy het die self met ’n sodanige "harde" mens begin vereenselwig, omdat sy gevoelloos was. Hierdie blokkasies het daartoe gelei dat die respondent die ervaring het dat sy haarself verloor het, omdat die onderdrukking van emosies die gevoel by die respondent geskep het dat "sy haarself nie meer ken nie". Die respondent se respons op vraag elf ondersteun die betrokke navorser se bevinding: "… Deurdat ek seks met ’n ou het, voel ek nader aan die mens wie ek behoort te wees." So ook die respons op vraag twaalf: "Soos ek aan die begin gesê het, ek het ’n verlange na myself. Ek het myself verloor." Die respondent se self kan beskryf word as onsigbaar, gevoelloos, rigtingloos en naamloos.

*5.6.2.3 Kontakgrensversteurings*

Die respondent beskryf ’n onvervangbare band wat sy herroep in haar verhouding met haar ma. Die impak van hierdie verlies het gelei tot die respondent se kontakversteuring, naamlik samevloeiing, waarin sy probleme ondervind om ’n gesonde afstand tussen haarself en ’n geliefde te behou en in samevloeiing gaan met die

geliefde se behoeftes sonder dat sy die self se behoeftes of grense in ag neem. Vraag drie se respons, dien as ’n voorbeeld van haar gedagteproses: “… Die band wat ek met haar gehad het is onvervangbaar. Die ander twee vrouens wat in ons lewe gekom het, kon nooit my ma vervang nie. Maar hulle’t tog die “gat” in my hart voller gemaak. Daarom het ek altyd probeer om hulle tevrede te stel.” Die respondent se onvermoë om hegte bande te hanteer word gereflekteer in vraag nege: “Ek raak betrokke in seksuele verhoudings waar nie net fisiese misbruik plaasvind nie, maar ook emosioneel. Ek laat dit elke keer toe …” Die respondent se ervaring van identiteitloosheid word deur hierdie wordingsgang beklemtoon.

*5.6.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die respondent het as gevolg van die pyn en lyding wat haar gesin deurgegaan het, in vele opsigte verander. Die proses het gelei tot die ervaring van disoriëntasie en die respondent het alle gevoelens begin blokkeer en die self met ’n sodanige “harde” mens begin vereenselwig. Vanuit vraag sewe word haar gedagteproses duidelik: “… Ek het geleer dat mens nie seer kan kry as jy nie ’n persoon toelaat om jou hart aan te raak nie.”

*5.6.2.5 Die rigting van die wordingsproses*

Die rigting van die respondent se wordingsproses is reeds tydens die respons op vraag een aangedui: “Ek begeer myself, want die ‘ek’ in my is deur pyn en verlies ver weggesteek. Ek probeer nogtans om ’n glimlag op my gesig te hou, al voel ek nie daarna nie. ’n Glimlag laat ander terug glimlag. Ek wil altyd ander mense se gevoelens in ag neem en almal gelukkig maak.” Die respondent kan ondersteun word om haar eie identiteit te herwin en dan te herdefinieer. Die respondent kon nie in haar huidige wordingsproses leer om pyn te hanteer nie (kontakgrensversteuring), soos dit duidelik blyk vanuit die respons op vraag tien: “… Ek sê vir myself dat pyn deel van my lewe is. Dis my lewe.”

*5.6.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe*

As gevolg van die radikale veranderinge as gevolg van haar verlies, het die respondent se konfigurasie van wie sy is en die self beskryf, ook verander. Sy beskryf die radikale veranderinge wat eers op fisieke vlak waargeneem is en ’n latere bewuswording van die emosionele impak op die herkonfigurasie van hulle huishouding, soos (vraag drie en vier): “… Hierdie verlies het definitief gelei tot minder stabiliteit in die huishouding en ons daaglikse lewe het drasties verander … Ek het baie min ondersteuning ontvang. My pa se hart was gebroke en my boetie het skuldig gevoel, omdat hy sy klere by die huis vergeet het. My ouma was onbetrokke, want sy was en is nog altyd. My pa se sussie het ons onder haar vlerk geneem. Maar ek het verkies om alleen te gaan huil en om my broer te kalmeer.”

Die respondent het as ’n hanteringsmeganisme die kontakgrensversteuring van samevloeiing ontwikkel, wat haar wordingsgang gelei het tot die konfigurasie van selwe wat rolle vervul en gelei het tot ’n “vals” identiteit.

**5.6.3Die Emotions Profile Index**

Die EPI is uitgevoer deur die respondent direk na afloop van die onderhoud. Die resultate van die respondent se response op die EPI kan soos volg voorgestel word:

**TABEL 3: EPI: Omskakeling van routellings na persentiele**

| | | |
|---|---|---|
| **Emosionele dimensies** | **Roupunt** | **Persentiel** |
| 1. Gehoorsaam | 12 | 11 |
| 2. Wankontrole | 8 | 20 |
| 3. Behoedsaam | 7 | 13 |
| 4. Somber | 6 | 59 |
| 5. Wantrouig | 20 | 98 |

| | | |
|---|---|---|
| 6. Beheersd | 11 | 11 |
| 7. Aggressief | 21 | 93 |
| 8. Sosiaal | 14 | 35 |
| 9. Vooroordeel | 17 | 1- |

Soos voorheen vermeld sal persentieltellings wat hoër is as 70 of laer is as 30 as beduidend gehanteer word. Vir die respondent is die volgende persentieltellings beduidend vir afleidings: gehoorsaamheid, wankontrole, behoedsaamheid, wantroue, beheersing en aggressiwiteit. Die volgende moontlike afleidings kan van die respondent se ervaring van identiteit gemaak word, soos geïnterpreteer vanuit die EPI se riglyne:

**Beduidende lae telling in gehoorsaamheid**

Die respondent toon dat sy die moontlike neiging het om dinge nie te aanvaar nie of wantrouig is en geneig is om ongehoorsaam te wees.

**Beduidende lae telling in wankontrole**

Hierdie telling kan moontlik daarop dui dat die respondent nie daarvan hou om nuwe dinge te probeer nie en kan dui op ’n persoon wat nie-avontuurlustig is. Die respondent kan moontlik verkies om van sosiale verkeer weg te skram wanneer die mense haar uitdaag om iets nuuts te probeer.

**Beduidende lae telling in behoedsaamheid**

Hierdie beduidende lae telling kan dui op ’n individu wat geneig is om minder versigtig en angstig te wees as die gemiddelde persoon. Sy sal moontlik bereid wees om kanse te waag en kan hierdeur in die moeilikheid beland.

**Beduidende hoë telling in wantroue**

Hierdie telling kan aanduidend wees dat die respondent geneig is om koppig, fyngevoelig en sarkasties te wees. Die respondent kan vyandig voorkom en krities wees.

**Beduidende lae telling in beheersing**

Die respondent kan geneig wees om haar lewe van ’n dag-tot-dag basis te leef. Daarom sal sy sukkel om te beplan vir haar toekoms. Die respondent kan ongeorganiseerd wees in haar denke en/of aktiwiteite en beskik volgens hierdie meetinstrument dan oor min selfkontrole.

**Beduidende hoë telling in aggressiwiteit**

’n Neiging om aggressief en bakleierig te wees word aangedui. Sy kan as ’n rebel beskryf word.

**Beduidende lae telling in vooroordeel**

Lae tellings in vooroordeel dui op die neiging by die persoon om haarself in sosiaal onaanvaarbare terme te beskryf.

Soos reeds vermeld kan bepaalde kombinasies van hoë en/of lae tellings ook ’n aanduiding gee van die respondent se persoonlikheid en ervaring van identiteit. Konflik tussen die lae telling in beheersing en die lae telling in behoedsaamheid, is weergegee. Hierdie konflik, wat bestaan by die bepaalde kombinasies, kan ’n aanduiding bied dat die respondent konflik ervaar oor haar identifikasie met die eie self. Geen beduidende kombinasies, wat uitgelig behoort te word, het voorgekom nie.

### 5.6.5 Die terapeutiese proses

Die volgende temas is deur die respondent aangespreek tydens die terapeutiese intervensie:

#### *5.6.5.1Verhoudingbou*

Die siklus van ervaringe neem ’n aanvang, deurdat die betrokke navorser bewuswording sowel as kontak by die respondent wil probeer bewerkstellig. Dieselfde instruksie, soos tydens die loodsstudie, wat gerig is op die voltooiing van die roosboomtegniek, is aan die respondent gestel. Die respondent was vriendelik, dog versigtig. Hierdie waarneming stem ooreen met die respondent se beduidende lae

telling in gehoorsaamheid, omdat die respondent eerder in samevloeiing sal gaan en hierdeur die guns van ander wen. Sy glimlag gereeld. Hierdie waarneming stem ooreen met die respondent se respons op vraag een tydens die semi-gestruktureerde onderhoud, naamlik dat sy die self beskryf het as vriendelik en iemand wat probeer om altyd te glimlag. Die respondent noem dat sy die terapeutiese proses sal aanpak omdat sy daarvan hou om te waag en hierdie waaghouding stem ooreen met die respondent se beduidende lae telling in behoedsaamheid wat sy verkry het op die EPI. Die betrokke navorser het bewus geword dat die respondent sukkel om in kontak te bly met haar ware emosies, omdat sy deurentyd probeer het om vriendelik te wees, te midde van hartseer en woede-emosies wat sy geprojekteer het in die roosboomtekening.

5.6.5.2 *Emosies*

Die respondent ervaar *woede* as gevolg van die *onreg* wat sy in elke ervaring van verlies ervaar, totdat die respondent bewus gemaak word van die introjeksie. Hierdie woede het gelei tot ’n *diep hartseer* wat die respondent probeer verbloem het deur haar bekende en mooi glimlag. Sy *wantrou* mense as gevolg van die ander vrouens wat in haar pa se lewe rolspelers is en was. Hierdeur het haar *wanhopigheid* en *alleenheid* verhoog. Die betrokke navorser het die respondent ondersteun om bewus te word van die verskillende sensasies, emosies en behoeftes sodat sy die emosies in kontak kon beweeg met die self. Die siklus van ervaringe (Bylaag 4) is toegepas in die hantering van die respondent se emosies.

*5.6.5.3 Bewuswording en kontakmaking*

Kern valse idees van die self is geïdentifiseer, naamlik dat die doel van haarself is om pyn te ervaar, om “hulpverlener” vir almal te wees en dat sy onbelangrik is. Deurdat die respondent bewus geword het van hierdie valse idees, kon sy nuut reageer op pynstimuli. Die respondent het in die verloop van die terapeutiese proses bewus geword van ’n *“diep hartseer”,* omdat sy haar ma verloor het. Hierdie hartseer emosies het na die respondent se bewuste getree, nadat sy die roosboomtegniek voltooi het en deur

middel van dialoog kon gesels oor hoe sy haarself en haar wordingsproses ervaar. Sy was deurentyd krities oor haar eie prosesse en het enige verandering wat deur die betrokke navorser voorgestel is, krities bevraagteken.

Die populasie van selwe het tydens hierdie gesprek duideliker na vore gekom, deurdat die respondent begin gesels het oor die veranderinge wat sy ervaar het binne hulle huisomgewing en hoe die “ander vrouens in haar pa se lewe” haar gekritiseer het. Hierdeur het die respondent die “kritiese self” geïdentifiseer. Die gesprek het die respondent verder gelei om tot die besef te kom dat sy rolle en funksies het om te vervul, sonder dat sy haarself en die behoeftes wat sy ervaar, in ag neem. Sy het hierdie deel van die self as ’n “slaaf” beskryf. Die “pleaser” wat altyd glimlag is ook tydens hierdie intervensiesessie “ontdek”.

*5.6.5.4 Blokkasies*

Die respondent se “kritiese self” het deurgaans weerstand getoon tydens die proses van terapeutiese intervensie. Die betrokke navorser het hierdie blokkasie hanteer, deurdat die respondent gelei was om haar emosies te ervaar tydens die blokkasie (selfkritiek) wat sy daargestel het.

Die respondent het tot die nuwe insig gekom dat die wortel van die kritiek ontwikkel vanuit ’n gevoel van minderwaardigheid. Deurdat die respondent gelei is om die konfigurasie van die populasie van selwe te bedink, kon die respondent kontak maak met die gedagtes, emosies en gedrag wat aanleiding gee tot die indringing en blokkasie van die voltooiing van die Gestalt van liefde, intimiteit en voltooidheid wat soos ’n fyn draad ingeweef is in haar huidige wordingsproses.

*5.6.5.5 Kontakgrensversteurings*

Die respondent gebruik samevloeiing as verdedigingsmeganisme. Hierdie gedrag is aangespreek deur te wys op die wyse waarop die respondent dit in haar optredes integreer. Die respondent se behoefte om te behoort en om “destinies” te deel met ander laat-adolessente seuns, dui op haar verlies aan interpersoonlike kontinuïteit en

het aanleiding gegee tot ’n gevoel van onsekerheid. Die betrokke navorser het empatie getoon teenoor die respondent met die fokus op haar verliese en die onderliggende doel om samevloeiing by die respondent te balanseer. Sy beskik oor projeksies waardeur sy kan werk en nuwe sin en betekenis kan verkry oor haar wêreldsiening en haar wantroue in mense. Die rol van introjeksies en egotisme is bespreek in die respondent se lewe en die respondent het gesonder alternatiewe gekies om te integreer in haar lewe.

*5.6.5.6 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die respondent het bewus geraak dat sy haarself ooridentifiseer het met haar ma en in die proses het sy haar eie identiteit tydelik verloor. Die respondent het bewus geword dat die identiteitsverwarring wat sy ervaar, die moontlike produk kan wees van die verliese wat sy probeer hanteer. Die betrokke navorser het aan die respondent verduidelik dat identiteit sterker vorme van betekenis vir die individu (as identiteitsrolle) inhou, omdat die vorming van identiteit self-konstruksie en individuasie deurloop. Identiteit organiseer dus betekenis en doelgerigtheid, terwyl identiteitsrolle die funksies van die individu organiseer.

*5.6.5.7 Rigting van die wordingsproses*

Die volgende moontlike afleidings kon gemaak word (vanuit dialoog tussen die betrokke navorser en die respondent ten opsigte van die respondent se projektiewe roosboomtekening). Die beginfase van die respondent se wordingsproses is hier geformuleer:

Die respondent voel emosioneel verwaarloos en “vergete” deur die belangrike mense in haar lewe. Sy toon die behoefte om deur die pyn te werk, sodat sy weer al haar potensiaal kan ontgin en kan “blossom” soos sy dit stel. Die respondent het later in die proses begin gesels oor haar naakte ervaring van menswees, omdat sy “kaal” voel sonder die rolle wat sy haarself in die verlede toegeëien het. Die wordingsproses het die

herkonfigurasie van die selwe behels omdat die respondent se soeke na identiteit en gepaste sosiale rolle haar voorheen gelei het in terme van besluitneming.

*5.6.5.8 Die herkonfigurasie van die selwe*

Die respondent het begin eksperimenteer omdat haar verlies op so ’n jong ouderdom plaasgevind het en sy die verwagting het dat die “wêreld” haar onvergenoegdheid en onvoltooidheid moet kom regstel. Hierdie aanname wat deur die betrokke navorser gemaak is, word bevestig deur die response van die respondent op die semi-gestruktureerde onderhoud sowel as die lae telling in gehoorsaamheid wat die respondent op die EPI behaal het.

Die respondent se kontak met en bewuswording van die wêreld is terapeuties gehanteer, deurdat sy daardie emosies wat sy beleef het as gevolg van die verlies wat sy ervaar het, begin konfronteer het. Deurdat die respondent gelei is om die konfigurasie van die populasie van selwe te bedink, kon die respondent kontak maak met die gedagtes, emosies en gedrag wat aanleiding gee tot die indringing en blokkasie van die voltooiing van die Gestalt van liefde, intimiteit en voltooidheid wat soos ’n fyn draad ingeweef is in haar huidige wordingsproses. Die dialoog wat ontstaan het tydens die respondent se besef dat die “smiling angel” ’n “essential self” is, maar wat nie mag toelaat dat ander daardie deel van die self misbruik nie, het gelei tot die herkonfigurasie van die self. Die “beskermengel” binne die self moes herstrukturering ondergaan om die self te beskerm teen pyn en hierdie proses het uiteindelik aanleiding gegee tot die respondent se herdefiniëring van haar identiteit.

**5.6.6 Bevestiging deur opvolgonderhoude**

Tydens haar opvolgonderhoud het die respondent gesels oor haar kwesbare verhouding met haar broer en sy het die hoop uitgespreek dat haar broer haar nie meer afbreek as mens nie. Sy het begin om aksie te neem in terme van wie sy is.

Die respondent se pa het tydens sy onderhoud oor die groeiproses van die respondent genoem dat respondent C se afhanklikheid van seuns afneem, omdat sy

kan voortgaan met haar daaglikse eise terwyl sy nie ’n kêrel het nie. Volgens hom het sy begin gesels oor haar behoefte om vriendinne te kry, vir wie sy kan vertrou. Hy beskryf ontwikkeling in sy verhouding met sy dogter, omdat sy hom begin vertrou het om sensitiewe en intieme inhoude met hom te deel. Op akademiese vlak is respondent C gemotiveerd om te presteer. Geen ander faktore kon genoem word wat moontlik ’n bydraende rol kon speel in die ontvouende wordingsproses van respondent C nie. Respondent C en haar pa het albei bevestig dat die vertrouensverhouding wat tussen haarself en die betrokke navorser ontplooi het, ’n definitiewe rol gespeel het in respondent C se nuwe besluitnemingsprosesse oor haar lewe.

Die betrokke navorser beskryf die respondent se groeiproses as ’n wordingsproses wat identiteitherdefiniëring behels het. Die respondent se identiteitskuif het gelê binne die respondent se ervaring dat haar identiteit vanuit bepaalde rolle saamgestel is, na ’n identiteit wat saamgestel is vanuit wie sy is en hoe sy haarself beleef. Die respondent het haar eie behoeftes begin uitleef en sy het opgehou om ander gelukkig te maak.

Die respondent is sodanig in kontak met haarself, dat sy die interaksie van die selwe bínne die self kon begin identifiseer het en vanuit hierdie binnegesprek besluitneming kon toepas. Volgens die betrokke navorser het die respondent oor die vermoë beskik om “aan te beweeg” of te word en uiteindelik te skei van die ou en gepynigde self. Alternatiewe om die self in stand te hou word gekweek in die verloop van die respondent se wordingsproses.

## 5.7 EMPIRIESE ONDERSOEK

Vervolgens volg die agtergrond van respondent S se empiriese ondersoek. Die verdere proses van die empiriese ondersoek met die respondent word hierna bespreek.

### 5.7.1 Agtergrond van respondent S

Respondent S is ’n vroulike respondent wat negentien jaar oud is en besig is met haar tweede jaar op universiteit, terwyl sy ’n eerste akademiese jaar in die regte probeer voltooi. Haar gesinsamestelling is volledig, met albei ouers gelukkig getroud en sy het ’n ouer sussie wat presteer het op akademiese sowel as beroepsgebied. Die ouers is albei ambisieuse beroepsmense wat uitermate druk op hulle kinders plaas. Die verbrokkeling van die respondent se verhouding met *haar beste vriendin, sussie en ouers*, as gevolg van ’n verkragting tydens haar eerste historiese jaar op universiteit, staan uit in die respondent se vertellinge van verlies. *Sy beskryf die verlies van haar beste vriendin van 15 jaar as oorweldigend.*

### 5.7.2 Die semi-gestruktureerde onderhoud met respondent S

Die volgende temas het gefigureer in die respondent se response tydens die semi-gestruktureerde onderhoud:

#### *5.7.2.1 Emosies*

Die respondent ervaar *konflikterende emosies* in terme van haar identiteit, omdat sy haarself beskryf as “outgoing”, “fun-filled” en “full of beans” teenoor die respondent se respons op vraag agt wat die konflik duidelik illustreer: “Ek het verander in ’n *onsekere* en selfbewuste individu. Ek het bewus geword van baie *hartseer* binne my. Ook van *selfblaam, woede, teleurstelling* en van *jaloesie* binne my. Ek het pynpille begin sluk en dagga gerook. Om die waarheid te sê, “ek was verslaaf aan pynmedikasie”.

Vanuit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat die respondent se emosies ’n definitiewe impak gehad het op haar wordingsproses. Die respondent se emosies gee aanleiding tot ’n gevoel van onsekerheid, onvoltooidheid en verwarring wat ’n direkte impak uitoefen op die respondent se konfigurasie van identiteit. Identiteitherdefiniëring, deur die herkonfigurasie van selwe, kan die respondent se rigting van wording verander.

### *5.7.2.2 Blokkasies*

Die respondent het min ondersteuning gehad, omdat sy haarself dit nie gegun het nie. Die proses van selfvernietiging het hier ’n aanvang begin neem.

Haar respons op vraag vier stel dit duidelik: “Ek het min ondersteuning gehad, want ek het nie die verkragting met enige persoon gedeel nie. Ek was op my eie. Ek het self deur alles gegaan.”

Die respondent se respons op vraag tien dui op die emosionele blokkasies, sowel as kontakgrensversteurings (sien 5.7.2.3) wat sy kan oorwin: “Ek het metodes benut wat pyn verlig en verdoof.”

### *5.7.2.3 Kontakgrensversteurings*

Die respondent het besef dat sy haarself en haar identiteit nie kan meet volgens die maatstawwe van haar vriendin, ouers of suster nie. Die tema van vernietiging en verlies word aangeraak. Die respons op vraag twee dien as bevestiging: “Ek was in my eerste jaar op Potch. Dit was aan die begin ’n “jol”, maar mettertyd het ek besef waarom almal nie met ’n graad rondloop nie. Ek het gesukkel om te konsentreer op die akademie omdat daar soveel afleidings was. Ek het natuurlik ook te veel gedrink. Alles het verander op daardie aaklige nag in die middel van daardie jaar.” Sy beskik oor introjeksies wat duidelik word vanuit vraag ses se respons: “… Hulle ‘judge’ my. My pa of ma ‘taxi’ my, want ek’t nie ’n lisensie nie.” Hierdie introjeksie is tweeledig, aangesien die respondent voel dat haar ouers haar altyd oordeel en tegelykertyd voel sy soos ’n meulsteen om hulle nekke. Tydens gesprekke met die ouers, het die ouers hierdie gedagtegang van die respondent weerspreek in hulle hoop dat sy sukses kan behaal en hulle magteloosheid is beskryf omdat hulle nie weet hoe om haar te help nie. Die respondent maak gebruik van egotisme (respons tydens ’n terapeutiese intervensiesessie: “My ouers vertrou my nie meer nie. Wat sal van my word?”). Die respondent se kontakgrensversteurings gee aanleiding daartoe dat sy buite beheer voel en haar wordingsproses sodanig bestuur.

#### *5.7.2.4 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die respondent ervaar ’n blokkasie in haar verhoudingslewe. Die respons op vraag vyf, naamlik: *Vertel my wat met jou gebeur het in terme van wie jy nou is en waar jy jouself emosioneel bevind, sedert die verlies. Fokus op nuwe rolle wat jy begin aanneem het, nuwe gedragsvorme/optredes wat jy aangeneem het,* bied die konteks: “… Ek het meer afhanklik geword van my vriende … dis my ‘escape route’ weg van my ouers en die ‘stress’ tuis. Ek kan myself wees by my vriende, want hulle weet nie van al my dinge nie. Ek het vroeër nie so weggekruip vir wie ek is nie.”

Die respondent se respons op vraag tien dui op die emosionele blokkasies, sowel as kontakgrensversteurings wat sy kan oorwin: “Ek het metodes benut wat pyn verlig en verdoof.”

#### *5.7.2.5 Die rigting van die wordingsproses*

Vraag ses se respons: “… Ek ’t my vryheid verloor,” bied rigting aan die respondent se wordingsproses, aangesien sy in die terapiesessies aangedui het dat sy vryheid koester.

Die respons op vraag twaalf: “Ek soek vryheid,” ondersteun die rigting van die wordingsproses.

#### *5.7.2.6 Die herkonfigurasie van die selwe*

Die respondent se respons op vraag sewe dui op die plekke waarin sy herkonfigurasie van die selwe kan teweegbring: “Ek het in ’n mate my selfversekerdheid verloor. My liggaamsvoorkoms en beeld van my lyf is negatief. Ek het ’n slegte opinie van my liggaamsvoorkoms ontwikkel. Ek sien myself as ‘always the girls’ friend and not the girlfriend’. In retrospek, ek is ‘confident’ oor my persoonlikheid.” Die respons op vraag elf dien as verdere betoning van die plekke waarin sy herkonfigurasie kan laat gebeur, omdat daardie aspek van die self wat wantrou word as gevolg van haar verhoudings met mense, ’n nuwe vorm sal moet aanneem en dit is selfvertroue: “Ek het die

vertrouensverhouding tussen myself en my ouers verloor. Ook die vertroue van my beste vriendin. Ek sou graag ’n intieme vriend wou gehad het. Mense het net minder geheg aan my geraak!”

### 5.7.3 Die Emotions Profile Index

Die EPI is uitgevoer deur die respondent direk na afloop van die onderhoud. Die resultate van die respondent se response op die EPI kan soos volg voorgestel word:

**TABEL 4: EPI: Omskakeling van routellings na persentiele**

| | | |
|---|---|---|
| **Emosionele dimensies** | **Roupunt** | **Persentiel** |
| 1. Gehoorsaam | 16 | 27 |
| 2. Wankontrole | 17 | 91 |
| 3. Behoedsaam | 11 | 30 |
| 4. Somber | 1 | 13 |
| 5. Wantrouig | 14 | 79 |
| 6. Beheersd | 20 | 58 |
| 7. Aggressief | 11 | 65 |
| 8. Sosiaal | 13 | 30 |
| 9. Vooroordeel | 35 | 50 |

Soos voorheen vermeld sal persentieltellings wat hoër is as 70 of laer is as 30 as beduidend hanteer word. Vir die respondent is die volgende persentieltellings beduidend vir afleidings: gehoorsaamheid, wankontrole, behoedsaamheid, wantroue, beheersing en aggressiwiteit.

Die volgende moontlike afleidings kan van die respondent se ervaring van identiteit gemaak word, soos geïnterpreteer vanuit die EPI se riglyne:

**Beduidende lae telling in gehoorsaamheid**

Die respondent toon dat sy die moontlike neiging het om dinge nie te aanvaar nie of wantrouig is en geneig is om ongehoorsaam te wees.

**Beduidende hoë telling in wankontrole**

Die respondent is volgens die EPI se data-analise geneig om impulsief te wees. Sy sal daarvan hou om nuwe dinge te probeer, sy sal hou van nuwe ervaringe en avonture.

**Beduidende lae telling in behoedsaamheid**

Hierdie beduidende lae telling kan dui op ’n individu wat geneig is om minder versigtig en angstig te wees as die gemiddelde persoon. Sy sal moontlik bereid wees om kanse te waag en kan hierdeur in die moeilikheid beland.

**Beduidende hoë telling in wantroue**

Hierdie telling kan aanduidend wees dat die respondent geneig is om koppig, fyngevoelig en sarkasties te wees. Die respondent kan vyandig voorkom en krities wees.

**Beduidende lae telling in sosiaal**

Hierdie lae telling wat die respondent behaal het dui moontlik daarop dat die persoon wegskram van warm, vriendelike kontak met mense. Die respondent kan antisosiaal en onvriendelik voorkom.

Soos reeds vermeld kan bepaalde kombinasies van hoë en/of lae tellings ook ’n aanduiding gee van die respondent se persoonlikheid en ervaring van identiteit. Die beduidende kombinasies, soos gereflekteer deur hierdie respondent, word vervolgens weergegee:

**Laag sosiaal en hoog wankontrole**

Hierdie kombinasie kan aanduidend wees dat die respondent oor ’n versteurde identifikasiemeganisme beskik.

**Hoog wantroue en laag gehoorsaamheid**

Konflik tussen die beduidende hoë telling in wantroue behaal en die beduidende lae telling in gehoorsaamheid behaal, word opgemerk en hierdie konflik kan aanduidend wees dat die respondent konflik ervaar binne haar identiteit.

### 5.7.4 Die terapeutiese proses

Hier volg die geïdentifiseerde temas soos deur die respondent gepresenteer tydens die terapeutiese proses:

*5.7.4.1 Verhoudingbou*

Die respondent ervaar wantroue in haar verhouding met ’n beste vriendin, haar suster en haar ouers. Die vertouensverhouding tussen die betrokke navorser en die respondent is van kardinale belang vir die suksesvolle voltooiing van die terapeutiese proses. Tydens die terapeutiese intervensieproses het die betrokke navorser die rol van ’n nie-kritiese, empatiese en leidende figuur ingeneem. Die respondent se wordingsproses het ’n blokkasie getoon, wat ’n direkte impak uitgeoefen het op die vertrouensverhouding tussen die betrokke navorser en die respondent, as gevolg van die wantroue wat die respondent in ander mense ervaar. Die respondent se vertroue is mettertyd gewen en hierdie terapeutiese verhouding en die veranderinge wat die verhouding ondergaan het, het uiteindelik ’n impak gehad op die respondent se vermoë tot die herkonfigurasie van die selwe.

*5.7.4.2 Emosies*

Gevoelens van *onsekerheid* word beskryf, omdat sy nie weet wat van haar verwag word nie. Die tema van *verwerping* is deurweef in die identiteit van die respondent. Die tema van *vrees* om haarself te wees figureer te midde van haar ouers se voorwaardes vir haar lewe. Die tema van *vryheid* word herhaaldelik deur die respondent aangeraak. Die respondent se emosies het na vore gekom tydens die beoefening van die roosboomtegniek, maar ook tydens die gesprekke wat hierop gevolg het en aanleiding

gegee het tot die respondent se verhoogde bewustheid en kontakmaking met haar sensasies en behoeftes. Die siklus van ervaringe is deur die betrokke navorser geïntegreer.

*5.7.4.3 Blokkasies*

Die respondent oorweeg en evalueer haar woorde en hierdie oorweging van woorde het die natuurlike vloei van haar wordingsgang belemmer. Hierdie blokkasie belemmer die respondent se konfigurasie van die selwe en dus haar identiteit, omdat sy altyd in ’n stand beweeg van “heroorweging”. Die respondent heroorweeg die stand van die konfigurasie van die selwe en daarom beleef sy haarself as identiteitloos. Hierdie patroon hou verband met die kombinasie van ’n hoë telling wat behaal is in wantroue en die lae telling in gehoorsaamheid, wat aanduidend is vir konflik binne die samestelling van die respondent se identiteit en die meegaande moontlikheid van bepaalde introjekte waaroor die respondent beskik oor “ander mense”.

Tydens gesprekke tussen die betrokke navorser en die respondent het die konflik binne die respondent se ervaring van identiteit duideliker geword en die afwesigheid van selfkennis het na die voorgrond getree. Die respondent se projektiewe roosboom dui op ’n dooie kant, waaruit niks meer kan groei nie. Die konflik wat die respondent ervaar het oor gedeeltes van die self, wat sy gaandeweg toegelaat het om te vorm as gevolg van haar hantering van pyn, het na die voorgrond begin tree.

*5.7.4.4 Kontakgrensversteurings tydens kontak*

Die respondent gebruik retrofleksie, defleksie en egotisme om die naderende onderwerp van pyn en verlies te hanteer en die betrokke navorser het die respondent bemagtig en ondersteun deurdat die betrokke navorser elke maal terug verwys het na die onderwerp van pyn en die respondent ondersteun het om by die pyn te bly. Die introjekte wat bogenoemde retroflektiewe gedrag, egotisme of defleksie voed, is ondersoek, omdat dit die respondent verhinder het om in kontak te wees met die pyn. Die betrokke navorser het vir respondent S gevra om, nadat sy die tekening van die

tonnel voltooi het, deur middel van visualisering, na die middel van die tonnel wat sy geteken het te beweeg. Die respondent het beskryf dat dit stikdonker is en dat sy ’n angs ervaar. Die betrokke navorser het aanbeveel dat die respondent net daar bly en toelaat dat die angs nader aan haarself beweeg, sonder dat sy enigiets doen om die angs te verlig. Nadat respondent S intense emosionele pyn beskryf het, met die sentrale tema van “ek is nie goed genoeg nie”, het die respondent in kontak beweeg en sy het emosionele vryheid beskryf deur te sê dat “… om die pyn te voel is nie so verskriklik as wat ek gedink het dit gaan wees nie. Ek voel ‘actually’ vry, omdat ek voel.”

*5.7.4.5 Versteurde identifikasiemeganisme*

Die projeksie (roosboomtegniek) van die respondent ondersteun die bevindings wat gemaak is tydens die data-analise van die EPI en die semi-gestruktureerde onderhoude, deurdat dit konflik binne haar identiteit aandui. Die respondent dui ’n dooie deel van die self aan en noem hierdie deel die “vergete self”, terwyl die deel van die self wat nog lewe aandui, die “potensiële self” genoem is. Die respondent ervaar konflik, omdat sy gedurig hierdie selwe opweeg teen mekaar en na die heroorweging verval in ’n lugleegte waarin geen aksie geneem word nie. Die resultaat van die respondent se kontakmaking met haar deflektiewe gedrag (heroorweging) het die respondent bemagtig om verantwoordelikheid op te neem.

*5.7.4.6 Rigting van die wordingsproses*

Die respondent dui in die tekening (roosboomtegniek) aan dat daar ’n “lewendige” kant bestaan wat ver verwyderd van die dooie kant geprojekteer is. Hierdie “lewendige” aspek van die selwe word deur die respondent voorgestel as ’n onontginde aspek van die self. Hierdie wordingsproses van die populasie van selwe kon ontgin word, indien die respondent weg beweeg vanaf die “heroorwegingstand” wat sy self geskep het. Die wordingsproses is gerig na emosionele en geestelike groei wat heroorwegings stuit, maar wat spontaneïteit laat gedy en “I-thou” verhoudings moontlik maak. Die respondent het mettertyd besluit dat haar maatstaf vir wording die konstruktiewe

vorming en opbouing van die self sal word ("essential self"), eerder as om valse selwe te skep. Hierdeur kon die respondent se afhanklikheid van mense en middele omskep word tot 'n verhouding waarin wedersydse vertroue die hoogty vier.

*5.7.4.7 Die herkonfigurasie van die selwe*

Die "vergete self", wat 'n sambreelterm is vir daardie gedeelte van die self en wat gefunksioneer het as 'n "member self" het geleidelik deur die onderdrukking van pyn ophou funksioneer. Ander ongeïdentifiseerde selwe, binne die self, is onherkenbaar aan die respondent.

Die respondent het tot die besef gekom dat sy 'n "nuwe self" probeer ontwikkel het, maar in die dialoog het sy kontak gemaak met die valsheid van hierdie self en gaandeweg begin gesels oor haar "nuwe, valse self", wat waarskynlik gevorm is vanuit egotisme.

Die respondent het hierdeur getoon dat sy kontak gemaak het met haar kontakgrensversteurings.

**5.7.5 Bevestiging deur opvolgonderhoude**

Die respondent het in die terapeutiese proses gegroei en haar wordingsproses het duidelik na vore gekom in die volgende aspekte wat sy genoem het tydens die opvolgonderhoud: Sy het minder afhanklik geword en haar wantroue in mense is herstel.

Sy het verantwoordelikheid vir haar eie lewe begin opneem en sy het in kontak beweeg met daardie kontakgrensversteurings wat haar lewe vernietig het en daardeur is haar gedagteprosesse vernuwe. Die respondent het vryheid begin beskryf as 'n werkwoord in haar eie lewe.

Die opvolgonderhoud met haar ouers het 'n radikale verandering wat die respondent in haar eie lewe teweeggebring het, beskryf. Hulle het haar minder manipulerend ervaar en haar opname van eie verantwoordelikheid is opgemerk. Die respondent het 'n beter akademiese rekord begin ontwikkel.

Geen ander faktore is genoem wat ’n bydrae kon lewer tot die terapeutiese proses wat deur die respondent gevolg is nie, behalwe dat sy tydens die terapeutiese proses ’n gesonder emosionele afstand met haar ouers begin handhaaf het.

## 5.8 SAMEVATTING

Die betrokke navorser het tydens die afsonderlike empiriese besprekings van elke respondent, ses temas geïdentifiseer: emosies, blokkasies, kontakgrensversteurings, versteurde identifikasiemeganismes en die rigting van die wordingsproses. Hierdie temas is sambreelterme vir daardie herhalende patrone van probleme (pyn) wat geïdentifiseer is by die drie respondente. Die temas is verteenwoordigend van aspekte wat hulle wordingsgang belemmer het en identiteitherdefiniëring tydens die verlies van ’n geliefde geblokkeer het. Hierdie temas het gedien as aanduiders wat die betrokke navorser gerig het tydens die intervensiestrategieë wat benut is om identiteitherdefiniëring as ’n wyse van wording te verwerklik by die respondente.

Hierdie temas en die aanduiding wat hierdeur gebied is tot terapeutiese intervensie het die betrokke navorser in staat gestel om die terapeutiese intervensie toe te pas en die volgende agt voorstelle is toegepas as moontlike terapeutiese strategieë:

- Die belangrike rol van die terapeutiese verhouding in die verloop van die algehele terapeutiese proses om identiteitherdefiniëring te ontplooi en die toepassings daarvan.
- Die hantering van emosies deurdat die respondente bemagtig is tot bewuswording en kontakmaking daarvan.
- Die bewuswording en kontakmaking kon slegs plaasvind wanneer die terapeutiese verhouding vertroue by die respondent daar kon stel sodat die respondent binne die raamwerk van ’n veilige verhouding die self kon ontbloot.
- Die identifisering van blokkasies en die opheffing daarvan deurdat die respondente bewus gemaak is van die onderliggende faktore wat ’n bydrae gelewer het tot die vorming daarvan. Die vorming van blokkasies inhibeer die ontwikkeling van nuwe insigte en die skepping van nuwe idees en besluite.

- Die herkenning van onvoltooide sensasies en behoeftes wat aanleiding gegee het tot die ontwerp van kontakgrensversteurings om die self te beskerm teen die ervaring van verdere potensiële verliese en die identifisering van versteurde identifikasiemeganismes dui aan dat terapeutiese intervensie behoort te fokus op identiteitherdefiniëring en die herkonfigurasie van die selwe.
- Die rigting van die wordingsproses van die individu word bepaal deur die respondent se bewuswording en kontakmaking met die onsigbare populasie van selwe omdat die respondent se onherkenbare behoeftes, drome en strewes hierin opgesluit word.
- Die ontdekking van die populasie van selwe, in ’n poging om die herstrukturering van die self te bewerkstellig waardeur die integrasie van die populasie van die selwe aanleiding kan gee tot ’n individu wat koers vind en nader aan die populasie van selwe beweeg.
- Die proses van herkonfigurasie of herstrukturering kan ontvou nadat sinvolle dialoog bewerkstellig is tussen die populasie van selwe.

Uiteindelik het die herkonfigurasie van selwe aanleiding gegee tot die ontluiking van nuwe identiteite.

In hierdie hoofstuk is die kwantitatiewe en kwalitatiewe data wat geanaliseer is getrianguleer en moontlike temas wat as aanduiders dien vir die strategieë gerig aan terapeute, is aangebied. Hierdie voorstelle word in hoofstuk ses in die lig van die bestaande literatuur en die terapeutiese prosesse wat genoteer is tydens die intervensie gekontroleer en word daarna aanvaar of verwerp. Die aanvaarde voorstelle sal as temas vir die strategieë gerig aan terapeute, uiteengesit word.

# HOOFSTUK SES
# VOORSTELLE VIR DIE BENUTTING VAN DIE STRATEGIEË AAN TERAPEUTE – AAN DIE HAND VAN KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE DATA

## 6.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die navorsingsprosesse verken, beskryf en verklaar ten einde die mees relevante temas vir die strategieë wat gerig sal word aan terapeute, saam te stel. Data is ingesamel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, die toepassing van die EPI, terapeutiese intervensie en opvolgonderhoude. Nuwe insigte is verkry ten opsigte van die blokkasies wat die laat-adolessent se wordingsgang kan inhibeer, tydens die verlies van ’n geliefde.

Die doel van hierdie studie was om deur middel van intervensie by die adolessent wat verlies ervaar, strategieë vir terapeute daar te stel om identiteitherdefiniëring te laat ontvou as ’n uitweg tot wording en is benader vanuit ’n gekombineerde benadering en ’n opvoedkundige, eksistensiële, fenomenologiese en Gestalt-teoretiese perspektief.

Soos in hoofstuk vyf aangedui, is kategorieë (temas) vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude sowel as die resultate van die EPI verkry en as aanduiders aangewend om terapeutiese intervensie toe te pas. Die uitkomste van die terapeutiese intervensie het die essensie van die ervaring van wording geopenbaar by daardie adolessente wat verlies van ’n geliefde(s) ervaar het, deurdat identiteitherdefiniëring ontvou het. Die ontvouende wordingsproses van elke respondent is na die terapeutiese intervensie ondersoek met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude met die respondent, sowel as die respondent se ouer(s).

Die beskrywende antwoorde of response in terme van die impak van verlies, identiteitherdefiniëring en wordingsprosesse tydens laat-adolessensie het die beginpunt geskep vir die aanduiding van kategorieë (soos in hoofstuk vyf aangedui) en die toepassing van die kategorieë het aanduiders gebied wat die moontlike rigting van terapie aangewys het, waarvolgens voorstelle vir terapeutiese strategieë ontwikkel kan

word. Die doel van die studie was om die fenomene naamlik, adolessensie, identiteit, verlies, wordingsprosesse en identiteitherdefiniëring in diepte te ondersoek.

In hierdie hoofstuk word die aspekte van die empiriese proses verder met literatuur getrianguleer. Die kontrolering van die empiriese data met literatuur verhoog die vertrouenswaardigheid van die studie.

Hierdie hoofstuk dien eerstens as ’n opsomming van die geheelbeeld, wat deur die betrokke navorser, tydens die algehele empiriese ondersoek, gevorm is. Die betrokke navorser het die bevindinge begin verweef met bestaande teorie en het uiteindelik in hierdie proses van ondersoek, die maak van opsommings en die vorming van geheelbeelde, by nuwe horisonne en insigte uitgekom.

Deur middel van hierdie proses kan nuwe navorsingsliteratuur ingesluit word, bykomend tot die bestaande en oorspronklike literatuur en die vertrouenswaardigheid hiervan kan getoets word aan die realiteit in praktyk.

## 6.2 OMSKRYWING VAN VOORSTELLE VIR TERAPEUTIESE INTERVENSIE AAN DIE HAND VAN LITERATUUR

### 6.2.1 Voorstel een: Die aard van die terapeutiese verhouding bied rigting in terme van wording

Die terapeutiese verhouding verdien om eerste genoem te word, want die betrokke navorser stem saam met Schoeman (2004b:121) dat sodanige verhouding ’n horisontale verhouding is wat bestaan tussen die terapeut en die kliënt. Dit is ’n horisontale verhouding, omdat die aanvaarding bestaan dat terapeut sowel as kliënt dieselfde taal praat en dat hulle ervaringe tydens die intervensie ewe belangrik is. Hierdie gedeelde ervaringe (volgens die betrokke navorser en die resultate van die terapeutiese intervensie tydens die empiriese ondersoek) kan ’n betekenisvolle en lewensveranderende of transformerende bydrae lewer tot die waarde van die besondere terapeutiese proses en die effektiwiteit van die terapeutiese intervensie. Soos Blom (2004:45) en Schoeman (2004a:41) beklemtoon die betrokke navorser die belangrikheid van die terapeutiese verhouding omdat die intervensiepogings sonder ’n

terapeutiese verhouding waardeloos sou wees. Die skep van ’n kalm emosionele ruimte tydens terapie (soos bespreek in hoofstuk vier) vorm volgens die betrokke navorser deel van die ontwikkeling van die terapeutiese verhouding.

Daarenteen beskryf Joyce en Sills (2001:33-36) die metaforiese “cycle of experience”, of anders gestel, die siklus van ervaring wat verwys na die vloei van bewustheid. Die hele wordingsproses kan dan (soos Joyce & Sills se “cycle of experience”) omskryf word as ’n siklus waarin verhoudinge ’n belangrike sleutelrol speel, tydens die verlies van ’n geliefde. Die proses van herdefiniëring en herkonfigurasie van identiteit word outomaties geïntegreer tydens die transformasieproses van wording. Die terapeutiese verhouding kan dan volgens die betrokke navorser se perspektief verstaan word binne die siklus van ervaringe, wat ’n bydrae kan lewer tot die effektiwiteit van die terapeutiese intervensie.

Die resultate van die onderhoude, EPI, vraelyste en die terapeutiese intervensie het die krisis van adolessente verlies verhelder en die betrokke navorser is van mening dat hierdie krisis oorkom kan word binne die veilige vertrouensverhouding wat die terapeutiese verhouding kan bied, met behulp van identiteitherdefiniëring as ’n wyse tot wording. ’n Krisis kan binne hierdie paradigma beskryf word as die uitnodiging nader aan die eie self se waarhede, wat groei impliseer, maar ook om te groei en meer te “word” deur middel van selfkennis en insig deurdat die individu ’n nuwe perspektief ontwikkel omtrent die self en die rol van die self binne sy/haar omgewing.

Vanuit die empiriese studie en literatuur is bevind dat die terapeutiese verhouding ’n verhouding is waarin:

- die kliënt se siening oor homself/haarself bepaal kan word (cf. Schoeman, 2004a:34) en vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik aan die lig gekom dat hierdie siening van die self of eie identiteit ook kan verander as gevolg van die verhouding wat ontstaan het (identiteitherdefiniëring) tussen die kliënt en die terapeut. Soos die respondente geleidelik gekonfronteer is met die realiteit van verandering, het hulle elke keer by ’n kruispad beland en moes dan besluitneming toepas, naamlik om te verander of om dieselfde te bly. Die betrokke navorser het elke keer hierdie keuse daargestel. Die

respondente se siening van die self het telkens begin verander nadat die betrokke navorser die respondente aangemoedig het om die moontlikhede van verandering te eksploreer.

- die terapeutiese intervensie gerig behoort te word op die interpersoonlike verhoudinge binne ’n groep (die gesin van die respondent) om uiteindelik die krag van terapeutiese verandering by die individu teweeg te bring deur bewus te word van die self (cf. Schoeman, 2004a:34; Dyregrov, 2008:87-88). Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik geword dat die kliënte bemagtiging ervaar het deurdat die respondent met die hulp van die terapeut daardie kontakgrensversteurings identifiseer het, wat gehandel het oor verhoudings en die dinamiek binne die gesin waartoe blokkasies ontwikkel het en die wordingsproses van die kliënt is hierdeur geïnhibeer.
- begrip en aanvaarding vir die situasie wat die kliënt beleef kan ontwikkel, maar dat empatie effektief benut kan word om die kliënt bewus te maak van sy/haar swakhede wat oorwin kan word deurdat identiteitherdefiniëring ontvou kan word. Die intervensietegniek wat die terapeut hier benut is om die kliënt se posisie te verstaan, maar dan die kliënt te wys op ’n ander posisie wat net soveel empatie en begrip by die terapeut daarstel. Hierdie nuwe posisie bied rigting vir groei en wording vir beide terapeut en kliënt.
- die adolessente kliënte kan besluit tot in watter mate hulle hulle egte gevoelens gaan ontmasker (cf. Schoeman,2004a:34) en dat tydsberaming, geduld sowel as wedersydse vertroue tussen die terapeut en die kliënt (volgens die prosesse tydens die empiriese ondersoek) helingsfaktore is wat benut kan word om die self te onthul.
- die kliënt met die terapeut kan identifiseer. Volgens die betrokke navorser hoef die kliënt nie alleenheid te ervaar in sy/haar besonderse situasie nie, omdat die terapeut hom/haar wêreld ontmoet.
- dialoog die kliënt se bewuswording en sy/haar vermoë tot nuwe kontakmaking laat gedy.

Hierdie bogenoemde bevindinge het duidelik na vore gekom in die respondente se individuele prosesse in verhouding tot die betrokke navorser tydens die proses van intervensie.

#### *6.2.1.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Vanuit 6.2.1 word die voorstel aanvaar dat die terapeutiese verhouding gemeet word aan die respondent se pogings om te groei. Vir sowel die adolessent, ouers en terapeute is betekenisvolle verhoudings belangrik en miskenning in die verhouding(s) kan lei tot emosionele leemtes of misplaaste emosies (cf. Robinson, 2009:61-66). Emosionele leemtes is juis ’n fenomeen wat aangespreek behoort te word tydens terapeutiese intervensie, indien die wordingsgang van die individu belangrik is vir die terapeut. Die bewustheid van die terapeut, naamlik dat miskenning van die individu wat terapie ontvang aangespreek behoort te word, speel dus ’n sleutelrol in die terapeutiese intervensie. Yontef (1993:137) verwys juis na isolasie wat plaasvind wanneer die kontakgrens sodanig versteur word dat dit ondeurdringbaar word en alle verbintenis verlore raak. Die belangrikheid van ander raak verlore vir die self en daarom speel die terapeutiese verhouding so ’n essensiële rol in die verloop van die algehele terapeutiese proses, sowel as in die heling van die adolessent. Die “I-thou” verhouding behoort herstel te word en die tweeledigheid van die empatiese stand van die terapeut speel hier ’n deurslaggewende rol en in die res van die terapeutiese proses. Die voorstel dat die terapeutiese verhouding rigting bied aan die wordingsproses van die individu, word hierdeur aanvaar.

### 6.2.2 Voorstel twee: Luister na die adolesssent wat oor emosies praat, want dit kan die moontlikheid tot identiteitherdefiniëring verhoog

Die response wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude (Vraag vier: *In watter mate het jy ondersteuning deur jou ouers ervaar met betrekking tot: gesprekvoering, sensitiewe toenadering, bekende of nuwe optredes deur diegene wat probeer help het?*)

gebied is, het die ouers se ongemak om met hulle adolessent te gesels oor verlies, geopenbaar. Indien die ouer(s) geraak word deur die verlies, ervaar hulle groter ongemak om met die kind(ers) oor die verlies te praat. Kübler-Ross (1997:184-185) benadruk die feit dat adolessente gehoor behoort te word en hulle moet die kans gegun word om hulle emosies te ventileer.

Respondent M het *woede*, *verwerping, onsekerheid, alleenheid* en *onveiligheid* ervaar, terwyl respondent C *hartseer, alleenheid, wantroue* en *magteloosheid/hulpeloosheid* uitgedruk het. Respondent S het konflikterende emosies ervaar: *hartseer*, *selfblaam, woede, teleurstelling* en *jaloesie*.

Kübler-Ross (1997:184-185) benadruk, net soos die betrokke navorser, die feit dat die verskillende konsepte van dood of die verlies (by die respondent) in ag geneem behoort te word, tydens die gesprekvoering en 'n kundige op die gebied sal eerder hierdie gesprek spontaan kan lei.

Die volgende terapeutiese ondersteuningsmetodes (met 'n spesiale fokus op die verskeie emosies wat gepresenteer is deur die respondente) is deur die betrokke navorser toegepas in 'n poging om die laat-adolessent die geleentheid te bied om sy/haar emosies te ventileer, tydens terapeutiese intervensie. Die respondente word eers ondersteun om hulle gevoel(ens) te identifiseer en daarna aangemoedig om elke gevoel apart uit te druk. Geen waarde-oordele word uitspreek teenoor enige emosie nie. Die uitdrukking van die emosies kan geskied deur middel van dialoog, tekeninge, kuns, gedigte of gedramatiseerde rollespel.

1. Woede

Tydens die verloop van die proses by daardie respondente wat woede ervaar het, het die betrokke navorser:

- probeer bepaal wat die oorsprong van die woede is met behulp van die respondent se insette wat die oorsaak was dat die adolessent woede ervaar het (cf. Kübler-Ross, 1997:63-65).

- die adolessent gerespekteer en probeer om sy/haar plek te verstaan en ook gefokus op die menswaardigheid van die respondent. Empatie het ’n deurslaggewende rol in die proses van woede-hantering gespeel (Kübler-Ross, 1997:64).
- toegelaat dat die respondente kontak maak met hulle emosies. Volgens De Mello (1992:137-140) kan adolessente wat toegelaat word om in kontak te beweeg met hulle woede, nader aan hulle eie realiteit begin leef en uiteindelik hulle lewe begin aanvaar.

2. Ontkenning, isolasie en alleenheid

Die terapeut het die volgende intervensietegnieke toegepas tydens die adolessente se proses van ontkenning, of wanneer die adolessent homself/haarself geïsoleer het en alleenheid ervaar het:

- Kübler-Ross (1997:54) se terapeutiese riglyne het die betrokke navorser gelei om met sensitiwiteit en verhoogde bewustheid te begin luister. Die terapeut kan volgens die betrokke navorser ook bepaal tot in watter mate die adolessent se sensoriese modaliteite benut word en hierdeur kan bewuswording van die verlies verhoog word en sodoende kon die respondente, ná hierdie bewuswording vanuit hulle plek van ontkenning beweeg en die besluit neem om vanuit die isolasie te tree (sien respondent M se proses).
- Die betrokke navorser het die respondent toegelaat om haar verdedigingsmeganismes toe te pas, sonder om die respondent uit te wys op die konflikte wat in haar gedagteprosesse ontstaan het. Respondent S het mettertyd bewus geword van die konflikte en sy wou dit self ophef en die navorser het haar gelei om in gesprek te tree met haar ouers (Kübler-Ross, 1997:54).

3. Hartseer

Die rol van empatie het tydens die hantering van die rouproses ’n groot bydrae gelewer ten opsigte van die opheffing van blokkasies. Empatie wat deur die terapeut geuiter is teenoor respondent M se introjeksie van “boys don’t cry”, het die respondent gehelp om ware uiting te kon gee aan sy emosies van hartseer. Die betrokke navorser het tydens die intervensieproses bewus geraak van die respondente se behoefte aan empatie, omdat respondent M, respondent C sowel as respondent S die subjektiewe ervaring gehad het dat die mate van empatie wat hulle ontvang het of nie ontvang het nie, níé hulle emosionele behoeftes ontmoet het in die proses van verlieshantering en gevoelens van hartseer nie.

4. Verwerping en die ervaring van lewensangs

Hierdie kontraste in die leefwêreld van die adolessent kan volgens Robinson (2009:38-39) aanleiding gee tot trauma in hulle lewe en sodanig word die wordingsgang uiteindelik belemmer as gevolg van die kontinue angs en/of verlange omdat hulle nie ’n sekere ouer sien of mee kontak het nie. Vanuit ’n Gestalt-terapeutiese perspektief verhinder die adolessent homself/haarself om kontak te maak met nuwe uitnodigings in die hede, as gevolg van hierdie “vasklou” aan die verlede (De Mello, 1992:129-132).

5. Onsekerheid

De Mello (1992:141-142) ondersteun die betrokke navorser se mening dat die wordingsproses van die adolessent baat sal vind in ’n omgewing waarin ouers bewus word van hulle adolessente kind se proses en ’n poging aanwend om hom/haar te ontmoet. Rice en Dolgin (2005:242) sluit by hierdie gedagte aan deurdat hierdie outeurs die belangrike rol van probleemhantering benadruk tydens die ontwikkeling van die adolessent se identiteit, want deur die oplos van verskille tussen die ouers en die adolessente kan die adolessente hulle eie identiteit verhelder.

6. Selfblaam en skuldgevoelens

Die respondente wat selfblaam toegepas het (respondent S) sowel as daardie wat skuldgevoelens ervaar het (respondent M, C en S) het getwyfel in hulleself. Prochaska en Norcross (2003:77) fokus op die ontwikkeling van ’n sterk selfkonsep deur middel van die ontwikkeling van bewustheid in die gesin, wat ook as ’n groep kan funksioneer. Nadat die respondente identiteitherdefiniëring laat ontvou het, het hierdie emosies verdwyn.

#### *6.2.2.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Kübler-Ross (1997:184) noem dat kinders en adolessente tydens die verlies van ’n geliefde keer-op-keer vergete bly in die proses – nie omdat volwassenes ongevoelig is nie, want die omgekeerde is gewoonlik waar, maar daar is min volwassenes wat gemaklik voel om met kinders en adolessente oor die dood te praat. Volgens die betrokke navorser is volwassenes nie net ongemaklik om oor die dood te praat nie, maar hulle ervaar ongemak om met adolessente oor verlies te gesels. Dit is die betrokke navorser se mening dat die onderdrukking van emosies, daardie laat-adolessente se wordingsgang blokkeer. Die voorstel dat die adolessente gehoor behoort te word tydens die terapeutiese intervensie word aanvaar en sodoende word die beginsel ook aanvaar dat die terapeut in kontak en in voeling behoort te wees met die kliënt. Hierdeur word die kliënt die geleentheid gebied om sy/haar emosies te ventileer, wat gewoonlik nie moontlik is om te doen in sy/haar eie omstandighede of realiteit nie. Die kliënt word bemagtig in hierdie proses van bewuswording en kontakmaking met emosies.

### 6.2.3 Voorstel drie: Erken die blokkasie(s) en gaan oor tot aksie deur middel van terapeutiese intervensie

Emosionele blokkasie, asook identiteitmoratorium (hoofstuk drie), dui op gekniehalterde groei en pyn in die lewe van die adolessent. ’n Ander sinoniem vir hierdie fenomene is *emosionele inkontinensie* (Stoppard 2000:9).

Die emosionele blokkasies wat die respondente se wordingsgang verhinder het, kan as volg saamgevat word:

1. Respondent M se blokkasie tot wording was vermeng. Hy het woede ervaar, defleksie toegepas, oor introjekte beskik en hy het probeer vasklou aan die “ou self”. Die proses van bewuswording het tydens die intervensie ’n bydrae gelewer tot die opheffing van die blokkasie, maar die hantering van sy rouproses wat in woede vasgevang was, moes eers hanteer word. Die respondent moes deur middel van selfaanvaarding die vermoë ontwikkel om die emosies wat hom/haar blokkeer, te leer hanteer (cf. Di Ciacco, 2008:54). Hierdeur kon die kliënt na ’n plek beweeg om met selfvertroue en menswaardigheid, ’n nuwe waaghouding aan die dag te begin lê.
2. Respondent M se swak selfkennis dien as blokkasie tot wording, wat verdere blokkasies veroorsaak in sy verhoudingslewe. Die introjekte waaraan hy vashou, verhoed die respondent om te groei.
3. Respondent S is gestroop van haar vertroue in die vertrouensfigure in haar lewe. Die eerste blokkasie wat die respondent moes oorkom, om enigsins haar wordingsgang tydens die terapeutiese proses te laat ontvou, was om die terapeut te vertrou. Die introjekte wat sy geïntegreer het as ’n wyse om te oorleef, is diep verweef in die “member self” wat ook die “vergete self” genoem word en sy sukkel om “te laat gaan” en ’n nuwe, “essential self” te herstruktureer as gevolg van haar vrees om haarself te wees. Die respondent se minderwaardigheid dien as ’n blokkasie tot wording, sowel as die vrees om beheer te verloor. Die introjekte waaroor die respondent beskik het, het aan haar ’n gevoel van beheer gebied, omdat sy dan haar ouers tevrede stel.

#### *6.2.3.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Die voorstel sentreer rondom die terapeut se rol om die kliënt se bewuswordingsvlakke rakende die blokkasie, sowel as die impak van die blokkasie, te hanteer. Hierdie proses

sal suksesvol binne die vertrouensverhouding van die terapeutiese verhouding kan afloop. Die voorstel om blokkasies te identifiseer, die faktore te herken wat ’n bydrae lewer tot die vorming van blokkasies en dan tot aksie oor te gaan (omdat nuwe insigte gevorm is) word aanvaar.

### 6.2.4 Voorstel vier: Bewuswording en kontakmaking tydens die verlies bemagtig die kliënt om nuwe besluite te kan neem

Die adolessente het verskillende reakies getoon tydens die aanhoor of ervaring van die nuus van die verlies van ’n geliefde. Die navorsingsproses het aangedui dat die respondente elkeen verskillend gereageer het op die nuus van die verlies en ondersteunende literatuur staaf hierdie observasies (cf. Dyregrov, 2008:15-46). Die insig is by die betrokke navorser gekweek dat die *wyse* waarop die adolessent te wete gekom het van die besondere verlies ’n groot impak uitgeoefen het op die besondere adolessente se ervaring van identiteit, die verwerking van die rouproses en die rigting van die wordingsgang van die adolessent. Die respondente se bewuswordingsproses van die verlies(e) was as volg:

1. Respondent M se eerste bewuswordingsproses van die verlies was traumaties, omdat die knal van ’n geweer die aanduiding van potensiële verlies ingehou het. Die respondent se kontakmaking met die bewustheid van sy pa se verlies, het die respondent se bewustheid van verlies in terme van sy ma en suster na die oppervlak van sy bewussyn laat beweeg.
2. Respondent C het die nuus ontvang van haar pa. Die respondent se bewuswording van die finaliteit van hierdie verlies het aanleiding gegee tot die magtelose poging om haar ma “lewendig” te hou, deur ’n gelukkige omgewing te probeer behou. Die individu het oënskynlike kontak met haar “essential self” verloor, naamlik die “beskermengel”, wat die self beskerm teen pyn as gevolg van die opeenvolgende verliese van vroue in haar kort lewenspan. Die proses van bewuswording het uiteindelik aanleiding gegee tot herstrukturering van die respondent se identiteit. Deur middel van die bewuswordingsproses het die

respondent die interaksie van die populasie van selwe weer bewustelik toegelaat en haar identiteit kon ontvou.

3. Respondent S se bewuswordingsproses is stelselmatig geaktiveer en die respondent het tot die insig gekom dat sy haar pyn probeer onderdruk het met die hulp van pynstillende produkte. Die respondent se bewustheid is onderdruk en hierdeur het sy onbewustelik haar proses na heling verleng en vertraag. Die "onsigbare self", wat bewus is van haar eie waardigheid, het deur middel van die proses van bewuswording meer sigbaar begin word in die respondent se identiteitsamestelling.

Robinson (2009:40-47) ondersteun hierdie resultate deurdat sy beklemtoon dat die aanhoor van die nuus, met die spesifieke verwysing na egskeiding, 'n traumatiese ervaring kan wees vir kinders sowel as adolessente se wordingsgang. Robinson (2009:40-41) noem dat sekere faktore in ag geneem behoort te word tydens die oordrag van die nuus soos die adolessente kind se persoonlikheid, die konteks van die gesinsdinamika sowel as die gesinsituasie en die proses van die adolessent wat 'n verlies ervaar het. Indien albei ouers betrokke was tydens die oordrag van die nuus het adolessente die verlies beter hanteer deurdat wankommunikasie tussen gesinslede uitgeskakel word. Ingeligtheid rakende die geskiedenis van die verlies het die hantering van die nuus vergemaklik teenoor oningeligtheid of gesinsgeheime.

Volgens Dyregrov (2008:88-89) behoort die ouer(s) of 'n persoon wat 'n sterk emosionele band met die adolessent het die nuus oor te dra wanneer 'n geliefde van die adolessent gesterf het. Die keuse van die opset, die atmosfeer en die plek waar die nuus oorgedra gaan word, behoort ook met sensitiwiteit gekies te word omdat hierdie bydraende faktore 'n rol kan speel by die adolessent se hantering van die nuus. Robinson (2009:40) fokus ook op die nuus se inhoud wat ouderdomstoepaslik behoort te wees. Adolessente se ontwikkelingsgang moet volgens die betrokke navorser in gedagte gehou word tydens die oordrag en hantering van die nuus. Wanneer die terapeut hierby betrokke raak, sal die inligting ook ouderdomstoepaslik oorgedra kan word. Dyregrov (2008:89-93) beveel aan dat die individu wat hierdie soort nuus oordra, die volgende aspekte in ag behoort te neem:

1. Die adolessent het tyd nodig om die nuus wat oorgedra gaan word, verstandelik te verteer;
2. Die pynlike aard van die inhoud van die nuus moet versigtig en stadig oorgedra word;
3. Die inhoud van die nuus moet duidelik wees;
4. Konkrete verklarings moet aangebied word indien moontlik;
5. Genoegsame tyd moet gebied word sodat die adolessent sy/haar indrukke kan vorm;
6. Die emosies waaraan die adolessent uitdrukking gegee het behoort tydens die eerste gesprek met die terapeut hanteer te word (cf. Robinson, 2009:42);
7. Om ’n oorlading van emosies by die adolessent te voorkom is die hantering van een emosie op ’n keer noodsaaklik omdat adolessente sukkel om gemengde emosies te hanteer (cf. Robinson, 2009:51).

Die ontwikkeling van bewustheid by die individu speel dus ’n deurslaggewende rol in die terapeutiese proses van wording en identiteitherdefiniëring tydens die verlies van ’n geliefde. Dyregrov (2008:103-124) bevestig hierdie stelling deur daarop te wys dat die individu wat verlies ervaar het deur middel van oop en direkte kommunikasie en die bewuswording van die redes of faktore wat aanleiding gegee het tot die verlies(e), ondersteun kan word. Die geleidelike ontwikkeling en bewuswording van die hanteringsmoontlikhede van die verlies kan deur middel van terapeutiese intervensie gestimuleer word en die individu kan emosioneel groei en weer standvastigheid ervaar.

#### *6.2.4.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Die terapeut se keuses van die atmosfeer en plek van waar die terapie sal plaasvind is volgens die betrokke navorser ’n belangrike faktor wat in ag geneem behoort te word, sodat die adolessent veiligheid en geborgenheid kan ervaar, in ’n tyd van verandering en onsekerheid. Die oordrag van die nuus dat ’n adolessent ’n geliefde verloor het gee aanleiding tot die adolessent se ervaring van nuwe emosies en reaksies op die nuus.

Die adolessent se bewuswordingsproses behoort geaktiveer te word ten einde die wordingsgang van hierdie individu te laat voortgaan, deurdat die adolessent gemobiliseer word deurdat hy/sy kontak maak met die emosies en die self. Die voorstel om die respondent bewus te maak van die emosies wat gepaard gaan met die verlies, sowel as om die respondent te bemagtig om kontak te maak, word aanvaar. Die kliënt word verder bemagtig om sy/haar besluitnemingsprosesse te vernuwe en hierdeur nuwe besluite te kan neem as gevolg van nuwe insigte wat geïntegreer is.

### 6.2.5 Voorstel vyf: Kontakgrensversteurings kan opgehef word deurdat die onderliggende bydraende faktore geïdentifiseer word en verder gehanteer word as ’n versteurde identifikasiemeganisme

Kontakgrensversteurings ontwikkel as gevolg van die boodskappe wat die individu vanuit sy/haar eksterne wêreld integreer soos: projeksie, retrofleksie, introjeksie, defleksie, samevloeiing en egotisme (Perls *et al.,* 1951:146-231). Volgens die betrokke navorser behoort die terapeut daardie onderliggende bydraende faktore wat ’n rol speel tydens die vorming van kontakgrensversteurings, te identifiseer. Hierdie onderliggende faktore kan dan ook omskryf word as die kliënt se versteurde identifikasiemeganisme. Indien hierdie versteurde identifikasiemeganisme herstel kan word, kan die kliënt bemagtig word om sy/haar wordingsgang en identiteitherdefiniëring te ontvou.

Die volgende patrone is geïdentifiseer tydens die terapeutiese intervensieprosesse wat deurloop is met die besondere respondente:

1. Respondent M se verlede het hierdie adolessent verhinder om kontak te maak met nuwe uitnodigings in die hede, as gevolg van sy “vasklou” aan die verlede en sy *introjeksies* oor die rol van die gesin in elke mens se lewe. Die respondent het *defleksie* geïntegreer as ’n tegniek om kontak te verhoed en wat uiteindelik aanleiding gegee het tot onttrekking en die gevoel van geïsoleerdheid. Die self wat wel in goeie verhoudings kan tree en kontak kan maak (soos met sy pa) word dus versluier. Die respondent ervaar die onvermoë om die verskillende selwe te identifiseer en dit is moeilik vir die respondent om die impak van hierdie

groepe selwe op sy wordingsprosesse te eien, te erken en kontak daarmee te maak, omdat hy die self geïsoleer het van enige interaksie binne die self. Die herkonfigurasie van die selwe se gevolg was die opheffing van hierdie versteurde identifikasiemeganisme, sowel as identiteitherdefiniëring. De Mello (1992:141-142) ondersteun die betrokke navorser se mening dat die wordingsproses van die adolessent baat sal vind in ’n omgewing waarin ouers bewus word van hulle adolessente kind se proses en ’n poging begin aanwend om hom/haar te ontmoet. Die ouers is deur die respondent genooi om deel te neem aan ’n terapeutiese gesprek, nadat hy die roosboomtegniek voltooi het en terugvoering ontvang het. Die respondent het self aan sy ouers verduidelik hoe hy die projeksie interpreteer en hulle gevra om hom by te staan in die proses van verandering.

2. Die betrokke navorser het bewus geraak dat respondent C sukkel om in kontak te bly met haar ware emosies omdat sy deurentyd probeer het om vriendelik te wees, te midde van hartseer en woede-emosies wat sy geprojekteer het in die roosboomtekening. Die respondent het haar eie onvermoë om in kontak te wees met haar egte emosies bevestig tydens die eerste semi-gestruktureerde onderhoud met die betrokke navorser. Die respondent wil deur te glimlag, haar ma probeer onthou en “vashou” in haar leefwêreld van pyn en die respondent het alle gevoelens begin blokkeer en die self met sodanige “harde” mens begin vereenselwig wat kan dui op ’n versteurde identifikasiemeganisme. Die introjek dat verlies verhoed kan word was ’n bron van foutiewe selfvorming as gevolg van die foutiewe organisasie van boodskappe oor die self. Tydens terapie is die respondent blootgestel aan die moontlikheid om haarself oop te stel vir nuwe boodskappe en ou boodskappe van die “harde” self is geherorganiseer sodat herkonfigurasie kon plaasvind (cf. Polster, 2005:29-30).

Respondent S se proses, tot vóór die aanvang van die terapeutiese proses, was om kontak te verhoed met die eise van die volwasse wêreld. Sy het ’n poging aangewend om hierdie eise van verantwoording uit te stel. Die respondent het gebruik gemaak van *retrofleksie* en hierdie lewensaanpassing het gely tot die misbruik van pynstillers en alkohol. Misbruik van hierdie middels het voorgekom. Hernude kontak, deur middel van

dialoog waarin die betrokke navorser oriëntasie bewerkstellig vir haarself (ten opsigte van die rigting van die rigting van die terapie) en by die respondent (ten opsigte van die rigting van haar wordingsproses), het die respondent gelei om bewus te word van die verskillende konfigurasies van selwe wat weer aanleiding gegee het tot die herkonneksie van geïsoleerde ervaringe. Deurdat herkonneksie toegelaat is, kon die respondent haar identiteit herdefinieer (cf. Polster, 2005:159).

##### *6.2.5.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Die voorstel dat die onderliggende faktore wat die vorming van kontakgrensversteurings veroorsaak omskryf kan word as die kliënt se versteurde identifikasiemeganisme en dat dit terapeuties aangespreek moet word, kan aanvaar word omdat kontakgrensversteurings aanleiding gee tot kwessies binne die kliënt se identiteitsvorming.

### 6.2.6 Voorstel ses: Die ontdekking van die populasie van selwe kan die herkonfigurasie van die self bewerkstellig

Die ontdekking van die populasie van selwe was ’n moeilike proses vir elke respondent wat die terapeutiese proses deurloop het. Die sukses van hierdie proses het duidelik geword tydens die respondente se pogings om die herstrukturering en herkonfigurasie van die self te verwesenlik en die uiteindelike eindproduk van identiteitherdefiniëring wat bewerkstellig is.

Respondent M het deur middel van dialoog wat plaasgevind het tussen homself, sy ouers en die terapeut in aanraking gekom met die wydverspreide ervaringe wat hy al gehad het en hierdie gesprek het die respondent gelei tot nuwe insigte oor die self. Die betrokke navorser het deur middel van vraagstelling oor die verskillende konfigurasies van die self en die doel van elke self, die respondent ondersteun om nuwe verbande tussen die selwe te kon identifiseer. Hierdeur is die vloeibaarheid tussen die selwe herstel (cf. Polster, 2005:52-59).

Respondent C moes tot die ontdekking kom dat die self wat pyn ervaar, nie onderhewig is aan universele pyn nie en dat sy beheer kan uitoefen oor die mate van pyn wat sy ervaar. Die bemagtiging van die respondent was ’n belangrike aspek wat die betrokke navorser moes adresseer. Die respondent is bemagtig om die onherkenbare “beskermengel” van die self te ontdek, wat met waardigheid en bevoegdheid kan funksioneer.

Om die bogenoemde identiteitskuif te bewerkstellig moes die betrokke navorser eerstens met empatie en deernis vir die situasie van die respondent, sowel as vir die posisie van die respondent, haar terapie uitvoer. Die betrokke navorser het later haar empatiese stand stadig verskuif (deurdat die respondent se “member self”, wat alewig glimlag sonder empatie deur die terapeut hanteer is en eerder empatiese optrede gekry het indien die “beskermengel” na vore tree), sodat dit verskil het van die respondent se posisie, in ’n poging om die respondent te beweeg na eksplorasie, ’n soeke na kennis en die ontdekking van eie bevoegdhede wat haar ontgaan het (cf. Polster, 2005:86-88).

Die emosionele sprong wat respondent S moes maak tydens die identifisering van die populasie van selwe, was om tot die besef (selfinsig) te kom dat sy nie die selwe hoef te konstrueer na aanleiding van wat die “ander belanghebbendes” in haar lewe wil hê sy moet nie. Die respondent het ’n emosionele deurgang binnegegaan (wat emosionele groei behels het) toe sy haar vrees om “die ander” teleur te stel, oorboord kon gooi en die onderdrukte, ongeïdentifiseerde self kon laat seëvier. Die hantering van die respondent se angsvlakke deur die betrokke navorser het ’n sleutelrol gespeel in die proses van herstrukturering en identiteitherdefiniëring, asook die herstel van kontinuïteit nadat die herkonkonfigurasie van die selwe toegelaat is. Gevoelens wat herken word en daardie gapings in ervaringe word juis terapeuties hanteer, omdat die siklus van bewustheid en ervaringe hierdeur geaktiveer word en dan kan die individu aanbeweeg omdat ’n gevoel van voltooidheid ervaar kan word (cf. Polster & Polster, 1974:223-224).

#### *6.2.6.1 Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Die voorstel word aanvaar dat dit die terapeut se taak is om die kliënt te ondersteun tot die ontdekking van die populasie van selwe wat binne elke individu bestaan (die identifisering van daardie vyande wat die self vernietig vorm ook deel van die uitkenning van die populasie van selwe), sodat herkonfigurasie van die selwe kan ontvou en identiteitherdefiniëring kan geskied (Polster, 2005:38). Dialoog is ’n goeie strategie wat tydens die intervensie benut kan word om die kliënt tot die ontdekking van die populasie van selwe te bring.

Deur middel van dialoog en die gebruik van rollespel of die leë-stoel tegniek, kan die verskillende aspekte en dimensies van die populasie van selwe binne die individu sowel as die dinamiese konfigurasie van die selwe benoem word. Volgens Polster (2005:39) gaan die koördinasie van kontak, konfigurasie en omvorming of wording gepaard met hartseer. Hierdie hartseer behoort, volgens die betrokke navorser, ook terapeuties hanteer te word.

Die kliënt word bemagtig om self verantwoordelikheid te neem om te besluit in watter rigting hy/sy die herkonfigurasie wil laat geskied, omdat die self elke individu oriënteer ten opsigte van wording en groei. Die kliënt se besluitnemingsprosesse ten opsigte van die herkonfigurasie binne die self sal dus die rigting bepaal waarin sy/haar wording wil ontplooi.

### 6.2.7 Voorstel sewe: Die bepaling van die rigting van die wordingsproses van die individu word gerig deur die kliënt se onsigbare en onbewustelike behoeftes en sensasies

*We shall not cease from exploration*
*And the end of all our exploring*
*Will be to arrive where we started*
*And know the place for the first time.*
T.S. Eliot

Erikson (in Fowler, 2000:15-17) het die sterkte van doelgerigtheid geïdentifiseer wat as ’n ontwikkelingsmylpaal bekend staan wat oorbrug behoort te word om die

wordingsproses van die individu te laat gedy. Doelloosheid bied rigtingloosheid en hiermee saam sal enige wordingsproses minder vrugbaar wees. Jones (2005:7) beskryf verder dat menswees verswak as gevolg van die verlies van waarhede en gewoontes en dat die taak van die terapeut, volgens die betrokke navorser, ’n al hoe groter rol vervul in die ondersteuning van die kliënt tot die opbou van die siel.

Respondent M se selfvertroue moes versterk word, sodat hy met meer vertroue nuwe eksperimente kon aanpak en sy menswaardigheid kon omhels. Die respondent se selfvertroue is verhoog deurdat die introjeksies waaroor hy beskik het wat sy wordingsgang blokkeer het, mee kontak gemaak is. Die betrokke navorser het die respondent aangemoedig om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Die resultate was belowend en die respondent se gedrag het meer aanpasbaar geword en hy is gemobiliseer om aktief deel te neem aan die lewe, in teenstelling met die passiewe stand wat hy voorheen ingeneem het. Vanuit die eksperimente wat die respondent gewaag het om uit te oefen, het nuwe alternatiewe van gedrag ontwikkel wat die respondent se waaghouding verhoog het.

Respondent C se vrye self is tydens die terapeutiese intervensies versorg wat haar ondersteun het om hierdie seer, onherkenbare en onsigbare deel van die self, meer sigbaar te maak. Die respondent het later in die proses begin gesels oor haar naakte ervaring van menswees, omdat sy “kaal” voel sonder die rolle wat sy haarself in die verlede toegeëien het.

Die wordingsproses het die herkonfigurasie van die self behels. Die respondent se wordingsproses was om vry te word van die pyn van die verlede en om te waag in die onbekende van die hier-en-nou.

Respondent S se eenheid tussen die selwe het rigting gebied aan haar wordingsproses, sodat sy die uitgebreide populasie van die selwe kon identifiseer en begin leef.

Die betrokke navorser het deur middel van die vestiging van ’n vertrouensverhouding waarin die betrokke navorser positiewe insette gelewer het rakende die respondent se menswaardigheid (eerder as die afbrekende en vergelykende insette wat die ouers gebied het en wat die respondent as introjekte

geïntegreer het), die respondent ondersteun om nuwe introjekte van waardering te integreer (cf. Jones, 2005:7).

#### 6.2.7.1 *Samevatting van bevindinge wat die voorstel rugsteun vanuit die toepassing van terapeutiese intervensie*

Die wordingsproses van die kliënt word bepaal deur die spontane rigting wat die individu wil inneem in die lewe. Die voorstel word aanvaar dat die rigting van die wordingsproses gerig word deur die kliënt se onsigbare en onbewustelike behoeftes en sensasies.

Dit is die taak van die terapeut om die kliënt te ondersteun tot die ontdekking van hierdie onbewustelike dryfkrag wat binne elke individu opgesluit is. Die rigting van die wordingsproses sal ontvou, namate die kliënt se identiteit ontvou.

## 6.3 STRATEGIEË VIR TERAPEUTE

In afdeling 6.2 is sewe voorstelle vanuit hoofstuk vyf gemaak. Hierdie voorstelle is in 6.2 teen die agtergrond van bestaande literatuur bespreek. Hierdie voorstelle is aanvaar na aanleiding van die literatuurkontrole en empiriese resultate, waarna die voorstelle feitelik deel begin vorm het van die betrokke navorser se kennisbasis. Die kontrolering van die voorstelle met literatuur het die betrokke navorser in staat gestel om temas vir aanbevole strategieë wat gerig is aan terapeute, wetenskaplik saam te stel. Die navorsingsproses wat gevolg is, het die wetenskaplike verantwoordbaarheid van die temas waaruit die strategieë ontwikkel is, gerugsteun.

Die sewe voorstelle wat aanvaar is word in hierdie gedeelte as sewe strategieë aan terapeute voorgehou. Die primêre doel van die navorsing was om strategieë wat gerig is aan terapeute daar te stel waardeur die adolessent se identiteitherdefiniëring as ’n wyse tot wording tydens die verlies van ’n geliefde terapeuties aangespreek word. Vanuit bogenoemde voorstelle beveel die betrokke navorser die volgende strategieë vir terapeute aan:

### 6.3.1 Die terapeutiese verhouding word deur die tweeledige rol van empatie daargestel

Die volgende aksiestappe kan deur die terapeut benut word gedurende die verloop van die terapeutiese intervensie, spesifiek gerig tot verhoudingbou:

- Die terapeut se rol binne die terapeutiese verhouding kan vergelyk word met die funksie van ’n ligtoring. Indien die kliënt doelloos of rigtingloos is, kan die terapeut ’n dowwe (of indirekte) moontlikheid van die rigting en potensiaal van die kliënt aandui met betrekking tot die uitkomste van die kliënt se semi-gestruktureerde onderhoud en die resultate van die EPI. Vanuit die resultate van die EPI, die semi-gestruktureerde onderhoude en die terapie identifiseer die terapeut daardie kontakgrensversteurings en blokkasies wat die kliënt verhoed om sy/haar wordingsproses te ontvou. Binne die terapeutiese verhouding word die terapeut die “ligtoring” wat die kliënt orienteer tot omvorming en wording. Die betrokke navorser beveel aan dat die terapeut ’n semi-gestruktureerde onderhoud, sowel as die EPI uitvoer voor die aanvang van die terapie.
- Die tweeledige rol van empatie, wat deur die terapeut benut word, lei nie slegs tot die suiwer ervaring van die terapeutiese verhouding nie, maar verbreed die horisonne van die kliënte deurdat hulle perspektief oor die self en die vorming van die self ’n nuwe dimensie begin aanneem. Die tweeledigheid van empatie vereis van die terapeut om homself/haarself aanvanklik in die skoene van die kliënt te plaas en die kliënt se egte gevoelens raak te hoor en die kliënt te ondersteun daarin. Volgens Siegel (1999:89) ontwikkel die vermoë om empatie te ervaar in die vroeë babajare tot op die ouderdom van twee jaar vanuit die kind se ervaringe van interaksie, aanraking en roetines. Die kind ontwikkel ’n sin vir “feeling felt” en hierdie omskrywing van empatie omvat die rol wat die terapeut behoort te vervul. Wanneer die terapeutiese verhouding van vertroue gevestig is word aanbeveel dat die terapeut homself/haarself buite die skoene van die kliënt plaas en ’n “ligtoring” word wat die kliënt met deernis ondersteun om die self te omvorm sodat harmonie weer kan ontwikkel tussen die populasie van selwe. Die

terapeut se etiese verantwoordelikheid binne hierdie verhouding is om die self deurentyd te ondersoek met betrekking tot eie kontakgrensversteurings wat die terapeut met die verloop van die terapie kan ontwikkel of waarvan hy/sy bewus word. Hierdie kontakgrensversteurings wat kan dien as ’n blokkasie in die terapie, moet opgehef word, voordat enige verdere intervensie kan plaasvind.

- Die terapeut se sensitiewe vermoë om bewustelik “raak” te luister en die ondertone van die onbewuste raak te vat, behoort die kliënte en hulle ouers aan te moedig om hulle verhoudings te herdefinieer, waarin die adolessent se selfkonsep en menswaardigheid kan ontwikkel, soos wat in die terapeutiese verhouding toegelaat word.
- Die terapeutiese verhouding behoort ruimte te laat vir ’n omgewing waarin ouers, of ander geliefdes, bewus gemaak kan word van hulle adolessent se proses en hierdie geliefdes wat uitgenooi word tot deelname aan die terapeutiese gesprek en die ontvouing van wordingsprosesse, behoort deur die terapeut aangemoedig te word om pogings aan te wend om die kliënt te ontmoet.

### 6.3.2 Die hantering van die kliënt se emosies sodat die individu, wat bewus word van die populasie van selwe, al hoe meer sigbaarder word in terme van eie identiteit

Die terapeut kan die volgende aksiestappe neem, sodat die kliënt se wordingsproses bewustelik kan ontvou, deurdat die kliënt gelei word om in kontak te beweeg met sy/haar emosies:

- As gevolg van die onherkenbaarheid of onsigbaarheid van die populasie van selwe is die kliënt onbewus van die funksies van die verskillende selwe. Hierdie onbewustheid blokkeer die vrye vloei van emosies, omdat disharmonie wat heers tussen die populasie van die selwe die ervaring van die emosie(s) kan verhoed. Die identifisering van die selwe, gepaardgaande met die funksies van die selwe, kan die spontane en vrye vloei van emosies mobiliseer.

- Om ’n oorlading van emosies by die adolessent te voorkom is die hantering van een emosie op ’n keer noodsaaklik omdat adolessente sukkel om gemengde emosies te hanteer.
- Die suiwer ervaring van rou emosies kan slegs deur daardie kliënt ervaar word wat die waagmoed tydens die terapeutiese intervensie aan die dag lê om in die veilige terapeutiese omgewing te eksperimenteer met die ervaring(e) van suiwer emosies wat hy/sy ervaar (cf. Polster & Polster, 1974:233-284). Hierdeur leer die kliënt om sy/haar proses na die terapeutiese omgewing te bring. Die kontakgrensversteurings en/of gepaardgaande meganismes om die kontakgrensversteurings in stand te hou, kan dan in die oë gestaar word deur middel van kontakmaking. Alternatiewe oplossings kan hierna gevind word vir sy/haar pyn.
- Die introjeksie “boys don’t cry” behoort geadresseer te word deurdat die terapeut die waarde van hierdie introjeksie bevraagteken en die kliënt toelaat om te eksperimenteer met nuwe idees rakende hierdie introjeksie, aangesien hierdie kulturele stigma bestaan en deur die individu geïntegreer word as deel van die identiteit.
- Indien die kliënt die ervaring van negatiewe emosies beskryf, kan die terapeut die polariteite van hierdie emosie(s) se betekenis eksploreer deur middel van fantasie (cf. Polster & Polster, 1974:256). Die kliënt wat woede ervaar kan byvoorbeeld fantaseer dat hy/sy vrede ervaar in ’n gegewe moeilike situasie, sodat die weerstand om te verander hierdeur verlaag kan word.
- Die algemene gevoel van onvergenoegsaamheid kan deur die terapeut aangespreek word, deurdat die terapeut opregte empatie toon teenoor die kliënt wat dit nodig het. Die empatiese gedrag kan ’n ander dimensie begin aanneem, deurdat die terapeut daardie “onsigbare self” binne die kliënt begin sigbaar maak aan die kliënt. Die “onsigbare self” ontwikkel gewoonlik in die “vergenoegde self”. Hierdie tegniek bied rigting aan beide die terapeut en die kliënt.
- Die terapeut kan probeer vasstel in watter mate die adolessent sy/haar sensoriese modaliteite toepas deur middel van sandbakwerk vir die bepaling van tas/gehoor/sig modaliteite. Terapeutiese spel is veral nuttig by die bepaling van

die kliënt se smaak/gehoor/reuk ontwikkeling, kunsterapie en selfs musiekterapie kan ook kreatief geïntegreer word (Di Ciacco, 2008:89-92). Hierdie inligting kan die kliënt se selfkennis verhoog. Bewuswording van die impak van die verlies kan hierdeur verhoog word en die kliënt laat beweeg vanuit die stand van ontkenning.

### 6.3.3 Die opheffing van blokkasies deur die kliënt te ondersteun tot wording

Die terapeut se terapeutiese vaardigheid om daardie blokkasies te identifiseer wat die kliënt se wordingsgang belemmer, is ’n essensiële terapeutiese sleutel vir terapeute in die strategiese intervensieplan:

- Die identifisering van die rede waarom ’n kliënt moet “vasklou” aan sy/haar verlede, speel ’n rol in die opheffing van ’n blokkasie wat gewoonlik deur ’n kontakgrensversteuring in stand gehou word.
- Blokkasies kan gehanteer word as polariteite van die kliënt se potensiaal. Byvoorbeeld: “Indien jy nie vashou aan hierdie verlies nie, kan jy weer …”
- Die opheffing van die blokkasies geskied deurdat die terapeut gebruik maak van die bewuswordingsproses as ’n strategie om die kliënt in kontak te laat beweeg met daardie verdedigingsmeganismes en die resultate daarvan op die wordingsproses van die kliënt. Die terapeut wys die kliënt op sy/haar verdedigingsmeganisme indien dit tydens dialoog/rollespel/projeksie/spel sigbaar word. Die kliënt kan dan eksperimenteer met verskillende uitkomste indien hy/sy nie die verdedigingsmeganisme aan die dag lê nie. Die kliënt sal dan by die dieperliggende, suiwer emosies uitkom wat hom/haar blokkeer om aan te gaan.

### 6.3.4 Bewuswording en kontakmaking gee aanleiding tot die herkonfigurasie van selwe as gevolg van die oproep en herlewing van geïsoleerde ervaringe

Volgens die resultate van die empiriese ondersoek, sowel as literatuur, speel die bewuswording van sensasies en gevoelens ’n pertinente rol in die individu se proses van heling, ná die verlies van ’n geliefde. Hierdeur kan kontak met die self moontlik

gemaak word wat die wordingsproses kan bemagtig. Die volgende aspekte kan aangespreek word:

- Die terapeut kan saam met die kliënt bepaal watter geïsoleerde ervaringe in sy/haar lewe bestaan en dan die individu deur middel van hernude kontak lei om bewus te word van die verskillende konfigurasies van selwe wat aanleiding gee tot die herkonneksie van die geïsoleerde ervaringe. Deurdat herkonneksie toegelaat word, kan die individu sy/haar identiteit herdefinieer.
- Ondersteun die kliënt om verskillende alternatiewe vir emosionele pynhantering op te weeg – deurdat die kliënt die langtermyn resultate van die verskillende alternatiewe wat reeds deur hulle opgeweeg is, evalueer.
- Die respondent word ondersteun tot aktiewe deelname aan die herstrukturering en herdefiniëring van die self as ’n wyse om “aan te beweeg” en ’n passiewe lewenstand te oorbrug.
- Die terapeut kan die kliënt help om deurlopende bewustheid te organiseer. Die konfigurasie van die selwe help die individu om te leer wie hy/sy is en hierdie bewustheid van die wordingsproses dien as ’n sleutel tot die ontwerp van ’n sin van heelheid.
- Moedig die kliënt aan om met waagmoed op te tree, want dit is net deur waagmoed van die self, dat nuwe kontakte gemaak word.
- Albei ouers behoort verkieslik betrokke te wees in die ondersteuning van die laat-adolessente wat verlies ervaar het, deurdat wankommunikasie sodanig tussen gesinslede uitgeskakel word en ingeligtheid rakende die proses van die kliënt kontakmaking en bewuswording by die gesinslede bevorder.

### 6.3.5 Deurdat die kliënt ondersteun word tot kontakmaking met die prosesse van die self kan kontakgrensversteurings opgehef word

Die volgende probleemareas behoort tydens die intervensieproses aangespreek te word om emosionele blokkasies tot wording op te hef:

- Die onvermoë tot kontakmaking: Sommige respondente het kontak verhinder omdat hulle nie aan die eise van die realiteit kon meedoen nie. Die terapeut se ondersteunende en empatiese stand is hier belangrik, omdat die kliënt veilig genoeg moet voel om kontak te maak met sy/haar realiteit. Die terapeut kan deur middel van dialoog die kliënt "terug roep" na sy/haar realiteit deurdat die terapeut stellings maak oor onvoltooide aspekte in die individu se lewe.
- Bewuswording en kontakmaking met die nadelige effek van die blokkasie meganismes soos samevloeiing, defleksie, introjeksie, projeksie en retrofleksie op die wording van die self behoort deur die kliënt ondersoek te word deurdat die kliënt eksperimenteer deur rollespel, dialoog, fantasie wat die uitkomste kan wees indien hierdie blokkasies opgehef word.
- Vrese vir verwydering van geliefdes, of vervreemding, eindes van verhoudings en/of verliese behoort eksploreer te word deur middel van rollespel, dialoog of kunsterapie. Die tweeledigheid van die empatiese stand van die terapeut speel hier 'n belangrike rol.
- Defleksie kan hanteer word deur op reflekterende gedrag te fokus. Die betrokke navorser het deflekterende gedrag gehanteer deur byvoorbeeld te sê: "*D, ek het opgemerk dat jy opstaan/lag/huil of jou gedrag verander toe jy … Ek wonder of dit miskien gebeur wanneer jy ongemaklik voel oor die spesifieke aard van die inligting en nog nie gereed voel om dit te hanteer nie?"*
- Die onvermoë om kontak te kon maak met ander geliefdes as gevolg van die pyn wat die respondent ervaar het, behoort onder die aandag van die kliënt gebring te word deurdat die terapeut hom/haar subtiel en empaties daarop wys. Hierdeur kan die kliënt bewus raak van sy/haar onbewustelike optredes.

### 6.3.6 Die ontdekking en herkonfigurasie van die populasie van selwe

Die identifisering en herkenning van die verskillende selwe kan binne die terapeutiese situasie ontwikkel word deurdat die terapeut en die kliënt in dialoog tree deur middel van rollespel, projektiewe tekeninge, fantasievlugte en/of kunsterapie. Die volgende ontdekkings kan gemaak word:

- Die onderskeiding tussen “member selves” en “essential selves”;
- ’n Bewuswording van die onderdrukking van die populasie van selwe, binne die self, kan gekweek word;
- Die kliënt word die geleentheid gebied om te besluit oor die balans tussen sy/haar “member selves” en “essential selves”, sodat die herstel van die balans kan plaasvind indien die balans nie suiwer was nie;
- Indien die respondent se bewustheid onderdruk word, word die helingsproses onbewustelik verleng en vertraag. Die “onsigbare selwe” kan dan deur middel van die proses van bewuswording meer sigbaar begin word in die respondent se identiteitsamestelling, sodat die kliënt bewustelik begin meedoen aan die herstelwerk van die self.

### 6.3.7 Die rigting van die wordingsproses

Die wordingsproses ontplooi binne die strategiese ontvouing van die siklus van ervaringe (Bylaag 4) en is ’n deurlopende proses tydens terapeutiese intervensie. Die volgende aksiestappe kan ingesluit word om die wordingsproses te laat gedy:

- Die benoeming van die populasie van selwe kan deur middel van dialoog en beklemtoning of aksentuering, rigting of oriëntasie bied aan die terapeut, rakende die spontane neiging van die wordingsproses van die kliënt;
- Hierdie oriëntasie wat die terapeut ervaar terwyl die kliënt nog onbewus is van die bestaan van die populasie van die selwe behoort benut te word deur die terapeut, deurdat die kliënt gewys word op die “onsigbare” dele van die self wat nie benoem is nie. Hierdie strategie sal die kliënt orienteer om sy/haar wordingsrigting te ontdek.

## 6.4 SAMEVATTING

Strategieë wat gerig is aan terapeute, met die spesifieke fokus om adolessente terapeuties te ondersteun wat ’n geliefde verloor het, is in hierdie hoofstuk aangebied. Die resultaat van die navorsingsproses het gestalte gekry binne die verpraktiseerde strategieë wat praktykgerig is. Die strategieë is ’n refleksie van die resultate van die navorsingsproses.

In hoofstuk sewe word die totale navorsingsproses saamgevat, waarna aanbevelings volg.

# HOOFSTUK SEWE

# EVALUERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 INLEIDING

In hierdie laaste hoofstuk word die navorsingsproses wat gevolg is, geëvalueer. Die navorsingsproses is deurloop in ses hoofstukke waarvan elke hoofstuk ’n spesifieke deel in die voltooiing van die navorsingsproses gelewer het. Die hoofstukke word afsonderlik geëvalueer deur middel van samevattende opmerkings, gevolgtrekkings en aanbevelings vir die implementering van die terapeutiese strategieë. Hierdie proses word sodanig uitgevoer om uiteindelik tot die laaste gevolgtrekking te kom, naamlik om te evalueer of die probleem van die studie aangespreek is, die navorsingsvrae beantwoord is en die doel van die studie bereik is.

## 7.2 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

### 7.2.1 Hoofstuk een: Inleidende oriëntering en rasionaal vir die studie

In hoofstuk een is die rasionaal vir die studie aangebied en die leser is georiënteer ten opsigte van die navorsingsproses wat sou volg. ’n Formele probleem is geformuleer, naamlik dat adolessente (laat-adolessente ook as gevolg van emosionele- en kulture faktore) wat verlies van ’n geliefde ervaar se wordingsproses geblokkeer kan raak aangesien hulle nie oor die vaardighede mag beskik om die verlies te oorkom nie. Tweedens het terapeute nie die nodige vaardighede om hierdie adolessente te bemagtig sodat identiteitherdefiniëring bewerkstellig kan word nie. ’n Leemte bestaan in bestaande literatuur rakende die proses van identiteitherdefiniëring om die wordingsgang van ’n adolessent te laat voortgaan tydens die verlies van ’n geliefde. Die probleemstelling het aanleiding gegee tot die volgende gestelde navorsingsvrae, waarvan die sentrale vraag wat gevra word, is: *“Wat ervaar adolessente ten opsigte van hulle identiteit wanneer hulle verlies ervaar?”*

’n Verdere vraag wat vanuit die sentrale vraag geformuleer is, is: *“Hoe kan daar deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie by die adolessent wat verlies van ’n geliefde ervaar, herdefiniëring van identiteit bewerkstellig word?”*

Die kwantitatiewe been van die empiriese studie het die volgende hipoteses ingesluit:

**Hipotese een:** *Indien adolessente verlies van ’n geliefde ervaar, kan ’n blokkasie ontwikkel wat hulle wordingsgang belemmer en identiteitherdefiniëring blokkeer.*
**Hipotese twee:** *Indien adolessente verlies van ’n geliefde ervaar wat hulle wordingsgang belemmer, kan herdefiniëring van identiteit deur middel van Gestalt-terapeutiese intervensie aangespreek word.*

Na aanleiding van die vrae en die hipoteses is ’n oorkoepelende doel vir die studie gestel, waaronder doelwitte uiteengesit is in terme van hoe die doel bereik sou word. Die doel wat gestel is, was om strategieë vir terapeute daar te stel. Hierdie terapeutiese strategieë moes fokus op die herdefiniëring van identiteit van daardie adolessente wat verlies ervaar het, sodat hulle wordingsproses verder kan ontvou. Die doelwitte wat gestel is om die doel te bereik was verkennend, verklarend en beskrywend van aard. Deur middel van die verkennende en verklarende doelwitte moes daardie blokkasies ondersoek word wat adolessente se wordingsgang verhinder of vertraag tydens verlies van ’n geliefde. Die uitkomste van die empiriese navorsing is hierna beskryf en verklaar in die vorm van die strategieë gerig aan terapeute.

Die kwalitatiewe been van die navorsing is ondersteun deur semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente en hulle ouer(s) asook ongestruktureerde onderhoude in die vorm van terapeutiese intervensie. Die kwantitatiewe been is ondersteun deur die toepassing van die ongestandaardiseerde toetsing (EPI), deur die respondente.

Die vertrouenswaardigheid, betroubaarheid en geldigheid van die studie is genoem sowel as die toepaslike etiese aspekte wat geldig was tydens die uitvoering van die navorsing. Definisies en hoofkonsepte is uiteengesit en ’n uitleg van die strukturele komponente van die navorsingsverslag is gegee. Al hierdie eienskappe en fokusse het daartoe bygedra dat die doel van die studie bereik is deurdat strategieë vir

terapeute daargestel is en die samestelling daarvan het ontwikkel vanuit die voorstelle en temas wat in hoofstuk vier en hoofstuk vyf na vore gekom het en wat tydens terapeutiese intervensie toegepas is. Die navorsingsvrae is beantwoord en die probleem is aangespreek deurdat terapeutiese intervensie toegepas is en blokkasies wat die wordingsgang van die laat-adolessente belemmer het, geïdentifiseer is. Identiteitherdefiniëring het ontvou by die onderskeie respondente.

Die twee hipoteses wat gestel is, word as gevolg van die resultate van die studie aanvaar.

### 7.2.2 Hoofstuk twee: Die paradigmatiese perspektief vir die studie

Hoofstuk twee het gefokus op die paradigmatiese perspektief waarmee die studie benader is. Hierdie perspektief het die leser georiënteer ten opsigte van die teoretiese grondslag van die studie en die konteks van die studie. Die paradigmatiese perspektief is aangebied onder die afdelings van metateoretiese aannames, teoretiese aannames vir die studie en ’n strukturele raamwerk vir die begronding van identiteitherdefiniëring van adolessente om hulle wordingsgang te laat ontvou as fenomene, maar ook as metodologiese proses.

Metateoretiese aannames het verwys na die adolessente se ervaringe of belewenisse as organismes binne hulle fenomenologiese veld, terwyl die teoretiese aannames teoretiese velde gedek het wat die betrokke navorser se perspektief rakende verlieshantering, wording en identiteit uiteengesit het.

Die paradigmatiese perspektief se funksie was om die betrokke navorser deurgaans te lei ten opsigte van grense waarbinne sy die studie kon voltooi. Die strategieë wat aan terapeute gerig is, het ontvou as gevolg van hierdie raamwerk wat gebied is om uiteindelik die navorsingsdoel te bereik.

### 7.2.3 Hoofstuk drie: Literatuurstudie – adolessensie, identiteit en verlies

In hoofstuk drie is ’n breedvoerige uiteensetting van die literatuurstudie gebied wat gehandel het oor adolessensie, adolessente identiteit en verlies tydens adolessensie.

Deur middel van die toepassing van induktiewe beredeneringsprosesse kon die betrokke navorser binne die grense van die paradigmatiese perspektief tot nuwe insigte kom rakende die adolessent wat verlies ervaar en sy/haar identiteit herdefinieer as ’n wordingswyse. Die literatuurstudie wat gehandel het oor adolessensie, identiteit en verlies het die betrokke navorser ondersteun om die respondente se individuele prosesse binne nuwe verwysingsraamwerke te kon verstaan en hieruit het die strategieë aan terapeute ontwikkel.

### 7.2.4 Hoofstuk vier: Literatuurstudie – die proses van wording en identiteitherdefiniëring

In hoofstuk vier is die wordingsproses en identiteitherdefiniëring aan die hand van ’n literatuurkontrole bespreek. Die wordingsproses word bespreek vanaf die eerste beginfase wat die oorgang tot moontlike wording suggereer, die blokkasies wat wording kan inhibeer of kan termineer. Die Leibnizian-tradisie en Gestalt-terapeutiese perspektiewe is bespreek as wyses om blokkasies tot wording te voorkom, so ook die opheffing van kontakgrensversteurings. Identiteitherdefiniëring is aan die hand van Polster se siklus van ervaringe beskryf en die moontlikheid om identiteitherdefiniëring sodanig te bewerkstellig, is geopper. Hierna het die betrokke navorser moontlike voorstelle en temas uitgesonder wat tydens terapeutiese intervensie of onderhoudvoering benut sou kon word sodat die doel van die studie bereik sou kon word.

### 7.2.5 Hoofstuk vyf: Navorsingsmetodologie – ’n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe studie

In hoofstuk vyf is die kwalitatiewe navorsingsproses uiteengesit wat gefokus het op semi-gestruktureerde onderhoude en ongestruktureerde onderhoude sowel as terapeutiese intervensie met adolessente wat verlies ervaar het, asook opvolgonderhoude met hulle ouer(s). Die plek van die kwalitatiewe proses is bespreek en die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe proses is bevestig deur

geloofwaardigheid, inhoudsgeldigheid, oordraagbaarheid en konformeerbaarheid. Die betrokke navorser het ’n uiteensetting gebied van hoe die kwalitatiewe data ingesamel is waarna die data-ontleding in besonder bespreek is. Die data is in die vorm van ses temas aangebied.

Hierdie temas is as aanduiders gebruik vir die opstel van potensiële strategieë wat gerig sal word aan terapeute, wat in hoofstuk ses bespreek is. Hierdie gedeelte van die hoofstuk het die induktiewe beredeneringsprosesse van die betrokke navorser ondersteun en gerig en die betrokke navorser is in staat gestel om binne die paradigma wat gestel is, tot sinvolle gevolgtrekkings te kom.

Hierdie hoofstuk het ook gefokus op die kwantitatiewe navorsingsproses wat as triangulering gebruik is vir die kwalitatiewe data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude. Die plek van die kwantitatiewe proses is gemotiveer en die betroubaarheid en geldigheid van die proses is bevestig. Die omskakeling van routellings na persentiele is in tabelvorm weergegee en daarna in paragraafvorm verduidelik. Die resultate wat vanuit die empiriese proses verkry is, is onder ses temas soos by die kwalitatiewe proses uiteengesit en bespreek. Met behulp van die kwantitatiewe komponent, soos vervat in hierdie hoofstuk, kon die betrokke navorser die wetenskaplikheid van die navorsing versterk en hierdeur word die vertrouenswaardigheid van die studie bevestig en ondersteun. Die temas wat vanuit hierdie trianguleringsproses en in die res van die navorsing benut is, kon met vertroue as wetenskaplik begrond beskryf en aangebied word.

Die doel van die hoofstuk was om die presiese metodologiese navorsingswyse wat die betrokke navorser op ’n wetenskaplike en opeenvolgende wyse gevolg het te beskryf, sodat die leser ’n beter begrip ontwikkel vir die empiriese proses wat gevolg is om uiteindelik terapeutiese strategieë daar te stel wat in hoofstuk ses aangebied is.

### 7.2.6 Hoofstuk ses: Voorstelle vir die benutting van die strategieë aan terapeute

Die temas wat in hoofstuk vyf aangebied is en deur die betrokke navorser geïntegreer is in die terapeutiese intervensie sodat moontlike voorstelle vir terapeutiese strategieë daaruit kon ontvou, is in hoofstuk ses vernoem tot voorstelle. Nadat hierdie temas

vernoem is tot voorstelle en deur die literatuur en terapeutiese intervensie geverifieer is, is die voorstelle as feite deur die betrokke navorser aanvaar óf verwerp. ’n Opsomming van elke voorstel is gebied en hierdeur het hierdie hoofstuk die laaste stap uitgeoefen om die kwalitatiewe navorsingsproses te voltooi. Die wetenskaplikheid van die navorsingsprosedure is hierdeur beantwoord en elke aanvaarde voorstel is op grond van wetenskaplike feite opgeneem en aanvaar. Die opsomming van die voorstelle dien as strategieë wat gerig is aan terapeute wat hulleself kan bemagtig wanneer terapie gebied word aan adolessente wat verlies ervaar het van ’n geliefde. Die doel van die studie is hierdeur beantwoord.

### 7.2.7 Hoofstuk sewe: Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings

In hoofstuk sewe word die verloop van die navorsingsproses saamgevat aan die hand van ’n evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings. Die betrokke navorser kyk krities na die navorsingsproses waarna sy tot sekere gevolgtrekkings kom. Aanbevelings word gemaak met die oog op die voortspruitende navorsing en leemtes van die studie word uitgewys.

## 7.3 EVALUERING VAN HOOFSTUKKE

Die hoofstukke wat in die bogenoemde afdeling uiteengesit is, is metodologies opeenvolgend aangebied. Elke hoofstuk vervul ’n spesifieke plek en doel in die navorsingsproses. Die volgorde van die hoofstukke bied ’n logiese verduideliking rakende die stappe wat gevolg is, vanaf aanvang van die navorsing tot en met die voltooiing van die studie. Hoofstuk een bied die agtergrond van die studie vir oriëntasie ten opsigte van die navorsingsproses. Die benadering wat die betrokke navorser volg, word verduidelik, sodat ’n beter begrip ontwikkel kan word vir die aanslag tot die navorsingsproses.

Hierdie aanslag of perspektief word in hoofstuk twee bespreek en word beskryf as die paradigmatiese perspektief wat lig werp op die rasionaal agter die navorser se benadering tot die studie. Hierna word ’n verskeidenheid van literatuur bespreek wat die

probleemstellings en hipoteses van die studie onder ’n vergrootglas plaas en krities ondersoek. Begrip kon ontwikkel word vir die betrokke navorser se benadering tot die navorsing en oriëntasie kon plaasvind ten opsigte van die literatuur wat aangebied is (hoofstuk drie en vier). Hoofstuk drie het die fenomene soos adolessensie, adolessente identiteit en die prosesse en hantering van adolessente wat verlies ervaar het, beskryf. Hoofstuk vier het die wordingsgang van die individu bespreek en identiteitherdefiniëring, as fenomeen, is onder die soeklig geplaas. Die empiriese navorsing kon hierna aangebied word.

Die empiriese navorsing is in hoofstuk vyf bespreek, waaronder die afsonderlike stappe van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings ten opsigte van die navorsing in besonder bespreek is. Die kwalitatiewe navorsing, wat die dominante been van die navorsing uitgemaak het, het die basis van die studie gevorm en die kwantitatiewe deel het as triangulering tot die kwalitatiewe deel gedien. Temas is vanuit die navorsing geïdentifiseer wat as moontlike aanduiders kon dien vir terapeutiese intervensie.

In hoofstuk ses is hierdie temas weer gekontroleer aan die hand van bestaande literatuur, asook die terapeutiese prosesse wat elke respondent gevolg het. Moontlike voorstelle vir terapeutiese strategieë het eers ontwikkel, nadat die voorstelle as feite aanvaar of verwerp is en aangebied is in die formaat van strategieë wat gerig is aan terapeute.

Die voorstelle kon hierna in hoofstuk sewe as temas en terapeutiese strategieë vir adolessente wat verlies ervaar het, aangebied word. Die sinvolle uiteensetting van die hoofstukke is ’n resultaat van die metodologiese opeenvolging wat verhaal is deur die betrokke navorser. Hierdeur is die doel van die studie aangespreek. Vervolgens word gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van die probleemformulering, die vrae wat gevra is, die doel wat gestel is en die bereiking daarvan.

## 7.4 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die probleem wat aanvanklik gestel is, aangespreek is en dat die doel bereik is. Die navorsingsvrae is ook beantwoord en die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

- Dat die rasionaal vir die studie geldig was deurdat die empiriese data aangedui het dat adolessente wel deur middel van identiteitherdefiniëring hulle wordingsprosesse kon ontvou.
- Dat die navorsingsproses wat gevolg is, wetenskaplik benader is, aangesien die probleem aangespreek kon word sonder die manipulering van empiriese data. Die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe studie sowel as die geldigheid en betroubaarheid van die kwantitatiewe studie (hoofstuk vyf) dien as bevestiging hiervan.
- Dat die strategieë wat gerig is aan terapeute identiteitherdefiniëring en die ontvouing van die wordingsgang van adolessente wat verlies ervaar het kan bevorder, omdat die blokkasies wat tans in soortgelyke wordingsprosesse deur die respondente aangedui is, deur die terapeutiese intervensie opgehef is.

## 7.5 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak wat gegrond is op die uitkomste van hierdie studie:

- Die terapeutiese strategieë behoort beskikbaar gestel te word aan terapeute wat fokus op die ondersteuning en bemagtiging van adolessente wat die verlies van ’n geliefde ervaar het.
- Identiteitherdefiniëring, as ’n wyse van wording, kan as ’n maatstaf dien wanneer terapeute in gesprekvoering tree met kliënte wat verlies ervaar het en die rigting van die terapeutiese proses probeer bepaal.
- Die studie bied riglyne aan terapeute om emosionele blokkasies te identifiseer tydens adolessente verlies.
- Die kwalitatiewe en kwantitatiewe data wat ingesamel is, kan gebruik word as basis vir wetenskaplike publikasies ten einde die inhoud van die navorsing te dissemineer.

## 7.6 TEKORTKOMINGE EN LEEMTES VAN DIE STUDIE

Na afloop van die studie is die volgende tekortkominge geïdentifiseer:

- Die studie is slegs in die Randburg munisipale gebied (Gauteng) onderneem wat daartoe gelei het dat veralgemening nie na die breër populasie kon plaasvind nie.
- Die steekproef het slegs blanke respondente ingesluit wat die strategieë wat gerig is aan terapeute, se kulturele toepassing beperk.

## 7.7 BESONDERE BYDRAE IN DIE VAKGEBIED

Die ontvouende wordingsgang van adolessente tydens verlies van ’n geliefde(s), deur middel van identiteitherdefiniëring, is ’n essensiële, universele en kontekstuele aspek wat aangespreek moet word. Hierdie navorsing lewer nie net ’n besondere bydrae tot die vakgebied nie, maar bied ook toepassingsmoontlikhede in die gemeenskap waaruit die vraagstukke spruit.

## 7.8 SAMEVATTING

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die bydrae van hierdie navorsing in die gemeenskap waarde sal hê. Dit is nie net sielkundiges wat waarde hieruit sal vind nie, maar ook ander professionele persone wat diens lewer aan en verlies moet hanteer by adolessente. Die uitdaging vir die navorser en die ander vakkundiges in die gebied sal egter daarin lê om die kundigheid te dissemineer en die toepassingswaarde daarvan in die praktyk te verpraktiseer.

# BRONNELYS

Allport, G.W. 1961. *Pattern and growth in personality*. New York, NY: Holt, Rinehart & Winston.

Allport, G.W. 1969. *Becoming: Basic considerations for a psychology of personality.* New Haven, CN & London: Yale University Press.

Amendt-Lyons, N. 2001. Art and creativity in Gestalt therapy. *Gestalt Review,* 5(4): 225-248.

Asbach, C. & Schermer, V.L. 1994. *Object relations, the self, and the group.* London: Routledge. (c. 1987).

Babbie, E. 2001. *The practice of social research*. Ninth edition. Belmont, CA: Wadsworth.

Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. Tenth edition. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Babbie, E. 2007. *The practice of social research.* Eleventh edition. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.

Bar-Tur, L. & Levy-Shiff, R. 2000. Coping with losses and past trauma in old age: The separation-individuation perspective. *Journal of Personal and Interpersonal loss,* 5(2-3): 263-281.

Blaikie, N. 2007. *Approaches to social enquiry: Advancing knowledge*. Third edition. Cambridge, MA: Polly Press.

Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2007. *Fundamentals of social research methods: An African perspective*. Kaapstad: Juta.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Bloemfontein: Druforma.

Blos, P. 1967. The second individuation process of adolescence. *Psychoanalytic Study of the child,* 1(22): 162-186.

Bowlby, J. 1979. *The making and breaking of affectional bonds.* London: Tavistock Publications.

Bryman, A. 2000. *Quantity and quality in social research*. London: Routledge.

Calhoun, C. 1994. *Social theory and the politics of identity*. Oxford: Blackwell.

Camic, P.M., Rhodes, J.E. & Yardley, L. 2003. *Qualitative research in psychology: Expanding perspectives in methodology and design.* Washington, DC: American Psychological Association.

Carlson, V., Cicchetti, D., Barnett, D. & Braunwald, K. 1989. Disorganized/Disoriented attachment relationships in maltreated infants. *Developmental Psychology,* 25(4): 525-531.

Cascio, W.F. & Aguinis, H. 2005. *Applied psychology in human resource management* Hoboken,*.* New Jersey: Pearson Education Ltd.

Castells, M. 2004. *The power of identity.* Second edition. London: Blackwell.

Colman, A.M. 2001. *A dictionary of psychology.* Oxford: Oxford University Press.

Corey, G. 1991. *Case approach to counseling and psychotherapy*. Third edition. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

Corey, G. 2001. *Theory and practice of counseling and psychotherapy.* Sixth edition. Stamford, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Delius, C., Gatzemeier, M, Sertcan, D. & Wünscher, K. 2005. *The story of philosophy: From antiquity to the present.* Bonn: Könemann.

Delport, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 159-191*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2005. Professional research and professional practice, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 44-55. Third edition. Pretoria: Van Schaik.

De Mello, A. 1992. *Awareness: The perils and opportunities of reality*. Garden City, NY: Doubleday.

Di Ciacco, J.A. 2008. *The colors of grief*. London: Kingsley.

De Vos, A.S. 2005a. Scientific theory and professional research, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 27-43*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2005b. Qualitative data analysis and interpretation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 333-349*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2005c. Combined quantitative and qualitative approach, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 357-366*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2005d. Intervention research,  in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 392-407*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Dyregrov, A. 2008. *Grief in children: A handbook for adults*. London/ Philadelphia, PA: Jessica Kingsley Publishers.

Edwards, J. 2003. Transitions across the life cycle, with particular reference to working with children. *Educational Therapy & Therapeutic Teaching. The Journal of the Caspari Foundation*, 1(12): 50-61.

Eisner, E.W. 2003. On the art and science of qualitative research in psychology, in Camic, P.M., Rhodes, J.E. & Yardley, L. *Qualitative research in psychology; Expanding perspectives in methodology and design,* 17-29*.* V.S.A: American Psychological Association.

Ekman, P. 2001. *Telling lies: Clues to deceit on the marketplace, politics, and marriage.* New York, NY: W.W. Norton.

Ellis, G.F.R. 2001. Kenosis as a unifying theme for life and cosmology, in Polkinghorne, J. (Ed.), *The work of love: Creation as kenosis,* 107-126. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Erikson, E.H. 1963. *Childhood and society*. Second edition. New York, NY: Norton. (Hierdie boek is ’n klassieke werk).

Erikson, E.H. 1968. *Identity: youth and crisis*. New York, NY: W.W. Norton.
(Hierdie boek is ’n klassieke werk)

Erikson, E.H. 1971. *Identity youth and crisis*. London: Faber & Faber.

Fisher, W. 1989. An empirical-phenomenological investigation of being anxious: An example of the phenomenological approach to emotion, in Valle, R.S. & Halling, S. (Eds.), *Existential-phenomenological perspectives in psychology,* 127-136*.* New York, NY: Plenum Press.

Fook, J. 2001. Identifying expert social work: Qualitative practitioner research, in Shaw, I. & Gould, N., *Qualitative research in social work,* 116-131*.* London: SAGR.

Fouché, C.B. 2005. Writing the research proposal, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions,* 111-120*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005a. Selection of a researchable topic, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 89-99*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005b. Problem formulation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 100-110*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Fourtounas, D. 2003. *The experience of letting go*: *A phenomenological study.* Pretoria: Fakulteit Menslike Studies, Departement Sielkunde. Pretoria: Kitskopié.

Fowler, J.W. 1999. *Faithful change: The personal and public challenges of postmodern life.* Nashville, TN: Abingdon Press.

Fowler, J.W. 2000. *Becoming adult, becoming Christian. Adult development and Christian faith.* San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Galloway, H.J. 2001. Die invloed van spelterapie deur middel van Gestaltgroepwerk op die skolastiese prestasie van kinders met leerprobleme: ’n Maatskaplikewerkperspektief*.* Ongepubliseerde skripsie. Universiteit van Pretoria.

Gladding, S.T. 2000. *Couseling: A comprehensive profession*. Fourth edition. Upper Saddle River, NJ: Prentice-Hall.

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. *The adolescent.* Johannesburg: Heinemann.

Gravetter, F.J. & Forzano, L.B. 2003. *Research methods for the behavioral sciences.* Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 286-313*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Greenspan, S.I. 1997. *The growth of the mind and the endangered origins of intelligence.* Massachusetts: Perseus Books.

Hakim, C. 2000. *Research design: Successful designs for social and economic research.* Londen: Routledge.

Harvey, J.H. 1998. The connection between grief and trauma, in Harvey, J.H. *Perspectives on loss: A source book.* New York, NY: Brunner-Mazel: 3-17.

Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Holloway, I. 2005. *Qualitative research in health care.* London: Open University Press.

Husserl, E. 1901. *The Paris lectures.* trans. Koestenbaum, P. (1975). The Hague: Tinus Nijhof.

Jacobs, L.J. 1987. *Relasieterapie: 'n Opvoedkundige sielkundige benadering.* Pretoria: Unisa.

Jacobs, L.J. 2000. *Die emotions profile index (1974) van R. Plutchik en H. Kellerman.* Pretoria: Unisa.

Jones, T. 2005. *The sacred way*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Josselson, R. 1988. The embedded self: I am thou revisited, in Lapsley, D.K. & Power, F.C. (Eds). *Self, ego and identity*. New York, NY: Springer Verlag: 91-106.

Josselson, R. 1992. *The space between us.* San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills in Gestalt counselling & psychotherapy.* London: Sage Publications.

Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. 1998. *Synopsis of Psychiatry.* Eigth edition. Baltimore, MD: Williams & Wilkons.

Kaplan, L.J. 1979. *Oneness and separateness: From infant to individual*. London: Jonathan Cape.

Kaufman, K.R & Kaufman, N.D. 2006. "And then the dog died." *Death studies* (30) 61-76.

Kitchner, M. 2000. *Gestalt therapy theory: An overview.* London: Gestalt Global Corporation.

Kroger, J. 1998. Adolescence as a second separation-individuation process, in Skoe, E.E.A. & Von der Lippe, A.L. (Eds). *Personality development in adolescence.* London: Routledge: 172-192.

Kübler-Ross, E. 1997. *On death and dying*. New York, NY: Macmillan & Co. Ltd.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical research: Planning and design.* Seventh edition. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Lewin, K. 1936. *Principles of topological psychology.* New York, NY: McGraw-Hill.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 1985. Naturalistic inquiry, in Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Louw, D.A. 1990. *Menslike ontwikkeling.* Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM.

Lubbe, J.J. 2003. Die invloed van Gestalt-groepspelterapie op selfbeeld van laerskooldogters in die kinderhuis. Ongepubliseerde skripsie. Universiteit van Pretoria.

Lyons-Ruth, K. 1991. Rapprochement or approchement: Mahler's theory considered from the vantage point of recent research on early attachment relationships. *Psychoanalytic Psychology*, 8: 1-24.

Maggs-Rapport, F. 2000. Combining methodological approaches in research: Ethnography and interpretive phenomenology, *Journal of Advanced Nursing*, 31: 219-225.

Mahler, M.S. 1974. Symbiosis and individuation: The psychological birth of the human infant, in M.S. (Ed.), *Separation individuation: The selected papers of Margaret Mahler* (2): 149-165. New York, NY: Jason Aronson.

Mahler, M.S., Pine, F. & Bergman, A. 1975. *The psychological birth of the human infant.* New York, NY: Basic Books.
(Klassieke werk)

Maracek, J. 2003. Dancing through minefields: Toward a qualitative stance in psychology, in Camic, P.M., Rhodes, J.E. & Yardley, L. *Qualitative research in psychology: Expanding perspectives in methodology and design.* Washington, DC: American Psychological Association: 49-69.

May, R. 1958. The origin and significance of the existential movement in psychology, in May, R., Angel, E. & Ellenberger, H.F., *Existence,* 3-91*.* New York, NY: Basic Books.

McGrath, J.E. & Johnson, B.A. 2003. Methodology makes meaning: How both qualitative and quantitative paradigms shape evidence and its interpretation, in Camic, P.M., Rhodes, J.E. & Yardley, L., *Qualitative research in psychology: Expanding perspectives in methodology and design.* Washington, DC: American Psychological Association.

Mead, G.H. 1934. *Mind, self and society.* Chicago, IL: Chicago University Press.

Meyer, W.F. 2000. Die egosielkundige teorie van Erik Erikson (1902-1980), in Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., *Personologie van individu tot ekosisteem,* 213-240*.* Tweede uitgawe, tweede druk. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Meyer, W., Moore, C., Viljoen, H. 2003. *Personology: From the individual to ecosystem.* Third edition. Sandton: Heinemann Publishers.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1990. Ontwikkelingsteorieë, in Louw, D.A., *Menslike ontwikkeling,* 51-99*.* Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2002. *Applied social research: Tool for the human services*. Fifth Edition. Orlando, FL: Harcourt College Publishers.

Moore, C. 2000a. Die selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow (1908-1970), in Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., *Personologie van individu tot ekosisteem,* 459-481. Tweede uitgawe, tweede druk. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Moore, C. 2000b. Die selfkonsep-teorie van Carl Rogers (1902-1987), in Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., *Personologie van individu tot ekosisteem,* 485-519. Tweede uitgawe, tweede druk. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Moustakas, C. 1994. *Phenomenological research methods*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Neuman, M.G. 1998. *Helping your kids cope with divorce: The sandcastles way.* New York, NY: Random House, Inc.

Neumann, W.L. 2000. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* Fourth edition. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Neumann, W.L. 2003. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* Fifth edition. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Neuman, W.L. & Kreuger, L.W. 2003. *Social work research methods: Qualitative and quantitative approaches.* Boston, MA: Allyn & Bacon.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods.* Third edition. Thousand Oaks, C.A: Sage.

Perls, F.S. 1969. *In and out the garbage pail.* London: Bantam Books Inc.

Perls, F.S. 1973. *Gestalt therapy verbatim*. New York, NY: The Gestalt Journal Press.

Perls, F.S., Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1951. *Gestalt therapy: Excitement and growth in the human personality.* Engeland: Cox & Wyman, Ltd.

Philippson, P. 2003. *Dialogue and experiment.* Centre for Play Therapy and Training, Part 2 Module 1.

Plutchik, R., Conte, H.R. 1997. *Circumplex models of personality and emotions*. Washington, DC: American Psychological Association.

Plutchik, R. 2002. *Emotions and life: Perspectives from psychology, biology, and evolution.* Washington, DC: American Psychological Association.

Polkinghorne, D.E. 1989. Phenomenological research methods, in Valle, R.S. & Halling, S. (Eds.), *Existential phenomenological perspectives in psychology: Exploring the breadth of human experience,* 44-60. New York, NY: Plenum Press.

Polster, E. 2005. *A population of selves*. San Francisco, CA: The Gestalt Journal Press.

Polster, E. & Polster, M. 1974. *Gestalt therapy integrated*. New York, NY: Random House, Inc.

Prinsloo, C.E. 2001. *Marital enrichment in midlife by means of growth oriented social group work.* DPhil in Social Work dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

Prochaska, J. & Norcross, J.C. 2003. *Systems of psychotherapy: A transtheoretical analysis.* Fifth edition. Australië: Brooks Cole.

Quintana, S.M. & Kerr, J. 1993. Relational needs in late adolescent separation-individuation. *Journal of Counseling* & *Development*, 71(3), 349-354.

Rabinowitz, V.C. & Weseen, S. 2001. Power, politics, and the qualitative/quantitative debate in psychology, in Tolman, D.L. & Miller, B.M. (Eds.), *Ethnography and human development: Context and meaning in social inquiry,* 175-182. Chicago, IL: University of Chicago Press.

Rice, F.P. & Dolgin, K.G. 2005. *The adolescent: Development, relationships and culture.* Boston: Pearson Education, Inc.

Riches, G. & Dawson, P. 2000. Daughters' dilemmas: Grief resolution in girls whose widowed fathers remarry early. *Journal of Family Therapy,* 22: 360-374.

Robinson, T. 2009. *Divorce: What about the children?* Kaapstad: Random House Struik (Pty) Ltd.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2001. *Research methods for social work.* Belmont, CA: Wadsworth.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2005. *Research methods for social work*. Fifth edition. Belmont, CA: Brooks/Cole-Thomson Learning.

Saler, L. & Skolnick, N. 1992. Childhood parental death and depression in adulthood: Roles of surviving parents and family environment. *American Journal of Orthopsychiatry,* 62: 504-516.

Salkind, N.J. 2000. *Exploring research.* Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Schilling, R.F. 1997. Developing intervention research programs in social work. *Social Work Research*, 21(3): 173-180.

Schoeman, J.P. 2004a. *Spelterapie*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schoeman, J.P. 2004b. *Gevorderde kursus in Spelterapie.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Seidman, I. 1998. *Interviewing as qualitative research.* Second edition. New York, NY: Teachers College Press.

Segal, A.M. 1999. *Architectural metaphor in psychotherapy: A phenomenological study.* Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Sewell, M. 2001. *The use of qualitative interviews in evaluation*. http://ag.arizona.edu lfcr/fsl cyfar/Intervu5.htm (August 2009).

Siegel, D.J. 1999. *The developing mind.* New York, NY: Guilford Press.

Silk, J.S., Shaw, D.S., Skuban, E.M., Oland, A.A. & Kovacs, M. 2006. Emotions regulation strategies in offspring of childhood-onset depressed mothers. *Journal of Child Psychology and Psychiatry,* 47: 69-78.

Spitz, R.A. 1965. *The first year of life: A psychoanalytic study of normal and deviant development of object relations*. New York, NY: International University Press, Inc.

Steenkamp, J.O. 2002. *SHIP™ (Spontaneous Healing Intrasystemic Process). The age-old art of facilitating healing.* Pretoria: JOS.

Stern, Daniel. 1985. *The interpersonal world of the infant*. New York, NY: Basic Books.
Stoppard, M. 2000. *Baby's skill book.* London: Dorling Kindersley Ltd.

Strydom, H. 2005a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 56-70. Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2005b. Single-system design, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 144-158*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2005c. Sampling and sampling methods, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 192-204*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 327-332*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Thom, D.P. 1990. Adolessensie, in *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM: 393-467('n Klassieke bron)

Thomas, E.J. 1989. Advances in developmental research. *Social Service Review,* December: 578-507.

Thunissen, M. 1998. The structural development of the child ego state. *Transactional Analysis Journal*, 28(2), 143-151.

Todres, L. 2005. Clarifying the life-world: Descriptive phenomenology, in Holloway, I., *Qualitative research in health care,* 104-124*.* London: Open University Press.

Valle, R.S., King & Halling, S. 1989. *Existential-phenomenological perspectives in psychology.* New York, NY: Plenum Press.

Van Vuuren, R.J. 2006. Herdefiniëring van identiteit as 'n proses van wording. Gesprekke met professor Rex van Vuuren tydens 'n supervisiesessie.

Viljoen, H.G. 2000a. Die sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese teorieë, in Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., *Personologie van individu tot ekosisteem,* 166-210. Tweede uitgawe, tweede druk. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Viljoen, H.G. 2000b. Post-modernistiese benaderings, in Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., *Personologie van individu tot ekosisteem,* 243-272. Tweede uitgawe, tweede druk. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Weaver, J.O. 2001. More background about sensory awareness. *Newsletter of the United States Association of body psychotherapy*. http://www.judyweaver.com/SA.Philosophy.html (Feb 2004).

Whitfield, C. L. 2006. *Healing the child within*. V.S.A.: Health Communications, Inc.

Worsley, R. 2002. *Process work in person-centred therapy: Phenomenological and existential perspectives.* London: Palgrave Publishers.

Yontef, G. 1993. *Gestalt therapy: An introduction in awareness, dialogue and process.* San Francisco, CA: The Gestalt Journal Press.

**BYLAAG 1**

**DIE EMOSIONELE PROFIEL VAN DIE RESPONDENT TYDENS DIE LOODSSTUDIE**

Die EPI is uitgevoer deur die respondent. Die resultate van die respondent se response op die EPI kan soos volg voorgestel word:

**TABEL 1: EPI: Omskakeling van routellings na persentiele**

| | | |
|---|---|---|
| **Emosionele dimensies** | **Roupunt** | **Persentiel** |
| 1. Gehoorsaam | 27 | 99 |
| 2. Wankontrole | 15 | 76 |
| 3. Behoedsaam | 19 | 82 |
| 4. Somber | 2 | 18 |
| 5. Wantrouig | 8 | 35 |
| 6. Beheersd | 19 | 48 |
| 7. Aggressief | 1 | 10 |
| 8. Sosiaal | 19 | 84 |
| 9. Vooroordeel | 48 | 99+ |

’n Individuele profiel kan kan op twee algemene wyses geïnterpreteer word. Eerstens in terme van wat hoë en lae tellings beteken en tweedens in terme van die implikasies van sekere kombinasies van tellings. Rofweg kan meer as 70% as hoog en minder as 30% as laag beskou word, maar dit is nie absoluut nie. Die hoë en lae tellings word eerste geïnterpreteer, dan kombinasies en laastens konflikte. Die emosionele profiel van die respondent wat tydens die loodsstudie, die EPI voltooi het, dien hier as ’n illustrasie. Slegs daardie persentieltellings in donkerswart is beduidend vir interpretasie vir die betrokke navorser.

**BYLAAG 2**

**DIE ROOSBOOMTEGNIEK**

Die instruksies van die roosboomtegniek is soos volg: “Teken vir my ’n roosboom of enige ander boom wat jy ken. Het hierdie boom, blomme of roosknoppe? Teken dit. Het hy wortels? Teken dit as hy het. Staan die roosbos of die boom alleen, of is daar ander lewe? Teken dit. Hoe groei die bos? Wie versorg die bos? Waar is die bos? Is daar ’n heining om die bos?”

Hierdie instruksies volg nadat die respondent op sy/haar gemak gestel is en wanneer die betrokke navorser seker gemaak het dat die respondent nie enige verdere vrae of onsekerhede het nie.

Respondent M se tekening van die roosboom word vervolgens ingesluit:

RESPONDENT M SE TEKENING VAN DIE ROOSBOOM

# BYLAAG 3

## UITTREKSELS VAN DIE RESPONSE VAN RESPONDENT S OP DIE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSVRAE

DIE UITLIG VAN TEMAS EN KATEGORIEË

**Vraag een**

"Ek is "loud", "outgoing" en sosiaal. Ek tree nog op soos 'n kind. Ek is liefdevol, vriendelik, maar fyngevoelig. Ek verloor maklik my humeur. My vriende en familie is baie belangrik vir my. Ek is avontuurlustig. Dan is ek ook "mature" vir my ouderdom, want ek kom goed oor die weg met vriende wat al amper dertig jaar oud is. Ek is vriendvas, passievol en gedetermineerd. Nie noodwendig gemotiveerd nie!" Hierdie respons dui op die respondent se ambivalente gevoelens oor die self en haar onvermoë om die populasie van selwe te integreer.

**Vraag twee**

Die tema van selfvernietiging en verlies word aangeraak. Die respons op vraag twee dien as bevestiging: "Ek was in my eerste jaar op Potch. Dit was aan die begin 'n "jol", maar mettertyd het ek besef waarom almal nie met 'n graad rondloop nie. Ek het gesukkel om te konsentreer op die akademie omdat daar soveel afleidings was. Ek het natuurlik ook te veel gedrink. Alles het verander op daardie aaklige nag in die middel van daardie jaar."

**Vraag drie**

"Ek het sterk bande gehad, maar in dieselfde asem was dit swak bande, omdat ek nie myself laat ken het in verhoudings nie". Hierdie stelling van die respondent dui op die teenwoordigheid van 'n kontakgrensversteuring.

**Vraag vier**

"Ek het min ondersteuning gehad, want ek het nie die verkragting met enige persoon gedeel nie. Ek was op my eie. Ek het self deur alles gegaan". Die respondent se onvermoë om na ander uit te reik as gevolg van die blokkasie(s) wat sy in verhoudings ervaar het.

**Vraag vyf**

"…Ek het meer afhanklik geword van my vriende…dis my "escape route" weg van my ouers en die "stress" tuis. Ek kan myself wees by my vriende, want hulle weet nie van al my dinge nie. Ek het vroeër nie so weggekruip vir wie ek is nie". Hierdie stelling van die respondent bied 'n potensiële aanduiding van die rigting van wording aan, maar die respondent moet hierdie wyse van menswees sowel as wordingsrigting self ontdek deurdat die onderhoud verder gevoer word en deur middel van terapie miskien self kan ontdek.

**Vraag ses**

Sy beskik oor introjeksies wat duidelik word vanuit vraag ses se respons: "…Hulle "judge" my. My pa of ma "taxi" my, want ek't nie 'n lisensie nie". Hierdie introjeksie is tweeledig, aangesien die respondent voel dat haar ouers haar altyd oordeel en tegelykertyd voel sy soos 'n meulsteen om hul nekke. "…Ek't my vryheid verloor", bied rigting aan die respondent se wordingsproses, aangesien sy in die terapie sessies aangedui het dat sy vryheid koester

**Vraag sewe**

Hierdie respons dui op die plekke waarin sy herkonfigurasie van die selwe kan teweeg bring: "Ek het in 'n mate my selfversekerdheid verloor. My liggaamsvoorkoms en beeld van my lyf is negatief. Ek het 'n slegte opinie van my liggaamsvoorkoms ontwikkel. Ek sien myself as "always the girls' friend and not the girlfriend". In retrospek, ek is "confident" oor my persoonlikheid".

**Vraag agt**

"Die verlies het die wete by my laat ontstaan dat ek nie goed genoeg is nie". Die respondent se bewuswording dat sy minderwaardig voel word deur hierdie respons versterk en dat daar ruimte vir groei bestaan.

**Vraag nege**

"Ek het nog altyd in die skadu van my sussie gestaan. Akademie is 'n krisis vandat ek in die hoërskool is, omdat ek nie so goed gevaar het soos my sussie nie". Die respondent ervaar emosies van verwerping en "being not good enough". Hierdie introjeksies behoort tydens die terapie aangespreek te word.

**Vraag tien**

Hierdie respons beklemtoon die emosionele blokkasies, sowel kontakgrensversteurings (sien 5.7.2.3) wat sy kan oorwin: “Ek het metodes benut wat pyn verlig en verdoof”. Die respondent se respons op vraag tien dui op die emosionele blokkasies, sowel kontakgrensversteurings wat sy kan oorwin: “Ek het metodes benut wat pyn verlig en verdoof”.

**Vraag elf**

Die respons op vraag elf dien as verdere betoning van die plekke waarin sy herkonfigurasie kan laat gebeur, omdat daardie aspek van die self wat wantrou word as gevolg van haar verhoudings met mense, ‘n nuwe vorm sal moet aanneem en dit is selfvertroue: “Ek het die vertrouensverhouding tussen myself en my ouers verloor. Ook die vertroue van my beste vriendin. Ek sou graag ‘n intieme vriend wou gehad het. Mense het net minder geheg aan my geraak!”

**Vraag 12**

Die respons op hierdie vraag, naamlik: “Ek soek vryheid”, ondersteun die rigting van die wordingsproses. Rigting word ook aan die terapeut gebied ten opsigte van die rigting waarin die terapie gestuur behoort te word.

## BYLAAG 4: VOORBEELD VAN TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSBRIEF (OUERS, VIR ADOLESSENTE)

Geagte Ouer,

**INSAKE: DOKTORALE NAVORSING – IDENTITEIT HERDEFINIËRING**

Ek is tans besig met my doktorale studie en is ‘n geregistreerde student aan die Universiteit van Suid-Afrika/Hugenote Kollege. My promotor is Dr. Herman Grobler. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel die fakulteit Sosiale Wetenskappe as die Navorsings- en Etiese komitees van die betrokke instelling voltooi. Hierdie studie het ten doel om die krisis wat laat adolessente in hul identiteit ervaar tydens die ervaring van verlies aan te spreek deurdat die adolessent terapeuties gelei sal word tot identiteit herdefiniëring. Vanuit die navorser se ervaring as Spelterapeut en Opvoedkundige Sielkundige het sy gevind dat adolessente wat verlies ervaar ‘n emosionele blokkasie ervaar en indien hierdie blokkasie, wat ‘n impak het op identiteit, nie opgehef word nie, kan die adolessent se wordingsproses ingrypend gerem word. Die adolessente wat deel gaan neem aan die studie sal uitgenooi word om deel te neem aan semi-gestruktureerde onderhoude (waartydens die ouers van die adolessente ook die geleentheid gebied sal word om hul perspektiewe op sekere semi-gestruktureerde vrae te bied), die voltooiing van ‘n ongestandaardiseerde meetinstrument wat die adolessent se emosionele profiel sal ondersoek, asook terapie wat sal fokus op die hantering van verlies deur identiteit herdefiniëring.

**Indien u enige verdere navrae het kan u my telefonies kontak om ‘n ontmoeting te reel.**

**NAVORSER:**

Mev. S.J van der Merwe
Posbus 1428
Randburg
2125

(011)792-2233

**FOKUS VAN NAVORSING**

Herdefiniëring van identiteit as ‘n proses van wording

**VRYWARING**

Hiermee gee ek, ………………………………………, toestemming dat my dogter/seun……………………………………..aan die navorsing mag deelneem. Ek gee verder toestemming dat inligting vanuit die onderhoud/elektroniese korrespondensie met Mev. Santie van der Merwe vir haar navorsing gebruik mag word.

Ek is bewus daarvan dat:

1. alle inligting anoniem hanteer sal word en dat geen identifiserende besonderhede van my kind in enige dokumentasie bekend gemaak sal word nie.
2. my kind op enige tydstip van die onderhoud kan onttrek.
3. daar geen vergoeding verbonde is aan my kind se deelname nie en dat deelname vrywillig is.
4. bandopnames van die onderhoud gemaak kan word sodat waardevolle inligting nie verlore gaan nie. Hierdie bandopnames sal veilig bewaar word totdat die navorser sy studie suksesvol voltooi het.

Geteken te …………………………… op ……………………………..

NAAM EN VAN: …………………………………………………………

Handtekening: …………………………………………………………..

**BYLAAG 5: VOORBEELD VAN BRIEF AAN TERAPEUTE**

Posbus 1428
Randburg
2125
(011)792-2233

Geagte Terapeut

**INSAKE: DOKTORALE NAVORSING - IDENTITEIT HERDEFINIËRING**

Ek is tans besig met my doktorale studie en is ‘n geregistreerde student aan die Universiteit van Suid-Afrika/Hugenote Kollege. My promotor is dr. Herman Grobler. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel die fakulteit Sosiale Wetenskappe as die Navorsings- en Etiese komitees van die betrokke instelling voltooi. Hierdie studie het ten doel om die krisis wat adolessente in hul identiteit ervaar tydens die ervaring van verlies aan te spreek deurdat die adolessent terapeuties gelei sal word tot identiteit herdefiniëring. Vanuit die navorser se ervaring as Spelterapeut en Opvoedkundige Sielkundige het sy gevind dat adolessente wat verlies ervaar het, ‘n emosionele blokkasie ervaar en indien hierdie blokkasie, wat ‘n impak het op identiteit, nie opgehef word nie, kan die adolessent se wordingsproses ingrypend gerem word.

U samewerking om my te help in die selektering van geskikte potensiële deelnemers aan die navorsingsprojek, sal hoog op prys gestel word. Alle adolessente (15/16 jaar tot 20 jaar) wat die ervaring van die verlies van ‘n geliefde deurgemaak het en wat sukkel om hul identiteit en wording hiervolgens aan te pas, kan dien as potensiële deelnemers aan die navorsing. Hulle moet dus ‘n emosionele blokkasie ervaar om voort te gaan met hul lewens. Die navorsing behels dat die geskikte kandidate onderhoudskedules sal beantwoord en indien die deelnemer sou voortgaan met die proses, sal

hy/sy met behulp van die toepassing van ‘n ongestandaardiseerde metingsinstrument, wat die emosionele profiel van die individu ondersoek (EPI) en deur middle van terapeutiese intervensie ondersteun word tot identiteit herdefiniëring.

Die rol van die betrokke skool en Terapie Sentrum word geensins by die navorsing betrek nie. Die naam van die instansies word op geen vorm, of in die finale tesis aangebring nie. Respondente se inligting word anoniem hanteer en geen name word op enige vorm aangedui of in die finale tesis deurgegee nie.

Die navorsing is vrywillig en geen vergoeding is ter sprake nie.

Die doel van die skrywe is om u in kennis te stel dat hierdie ondersoek geloods gaan word by dieTerapie Sentrum en dat die proses op ‘n etiese en professionele verantwoordbare wyse sal geskied.

U samewerking sal hoog op prys gestel word.

By voorbaat dankie,

Santie van der Merwe

# BYLAAG 6: DIE EPI EN DIE PROSEDURE WAT GEVOLG IS TYDENS DIE INTERPRETASIE VAN DATA

**FIGUUR 4.1**

**Die siklus van ervaringe**

